

KOGNISIEWERKWOORDE IN AFRIKAANS

deur

ADRIAAN JOHANNES GERHARDUS ROUX

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

LINGUISTIEK

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR B E ZAWADA

MAART 2012

COGNITION VERBS IN AFRIKAANS

by

ADRIAAN JOHANNES GERHARDUS ROUX

Degree: DOCTOR OF LITERATURE AND PHILOSOPHY IN LINGUISTICS

Department: LINGUISTICS

Supervisor: DR B E ZAWADA

Studentenommer: 3320-994-4

Ek verklaar hiermee dat *KOGNISIEWERKWOORDE IN AFRIKAANS* my eie werk is en dat die bronne wat ek gebruik of aangehaal het, aangedui en erken is deur middel van volledige verwysings.

A.J.G. Roux

Maart 2012

Dankbetuigings

Hiermee betuig ek my opregte dank aan:

- Dr. Zawada, my studieleier. Sonder haar rigtinggewende advies sou die studie koers kon verloor. Desondanks het ek groot waardering daarvoor dat sy my eie kreatiewe idees kon akkommodeer.
- My ouers, wat my deur al die jare ondersteun het.
- Esmé, vir haar ondersteuning en aanmoediging.
- Mev. Marina Venter, vir die keurige tik- en afrondingswerk.
- Unisa, vir ruim finansiële ondersteuning.

SOLI DEO GLORIA

Hierdie studie word opgedra aan my vader (Louis Roux, 1925-).

Die Bevorzugung des Sehannes vor allem in Hinblick auf Erkenntnisprozesse, die sich in den vielfaltigen Anschauungs-, Licht- und Reflexionssemantiken (...) zeigt, hat auch die Metapher des Lichts mit dem Licht der Metapher aufs Engste miteinander verwoben. (B. Debatin)

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

1.	Inleiding	1
1.1	Die navorsingsprobleem	1
1.2	Die konteks van die navorsingsprobleem	3
1.2.1	Visuele waarneming as mentale aktiwiteit	3
1.2.2	Manipulasie as mentale aktiwiteit	5
1.3	Die navorsingsmetode	7
1.4	Uiteensetting van die hoofstukke	8
2.	Gevoel en denke in die kognitiewe linguistiek	11
2.1	'n Oorsig oor die kognitiewe linguistiek	11
2.1.1	Teoretiese uitgangspunte van die kognitiewe linguistiek	12
2.1.2	Samevattende opmerkings	23
2.2	Die term <i>beliggaamdheid</i> in die kognitiewe linguistiek	24
2.2.1	Die terme <i>gevoel</i> en <i>emosie</i>	24
2.2.2	Ervaringsrealisme	26
2.2.3	Die neurobiologiese siening van <i>beliggaamdheid</i>	36
2.2.4	Die sosiokulturele siening van <i>beliggaamdheid</i>	45
2.2.5	Die invloed van die mens se ervaring op sy denke	49
2.2.6	Verbeelding, gevoel en denke	51
2.2.7	Gevolgtrekking	54
2.3	Samevattende opmerkings	55
3.	Die metafoor in die kognitiewe linguistiek	57
3.1	Die kognitief-linguistiese siening van die metafoor	57
3.2	Die visuele metafoor en die uitdrukking van denke	70
3.2.1	Descartes as vader van die KNOWING IS SEEING metafoor	70
3.2.2	Die siening dat visie die primêre bron van objektiewe kennis is	78
3.3	Die MENTAL ACTIVITY IS MANIPULATION metafoor	82
3.3.1	'n Beskouing van die manipulasie-metafoor	83
3.3.2	Argumente ten gunste van die manipulasieteorie	92
3.4	Samevattende opmerkings	94
4.	'n Beskrywing van kognisiewerkwoorde in Afrikaans	96
4.1	'n Raamwerk vir die beskrywing	96
4.1.1	Denkkategorieë as leksikale velde	99
4.1.2	Taksonomieë	104
4.2	Basiese nie-metaforiese kognisiewerkwoorde in Afrikaans	106
4.2.1	'n Leksikale analise van die kognisiewerkwoord <i>dink</i>	106
4.2.2	'n Leksikale analise van die kognisiewerkwoord <i>ken</i>	113
4.2.3	'n Leksikale analise van die kognisiewerkwoord <i>weet</i>	118
4.2.4	'n Leksikale analise van die kognisiewerkwoord <i>verstaan</i>	121
4.2.5	Enkele sintakties-semantiese elemente van nie-metaforiese kognisiewerkwoorde	122
4.2.6	'n Gevolgtrekking in verband met nie-metaforiese kognisiewerkwoorde	128
4.3	Afsluiting	131

	<i>Bladsy</i>
5. Metaforiese kognisiewerkwoorde	132
5.1 Kognisie deur middel van visuele werkwoorde	132
5.2 Kognisie deur middel van manipulasiewerkwoorde	182
5.2.1 Die soektog-scenario wat geleidelik oorgaan tot manipulasie	185
5.2.2 Die werkwinkel-scenario	188
5.2.3 Die geheuestoor-scenario	195
5.2.4 Samevatting van die manipulasiemetafoor	198
5.3 Ter afsluiting: samevattende opmerkings oor die verband tussen nie-metaforiese en metaforiese kognisiewerkwoorde	204
6. 'n Sintese	206
6.1 'n Opsomming tot dusver	206
6.2 Oorkoepelende metafore en 'n sintese	210
6.3 Die kommunikatiewe funksionaliteit van die twee metafore	218
6.4 Gevolgtrekking	220
7. Afsluiting en samevatting	222
7.1 'n Teoretiese terugblik	222
7.2 Finale teoretiese opmerkings	226
7.2.1 Die beskrywing van (Afrikaanse) kognisiewerkwoorde	226
7.2.2 Teorievorming in die Kognitiewe Linguistiek	227
7.2.3 Implikasies vir die neurowetenskappe	228
7.2.4 Didaktiese toepassings	228
7.3 'n Finale opsomming	230
Bibliografie	231
Tabelle	
Tabel 4.1 Verskillende denkkategorieë	101
Tabel 4.2 Lekseemkategorieë wat met denke geassosieer word	102
Tabel 4.3 DINK aan iets (+ as)	108
Tabel 4.4 Kategorisering van <i>dink</i> volgens leksikale velde	111
Tabel 4.5 Kategorisering van <i>ken</i> volgens leksikale velde	118
Tabel 4.6 Kategorisering van <i>weet</i> volgens leksikale velde	120
Tabel 4.7 Kategorisering van <i>verstaan</i> volgens leksikale velde	121
Tabel 5.1 Relasie tussen waarnemer en waargenomene volgens leksikale velde gerangskik	163
Tabel 5.2 Eienskappe van die waarnemer volgens leksikale velde gerangskik	171
Tabel 5.3 Eienskappe van die waargenome objek volgens leksikale velde gerangskik	178
Tabel 5.4 Oorsaaklike verband tussen lighelderte en -kwaliteit en die gehalte van begripvorming volgens leksikale velde gerangskik	182
Tabel 5.5 Die manipulasiemetafoor, omgewerk tot 'n raamwerk van leksikale velde	203
Tabel 5.6 Afrikaanse kognisiewerkwoorde volgens onderlinge verband gerangskik	204
Tabel 5.7 Samevattende rangskikking van Afrikaanse kognisiewerkwoorde	205
Figure	
Figuur 2.1 'n Moontlike voorstelling van die begripswêreld	14
Figuur 2.2 Radiale netwerk en die vier prosesse van begripuitbreiding	17
Figuur 2.3 'n Skematiese voorstelling van die hiërgariese taksonomie met drie vlakke	18

	<i>Bladsy</i>	
Figuur 3.1	Veelsydigheid van die MANIPULASIE-skema	85
Figuur 4.1	'n Hiponimiese kategorisering van enkele Afrikaanse kognisiewerkwoorde	105
Figuur 4.2	'n Voorstelling van sekerheidsgraad betreffende kognisiewerkwoorde	125
Figuur 4.3	Die basiese kognisieproses, soos talig aangetoon in Afrikaans	130
Figuur 5.1	'n Studie van visuele en visueel-verwante metafore	133
Figuur 5.2	Algemene uiteensetting van die vloeiagramme	200
Figuur 5.3	Die soektog-scenario	201
Figuur 5.4	Die werkwinkel-scenario	202
Figuur 5.5	Die geheuestoor-scenario	202
Figuur 6.1	Sintese van die verhoogmetafoor en die werkwinkelmetafoor	217
Figuur 6.2	Manipulasie as voedende en dinamiese simbiose	221

Opsomming

In hierdie studie word die breë kader van Afrikaanse kognisiewerkwoorde ondersoek. Eers kom die nie-metaforiese kognisiewerkwoorde (*ken, weet, dink, verstaan*) onder die vergrootglas, en daarna die metaforiese kognisiewerkwoorde wat gesubkategoriseer word in visueel-metaforiese werkwoorde (*kyk, sien* ens.) en manipulatief-metaforiese werkwoorde (*vorm, gryp, voel, vat* ens.). Hierdie studie is ingebed binne die kognitief-linguistiese uitgangspunt van beliggaamdheid wat onder andere behels dat ons neurologiese funksionering sterk gevoelsgefundeerd (o.m. op tassintuiglike vlak) is, maar ook dat ons liggaamlike gestruktureerdheid 'n rol speel by die uitdrukking van denke.

Die uitvoerige deskriptiewe studie van Afrikaanse kognisiewerkwoorde, metafories en nie-metafories, dui aan dat visuele lekseme in Afrikaans vir fyn abstrakte denke gebruik word, terwyl manipulatielekseme vir minder fyn, maar steeds abstrakte resultaatgedrewe denke gebruik word.

Sintesevorming speel 'n belangrike rol in hierdie studie in dié sin dat die nie-metaforiese kognisiewerkwoorde sowel as die metaforiese kognisiewerkwoorde tot die basiese kognitiewe uitgangspunt van beliggaamdheid teruggevoer kan word. Ook wat die twee metaforiese werkwoordtipes betref, kan daar 'n sintese gevorm word indien die verhoograam (= visie) sáám met die werkswinkelraam (= manipulasie) beskou word. Die samevoeging van die verhoograam met die werkswinkelraam bied uiteindelik nog 'n perspektief, naamlik dat visie en manipulasie (waarby tassintuiglike gevoel ingesluit is) simbioties en voedend op mekaar inwerk.

Kognisiewerkwoorde in Afrikaans

Sleutelterme

Visie; Manipulasie; Gevoel; Denke; Ervaringsrealisme; Beliggaamdheid; Kognisie; Metafoer; Manipulasiemetafoer; Neurobiologie; Prototipiese kognisiewerkwoorde; Visuele werkwoorde; Visiemetafoer.

Summary

This is a study of the broad scope of cognition verbs in Afrikaans. Firstly, the non-metaphorical cognition verbs [e.g. *ken* (= *know*), *weet* (= *know*), *dink* (= *think*), *verstaan* (= *understand*)] are discussed and then the metaphorical cognition verbs which are subcategorized in metaphorical verbs of vision [*kyk* (= *look*), *sien* (= *see*)] and metaphorical manipulation verbs [*vorm* (= *form*), *gryp* (= *grab*), *voel* (= *feel*), *vat* (= *take*) etc.]. The study is embedded in the cognitive linguistic stance of embodiment which inter alia implies that our neurological functioning is based on feeling (which includes our sense of touch), and that the way our bodies are structured also determines the way we express our thoughts.

This extensive descriptive study of Afrikaans cognition verbs, metaphorical and non-metaphorical, indicates that visual lexemes in Afrikaans express subtle abstract thought, while manipulation lexemes express less subtle, yet still abstract result-driven thought.

Synthesis is an important factor in this study because the non-metaphorical cognition verbs as well as the metaphorical cognition verbs are linked to the basic cognitive principle of embodiment. Also, the two metaphorical verb types can be seen in synthesis when the stage frame (= vision) and the workshop frame (= manipulation) are merged. The synthesis of the stage frame and the workshop frame eventually provides us with another perspective, namely that vision and manipulation (which includes touch and feeling) are in a state of interacting nurturing symbiosis.

Cognition Verbs in Afrikaans

Key Terms

Vision; Manipulation; Touch and emotion; Thought; Experiential Realism; Embodiment; Cognition; Metaphor; Manipulation metaphor; Neurobiology; Prototypical cognition verbs; Visual verbs; Vision metaphor.

Hoofstuk 1

Inleiding

In hierdie tesis word daar 'n leksikale ondersoek gedoen van Afrikaanse kognisiewerkwoorde. Die studie word binne 'n kognitief-linguistiese raamwerk gedoen en daar word veral op beliggaamdheid en metafore gefokus.

1.1 Die navorsingsprobleem

Daar bestaan 'n opvatting by kognitiewe linguïste, soos Sweetser (1990:5) en Johnson (1992:355), dat **visie** (of dan visuele waarneming) die belangrikste bron vir mentale handeling is. Vergelyk (1) – (6).

- (1) I see. (Sweetser 1990:38)
- (2) A *clear* representation. (Sweetser 1990:38)
- (3) An *opaque* statement. (Sweetser 1990:38)
- (4) We see by the *light* of reason. (Johnson 1992:353)
- (5) You've made me *look* at things from a *new point of view*. (Johnson 1992:354)
- (6) Feminism changed my *view* of rationality entirely. (Johnson 1992:354)
(Oorspronklike beklemtoning.)

Dié beskouing word egter in die lig van onder meer die resente neurologie (Damasio 1994, 2001, 2003) bevraagteken. Die linguïst Fortescue (2001:34) stel dat **gevoel**, **manipulasie** en **begrip** verbandhoudende begrippe is. Daar word ook deur Fortescue (2001:30) tot die gevolgtrekking gekom dat **denke** veranker is in **gevoel**. Lee (2003) se linguïsties-georiënteerde woordsorteringsondersoek dui ook daarop dat denke gevoelsmatige skakerings kan vertoon. (Vergelyk (7) – 'n respons van een van Lee (2003:246) se toetselinge.)

- (7) the word *think* covers just about everything that you've got – they're all things – which – involve – thought they're all different thought functions – like – some of them are more personal, for example cherish is a personal, thing ... someone might *choose*, *cherish* something or *love* or whatever – other things refer to just the act of thinking like we've got *ruminare*, we've got *ponder* for example. (Oorspronklike beklemtoning.)

Genoemde leksikale studies is ten opsigte van Engels en Frans gedoen. Tot dusver is daar nog nie soortgelyke studies ten opsigte van die leksikale struktuur van Afrikaans gedoen nie. In die lig van hierdie gegewens word dit duidelik dat Sweetser (1990) en Johnson (1992) se eensydige beskouing van visie teoreties problematies is, en in hierdie studie sal daar gepoog word om hierdie problematiek op te klaar, en verder aan die hand van Afrikaanse kognisiewerkwoorde as empiriese gegewe te belig.

Die primêre doel van hierdie studie berus op die aanpassing van Sweetser (1990:44) se stelling wanneer sy sê: "our sense of touch is not connected with intellection but with emotion (...)". **Die navorsingsprobleem in hierdie studie is dus daarop gemik om 'n grondige ondersoek te onderneem na die brondomeine wat kognisie in Afrikaans uitdruk.** In die ondersoek sal daar gekyk word of dié brondomeine met mekaar in interaksie tree en hoe die nie-metaforiese kognisiewerkwoorde ook meewerk in die proses.

In teenstelling met Sweetser se stelling word die volgende hipoteses gestel:

- (a) denke is beliggaamd en veranker in sowel visie as in gevoel (waarby sowel tassintuiglike ervaring en emosie ingesluit word); en
- (b) die volgende metafore druk denke in Afrikaans uit:
- (i) Visuele en visueel-verwante metafore (Lakoff & Johnson 1999:238)
- KNOWING IS SEEING
 - AN AID TO KNOWLEDGE IS A LIGHT SOURCE
 - BEING ABLE TO KNOW IS BEING ABLE TO SEE
 - KNOWING FROM A "PERSPECTIVE" IS SEEING FROM A POINT OF VIEW

Visuele en visueel-verwante woorde (byvoorbeeld *sien, insien, raaksien, lyk* ens.) speel 'n rol om onder meer bogenoemde metafore in staat te stel om denke uit te druk.

(ii) Manipulasiemetafore

- MENTAL ACTIVITY IS MANIPULATION (Jäkel 2003:172)
- THINKING IS WORKING ON PROBLEM-OBJECTS WITH THE MIND-TOOL (Jäkel 2003:173)
- FORMING IDEAS IS SHAPING RAW MATERIAL (Jäkel 2003:174)

Manipulasiemetafore druk denkaktiwiteit uit onder meer deur middel van woorde soos *beGRYP, greep, omVANG, omVAT, misVATting*, ens. Kortom: *Denke is beliggaamd en veranker in sowel visie as in gevoel (waarby tassintuiglike ervaring ingesluit word).*

Die semantiese nuanseverskille tussen denke (mentale aktiwiteit) soos uitgedruk deur visuele (en visueel-verwante) metafore, enersyds, en manipulasiemetafore, andersyds, sal in die loop van die voorgenome studie aandag kry. Verder moet vermeld word dat, na aanleiding van resente ontwikkeling in die neurologie en in die linguistiek, sowel Sweetser (1990) as Jäkel (2003) se kognisiemodelle in hierdie studie hersien en gewysig sal word.

1.2 Die konteks van die navorsingsprobleem

1.2.1 Visuele waarneming as mentale aktiwiteit

Johnson is 'n voorstander daarvan dat spesifiek *visuele* waarneming (of dan *visie*) die belangrikste bron vir mentale handeling is. Johnson (1987:109) kom in ooreenstemming met Sweetser (1987) tot dié gevolgtrekking: "Perceptual phenomena of this sort make vision a primary candidate as a metaphorical basis for intellectual acts in which one must discriminate features, examine details, and perform mental operations (...). There are, of course, other experiential basis for knowledge metaphors (such as touching,

hearing, and tasting), but none of these are as dominant as vision." Dit moet hier duidelik gestel word dat dié gevolgtrekking op Engels van toepassing is. In die voorgenome studie sal hierdie siening as 'n hipotese beskou word wat getoets sal word aan Afrikaanse data.

Die VISUELE metafoor kan (volgens Johnson) beskou word as 'n metafoor wat gegrond is in die menslike liggaam. Daarom geniet dit kognitiewe status. Johnson (1992:355) stel die kwessie soos volg:

The UNDERSTANDING IS SEEING metaphor, as an instance of the more general UNDERSTANDING IS PERCEIVING metaphorical system, is thus grounded and experientially constrained (---). The choice of vision as source domain and understanding as target domain is highly motivated by the nature of our visual experience. As Sweetser (1990) has observed, given the importance of vision for our ability to operate successfully within our environment, it is no accident that UNDERSTANDING IS **SEEING** should be such a **major conception of knowledge**. (My beklemtoning.)

Johnson (1987:108) wys daarop dat daar parallele bestaan tussen visie en denke. Hy beroep hom op Sweetser (1987) wat die belangrikheid van visie (en dus **lig**) vir redeneringsdoeleindes soos volg uiteensit: "(i) Vision is our primary source of data about the world. It typically gives us far more information than the other senses, and it appears that children rely most heavily on visual features in their early categorisation. In other words, vision plays a crucial role in our acquisition of knowledge. (ii) Vision involves the remarkable ability to focus at will on various features of our perceptual array, to pick out one object from a background, or to differentiate fine features. All of these operations have parallels in intellectual acts (---)."

Vir Sweetser (1990:27) lê die nuttigheidswaarde van die "visuele teorie" veral daarin dat die kognitiewe semantiek in staat is om 'n verband te lê tussen die woordeskat (leksikon) van fisiese persepsie en dié van intellektuele (mentale) persepsie. Vir Sweetser (1990:40) is dit ook duidelik dat visuele en visueel-verwante lekseme op mentale vermoëns dui:

- We may shed some *light* on a problem.
(Ons kan 'n bietjie *lig* werp op 'n probleem.)

- [A]n intelligent person is (...) *brilliant* (= *bright*).
(’n Intelligente persoon is *briljant* (= *skitterend*.)
- *Clearsighted* (*helderdenkend*, *helder van verstand*)
- To *illuminate* (something) for people who were previously *in the dark*.
(Om(iets) te *belig* vir mense wat vantevore *in die duister* was.)

Vir Sweetser (1990:40) is daar 'n *byna natuurlike* (= gebruiklike) tendens dat begrippe vanuit die visuele domein gebruik kan word om intellektuele prosesse te beskryf. 'n Mate van pseudowetenskaplike redenering wat egter hier waarneembaar is, is dat daar aksente (by Johnson én Sweetser) opklink soos *nuttig*, *byna natuurlik* en *gerieflik*, wat nie op empiriese gronde berus nie, maar eerder op blote intuïsie.

1.2.2 Manipulasie as mentale aktiwiteit

Tot dusver het ek gewys op Johnson en Sweetser (en andere wat 'n soortgelyke beskouing handhaaf) se propagering van UNDERSTANDING IS SEEING as die geskikste kennismetafoor. In teenstelling hiermee blyk dit egter volgens Jäkel (1995:225 e.v.) dat Johnson en Sweetser (en dus ook die ander gemelde teoretici) se beskouing moontlik weerlê kan word deur die manipulasiemodel. Jäkel voer argumente aan om aan te toon dat die manipulasiemodel beter sou wees as die visie-model (én selfs beter as ander modelle). Binne die manipulasiemodel word handeling wat met die *hand* uitgevoer word so gekarteer dat dit metafories op intellektuele aktiwiteite dui. Hier volg 'n aantal voorbeelde van manipulasiewerkwoorde wat ook op 'n abstrakte vlak gebruik word. Die hand kan *gryp*, *hou*, *vang*, *neem*, *vat*, *beet* *hê*, *kry*, ens.

- The concepts were difficult to *grasp*. (Jäkel, 2003:154)
Die konsepte was moeilik om te *beGRYP*.
- I think I *grasped* quite soon what was going on. (Jäkel, 2003:154)
(Ek dink ek het nogal gou *beGRYP* wat gebeur het.)

- Ek het die basiese teorie verduidelik, maar hulle het dit nie ge*SNAP* nie.
- *Vang jy die grappie?*

Jäkel se propagering van die manipulasiemodel kan nie sonder meer vir Engels of vir Afrikaans kritiekloos (of probleemloos) aanvaar word nie. Daarom verteenwoordig elk van sy stellings (Jäkel 1995:225 e.v.) 'n probleem vir die voorgenome studie (wat aan die hand van Afrikaanse data getoets sal word). Hier onder volg, vryelik vertaal, 'n aantal aansprake wat Jäkel maak:

- (a) In teenstelling met ander modelle fokus manipulasie nie slegs op een aspek van kognisie nie. Die volle spektrum van mentale aktiwiteit word gedek.
- (b) In vergelyking met visie is manipulasie binne die menslike ervaringswêreld dieper veranker.
- (c) Intertalige data ten gunste van manipulasie ondersteun die manipulasieteorie: In Italiaans, Duits, Deens, Hebreeus, Indonesies, Japannees, Maleisies, Swahili, Tsumil en Turks 'gryp' denkers na idee-objekte, word die verstand gekonseptualiseer as 'n 'houer', word inligting 'opgetel', word daar aan probleme 'gewerk' en word moonlikhede teenoor mekaar opgeweeg.

Jäkel (1995:226) som self sy beskouing soos volg op:

[T]he conceptualization of mental activity in terms of manipulation seems to be at least a cross-cultural strategy, if not a cognitive universal. As regards the English language, **no other conceptualization of the intellectual domain even comes close to the metaphorical concept of mind as construed by the idealized cognitive model "mental activity is manipulation"**. (My beklemtoning.)

Jäkel (1995:219) redeneer dat abstrakte kognisie ontoeganklik is vir direkte fisiese ervaring. Daarom moet kognitiewe prosesse gekonseptualiseer word na aanleiding van die fisiese manipulasie van konkrete objekte. Sodoende word mentale aktiwiteit 'n teikendomein vir komplekse metaforiese kartering ten opsigte van strukture vanaf die brondomein, naamlik manipulasie. Die term **manipulasie** verwys in hierdie tesis na die fisiese hantering van (konkrete) objekte, en nie na propaganda nie. Vir Jäkel (1995:219)

is die manipulasieteorie ideaal om konseptuele metafore te lewer danksy die beeld-skematiese aard daarvan. Die twee belangrikste skemas is die houer-skema en die manipulasie-skema.

Teen die agtergrond van Fortescue (2001) se werk en die relevansie van *gevoel* as kernbegrip wat nog nie by kognitiewe linguïste soos Lakoff en Johnson (2002) deurgedring het nie, wil hierdie studie 'n verdere punt ondersoek, naamlik dat gevoel 'n besliste rol in ons denkprosesse speel. In hulle uiteensetting (Lakoff en Johnson 2002:254) van die MIND AS BODY metafoor beperk hulle gevoel bloot tot 'n emosionele reaksie: EMOTIONAL REACTION IS FEELING.

In die lig van die breë diskoers oor visie en manipulasie sal die manipulasieteorie van Jäkel ondersoek word. Ek doen dit met dien verstande dat beide *voel* en *vat* ('*feel*' en '*touch*') moontlik geïnkorporeer kan word binne Jäkel se manipulasie-model. Sodanige inkorporasie kan moontlik nuwe lig werp op die kognitiewe funksionering van veral *voel* en kan moontlik vanuit 'n linguïstiese hoek steun bied vir die neurologiese uitsprake van Damasio (1994, 2000 en 2003). Omgekeerd kan Damasio se neurologiese uitsprake dit wat linguïsties in hierdie studie bevind word, ondersteun.

1.3 Die navorsingsmetode

(i) Literatuuroorsig

Literatuur oor die teoretiese kognitiewe linguïstiek sal geraadpleeg word. Verder sal die werk van die neuroloog Damasio (1994, 2000 en 2003) wat ook navorsing op die gebied van taal, denke en emosies gedoen het, bestudeer word.

(ii) 'n Empiriese databasis

'n Data-gebaseerde ondersoek van kognisiewerkwoorde in Afrikaans sal gedoen word.

Die volgende bronne is gebruik om kognisiewerkwoorde te versamel:

Odendal, F.F. en Gouws, R.H. 2005. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

- Van Schalkwyk, D.J. 2000. (Hoofredakteur) *Woordeboek van die Afrikaanse taal*. Stellenbosch. Buro van die WAT.
- De Stadler, L.G. 1994. *Groot tesourus van Afrikaans*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers..

Kognisiewerkwoorde in konteks is uit 'n beperkte korpus versamel:

- Hertzog, D. Britz, E. & Henderson, A. 2006. *Gesprek sonder grense*. Stellenbosch: H&M Uitgewers.
- Burger, W. (Red.) 2006. *Die oop gesprek: N.P. van Wyk Louw-gedenklesings*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Van Rensburg, F.I.J. 1975. *Swewende ewewig: Beskouings oor die werk van N.P. van Wyk Louw II*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Die vernaamste teoretiese bron is dié van Lehrer (1974). Die Afrikaanse kognisiewerkwoorde word, in aansluiting by haar semantiese metodes (leksikale velde en komponensiële analise), verreken.

'n Noemenswaardige teoretiese werk in Afrikaans waar aansluiting gevind word by Lehrer (1974) en veral by haar beskouing van "belief predicates" is dié van Botha (1980). Botha beskryf 'n hele aantal kognisiewerkwoorde vir sover dit sekerheidsgraad betref. Verder word daar ook kennis geneem van die wyse waarop hy die begrip 'feitelikheid' verstaan.

1.4 Uiteensetting van die hoofstukke

In Hoofstuk 1 is reeds 'n uiteensetting verskaf van die verskillende aspekte wat in die loop van die studie aan die orde sal kom. Hier is reeds kortliks verduidelik dat die studie 'n studie binne die raamwerk van die kognitiewe linguistiek is en oor Afrikaanse kognisiewerkwoorde sal handel. Die metaforiese gebruik van visuele en (visueel-verwante) woorde en werkwoorde sowel as die metaforiese gebruik van manipulasiewerkwoorde sal, soos reeds vermeld, belig word.

In Hoofstuk 2 word daar aangetoon dat die Kognitiewe Linguistiek 'n alternatiewe bied op die ouer objektivistiese benaderings. In die Kognitiewe Linguistiek val die klem op die menslike liggaam en ervaring en op die rol wat dit in beide kognisie en taal speel. Dit is veral die term beliggaamdheid wat in besonderhede behandel word. Hieruit vloei aspekte soos kognisie, gevoel, emosie en verbeelding voort wat onderling met mekaar verband hou.

In Hoofstuk 3 word die beginsels verduidelik waarvolgens die metafoor binne die tradisionele beskouing funksioneer. Hierna kom die verskeie kognitiewe beskouings (of teoretiese weergawes) onder die vergrootglas. Ek wys daarop dat liggaamlike ervaring veral binne die Standaard kognitiewe metafoorteorie as 'n konkrete basis vir abstrakte denke dien en vervolgens word aangetoon dat ons visuele ervaring as basis vir denke kan dien mits beweging daarby betrek word. Ook die konkrete manipulasie van objekte funksioneer as denkbasis. Aangesien dit gepaard gaan met beweging, word beweging as 'n moontlike skakel tussen visueel-gebaseerde en manipulasie-gebaseerde metaforiek vermeld.

In Hoofstuk 4 word die nie-metaforiese kognisiewerkwoorde in semantiese velde gesistematiseer.

In Hoofstuk 5 word die visueel-metaforiese werkwoorde georganiseer volgens:

- A. Die relasie tussen die waarnemer en die waargenomene
- B. Die eienskappe van die waarnemer
- C. Die eienskappe van die waargenome objek, en
- D. Die oorsaaklike verband tussen lighelderte en -kwaliteit en die gehalte van begripvorming.

Ook die voorbeeldgevalle binne hierdie organiseringsriglyne word telkens uitgedruk in leksikale velde. Uiteindelik word die manipulasiewerkwoorde ook in semantiese velde weerspieël. Verbande tussen die nie-metaforiese kognisiewerkwoorde en die metaforiese kognisiewerkwoorde word getrek, asook tussen die twee tipes metaforiese kognisiewerkwoorde onderling. Ten slotte wys ek daarop dat manipulasiewerkwoorde wat kognisie en denke uitdruk, sterk handelend funksioneer.

Nadat die aanvanklike hipoteses van hierdie studie sonder beduidende wysigings in Hoofstuk 6 geverifieer word, word veral begrippe soos innerlike visie, 'n innerlike teater en 'n verhoogmodel vermeld om die wenslikheid van 'n oorkoepelende verhoogmodel te motiveer om visuele metaforiek te akkommodeer. Voorts word manipulatiewe metaforiek deur die werkwinkelmetafoor gehuisves. Aangesien beweging (innerlike) visie aanhelp, en aangesien manipulasie 'n vorm van beweging is, word daar 'n sintese geïdentifiseer waarbinne die visuele metafoor en die manipulasie-metafoor saamgetrek word. Hierna word dit duidelik dat visie en manipulasie in 'n staat van simbiose verkeer.

In Hoofstuk 7 word daar 'n kort teoretiese terugblik onderneem. In hierdie terugblik word die werk van enkele teoretici opnuut onder die loep geneem na aanleiding van die bevindinge in hierdie studie.

Ten slotte word daar 'n paar finale teoretiese opmerkings gemaak wat inhou (i) dat die leë werkwoord in Afrikaans nog verder binne kognitiewe verband ondersoek kan word; (ii) dat die neurowetenskappe van hierdie studie kan kennis neem; en (iii) dat daar moontlik 'n paar interessante didaktiese implikasies uit hierdie studie kan voortspruit.

Hoofstuk 2

Gevoel en denke in die kognitiewe linguistiek

Die kerngedagte van hierdie hoofstuk is dat daar 'n noodwendige korrelasie tussen **gevoel** (onder meer emosie) en **denke** bestaan. Binne Damasio (1994, 2000, 2003) se beskouinge gaan gevoel (wat enige gewaarwording behels – byvoorbeeld pyn, plesier en selfs emosies) gepaard met denke. Liggaamsgesteldhede vorm die basis van ons gevoelens en beïnvloed dit ook. Gedagtes (dus, denke) korreleer met die aard van die emosie (dus, 'n tipe gevoel). Gevoel en denke behoort te korreleer. Indien nie bestaan daar byvoorbeeld 'n moontlikheid dat *om hartseer te voel* in sommige gevalle te wyte kan wees aan 'n ontoereikende *denkmodus* (wat rondskarrel om by die regte *gedagte* uit te kom) (Damasio 2003:89).

In hierdie hoofstuk sal aspekte aangeraak word wat daarop dui dat die kognitiewe linguistiek 'n aantal belangrike klemverskuiwings meegebring het. Ek sal dit verder probeer verduidelik deur daarop te wys dat *ervaringsrealisme* 'n beter teoretiese raamwerk bied as die tradisionele siening bekend as *objektiwisme*. Die kernbegrip *beliggaamdheid* sal bespreek word. Hierdie begrip sal eerstens vanuit 'n neurobiologiese oogpunt en tweedens vanuit 'n sosiokulturele oogpunt bespreek word. Aangesien beliggaamdheid enkele belangrike implikasies inhou vir die kognitiewe linguistiek sal die invloed van die mens se ervaring op sy denke asook die samehang tussen verbeelding, gevoel en denke bespreek word.

2.1 'n Oorsig oor die kognitiewe linguistiek

Die Kognitiewe Linguistiek se oorsprong kan teruggevoer word tot ongeveer 1975 toe veral die rekenaarwetenskap (kunsmatige intelligensie) op die voorgrond begin tree het. Die vae manier waarop menslike denke deur die sielkunde beskou is, is toe (in die lig van die rekenaarwetenskap) presieser geformaliseer. So het die Kognitiewe Wetenskap

beslag gekry. Taal is toe as onderdeel van so 'n ruimer, geïntegreerde sisteem gesien waarbinne dit saamhang met persepsie, geheue, mentale verwerking, denke ens. Hierdeur kon taal en denke in samehang met mekaar bestudeer word.

2.1.1 Teoretiese uitgangspunte van die kognitiewe linguistiek

Die belangrikste teoretiese uitgangspunte van die kognitiewe linguistiek kan kortliks soos volg uiteengesit word:

Taal is nie 'n geïsoleerde, outonome komponent van die verstand nie, maar wel 'n integrale deel van ons kognisie. Kennis wat ons via die verstand ("mind") verkry (danksy wetenskaplike, introspektiewe en gewone alledaagse waarneming) speel 'n integrale rol ten opsigte van ons kennis en die funksionering van taal (Taylor, 2003:8). Die mens is in staat om sy ervaring van die werklikheid te kategoriseer. Daarom kan woorde en lekseme beskou word as name van kategorieë in ons menslike ervaring. Ons kennis van wat die woord *boom* beteken, stel ons in staat om ander begrippe wat onder die woord *boom* tuishoort binne 'n kategorie te plaas (Taylor 2003:8). Voorbeelde wat onder die kategorie BOOM tuishoort, sou die volgende kon insluit: *akasia, bloekomboom, doringboom, eik, jakaranda, melkhoutboom, plataan, populier, wilgerboom*, ens. (De Stadler 1994:118-119).

Volgens die kognitiewe linguistiek word die wêreld om ons subjektief waargeneem. Verder word daar ook aangeneem dat taal gesetel is in die gees ("mind") van sy sprekers. Die wese van taal kan alleen begryp word indien ons na die versubjektiveerde wêreld in ons gees ("mind") kyk. Hierdie 'versubjektiveerde' wêreld kan verstaan word as die **idee** wat iemand het oor hoe iets in die wêreld daar uitsien (Dirven en Verspoor 1999:17).

Soms kan ons *idee* (of dan *begrip*) van byvoorbeeld *groente* 'n hele reeks entiteite insluit soos byvoorbeeld *wortels, kool, boontjies, pampoen*, ens. Anders gestel: die entiteite wat ons so pas opgenoem het, ressorteer binne die kategorie GROENTE. Dié kategorie sluit egter ander entiteite soos *appels, perskes, appelkose* en *pere* uit. Die verskynsel dat ons die ervaring van die werklikheid om ons in 'n aantal relevante

eenhede opdeel, word kategorisering genoem (Dirven en Verspoor 1999:17). Dit is blykbaar in die aard van die mens om kategoriserend met die werklikheid om hom om te gaan. Dirven en Verspoor (1999:17) stel dit soos volg:


Zodra we iets sien, willen we het ook in een categorie onderbrengen, d.w.z. willen we het kategoriseren.

[Sodra ons iets sien, wil ons dit ook binne 'n kategorie tuisbring, dit wil sê (dan) wil ons dit kategoriseer. (Vertaal deur A.J.G. Roux.)]

Hierdie kategoriseringsgeneigdheid van die mens hang saam met die subjektiwiteitsgedagte wat sterk binne die kognitiewe linguistiek figureer. In aansluiting by Dirven en Verspoor (1999:17 e.v.) word daar gepoog om die kwessie soos volg te verduidelik: Juis as gevolg van die mens se kategoriseringsgeneigdheid kan die werklikheid nie objektief wees nie. Die werklikheid word immers telkens op die een of ander wyse mentaal vasgelê deur kategoriseringshandelinge. Laasgenoemde behels ons menslike waarneming, kennis, houding – kortom: ons menslike ervaring.

Talige kategorieë is eintlik maar net kategorieë wat verwoord en benoem is (dit wil sê taalttekens bygekry het). Die ouer semiotiese beskouing wou dat daar 'n direkte, dog arbitrêre verband tussen die vorm van 'n woord en die betekenis daarvan bestaan. Binne die denkraam van die kognitiewe linguistiek moet daar egter met nóg 'n faktor rekening gehou word, naamlik die mens as "ervaarder" ("experiencer" in Engels). 'n Ander term wat in hierdie verband gebruik word, is konseptualiseerder ("conseptualisator" in Nederlands).

Vervolgens kan Figuur 2.1 die kwessie rondom kategorisering in perspektief stel.



Figuur 2.1: 'n Moontlike voorstelling van die begripwêreld
(Oorgeneem uit Dirven en Verspoor (1999:18))

Uit Figuur 2.1 blyk dit dat die woord(vorm) uiteindelik teruggevoer kan word tot 'n menslike konseptualiseerder en sy ervaring van die wêreld. Volgens Dirven en Verspoor (1999:18) kan hierdie model 'n verklaring bied vir die feit dat verskillende mense dieselfde verskynsel in die wêreld op verskillende maniere kategoriseer en dat dieselfde persoon op verskillende tydstippe dit óók kan doen. 'n Huis kan byvoorbeeld deur Persoon A as iets met 'n besondere *argitektoniese styl* gekategoriseer word, deur Persoon B as 'n *lekker woonplek* en deur Persoon C as 'n stuk eiendom waaruit *finansiële voordeel* getrek kan word (Cruse 2000:117). Myns insiens lê hierdie verskillende kategoriseringsaktiwiteite opgesluit in die sleutelwoord **ervaring**. In ooreenstemming hiermee verduidelik Dirven en Verspoor (1999:18) dié verskynsel soos volg:

Iedereen ziet een situatie – technisch gezegd – "construeert" haar of brengt haar in beeld *naargelang van zijn specifieke ervaring ervan*. Zo 'n **in-beeld-brenging** is een keuze uit verskillende alternatiewe moogelikheden om iets *op één welbepaald manier te zien*. (Vetdruk soos in oorspronklike; gekursiveerde druk deur A.J.G. Roux.)

[Elke mens sien 'n situasie – of, tegnies gestel – "konstrueer" dit, of bring dit in beeld *na gelang van sy spesifieke ervaring daarvan*. So 'n **in-beeld-bring** is 'n keuse uit alternatiewe moontlikhede om iets op 'n heel spesifieke manier te sien. (Vertaal deur A.J.G. Roux.)]

Verder gaan die kognitiewe linguistiek van 'n sekere standpunt uit wanneer daar gekategoriseer word. Hierdie standpunt vertoon heeltemal anders as semantiese

oriëntasies in die konvensionele linguistiek. Kategorieë word byvoorbeeld op 'n radiale wyse óm 'n sentrale (= prototipiese) lid/geval gerangskik. Só 'n rangskikkingswyse impliseer dat minder tipiese lede/gevalle 'n toenemend marginale posisie binne die kategorie inneem (Taylor 1989:60). Verskeie kognitiewe kategorieë, sou dit kleure, fatsoene, organismes, of konkrete voorwerpe wees, word op grond van hulle opvallende kenmerke veranker (vgl. Ungerer & Schmid 1996:19) in mentale prototipies.


Mense (soos beïnvloed deur hulle omgewing – kultureel en andersins) selekteer onbewustelik 'n spesifieke entiteit, byvoorbeeld 'n spesifieke soort "boom" as die beste of sentrale lid van die BOOM-kategorie (dit vorm dan 'n prototipiese *boom*). Ander boomsoorte word dan radiaal gegradeer vanaf baie naby aan prototipies, minder prototipies tot nie-prototipiese lede. Hulle is die periferiese lede van die BOOM-kategorie. Grensgevalle kan in 'n ander kategorie soos STRUIK oorgaan.

Die kognitiewe linguistiek het ook implikasies vir die leksikale semantiek meegebring vir sover dit die mees ontwikkelde teorie kon oplewer waarbinne die verband tussen taal en denke bestudeer kan word. Hierdie kwessie blyk veral uit 'n nuwe perspektief op die verskynsel van polisemie. Polisemie kan gedefinieer word as 'n semantiese verskynsel waar een woord meer as een betekenis het. Dié verskillende betekenisse is egter op 'n bepaalde manier verwant aan mekaar (Dirven en Verspoor 1999:37). Dirven en Verspoor (1999:39) stel dit dat die verskillende betekenisse op 'n sistematiese manier met mekaar skakel. Verskillende kognitiewe prosesse speel 'n rol by die vorming van hierdie betekenisse. Al die betekenisse van die woord vorm 'n radiale netwerk en is kognitief aan mekaar verbind deur prosesse soos metonimie, metaforiek, spesialisering en veralgemening. Voordat die beskouing van polisemie in Figuur 2.2 geïllustreer word, word daar eers 'n aantal voorbeeldsinne verskaf. Die voorbeeldsinne kom uit HAT, asook uit Dirven en Verspoor (1999:38), en sluit ook aangepaste en/of eie voorbeelde in.

Figuur 2.2 word deur Dirven en Verspoor (1999:41) gebruik om die verskynsel van betekenisuitbreiding binne 'n prototipiese konteks te illustreer. Ek het dit vertaal en effens aangepas.

1 skool


- a) *Hulle is tans besig om 'n nuwe **skool** in ons omgewing te bou. (onderwysinstelling; gebou)*
- b) *Die **skool** begin elke dag 8:00. (lesse)*
- c) *Die gerugte van 'n bom het die hele **skool** in rep en roer gehad. (leerlinge en personeellede)*
- d) *Die dramaskool aan die Vrystaatse Universiteit is blykbaar die beste in die land. (universitêre fakulteit)*
- e) *Die somers**skool** in skryfkuns word vanjaar in Potchefstroom gehou. (vakansiekursus)*
- f) *Die afrigting van polisiehonde by die hondeskool in Pretoria is op 'n besonder hoë peil. (diereafrigting)*
- g) *As gevolg van die denkrigting wat hy nou ingeslaan het, kom ek tot die gevoltrekking dat hy tot die **skool** van die Nuwe Hervormers behoort. (groep volgelinge)*
- h) *Breughel is 'n skilder uit die Vlaamse **skool**. (groep kunstenaars)*
- i) *Elke mens maak uiteindelik tog maar met die harde **skool** van die lewe kennis. (vorming deur die werklikheid sonder tussenkoms van 'n onderwysinstelling)*
- j) *'n **Skool** visse volg die boot. (groep visse)*



Figuur 2.2: Radiale netwerk en die vier prosesse van begripsuitbreiding

Ook betreffende die onomasiologiese benadering val prototipiese verskynsels op. Eerstens bestaan daar 'n prototipiese woordvlak, naamlik die basiese vlak. Ten opsigte van hierdie basiese vlak vertoon hiponimiese terme meer veralgemening. Maar daar bestaan ook hiperonimiese terme wat ten opsigte van die basiese vlak meer spesifiek vertoon en dus 'n aanduiding van spesialisering is. Die term op die basiese vlak is meer konkreet, ingeburgerd en algemeen-gebruiklik as dié wat op die hiponimiese vlak lê. Net so is basiesevlakterme ook meer konkreet en meer bekend as dié op 'n hiperonimiese vlak. Van die volgende drie woorde wat op die drie verskillende vlakke lê, is die woord wat op die basiese vlak lê die konkreetste en dus die toeganklikste.

Hiponiemvlak	:	<i>voertuig</i>
Basiese vlak	:	<i>motor</i>
Hiperoniemvlak	:	<i>renmotor</i>



Figuur 2.3: 'n Skematiese voorstelling van die hiërargiese taksonomie met drie vlakke

Die basiese vlak behoort in vier opsigte elementêr te wees: met betrekking tot waarneming, die funksie daarvan betreffende menslike interaksie, kommunikasie asook die maklike herroepbaarheid daarvan in die geheue (Netzel, 2003:610). Die begrip 'interaksie' handel hier ook oor die mens se interaksie met die objekte rondom hom. 'n Stoel, byvoorbeeld, met sy rugleuning en sitplek is so gemaak dat dit die mens se fisiese liggaamstruktuur akkommodeer. Dié verskynsel staan bekend as *affordances*.

Lakoff (1988:133) beklemtoon die relevansie van die basiese vlak deur daarop te wys dat dit die vlak is waarop mense die doeltreffendste in wisselwerking tree met die omgewing. Hy (1988:133) toon die volgende positiewe kognitiewe hoedanighede van die basiese vlak aan (vertaal deur A.J.G. Roux):

- It is the level at which category members have similarly perceived overall shapes. [Dit is die vlak waarop die lede van die kategorie breedweg soortegelyk waarneemware fatsoene het.]
- It is the highest level at which a single mental image can reflect the entire category. [Dit is die hoogste vlak waarop 'n enkele mentale beeld die totale kategorie kan weerspieël.]
- It is the highest level at which a person uses similar motor programs for interacting with category members. [Dit is die hoogste vlak waarop 'n persoon motories soortegelyk met al die kategorielede interaktief verkeer.]
- It is the level at which subjects are fastest at identifying category members. [Dit is die vlak waarop toetspersone die kategorielede die gouste kan identifiseer.]
- It is the level with the most commonly used labels for category members. [Dit is die vlak met die algemeenste etikette vir kategorielede.]
- It is the level first named and understood by children. [Dit is die vlak wat kinders die heel eerste kan benoem en verstaan.]
- It is the first level to enter the lexicon of a language in the course of history. [Dit is die eerste vlak, uit 'n taalhistoriese oogpunt gesien, wat die leksikon van 'n taal binnedring.]
- It is the level with the shortest primary lexemes. [Dit is die vlak met die kortste primêre lekseme.]
- It is the level at which terms are used in neutral contexts. [Dit is die vlak waarop terme in neutrale kontekste gebruik word.]
- It is the level at which most of our knowledge is organized. [Dit is die vlak waarop die meeste van ons kennis georganiseer is.]

- It is the level at which most culturally-determined functions for objects are defined. [Dit is die vlak waarop die meeste kultuur-bepaalde gebruike of voorwerpe benoem word.]

'n Verdere kenmerk van die kognitiewe linguistiek is die feit dat dit beeldskemas betrek om menslike persepsie en denke te verklar en te motiveer. Johnson (1992:349) beklemtoon voortdurend die patroonmatigheid van ons liggaamservaring. Hy reken dat aspekte van ons sensomotoriese handeling gesien kan word as wederkerende patrone. Hierdie patrone gee 'n mate van samehang en kognitiewe inskerping aan ons ervaring. Juis daarom is dié patrone belangrik ten opsigte van die identifisering van wederkerende voorwerpe en fatsoene. Hierdie wederkerende patrone word **beeldskemas** genoem en word soos volg verduidelik:

[W]e have to discriminate figure/ground relations, objectify parts of our perceptual interactions, track objects through a perceptual field, exert force to move objects into various spatial relations (inside/outside, right/left, in front of/behind), and keep your balance as we move from one place to another. Among these sensorimotor activities just mentioned, we can recognize such recurring structures as OBJECT, FIGURE-GROUND, SOURCE-PATH-GOAL, CONTAINMENT, COMPULSIVE FORCE, and BALANCE (Johnson, 1992:349).

[(O)ns moet figuur/grond-relasies kan onderskei, gedeeltes van ons perseptuele interaksies objektiveer, voorwerpe deur 'n perseptuele veld volg, krag uitoefen om voorwerpe in verskeie ruimtelike relasies (binne/buite, regs/links, voor/agter) te laat beweeg. Dan moet ons ook nog ons balans hou as ons van een plek na 'n ander beweeg. Uit hierdie sensomotoriese aktiwiteite kan ons wederkerende strukture herken soos OBJEK, FIGUUR-GROND, BRON-PAD-DOEL, BEHOUERING, KOMPULSIEWE KRAG, asook BALANS. (Vertaal deur A.J.G. Roux.)]

Johnson (1992) se beskouing van beeldskemas is dinamies-georiënteerd en van belang wanneer handeling en gebeure ter sprake is. Hierteenoor huldig Taylor (1989), Langacker (1987) en Baldauf (1997) 'n meer statiese beskouing. Langacker (1987:371) maak 'n saak daarvoor uit dat beeldskemas abstrak van aard is en dat al die lede wat binne 'n beeldskematiese kategorie resorteer gelyke status geniet. Hulle kan dus nie gradueel van minder prototipies tot meer prototipies gerangskik word nie. 'n Skema ontstaan volgens Langacker ((1987:371) deurdat enkele **spesifieke** voorbeelde van sê maar groot blaardraende plante soos onder meer *eike*, *platane* en *wilgers* deur die taalaanleerder geassosieer word met die woord *boom*. Vervolgens ekstraheer hy dan vanuit hierdie spesifieke voorbeelde 'n [algemene – A.J.G. Roux] beeldskematiese representasie van wat gemeenskaplik (dit wil sê *algemeen*) ten opsigte van die voorbeeldgevalle is. Hierdie geëkstraheerde representasie hoef nie 'n spesifieke

boomsoort te wees wat in die werklikheid bestaan nie. Dis veel eerder die vae patroon (lees *buitelyne*) wat in so 'n representasie vorm aanneem. Hierdie vae, saamgeflanste "boom"-representasie, wat ons BOOM¹ kan noem, kan – argumentsonthalwe – 'n ander *boom* wat nie identies is daarmee nie, akkommodeer. Tydens dié proses word die representasie effens gewysig (dit wil sê *uitgebrei*). Sodoende ontstaan die representasie wat BOOM² genoem kan word. Nog verskillende boomtipes word deur die taalaanleerder teëgekomp en gaandeweg word die skematiese representasie verder uitgebrei tot BOOM³, BOOM⁴, ens. Ten spyte van die wederkerende en uitbreidende aard van die beeldskematiese bly dit vaag, plasties (vormbaar) en sônder te veel detail. Baldauf (1997:61) sien ook die kern van Langacker se beskouing in wanneer sy sê: "Bildschemata werden verstanden als *holistische Gestalten*, die jedoch interne Struktur aufweisen." ["Beeldskemas kan verstaan word as *holistiese Gestalts* wat tog 'n interne struktuur vertoon." (Vertaal deur A.J.G. Roux.)]

Kategorisering en die algemene kognitiewe beginsels organiseer nie net die leksikon nie, maar ook die grammatika en taalstruktuur. Dit is veral werkwoorde wat 'n kernrol speel in die spesifieke vergestaltung van taalstruktuur na aanleiding van die perspektief van die spreker. Dit is moontlik omdat (prototipiese) werkwoorde gebeurerame oproep wat representasies vorm wat tipies sintakties (dus grammatikaal) is. Hierdie werkwoorde verbind elemente uit verskeie kategorieë wat direk betrek word in rame (of skemas). Hierdie elemente of deelnemers kan mentaal gemanipuleer word na aanleiding van intensies en perspektiviserings van die gespreksgenote (Hendrikse 1996:98).

Taalstrukture word binne die kognitiewe linguistiek nie as bloot arbitrêr gesien nie. Iets wat talig vasgelê is, is die resultaat van 'n kognitiewe houding of tendens. Daar is dus 'n bepaalde verband tussen taalstrukture en die maniere waarop ons die werklikheid sien en konseptualiseer. Anders gestel: taalstrukture word deur ons kognitiewe gesteldheid *gemotiveer*. Die *figuur/grond-konfigurasie* is 'n voorbeeld van kognitiewe motivering waar jy dit wat vir jou belangrik is, mentaal op die voorgrond plaas en dit wat vir jou onbelangrik is na die agtergrond verskuif. Die *figuur/grond-konfigurasie* hou verband met die ruimtegramatika van Langacker, asook met sy *verhoogmetafoor* (vgl. Taylor, 2003:10 asook Ungerer en Schmid, 1996:182). Op die verhoog staan sekere aspekte uit teen hulle (agter)grond. Sake soos **aandag** en **fokus** word ook ten opsigte van die

figuur/grond-konfigurasie betrek. Die visuele (*konkrete*) verhoog word ook as 'n *mentale verhoog* gesien, waar *mentale gebeurtenisse* afspeel.

'n Ander belangrike kognitief-gemotiveerde verskynsel wat ons in taalgebruik aantref, is **ikonisiteit**. Volgens Dirven en Verspoor (1999:10) word die opvatting dat linguistiese struktuur die struktuur van die werklikheid weerspieël *ikonisiteit* genoem.

Die figuur/ground-konfigurasie, asook die ikonisiteitsverskynsel kan deur (1) en (2) geïllustreer word:

(1) *Die seun skop die bal.*

(2) *Die bal word deur die seun geskop.*

In (1) is die seun op die voorgrond en die bal op die agtergrond. In (2) is die situasie omgekeerd: die bal is hier op die voorgrond (en dus van primêre belang) terwyl die seun op die agtergrond verkeer (en dus nie vir die spreker so belangrik is nie). Dit is dié soort taalverskynsel (wat as't ware saamwerk om die spreker se bedoeling oor te dra) wat ikonisiteit genoem word.

Ekonomie ten opsigte van taalgebruik is 'n verdere aspek wat kognitief *gemotiveerd* is in taalgebruik. Die begrip 'ekonomie' hou verband met die begrip 'frekwensie'. Dit kom daarop neer dat woorde wat meer dikwels (dit wil sê *gereeld*) gebruik word korter is as woorde wat minder gebruik word. In plaas van 3a) kan ons die bondige 3b) gebruik:

3a) *Die lang man in die hoek met die grys pak woon ander kant die bult op die hoek van Joubert- en Bokmakieriestraat.*

b) *Hy woon daar.*

Motiverende beginsels soos die ikonisiteitsbeginsel en die beginsel van ekonomie kan mekaar soms teëgaan. Dit kan aangetoon word deur die voorbeeld wat Ungerer en Schmid (1996:254) verskaf om ikoniese kwantiteit uit te druk:

- 4a) *On the Brighton train from Victoria I met **her**.*
- b) *On the Brighton train from Victoria I met **the girl from next door**.*
- c) *Just imagine! Last night on the Brighton train from Victoria I met **this fair-haired, fragile, just unbelievably beautiful creature**.*

Sin 4a) dui bloot aan dat *her* nie juis belangrik vir die spreker is nie. Sin 4b) vertoon 'n groter mate van belangrikheid van die ontmoeting vir die spreker. Sin 4c) dui oorweldigend aan dat die inhoudelike belang van die inligting en die onverwagsheid daarvan geëwenaar word deur 'n talige "ontploffing". (Vgl. Ungerer en Schmid (1996:254).) Voorbeelde 4a), b) en c) verteenwoordig 'n **stygende** tendens betreffende *ikonise kwantiteit*; maar duidelik ook 'n **dalende** tendens betreffende die *beginsel van ekonomie*, wat duidelik met kommunikatiewe intensie saamhang. Uit voorgaande bespreking blyk dus dat taal nie as bloot 'n arbitrêre (= konvensionele) verskynsel beskou kan word nie. Die talige struktuur van 'n uitdrukking word sterk beïnvloed (= gemotiveer) deur kognitiewe faktore.

Kognitiewe aannames, soos die ikoniseitsaannames, is nie rasioneel uitgedinkte aannames nie, maar is gebaseer op empiriese studies en navorsingsresultate uit verskeie studievervelde, soos onder meer die antropologie, die korpuslinguistiek, en die statistiese wetenskappe. In hierdie verband verwys Langacker (1999:26) daarop dat kognitiewe aannames, hipoteses en konstruksie gerugsteun behoort te word deur *konvergerende bewysmateriaal* vanuit verskeie studievervelde soos hier bo vermeld.

2.1.2 Samevattende opmerkings

Die hoof teoretiese vertrekpunte van die kognitiewe linguistiek as teoretiese raamwerk kan dus soos volg opgesom word:

1. Dit lê in die aard van die mens om dinge in sy omwêreld te kategoriseer.
2. Die mens se ervaring van sy omwêreld is fundamenteel subjektief en uniek, maar is ook in interaksie met 'n reële wêreld.

3. Wanneer die mens dinge uit sy omwêreld in kategorieë tuisbring, is sekere dinge baie tipies (prototipies), ander minder tipies en sommige is grensgevalle (en dus periferies van aard). Kategorieë is dinamies en kan uitgebrei word.
4. Die basiese vlak is dié vlak waarop lekseme die effektiëste funksioneer, onder meer betreffende interaksie en kommunikasie.
5. Die mens vorm beeldskemas van sy liggaamlike beweging en waarneming.
6. Binne die kognitiewe linguistiek word taalstrukture nie as bloot arbitrêr beskou nie, maar eerder as kognitief *gemotiveer*.
7. Dit is belangrik om daarop te let dat die voorafgaande bespreking dien om die hoof teoretiese vertrekpunte van die kognitiewe linguistiek uiteen te sit. Daar is uiteraard 'n eng verband tussen leksikale relasies soos polisemie, metonimie, insluiting, semantiese uitbreiding en metaforiek. In hierdie tesis sal hierdie verbande nie spesifiek onder die loep geneem word nie, alhoewel dit soms nodig sal wees om daarna te verwys.

2.2 Die term *beliggaamdheid* in die kognitiewe linguistiek

Die bespreking van die kognitiewe linguistiek tot dusver dui daarop dat die menslike liggaam en ervaring 'n belangrike rol in beide kognisie en taal speel. Die term **beliggaamdheid** sal dus in meer besonderhede behandel word. Die verband tussen kognisie, gevoel en emosie sal ook bespreek word.

2.2.1 Die terme *gevoel* en *emosie*

Betreffende emosies tref Damasio (Cattell 2006:150) 'n drieledige onderskeid, naamlik

- 1) agtergrondemosies,
- 2) primêre emosies, en
- 3) sosiale emosies

- **Emosies**

- **Agtergrondemosies**

Agtergrondemosies word ervaar wanneer 'n mens byvoorbeeld iemand ontmoet en dan sekere gewaarwordinge kry: 'n soort energie of entoesiasme, malaise (dit wil sê onbehae) of opwinding. Hierdie agtergrondemosies moet onderskei word van buie, wat langduriger is.

- **Primêre emosies**

Hieronder ressorteer die volgende emosies: *vrees, woede, afkeer, verrassing, hartseer, en geluk.*

- **Sosiale emosies**

Hierdie emosies behels: *simpatie, verleëntheid, skaamheid, skuld, trots, jaloesie, dankbaarheid, bewondering, verontwaardiging, en minagting.* Volgens Cattell (2006:150) is daar elemente van primêre emosies betrokke by sosiale emosies. *Minagting* betrek byvoorbeeld 'n emosie soos *afkeer*, en *jaloesie* gaan weer gepaard met *woede*.

- **Gevoelens**

Die menslike liggaam moet in 'n staat van balans (ook molekulêre balans) verkeer. Indien nie, kan die liggaam sterf. Hierdie balans moet voortdurend gemonitor word en die resultate moet na die brein gestuur word. *Gevoelens* is ons menslike *persepsies* van die state waarin ons liggaamsdele verkeer, soos verteenwoordig in die karterings van die brein. Hierdie persepsies is meestal op 'n onbewuste vlak. Ons kan egter met ongemak bewus word van sommige: soos byvoorbeeld 'n abnormale hartklop, of 'n inwendige pyn, ens.

Voorts kan 'n gevoel óf 'n persepsie van 'n liggaamlike staat/gesteldheid wees, óf die persepsie van 'n liggaamlike staat/toestand sowel as van 'n meegaande gemoedstoestand. Die volgende samevattende opmerking van Cattell (2006:152) stel die kwessie van gevoelens en emosies knap in perspektief:

(T)he physical accompaniments of public display of the emotion sadness, induce the emotion, which leads to thoughts, which leads to feelings.

[(D)ie fisiese bykomstighede van 'n openbare uitbarsting van die emosie hartseer, wek die emosie, wat lei tot denke/gedagtes, wat lei tot gevoelens. (Vertaal deur A.J.G. Roux.)]

Simplisties gestel: 'n Spesifieke *emosie*, byvoorbeeld vrees, word ervaar. Dan raak die betrokke individu bewus daarvan en hy *weet* dat hy vrees ervaar. Dit gee weer aanleiding tot die *gevoel* van die emosie wat uiting kan vind in meegaande liggaamsreaksies, soos byvoorbeeld 'n verhoogde hartklop, warm gloede, ensovoorts.

2.2.2 Ervaringsrealisme

Ten einde die begrip *beliggaamdheid* te verstaan, moet daar eers aandag geskenk word aan die filosofiese stroming, die **objektiwisme**, wat bepaalde beskouinge het in verband met die mens se vermoë om kennis van sy omwêreld te verkry. Die teses van die objektiwisme (soos aangetoon deur Lakoff (1987:160 e.v.)) word soos volg weergegee: die totale werklikheid bestaan uit entiteite wat *vaste eienskappe* het. Voorts is daar ook *vaste* relasies tussen hierdie entiteite. Sommige van hierdie *eienskappe* het *essensiële* waarde; dit maak die entiteit wat dit is. Sónder dié waardes sou die entiteit iets anders wees as wat dit veronderstel is om te wees. 'n Entiteit kan natuurlik ook ander eienskappe hê wat nie essensieel is nie en wat as oorbodig beskou kan word.

Alle entiteite wat oor 'n sekere groepering van eienskappe beskik, word deur die objektiwiste in bepaalde kategorieë geplaas. Die sogenaamd gegroepeerde eienskappe definieer dan die kategorieë. Hierdie kategorieë is sogenaamd objektief. Die objektiwiste is van mening dat bogemelde vaste, logiese relasies **objektief**, dit wil sê sonder menslike toedoen, in al die kategorieë in die werklikheid bestaan. Afgesien van die relasionele aard van die eienskappe, reken die objektiwiste dat hierdie eienskappe

uit nóg kleiner eienskappe (= atome) bestaan wat op hulle beurt ook relasioneel met mekaar verbind is.

'n Verdere aspek van die objektivistiese denke wil dat die verstand (*mind*) as 'n soort spieël van die werklikheid funksioneer. Dit sou moontlik wees omdat die taal- en denksimbole in die verstand (*mind*) netjies korrespondeer met die kategorieë in die werklikheid. As die denksimbole met die kategorieë verbind word – op die korrekte manier, natuurlik – is die menslike rede in staat om die logiese relasies wat in die objektiewe wêreld bestaan, te weerspieël.

Hierdie verband tussen die entiteite in die werklikheid en die menslike vermoë om dit te weerspieël geskied onafhanklik van die aard van die *liggame* van diegene wat kognitief betrokke is by hulle omwêreld. Vir die objektiviste is die bestaan van feite onafhanklik van geloof (d.w.s denke), kennis, persepsie, verstaanswyses of van enige ander kognitiewe interpretasie. Kortom: "Existence cannot depend in any way on human cognition" (Lakoff 1987: 164). [Die bestaande werklikheid kan geensins op menslike kognisie staatmaak nie. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Indien bestaande feite egter waargeneem word op 'n vlak waarop dit vir die mens duideliker interpreteerbaar is, verloor daardie feite hulle objektiwiteit en by implikasie ook hulle waarheidswaarde. Lakoff (1987:165) illustreer hierdie gedagte soos volg:

If concepts are to be used for representing true knowledge of the external world, they must exclude anything that is outside of correspondences between symbols and things in the real world (or possible worlds). For example, the properties of basic level concepts that make them basic level concepts – dependence on gestalt perception, motor movement, image-formation, and the organization of most knowledge at that level – cannot be true properties of concepts in the objectivist theory.

[Indien begrippe gebruik moet word om ware kennis van die eksterne wêreld voor te stel, moet enigiets wat buite die korrelasies is tussen simbole en dinge in die regte wêreld (of moontlike wêrelde) uitgesluit word. Byvoorbeeld, die eienskappe van basiesevlakbegrippe wat van hulle basiesevlakbegrippe maak – afhanklikheid van Gestaltpersepsie, motoriese beweging, beeld-vorming, en die georganiseerdheid van die meeste kennis op daardie vlak – kan nie ware eienskappe van begrippe binne die objektivistiese teorie wees nie. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Die objektiwiste verwerp basiesevlak kennis omdat dit inskakel by 'n menslike element. Tog het die prototipeteorie bewys dat kennis op 'n basiese vlak – veral vir kinders – baie meer toeganklik is as kennis op sowel 'n superordinaatvlak as op 'n subordinaatvlak.

Nie alle interpretasiewyses wat ons onder meer vanuit die prototipeteorie wys geword het, kan binne 'n objektiwistiese denkraam geakkommodeer word nie. In dié verband meld Lakoff (1987:165) verder dat die objektiwiste se rasionaal vir die uitsluiting van verbeeldingryke aspekte van die psigologie van die mens soos byvoorbeeld metaforiek, metonimie en beeldspraak ook nie binne 'n objektiwistiese denkwys tuisgebring kan word nie, omdat dit produkte van die verbeelding sou wees.

Die objektiwistiese kennisbeskouing word soos volg opgesom (vgl. Clark en Cunningham 2006:266 – 267):

- Die werklikheid het 'n presies omlýnde struktuur onafhanklik van ons konseptualisering daarvan.
- Dit is alleen moontlik om oor die werklikheid te redeneer deur konsepte te gebruik wat met die werklikheid korrespondeer.
- Begrippe kan tot proposisies uitgebrei word om die werklikheid op 'n neutrale wyse te weerspieël.
- Betekenis word gedefinieer as abstrakte relasies tussen simbole en die werklikheid.
- Daar word 'n skerp onderskeid gemaak tussen letterlike en figuurlike betekenis. Betekenis is letterlik indien konsepte na entiteite in die objektiewe werklikheid verwys.
- 'n Onbeliggaamde uitkyk op betekenis en redenering word voorgestaan.

- Die struktuur van ons konsepte en redenering moet onafhanklik van ons beliggaamdheid en verbeelding wees, anders kan objektiewe kennis, betekenis en redenering belemmer word.

Die kognitiewe linguistiek gaan egter van die standpunt uit dat die objektivistiese kennisbeskouing weens die negering van die mens se liggaamlik-georiënteerde waarneming van die werklikheid onhoudbaar is. In aansluiting by Clark en Cunningham (2006:267) word die redes waarom die objektivistiese kennisbeskouing onhoudbaar is, soos volg verduidelik: Hierdie onhoudbaarheid lê veral in die feit dat die objektiwiste nie rekening hou met die bevindinge wat voortgevloei het uit die kognitiewe wetenskappe nie. Menslike kognisie is onder meer danksy die bevindinge van Rosch se prototipeteorie van so 'n aard dat ons kategorieë, konsepte en redeneerprosesse klaarblyklik **nie** die struktuur van 'n "mind"-onafhanklike wêreld weerspieël nie. Die konseptualisering van die werklikheid word waarskynlik gevorm ("*vervorm*": in die positiewe sin van die woord) deur ons beliggaamdheid en verbeeldingryke mentale prosesse. Die wesensaard van menslike kategorisering, konsepvorming, en redeneringswyses (onder meer via metaforiek, metonimie, skematiese denke en prototopiesgeoriënteerde denke) moet tred hou met onlangse bevindinge vanuit die neurologiese en ontwikkelingspsigologiese insigte. Daarom sou dit, wetenskaplik gesproke, onverantwoordelik wees om (menslike) *betekenis*vorming en begrip te skei van (menslike) ervaring. En dít is juis wat gebeur indien *betekenis* (soos wat die objektiwiste wil hê) gedefinieer word in terme van abstrakte simboliese relasies. Daarom staan die kognitiewe linguistiek 'n alternatiewe kennisbeskouing voor, naamlik **ervaringsrealisme**. Begrippe binne die kader van die ervaringsrealisme ("experiential realism") word sterk gekleur deur insigte vanuit die gestaltpsigologie asook deur die holistiese filosofie. Denke is ten diepste 'n gestaltsverskynsel omdat dit die resultaat van gestalstwaarneming is (Baldauf 1997:64). Juis daarom word daar tydens die denkproses 'n gunstige klimaat geskep vir kreatiewe prosesse soos metaforiek, metonimie en mentale beelde.

Binne die kader van dié ervaringsrealisme is kategorieë prototopies van aard. Begrippe word nie tot nog kleiner onderdele (atome) gereduseer nie, maar word eerder begryp as gestalthebbende en gestruktureerde gehele wat (volgens Baldauf (1997:64)) uit direkte fisiese of sosiale ervaring na vore kom. Begrippe, as entiteite vanuit ons ervaring, moet

gestaltgewys begryp word; dit wil sê as geselekteerde strukture uit die werklikheid wat relevant is vir ons funksionering en ook vir ons ervaringsbeheersing.

In die kognitiewe linguistiek speel die wyse waarop die konseptualiseerder die werklikheid (of aspekte uit die werklikheid) waarneem 'n besliste rol. Dit is veral die insigte rondom prototipisiteit wat hierby betrokke is. Juis om hierdie rede postuleer Lakoff en Johnson (volgens Baldauf (1997:65)) dat korrelasies van aspekte uit die werklikheid op die basiese vlak beskou moet word. Die rede hiervoor is dat begrippe op die basiese vlak die bes moontlike realiteitservaring (en daarom ook begrip) moontlik maak. Realiteitservaring is vir Lakoff en Johnson (volgens Baldauf (1997:65)), vir sover mense gemeenskaplik daarby betrokke is, *intersubjektief* van aard.

Ervaringsrealisme – in direkte teenstelling met objektiwisme – is sterk mensgerig. Die werklikheid is eintlik net van direkte belang vir sover dit betekenis vir die mens inhou. Binne die ervaringsrealisme gaan dit primêr om die manier waarop die mens die werklikheid *begryp*. Om hierdie rede is beliggaamheid *per se* relevant wanneer die volgende ter sprake is: die voltrekking van geroetineerde bewegings (soos die inpak van objekte in 'n houer), ruimtelike oriëntering (soos dat ons objekte gebruik, byvoorbeeld *stoel*, wat "aangepas" is by ons menslike liggaamstruktuur). Hierdie handelinge vorm die realiteitservaring van die mens en skep so betekenis, op konkrete sowel as abstrakte vlak.

Volgens Baldauf (1997:66) is juis die feit dat ervaringsrealisme hoegenaamd geen rigiede skeiding tussen talige en buitetalige betekenis skep nie, 'n aanduiding van die holistiese inslag van die ervaringsrealisme. Sy (1997:66) verduidelik die kwessie soos volg:

Die holistische Ausrichtung des Erfahrungsrealismus ist deutlich zu erkennen. Sprache ist eingebettet in allgemeine kognitive Phänomene, das weite Bedeutungsverständnis läßt eine rigide Trennung von sprachlicher und außersprachlicher Bedeutung nicht zu, die Semantik versucht, allgemeine kognitive Fähigkeiten und Gegebenheiten zu nutzen. Schlüsselbegriffe sind die **Körpergebundenheit** von Kognition und Sprache (*embodiment*), **Verständnis** der Welt durch den Menschen und **Kreativität** in Bezug auf kognitive Prozesse, wie sie z.B. im Falle der Metapher vorliegt. Lakoff und Johnson versuchen nun in ihren jeweils 1987 erschienenen Beiträgen konzeptuelle Strukturprinzipien dazustellen, die Bedeutung maßgeblich bestimmen: Bildschemata, Basisebenenkonzepte und Idealisierte Kognitive Modelle.

[Die holistiese oriëntasie van die ervaringsrealisme is maklik waarneembaar. Taal is ingebed in algemene kognitiewe verskynsels. Dié breë betekenisbegrip laat nie 'n rigiede skeiding tussen talige en buitetalige betekenis toe nie. Voorts poog die semantiek om algemeen kognitiewe vermoëns en gegewens te benut. Sleutelbegrippe is die **beliggaamdheid** van kognisie en taal (*embodiment*), **begrip** van die werklikheid deur die mens en **kreatiwiteit** m.b.t. kognitiewe prosesse, soos wat dit byvoorbeeld in die geval van die metafoor te voorskyn kom. Lakoff en Johnson poog nou in hulle bydraes van 1987 om konseptuele struktuurprinsipes daar te stel wat betekenis nadruklik bepaal, soos: beeldskemas, basiesevlakkonsepte en geïdealiseerde kognitiewe modelle.] (Vertaal deur A.J.G. Roux, beklemtoning soos in die oorspronklike.)

Die feit dat die kognitiewe linguistiek mensgesentreerd is, kan volgens die objektiwiste verwarrend wees in dié sin dat veral die buitetalige werklikheid so subjektief gesien word dat dit nie wetenskaplik verreken kan word nie. Die talige werklikheid as weerspieëling van die buitetalige sou dan binne so 'n ekstreem subjektiewe situasie gewoon sinloos wees. Lakoff en Johnson (1980:224 e.v.) is deeglik daarvan bewus dat objektiwiste kan oorreeger ten opsigte van die begrip 'subjektiwiteit':

These (extreme – A.J.G. Roux) subjectivist positions all hinge on one basic assumption, namely, that experience has no natural structure and that, therefore, there can be no natural external constraints upon meaning and truth. Our reply follows directly from our account of how our conceptual system is grounded. We have argued that our experience is structured holistically in terms of experiential gestalts. These gestalts are not arbitrary. Instead, the dimensions that characterise the structure of the gestalts emerge naturally from experience.

[Hierdie (ekstreme – A.J.G. Roux) subjektiwistiese standpunte berus almal op een basiese aanname, naamlik dat ervaring geen inherente strukture het nie en daarom kan daar geen inherente beperkinge op betekenis en waarheid bestaan nie. Ons antwoord hierop berus regstreeks op ons aanspraak oor die wyse waarop ons konseptuele sisteem begrond is. Ons het geargumenteer dat ons ervaring holisties gestruktureer is in terme van ervaringsgestalts. Hierdie Gestalts kom op natuurlike wyse na vore vanuit ons ervaring. (Vertaal A.J.G. Roux.)]

Lakoff en Johnson (1980:225) gaan voort om diegene wat beweer dat daar "ongedeelde" ervarings kan wees wat kommunikasie (binne so 'n ekstreem subjektiewe situasie) onmoontlik sou maak, te weerlê deur aan te voer dat metafore dit moontlik maak om stuksgewys ongedeelde ervarings te oorbrug. Volgens hulle (1980:225) is dit juis die gestruktureerdheid van ons ervaring wat so iets moontlik maak. Dat subjektiwiteit bestaan, kan dus nie ontken word nie; maar dit kan telkens oorbrug word tot, uiteindelik, 'n staat van intersubjektiwiteit of kommunikeerbare, verantwoordbare subjektiwiteit. Kortom: Die basiese elemente van 'n ervaringsmatige verrekening van

begrip, interaksie, ervaringsgestalts, en metaforiese begrippe blyk noodsaaklik te wees vir 'n verdiskonteerde omgang met die werklikheid.

Ook vir Langacker (1987) is verantwoordbare subjektiwiteit onontbeerlik. Vir hom is betekenis subjektivering. Anders gestel: betekenis is konseptualisering. Betekenis (as mentale verskynsel) moet met konseptualisering gelyk gestel word. Konseptualisering behels die mentale verwerking van die wêreld deur die mens se begripvorming tydens wisselwerking met sy omgewing. 'n Deel van ons versubjektiveerde begrip van betekenis hou verband met die manier waarop ons die wêreld konseptualiseer. Jarvis (2010:4) sit die begrip 'konseptualisering' in besonderhede uiteen as die seleksie van verskillende begrippe en die organisering daarvan in die werksgeheue om 'n bepaalde perspektief op 'n spesifieke situasie te reflekteer. Die begrip 'konsep' verwys volgens Jarvis (2010:3-4) na 'n mentale representasie van 'n voorwerp, kwaliteit, handeling, gebeurtenis, relasie, sensasie of enige waarneembare of verbeelbare verskynsel wat deur die brein ('mind') mentaal gekategoriseer word en in die langtermyngeheue gestoor word. Langacker sowel as Jarvis (2010:3-4) propageer dus 'n wesentlik belangrike én mentale beskouing rondom menslike kennis en die manier waarop dit verkry word.

Langacker meen (1987:99) dat daar begripstrukture opgestel moet word om as basis vir 'n semantiekteorie te dien. Langacker stel self die voorbeeld en kom met vier groepe kategorieë vorendag wat bepaalde grondliggende menslike vermoëns behels (Langacker 1987:99 e.v.)

Hierdie vermoëns is:

- a) Mental experience (mentale ervaring)
- b) Autonomous processing (outonome verwerking)
- c) Focal adjustment (fokusverskuiwing)
- d) Transformation (omskakeling)

Van dié vermoëns is daar twee, *autonomous processing* en *focal adjustment*, wat vir die doel van hierdie studie uiters belangrik is. Langacker beskou *autonomous processing*

(dit wil sê outonome verwerking) as iets wat nie juis veel met direkte probleem-oplossende waarneming te make het nie. Dit is vir verskillende individue moontlik om 'n situasie op verskillende maniere te konseptualiseer. Hierbenewens is dit vir verskillende individue moontlik om 'n saak vanuit verskillende perspektiewe of op verskillende abstrakheidsvlakke te konseptualiseer.

Bogenoemde konseptualiseringsvermoëns is egter volgens Langacker onderhewig aan *focal adjustment* (fokusverskuiwing). Daarom is daar talle verskillende sienswyses (op konkrete en abstrakte vlakke) van 'n gegewe situasie moontlik. Dit behels die seleksie van verskeie substrukture van 'n Gestalt (= verskillende perspektiewe op 'n Gestalt) na gelang van die standpunt (= "point of view") van die waarnemer. Hierdie basiese vermoëns dien daartoe om talige verskynsels verklaarbaar te maak.

Baldauf (1997:37) gee die kern van Langacker se beskouing soos volg weer:

Da konzeptuelle Strukturen auf Prinzipien wie diese zurückzuführen sind und da konzeptuelle Strukturen mit semantischen Strukturen gleichgesetzt werden, sind sie auch als Basis einer semantischen Analyse miteinzubegreifen.

[Aangesien konseptuele strukture tot prinsipes soos hierdie (dié van Langacker – A.J.G. Roux) teruggevoer kan word en aangesien konseptuele strukture gelyk gestel kan word aan semantiese strukture, behoort hulle (= konseptuele strukture) ook as 'n basis van 'n semantiese analise ingereken te word. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Baldauf (1997:46) vat Langacker se taalbeskouinge voorts netjies saam; wat ek, vryelik vertaal, soos volg weergee:

- betekenis is konseptualisering; daar hoef dus geen onderskeid tussen konseptuele en semantiese strukture getref te word nie;
- talige verskynsels kan afgelei word uit algemeen grondliggende menslike vermoëns;
- die tradisionele woordeboekbetekenisse word vervang deur ensiklopediese begrippe;

- semantiese strukture moet verbandhoudend met kognitiewe domeine beskryf word;
- die waarde van 'n semantiese struktuur (in die sin van hoe belangrik dit vir die ervaarder is) berus op die profiel-basis-organisasie van 'n kognitiewe domein;
- semantiese strukture word uitgedruk deur die perspektiewe wat voortvloei uit konseptualisering;
- metaforiek ontstaan spontaan uit die manier van die konseptualisering van bepaalde konstellaties en is dus vanselfsprekend deel van die mens se denke en taal.

Na hierdie uiteensetting van die beskouing van Langacker behoort dit duidelik te wees dat objektiwiteit binne enige wetenskaplike navorsing (taalnavorsing ingesluit) onhaalbaar is. In die plek daarvan word daar in hierdie studie eerder van verantwoordbare subjektiwiteit gepraat. Denke oor die werklikheid bly 'n subjektiewe, beliggaamde waarneming deur 'n bepaalde bril; of, anders gestel, deur die manier waarop ons o.g.v. ons eie agtergrondsgegewens die werklikheid orden. Volgens Baldauf (1997:47) is elke wyse waarop daar waargeneem word aan 'n ordeningsprinsiep gebonde. *Direkte* waarneming (of waarneming s nder 'n bril – A.J.G. Roux) is onmoontlik. Die waarneming van 'n objek of 'n situasie – "ist stets Wahrnehmung *als etwas*". [– "is steeds waarneming *as iets*". (Vertaling A.J.G. Roux.)]

Vir die waarnemer bly dit dus onmoontlik om "*das Ding an sich*" (dinge soos wat wat hulle in werklikheid is) te kan *ken*. Dit is interessant dat hierdie frase reeds deur Kant gemunt is. Daarmee bedoel hy:

Die Konstitution der Sinnesorgane und die Strukturen des Verstandes "verformen" das Ding an sich f r Menschen prinzipiell unerkennbar. (Ohlich 1985:104)

[Die aard van die sintuie en die strukturele aard van die verstand "vervorm" *die ding as sodanig*. Daarom bly dit vir mense prinsipi el onkenbaar. (Vertaling en beklemtoning – A.J.G. Roux.)]

Die subjektiwiteitsgedagte wat ten nouste verbind kan word met die begrip konseptualisering vorm as't ware die *uitgangspunt* van die kognitiewe linguistiek en vind dus heel logies aansluiting by die mens se **liggaam**.

Ons as mense leef nie binne 'n soort platonies-ideële wêreld nie. In teenstelling hiermee laat blyk Zawada (2005:90) en Jackendoff (1988:83) dat die teendeel eerder waar is: gewone mense leef in 'n regte wêreld waar hulle dinge sê en doen; hulle gebruik dus talige uitdrukkings om na konkrete én spesifieke voorwerpe en gebeure te verwys. Dit is juis ook een van die kognitiewe linguistiek se fundamentele beginsels dat mense op 'n beliggaamde ("embodied"), ervaringsrealistiese wyse met die werklikheid in interaksie tree. Daarom word betekenis verstaan via regte ervarings in 'n baie werklike wêreld met baie werklike liggame (Lakoff 1987:206 en Zawada 2005:98). Hierbenewens wil ek daarop wys dat iets konkreet soos byvoorbeeld 'n *appel*, nie binne die kognitief-linguistiese semantiek net as 'n (abstrakte) begrip wat deel van 'n tekenstelsel sou wees, opgevat word nie. Die kwessie word tans veel konkreter – ook vanuit die hoek van die resente neurobiologie (Damasio 1994, 2000, 2003) – verstaan: objekte uit die eksterne omgewing registreer patrone wat in die sensories-reseptiewe breinselle geaktiveer word, stel ons in staat om te dink. Die begrip appel is dus beide 'n abstrakte begrip én 'n sensories-reseptiewe aktiveringspatroon. Denke vind dus op uiters konkreet-**liggaamlike** wyse plaas deur middel van patrone wat in regte menslike breinselle geaktiveer word. Die beliggaamdheidstese is seker die fundamenteelste en sentraalste tese in die kognitiewe linguistiek. Tog kan die begrip 'beliggaamdheid' vanuit verskillende hoeke benader word.

Daar bestaan twee basiese maniere waarop die begrip beliggaamdheid verstaan kan word, naamlik die **neurobiologiese siening** en die **sosiokulturele siening**. Sommige kognitiewe linguiste (soos Lakoff 1987; Lakoff en Johnson 1980, 1999, 2002) verkies die enger neurobiologiese interpretasie. Lakoff en Johnson se beskouing sou ongeveer soos volg geformuleer kon word (Sinha en Jensen de López 2000:18):

The embodiment thesis stresses the continuity and motivating character of the relationship between pre- and non-linguistic bodily experience, and cognition, and seeks deep explanatory principles in human neurobiology.

[Die (neurobiologiese – A.J.G. Roux) beliggaamdheidstese beklemtoon die aaneenskakelende en motiverende aard van die relasie tussen pre- en non-linguistiese

liggaamservaring en kognisie. Verder word daar na diepgaande verklarende prinsiepe binne die neurobiologie van die mens gesoek. (Vertaal deur A.J.G. Roux.)

In die volgende paragrawe sal die term **beliggaamdheid** in besonderhede en in verband met die twee hoofsieninge van denke en kognisie (kortweg die Visuele Teorie van denke en die Manipulasieteorie van denke genoem) in die kognitiewe linguïstiek bespreek word.

2.2.3 Die neurobiologiese siening van *beliggaamdheid*

'n Tipiese neurobiologiese siening van beliggaamdheid is dié van Damasio. Vir Damasio (1994:145) is die **liggaam** die bron van emosies. Hierdie insig is ook in ooreenstemming met die sterk klem wat kognitiewe linguïste soos Lakoff en Johnson op die begrip *beliggaamdheid* plaas. Damasio (1994:145) reken dat die voortdurende monitering van dit wat die liggaam binne tydsduur ervaar terwyl *gedagtes* oor dáárdie ervaringsverloop gevorm word as "gevoel" verwoord kan word. "Emosie", aan die ander kant, setel in 'n groepering van mentale beelde wat deur die brein geaktiveer word. Die *gevoel* van 'n emosie word (deur Damasio (1994:145)) beskou as die jukstaposisie van die *mentale beelde* met die *ervaringsverloop* wat deur eersgenoemde aan die gang gesit is.

Die hele liggaam (dit wil sê ook die *brein*, en by implikasie die kwessie van *beliggaamdheid*) vorm die kern in Damasio (1994) se uiteensetting vir sover dit die verband tussen emosies en gevoelens betref, enersyds; en kognisie, andersyds. Damasio (1994:159) spreek hom krities uit teenoor diegene wat emosie uitsluit uit die hoofstroom kognitiewe wetenskap. Volgens hom (1994:159) is dit immers so dat gevoelens net so kognitief is as enige ander perseptuele beeld. Gevoelens kleur die beelde (lees **indrukke**) wat ons van ander objekte en situasies het (net soos wat ons visie van dinge gekleur word deur die soort **bril** waarmee ons na die werklikheid kyk (Netzel 2003:39). Damasio (1994:159) verduidelik:

Feelings offer us a *glimpse* of what goes on in our flesh, as a momentary image of that flesh is juxtaposed to the images of other objects and situations; in so doing, **feelings modify our comprehensive notion of those other objects and situations**. By dint of

juxtaposition body images give to other images *quality* of goodness or badness, of pleasure or pain. (Beklemtoning in vetdruk deur A.J.G. Roux.)

[Gevoelens bied ons 'n *kykie* van wat in ons vlees gebeur wanneer 'n momentele beeld van daardie vlees gejuks taponeer word teenoor beelde van ander voorwerpe en situasies. Sodoende **modifiseer gevoelens ons allesomvattende denkbeeld van daardie voorwerpe en situasies**. Deur middel van só 'n jukstaposisie gee liggaamsbeelde aan ander beelde 'n *kwaliteit* van goedheid of slegtheid of van plesier of pyn. (Beklemtoning in vetdruk deur A.J.G. Roux en vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Damasio (1994:159 e.v.) voel (sic) só sterk oortuig van sy beskouing dat *gevoel* 'n voorvereiste vir kognisie is dat hy hom byna dramaties soos volg uitdruk:

[B]ecause of their inextricable ties to the body, they (feelings) come first in development and retain a primacy that subtly pervades our mental life. Because the brain is the body's captive audience, feelings are winners among equals. And since **what comes first constitutes a frame of reference for what comes after**, feelings have a say on how the rest of the brain and cognition go about their business. Their influence is immense. (Beklemtoning deur A.J.G. Roux.)


[As gevolg van hulle onlosmaaklike verbintenis met die liggaam is dit hulle (gevoelens) wat ontwikkelingsmatig eerste kom en 'n voorkeurposisie geniet wat ons mentale lewe subtiel deurtrék. Omdat die brein die onvrywillige gehoor van die liggaam is, is gevoelens die weners tussen gelykes. En aangesien **dit wat eerste kom 'n verwysingsraamwerk konstrueer vir dit wat later kom**, het gevoelens 'n sê oor die gang van sake van die res van die brein, sowel as oor dié van kognisie. Hulle invloed is ontsaglik. (Beklemtoning en vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Die woorde of lekseme waarmee ons ons denkprosesse (kognisie) benoem, vorm 'n ryk, empiriese talige databasis waaruit ons bepaalde sieninge rakende 'beliggaamdeheid' kan verken. Visielekseme soos byvoorbeeld *sien, kyk, aanskou, bekyk, raaksien, beskou, oorsig, insien, troebel, deursigtig, verhelder, lig, belig, asook manipulasielekseme, soos byvoorbeeld kry, gryp, vang, fynkam, houvas, neem, vat, omvat, hou, vorm, bewerk, omskep, los* word metafories gebruik om kognisie te benoem. 'n Uiteraars belangrike manipulasiewerkwoord (hand-daad) is natuurlik ook *voel*. In sy optimaal prototipiese gebruik, word *voel* konkreet verstaan. 'n Mens voel immers tassintuiglik (dus, konkreet) *dat die tafelblad glad is; of dat die materiaal van 'n goeie kwaliteit is; of dat die kind se vel droog en skurf is*.

In sy effens minder prototipiese sin (waar daar 'n mate van metaforiese projeksie plaasgevind het) word *voel* semi-abstrak gebruik. Indien 'n mens *maagpyn voel* of *moeg voel* of 'n *branderigheid in die maag voel*, speel die tassintuiglike nie meer 'n konkrete

rol in die benoemingsproses van die betrokke *gevoel* nie; maar indien die (semi)metaforiese proses in trurat gesit word, blyk dit dat hierdie (semi)metaforiese proses terugval op konkrete en ook tassintuiglike gevoel.

Nadat metaforiese projeksie optimaal deurgevoer is, is daar sprake van *iemand voel hartseer* (= 'n emosie) of *iemand voel verras* (= emosie) of *iemand voel woedend* (= emosie). Kortweg verloop die proses rondom voel (en gevoel) soos volg:



Die verwarring ontstaan as gevolg van die feit dat drie hoofgevoelervarings (die tassintuiglike, die kinestetiese, en die emosionele) aldié deur die lekseem *voel* benoem word. Wat belangrik is, is om in te sien dat daar 'n besliste *verband* bestaan tussen tassintuiglike gevoel en emosionele gevoel – op prototipies analitiese vlak sowel as op biologiese vlak. Die biologiese verband word deur die neuroloog Montagu (1986:128) soos volg verduidelik:

Although touch is not in itself an emotion, its sensory elements induce those neural, glandular, muscular, and mental changes *which in combination we call an **emotion***. Hence touch is **not** experienced as a simple physical modality, as sensation, *but affectively as **emotion***. (Beklemtoning A.J.G. Roux.)

[Hoewel tassintuiglike gevoel (= aanraking – A.J.G. Roux) nie opsig self 'n emosie is nie, wek die sensoriese elemente daarvan daardie neurale, klier-, spier- en mentale veranderinge wat ons, in kombinasie beskou, 'n **emosie** noem. Gevolglik word tassintuiglike gevoel (= aanraking) **nie** ervaar as 'n gewone fisiese modaliteit of sensasie nie, *maar affektief as **emosie***. (Beklemtoning A.J.G. Roux.)]

Hierdie drie verskillende manifestasies van *voel (gevoel)* lê op 'n sensoriese vlak. Dit wil sê op 'n vlak van relatief passiewe ervaring. Die hand is enersyds 'n *sensoriese* instrument wat die mens in staat stel om tassintuiglike gevoelens te ervaar en te help registreer. Andersyds is dit egter ook 'n *motoriese* instrument wat aktiewe handeling kan uitvoer. Vergelyk die passiewe (sensoriese) *voel* in (1) met die aktiewer *voel*

(sensories-motoriese) *voel* in (2), en die aktiewe (redelik motoriese) *voel* in (3) hieronder.

- (1) *Die tafelblad voel glad.*
- (2) *Hy voel aan haar been.*
- (3) *Ek voel in my sak na my beursie.*

Ek wil in hierdie stadium meld dat indien Jäkel (2003) nie die sogenaamd emosionele werkwoorde naamlik *voel* en *vat* (in Engels: 'feel' en 'touch') uitgesny het uit sy inventaris van manipulasiewerkwoorde nie, die Manipulasieteorie van denke aansienlik beter sou kon opweeg teen die Visuele Teorie van denke. Nog 'n waarneming wat ek gedoen het, is dat daar vir die Afrikaanse manipulasiewerkwoord *vat* geen presiese Engelse ekwivalent bestaan nie. Dit is dan ook juis *vat* wat ryk is aan sowel affektiewe as kognitiewe konnotasies. (*Om afskeid te neem van jou plaas vat aan 'n man; Die seun vat maar swaar aan die Wiskunde; Probeer om my lesing oor feminisme nie verkeerd op te vat nie.*) Dit wil trouens voorkom asof *vat* dermate mentale impetus verleen aan manipulasiemoontlikhede in Afrikaans dat die manipulasieverskynsel in Afrikaans duideliker en omvangryker (sic) aantoonbaar is as in Engels.

Die Manipulasieteorie van denke is miskien in een opsig stewiger as die Visuele Teorie. Ongelukkig bly Jäkel (2003) in gebreke om hierdie positiewe kant van die Manipulasieteorie te verken. Jäkel (2003:180) meld dat daar 'n ontwikkelingspsigologiese korrelasie bestaan tussen mentale aktiwiteit, enersyds, en manipulasie, andersyds. Hy (2003:180) verduidelik dié kwessie soos volg:

Vielleicht erfahren wir uns ja am frühesten und intensivsten als erkennende und lehrende Subjekte, wenn es sich um Erkenntnisgewinnung durch den abtastend-befühlenden Umgang mit Gegenständen handelt. Ebenso prägend mag die frühkindliche Selbstwahrnehmung rudimentärer intellektuelle Analyse beim konkreten Zerlegen von Festkörpern sein.

[Dit is wel moontlik dat ons gedurende ons vroegste kinderjare as waarnemende en lerende subjekte dinge uiters intensief ervaar. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer ons kennis verwerf tydens die tastend-voelende interaksie met voorwerpe. Waarneming deur die jong kind van hoe hy konkrete voorwerpe uitmekaarhaal kan 'n pertinente indruk van elementêre analise by hom skep. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)


Jäkel verwys hier bo na die "tastend-voelende" interaksie met voorwerpe. Hoewel hy via *tas* (by implikasie ook *vat*) en *voel* uitkom by woorde soos 'take', 'grobe', 'catch', 'hold', 'break', ens. bly hy in gebreke om die verband vanaf "tastend-voelend" deur te trek tot by die manipulasie van voorwerpe. Die ironie lê daarin dat Jäkel by implikasie sêlf 'n saak uitmaak vir *vat* en *voel* en dit dan uitsny uit sy korpus van manipulasiewerkwoorde; waarskynlik weens die '*touch*'-uitspraak van Sweetser (1990:44).

Wat egter ook baie belangrik is, is die eintlike punt wat Jäkel (2003:180) na aanleiding van die aanhaling hier bo wil maak. Hy (2003:180) beroep hom onder meer op Piaget (1975) om die fundamentele implikasie van die jong kind se gepeuter met allerhande voorwerpe skerp in fokus te bring. Jäkel (2003:180) (in aansluiting by onder meer Piaget (1975)) stel hierdie kerninsig soos volg:

Denken ist verinnerlichtes Handeln, die abstraktesten Kognitionsleistungen beruhen auf der Internalisierung ursprünglich äußerer sensomotorischer Aktivitäten, in erster Linie der Objektmanipulation.

[Denke is verinnerlikte handeling; die abstrakte kognitiewe vermoëns berus op die internalisering van oorspronklik uiterlik sensomotoriese aktiwiteite wat in die eerste plek teruggevoer kan word tot die manipulasie van voorwerpe. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Hoewel Jäkel (2003) aanvanklik *vat* en *voel* vir argumente doeleindes gebruik, maar daarna 'weggooi', wil ek dit in hierdie studie herwin en koppel aan die manipulasieverskynsel. Die volle prentjie van die manipulasieverskynsel behoort soos volg daar uit te sien:



Dit wat ons "manipulasie" noem, vind sy ontstaan in "gevoel". Kortom: (ge)voel lê aan die basis van manipulasie. Dit wil sê sonder (ge)voel kón en kán daar geen manipulasie wees nie. Manipulasie is dus veranker in (ge)voel. Danksy gevoel, wat volgens die

gegewens in hierdie studie liggaamlik diep verankerd is, is manipulasie ook diep verankerd.

Met die ondersoek van die begrip *beliggaamdheid* in die kognitiewe linguistiek sal ek probeer vasstel watter kognisielekseme die diepste liggaamlik verankerd is. Sou dit byvoorbeeld visie-, óf manipulasielekseme wees? Of, sou albei dalk ewe diep verankerd wees? Indien ons dus na die strekking van Damasio se betoog kyk, wil dit voorkom asof *gevoel* liggaamlik dieper verankerd is as *kognisie*. Hierdie bewering kan natuurlik ook 'n oorvereenvoudiging wees omdat *gevoel* as die beginpunt van *kognisie* gesien kan word. Hiervolgens kan *gevoel* dus 'n *deel* uitmaak van kognisie. Die rede vir so 'n gevolgtrekking is dat *gevoel* binne die neurologiese prosesse en neurologiese volgreekse blykbaar meer primêr figureer as *kognisie*. Indien Damasio (2000) egter betrek word, word dit duidelik dat gevoel, visie en denke verweefd voorkom en dus as gelykwaardig geag behoort te word.

Damasio voer sy beskouing dat *gevoel* (op watter vlak ook al) 'n verwysingsraamwerk vir *kognisie* konstrueer verder wanneer hy (1994:163 e.v.) daarop wys dat die *kognitiewe modus* (op watter vlak ook al) wat saamgaan met 'n bepaalde gevoel deur daardie gevoel beïnvloed word en wel op so 'n wyse dat positiewe gevoelens kognitiewe prosesse kan bevorder en verryk, terwyl negatiewe gevoelens kognitiewe gevoelens strem en verarm.

Damasio (1994:166) spreek kritiek uit teenoor diegene wat emosies en gevoelens as minderwaardig en vaag ("vaporous") afmaak. Volgens Damasio (1994:166) is emosies en gevoelens *konkreet* van aard. Hulle kan immers tot konkrete liggaam- en breinsisteme teruggevoer word. 'Konkreet' verwys hier eerder na fisiese liggaamsproesse soos asemhaling, die hartklop, ensovoorts. Die begrip 'konkreet' is hier verwarrend en behoort nie direk eweredig met dié begrip in die kognitiewe metafoorteorieë verstaan te word nie. Hy (1994:200) herbeklemtoon die rol van die liggaam (en ondersteun dus die aanname dat die begrip *beliggaamdheid* sentraal staan binne die kognitiewe linguistiek) wanneer hy verbande lê tussen liggaamsgestelhede, emosies, rasonale denke, redenering en kreatiwiteit:

The action of biological drives, body states, and emotions may be an indispensable foundation for rationality. The lower levels in the neural edifice of reason are the same that regulate the processing of emotions and feelings, along with global functions of the body proper such that the organism can survive. These lower levels maintain direct and mutual relationships with the body proper, thus placing the body within the chain of operations that permit the highest reaches of reason and creativity. Rationality is probably shaped and modulated by body signals, even as it performs the most sublime distinctions and acts accordingly.

[Die werking van biologiese drifte, liggaamsgeldhede en emosies dien waarskynlik as 'n onontbeerlike basis vir rasionaliteit. Die laer vlakke in die neurale bouwerk van die rede is ook dié wat die verwerking van emosies en gevoelens reguleer, terwyl dit die globale funksies van die "body proper" verrig sodat die organisme kan oorleef. Hierdie laer vlakke handhaaf regstreekse en wedersydse relasies met die "body proper". Sodoende word die liggaam binne-in 'n operasionele ketting geplaas waardeur die hoogste hoogtes van die rede en van kreatiwiteit bereik kan word. Rasionaliteit word waarskynlik gevorm en gemoduleer deur middel van liggaamseine, selfs terwyl dit die subliemste onderskeidings tref en daarvolgens handel. (Vertaal deur A.J.G. Roux – nota: Die "body proper" is, ruweg gestel, die liggaamsgedeelte los gesien van die brein. Streng gesproke is die brein natuurlik ook deel van die liggaam.)]

Damasio (1994:xix) sê – en dit blyk duidelik uit sy betoog tot dusver – dat dit geensins sy doel is om emosie en denke teenoor mekaar af te speel nie, maar dat hy eerder wil aantoon dat emosie saamwerk met denke. Daarom behoort ons dié "hulp" van die emosies (Damasio 1994:246) kans te gee om hulle positiewe effekte te laat geld en om hulle moontlike skadelike effekte te beperk. Denke moet beskerm word teen abnormale gevoelens. Die benutting van normale gevoelens kan bydra tot die (positiewe) prosesse betrokke by *beplanning* en *besluitneming*.

Dié positiewe uitwerking van gevoelens (tassingtuiglik, kinesteties of emosioneel) word deur sommige hedendaagse wetenskaplikes misgekyk. Hulle is geneig om gevoelens te minag as sou dit ego-gesentreerd wees, nie rekening hou met die werklikheid nie en verslapte standaarde en power intellektuele prestasie meebring (Damasio 1994:246). Dié wanopvatting kan weerlê word omdat die kern van Damasio (1994) se betoog hierop neerkom: gevoelens is net so kognitief as enige ander rasonale agens in die menslike liggaam (waarby die brein ingesluit word).

Uit hierdie bespreking van Damasio (1994) se werk, het dit geblyk dat gevoel ook kognitief is. M.i. is dit dalk te kategories gestel. Dié werk van Damasio het immers óók laat blyk dat gevoel (tassingtuiglik, kinesteties of emosioneel) noodsaaklik is vir kognisie. Ek het ook die indruk gekry dat gevoel en denke vennote is wat saamwerk om

kognisie te bewerkstellig. Wat beslis relevant vir hierdie studie is, is die beskouing dat gevoel as gids ("guiding force") dien vir denke (dus vir kognisie). In aansluiting by laasgenoemde opmerking is dit vir hierdie studie uiters relevant dat gevoel (al is hy 'n vennoot van denke) **primêr** staan teenoor denke (wat sekondêr staan). Dit is dan juis hierdie primêre status van gevoel wat daartoe aanleiding gee dat dit as gids dien. Meer nog: dat dit die raamwerk konstrueer waarvolgens ons denke (kognisie) funksioneer. Die slotsom is klaarblyklik dat *gevoel* (selfs op die mees basiese vlak daarvan) liggaamlik dieper begrond is as denke (kognisie) soos wat Damasio (1994) die kwessie verstaan.

Damasio (2000) fokus op die brein se konseptualiseringsfunksie vanuit 'n neurowetenskaplike oogpunt. As raamwerk hiervoor dien navorsing wat oorspronklik ten opsigte van die visuele sisteem gedoen is. Hoewel Damasio (2000) begrippe soos *bewustheid (consciousness)*, *wete/kennis*, *emosies*, *persepsie*, en *gevoel* betrek, word daar vir die doel van die studie sover moontlik op die neerslag van uitsprake oor visie in Damasio (2000) gefokus. Dit is immers ook die kognitiewe begronding van die *visuele sintuig* en die vermoë van onder meer visuele lekseme om denke uit te druk wat in hierdie studie 'n sentrale tema uitmaak. Voordat ek dieper inbeweeg in die tema – soos wat dit vir die onderhawige studie relevant is – word Charlton (2000) aan die woord gestel om enkele oriënterende opmerkings te maak betreffende Damasio se beskouing van die neurologiese prosesse wat ook verband hou met denke:

Damasio's theories are based upon the standard neuro scientific conceptualization of brain function, a framework which originally derived from work on the visual system. Essentially, objects in the external environment call patterns of activation of retinal receptive cells, and these retinal patterns are processed serially and in parallel to extract the visual aspects of the environment that we perceive. Patterns in the external world correspond with patterns of nerve cell activity in the brain, and these brain patterns are termed *cognitive representations*. So 'thinking' is done by means of patterns of nerve cell activation. (Beklemtoneering soos in die oorspronklike.)

[Damasio se teorieë berus op die standaardneurowetenskaplike konseptualisering van breinfunksionering, 'n raamwerk wat oorspronklik ontwikkel is vir werk oor die visuele sisteem. Dit kom basies daarop neer dat voorwerpe in die eksterne omgewing aktiveringspatrone in die retinaal-reseptiewe selle veroorsaak. Hierdie retinale patrone word seriegewys en parallelgewys verwerk om visuele aspekte uit die omgewing wat ons waarneem te ekstraheer. Patrone in die eksterne wêreld korreleer met patrone van sensusel-aktiwiteit in die brein, en hierdie breinpatrone word *kognitiewe representasies* genoem. Ons 'dink' dus deur middel van geaktiveerde sensuselpatrone. (Beklemtoneering soos in die oorspronklike. Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Die visuele sintuig (asook die ander sintuie) funksioneer dus – volgens Damasio (2000) soos gemeld deur Charlton (2000) – deur middel van senu-geaktiveerde patrone wat korreleer met gegewens in ons *eksterne* wêreld. Dit is nogtans belangrik dat visie *intern* verwerk word en saamhang met die emosies (vgl. Damasio 2000:146). Emosies behels senu-geaktiveerde patrone wat korreleer met gegewens in ons *interne* wêreld. Bondig gestel sou 'n mens kon sê dat emosies gebaseer is op die interne liggaamsomgewing wat insette tot die brein lewer, terwyl visuele inligting insette tot die brein vanuit die eksterne omgewing lewer.

Uit Damasio (2000) – soos beaam deur Charlton (2000) – blyk dit dat emosies noodsaaklik is vir die hoër vlakke van spesifiek menslike intelligensie. Charlton (2000) stel dié gedagte so: "Contrary to some popular notions, emotions do not 'get in the way' of rational thinking – emotion are essential to rationality." [In teenstelling met sommige populêre opvattinge, is dit nie so dat emosies 'in die pad staan' van rasionele denke nie – emosies is noodsaaklik vir rasionaliteit. (Vertaal deur A.J.G. Roux.)]

Damasio (2003) raak ook hier die kwessie van *visuele waarneming* aan (hoewel die werk hoofsaaklik oor emosies handel). Ons visuele waarneming van 'n objek in die eksterne wêreld is wel gedeeltelik opties (die objek por die retina aan), maar word hoofsaaklik deur prosesse in die brein bewerkstellig. Neurale patrone via inligting vanaf die retina realiseer as mentale beelde in die visuele korteks van die brein. Die objek wat ons sien is dus in hoofsaak 'n produk van die brein. Daar bestaan 'n relasie tussen die fisiese eienskappe van die eksterne objek en die neurale patroon wat gevorm word. Die breinprosesses behels sowel die **seleksie** van die toepaslike **indicators** asook die **samevoeging** daarvan. Hierdie drie (vetgedrukte) verwerkingsfaktore (wat op 'n *a priori*-wyse hulle rolle in die brein speel) korreleer met die fisiese eienskappe van die eksterne objek. Uiteindelik korreleer die mentale beeld (binne die visuele korteks) dan ook met die fisiese eienskappe van die eksterne objek – maar, nie op so 'n wyse dat die beeld wat ons sien 'n spieëlbeeld van die eksterne objek is nie; ook nie 'n replika daarvan nie.

Uit Damasio (2003:199) blyk dit verder dat die voorwerp wat deur twee verskillende persone gesien word, gebaseer is op veranderinge en prosesse wat binne hulle liggame

(breine ingesluit) plaasgevind het. Dit is juis die samespel (ensemble) van sintuiglike inligting wat neurale patrone konstrueer; asook 'n verskeidenheid inligting vanuit die langtermyngeheue sowel as beïnvloeding deur sogenaamde 'agtergrondemosies' wat die twee individue se waarneming van dieselfde objek in die eksterne wêreld gelyksoortig, máár verskillend verbeeld. Hulle sien dus nie net 'n afbeelding van die waargenome objek nie, maar ook verskillende afbeeldinge (d.w.s verskillende mentale beelde) daarvan, en, nie een van daardie afbeeldinge is 'n 'korrekte' weergawe van wat Kant "das Ding an sich" (*die ding as sodanig*) noem nie. Vir hierdie beskouing bied Damasio (2000 en 2003) oorweldigende neurobiologiese ondersteuning. Die kwessie van 'invloede wat op mekaar inspeel' is nie hier volledig geëksplisiteer nie. Tog kom dit neer op die begrip **ensemble** wat daartoe aanleiding gee dat elke individu iets op 'n unieke wyse waarneem. Dit blyk dan uit voorgaande bespreking dat die werking van ons denke inderdaad diep-**liggaamlik** (d.w.s op 'n neurobiologiese vlak) veranker is. In die volgende afdeling word daar na 'n alternatiewe beskouing van beliggaamdheid gekyk.

2.2.4 Die sosiokulturele siening van *beliggaamdheid*

Kognitiewe linguïste soos Sinha en Jensen de López (2000), aan die ander kant, verkies 'n veel wyer sosiokulturele interpretasie van die begrip 'beliggaamdheid'. Só 'n siening impliseer dat die beliggaamdheidstese sodanig uitgebrei moet word dat dit die rol van kulturele invloede op betekenisvorming ten opsigte van die motivering van linguïstiese strukture betrek. Kortom: hulle wil die totale sosiokulturele terrein waarbinne die sprekers leef verreken. Nie-linguïstiese aspekte wat Sinha en Jensen de López "beliggaamdheid van kultuur" noem, moet dus ook ondersoek word. Die implikasie van so 'n benadering is dat die begrip 'beliggaamdheid' aansienlik wyer gesien moet word. Die uitbreiding van dié begrip is dus vir kognitiewe linguïste van belang.

Sinha en Jensen de López (2000:37) fundeer en verduidelik hulle uitbreidingsteorie soos volg:

The vehicle we choose for extending embodiment beyond the human body is Vygotsky's sociocultural or cultural-historical, developmental psychology. We offer an empirical

example of a cross-cultural and cross-linguistic difference in the development of language and cognition, and offer an explanation of these differences by cultural embodiment and cultural practice.

[Die hulpmiddel wat ons uitkies vir die uitbreiding van 'beliggaamdheid' tot 'n begrip wat verder strek as bloot die mens se liggaam, is Vygotsky se sosiokulturele of kultuur-historiese ontwikkelingspsigologie. Ons bied 'n empiriese voorbeeld van interkulturele en interlinguistiese verskille betreffende taalontwikkeling en kognisie. Hierdie verskille word verklaar deur middel van die verband tussen kulturele beliggaamdheid en kultuurspesifieke gebruike. (Vertaal deur A.J.G. Roux.)]

Hoewel Sinha en Jensen de López (2000:19) baie respek het vir die ontwikkelingsielkundige Piaget, reken hulle dat, ofskoon hy 'n groot bydrae gelewer het, dit moontlik te ingeperk was. Piaget se steeds relevante beskouing oor die ontwikkelingsielkunde is biologies begrond. Verder geniet sy epigenetiese beskouing steeds aandag binne die huidige ontwikkelingsielkunde. Sinha en Jensen de López (2000:19) meen egter dat Piaget die sosiokulturele en kommunikatiewe dimensie van kognitiewe ontwikkeling afgeskeep het.

Om dié rede vind Sinha en Jensen de López eerder aansluiting by die werk van die Russiese sielkundige Vygotsky. In vergelyking met Piaget was Vygotsky meer gefokus op die sosiokultureel-georiënteerde benadering tot die ontwikkeling van taal en kognisie. Dit is juis hierdie aspek wat Sinha en Jensen de López (2000) by die beliggaamdheidstese van die kognitiewe linguistiek wil inkorporeer.

In teenstelling met die enger neurobiologiese interpretasie van die beliggaamdheidshiptese sover dit behouing of begrensing ('containment/'constraint') betref by die klein kind wat (hipoteties gesproke) sou lui dat ruimtelike skemas direk begrond is in liggaamservaring, bepleit Sinha en Jensen de López (2000) 'n veel ruimer interpretasie. Daarom vestig hulle die aandag daarop dat daar geen bewys is dat die kind se eie liggaam as 'n prototipiese geval dien by die aanleer van ruimtelike relasies nie. Verder verduidelik hulle dat 'n koppie, of enige artefak wat ontwerp is om 'n houersfunksie te verrig, ook vir die kind as iets wat beliggaamd is kan dien. Kinders (in Engeland) op 'n ouderdom van ongeveer nege maande verstaan dat koppies houers is én dat die koppies (om as houers te dien) in hulle (westerse) kanonieke, regop posisie moet wees. Hierdie empiriese data noop Sinha en Jensen de López om die

beliggaamdheidstese uit te brei tot buitekant die liggaam. Volgens dié beskouing is die begrip 'beliggaamdheid' nie meer beperk tot die menslike liggaam nie.

Sinha en Jensen de López (2000) voer aan dat empiriese data en gevolgtrekkings hulle *uitgebreide* weergawe van die beliggaamdheidshipotese ondersteun. Hulle (2000) het houers (gevlegte mandjies) wat kultureel bekend is aan sowel Deense as Zapoteekse kinders verskaf. Die Deense kinders het wel koppies geken, terwyl die Zapoteekse kinders nie juis iets van sulke objekte geweet het nie. Die Zapoteekse gemeenskap gebruik mandjies algemeen, maar in 'n omgekeerde posisie as deksels. Onder hierdie mandjies bêre hulle *tortillas* ('n tipe brood) en ander kos. Tydens die kinders se spelery, soos byvoorbeeld wanneer hulle hoenders vang met mandjies, word die mandjies ook omgekeerd gebruik. As hoenders besig is om te broei, word omgekeerde mandjies ook gebruik om die hoenders op die eiers te hou. Hoewel die Deense kinders self nog te klein is om koppies te gebruik, is hulle blootgestel aan volwassenes wat uit koppies drink (en soms vloeistof daaruit mors).

Dit moet benadruk word dat taalverwerwende kinders vatbaar is (via ervarings met die omringende materiële wêreld) vir die kultuur-bepaalde praktyke waartydens artefakte hanteer en gebruik word. Hierdie kultureel-bepaalde elemente het dan 'n invloed op die semantiek van die taal. Die eksperiment het dit duidelik aangetoon. Toe die kinders die opdrag gekry het om 'n objek **binne** dié mandjies te plaas, het die Deense kinders mandjies hanteer sodat hulle in hulle kanonieke (westerse), regop posisies neergesit is. Die Zapoteekse kinders het die opdrag só uitgevoer dat die mandjies bo-oor die objek in hulle omgekeerde posisies geplaas is. Die verskillende posisies van die houers (mandjies) is dus duidelik kultureel-bepaald.

Die twee beliggaamdheidsbeskouings – 'n sintese

Die uitbreiding van die beliggaamdheidstese veronderstel uiteraard ook die vorming van 'n breër beskouing waarbinne die neurobiologiese siening sowel as die sosiokulturele siening geakkommodeer sou kon word. Die inkorporering van sosiokulturele aspekte kan in 'n positiewe lig gesien word omdat elke gemeenskap se kultuurspesifieke gedrag en gewoontes 'n besliste impak op juis daardie mense se *kognitiewe funksionering* het.

Hierdie kognitiewe funksionering word egter ook neurobiologies beïnvloed deur mentale beelde wat deur breinselle vanuit so 'n sosiokulturele omgewing geaktiveer word.

Die impak vanuit die sosiokulturele omgewing kan moeilik omseil word omdat dit 'n besliste en bepalende rol speel ten opsigte van die kognitiewe motivering van die spesifieke aard van die linguistiese struktuur binne die taalgebruik van so 'n gemeenskap. Net so, maar na aanleiding van neurobiologiese redes, bring sensusel-aktivering mee dat beelde en beeldskematiese patrone wat in die visuele korteks gevorm word, nie net deur elke individu op 'n unieke wyse waargeneem word nie, maar hoogs waarskynlik ook in elke kultuurgemeenskap anders bepaal word.

Die beliggaamdheidstese sou dus ernstig verskraal wees indien die sosiokulturele siening nie betrek word by die beliggaamdheidsbegrip nie. Die neurobiologiese sowel as die sosiokulturele benaderings kan dus sonder enige belemmering sáámgesien word. Ten slotte wil ek beklemtoon dat 'n uitgebreide beskouing nie die liggaam reduseer nie, maar dit veel eerder binne 'n bepaalde sosiokulturele konteks plaas. Daar bestaan volgens Sinha (2002:273) geen teenstrydigheid tussen 'n biologies-georiënteerde benadering tot menslike kognisie, en die feit dat kultuur ook wel 'n rol ten opsigte van kognisie speel nie. Die teenstrydigheid bestaan (volgens Sinha (2002:273) slegs indien ons aandring op óf die redusering van kultuur tot biologie, óf op die ontkenning dat biologie relevant is vir kultuur.

2.2.5 Die invloed van die mens se ervaring op sy denke

Die begrip 'beliggaamheid' hang ook ten nouste saam met die aanname dat die mens se subjektiewe en liggaamlike belewing van sy omgewing 'n belangrike rol in die kognitiewe linguistiek speel. Die spesifieke wyse waarop ons liggaamlik toegerus en gestruktureer is, bepaal die wyse waarop ons die werklikheid interpreteer. Die kognitiewe linguistiek beklemtoon die sentrale rol van menslike ervaring ten opsigte van die vorming van betekenisvolle begrippe. Vir Lakoff en Johnson is ervaringskognisie daarom 'n veel realistieser uitgangspunt as die teenoorgestelde beskouing daarvan: die sogenaamde objektivistiese kognisie wat vanuit 'n algoritmiese beskouing van kognitiewe prosesse uitgaan (Radden, 1997:74 e.v.). Die kwessie van ervaringsrealisme en die objektivistiese beskouing is reeds uitvoerig aan die begin van hierdie afdeling ondersoek.

Vir Johnson (1992:120) hang taalkommunikasie grootliks af van die patroonmatigheid van ons liggaamservaring. Betekenis is vir die mens moontlik danksy sy manipulasie van voorwerpe, perseptuele interaksies en die aard van sy liggaamsbewegings. Vir Johnson (1992:347) is dit juis die patroonmatigheid van ons liggaamservaring wat begripsisteme struktureer. Johnson (1992:120) kom tot die gevolgtrekking dat die wêreld om ons grootliks betekenisvol verstaan kan word o.g.v. die soort liggame wat ons het en o.g.v. die wyses waarop ons met dié liggame in wisselwerking tree met ons fisiese en sosiale omgewings.

In ons fisiese omgewing ervaar ons byvoorbeeld talle kere fisiese kragte (Eng. 'forces') wat patroonmatig op ons liggame inwerk. Ons voel byvoorbeeld die *krag* van die wind in ons gesig, die kragtige impak van 'n krieketbal op jou hand nadat die kolwer hom met mening geslaan het. Ons gebruik ook meer energie (krag) wanneer ons opdraende loop. Hierdie beliggaamde ervaring vind neerslag in ons taalgebruik. Modale werkwoorde (soos byvoorbeeld *moet* en *kan*) het 'n onderliggende verband met krag – maar wel op 'n abstrakte vlak. Logiese denke hou onderliggend ook verband met krag – die krag van die Rede (Johnson 1992:347 en 350). Krag speel ook op 'n beliggaamde wyse in ons sosiale gedrag 'n rol. Ons *lig* ons kleuters van die grond af *op* en gee ons lewensmaat 'n *drukke*.

Volgens Lakoff (1988:120) is die mens (ofskoon hy oor *aangebore vermoëns* beskik) *aktief* betrokke in sy natuurlike en sosiale omgewing. Volgens Lakoff (1988:120) is dit 'n ooreenvoudiging om te sê dat liggaamlike ervaring menslike begrippe of redeneringsmodelle *streng* bepaal. Hy (1988:120) reken dat daar *struktuur* inherent is aan ons ervaringswyse en dat dit tydens interaksie met die omgewing begrip moontlik maak en beperk.

Johnson (1992:348) beweer dat ons taal moet begryp as iets wat begrond is in die aard van ons liggaamservaring en -aktiwiteit. Hierdie sterk nadruk wat Johnson op beliggaamdheid plaas, is van besondere belang vir 'n dieper begrip van die metafoor as sodanig.

Ook Baldauf (1997:63) benadruk die kwessie van beliggaamdheid. Dit is veral die verband tussen denke en beliggaamdheid (dit wil sê beliggaamde denke) waarop sy infokus:

Denken (haar beklemtoning) wird in Anlehnung an die Ergebnisse der Prototypetheorie nicht als eine Spiegelung der Realität verstanden. Im Vordergrund steht vielmehr der Aspekt des Zurechtfindens des Menschen in der Welt, die bestmögliche Funktion des Menschen in seinem Umfeld. Sowohl die Beschaffenheit des Menschen als auch die Art seiner Interaktion mit der Welt prägen **das Denken, welches folglich als körpergebunden (embodied) verstanden wird.** (My beklemtoning.)

[**Denke** (haar beklemtoning) word in navolging van die resultate van die prototipeteorie nie as 'n weerspieëling van die werklikheid beskou nie. Die klem val veel eerder op die kwessie van die mens se oriëntering in die wêreld, die bes moontlike funksionering van die mens in sy omgewing. Sowel die eie aard van die mens asook die aard van sy interaksie met die wêreld **bring sy denke, wat as beliggaamd (embodied) verstaan moet word, tot uitdrukking.** (My beklemtoning. Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Die begrippe *konseptuele metafoor* en *beliggaamde realisme* ('embodied realism') hou sterk verband met mekaar. *Beliggaamde realisme* kan, breedweg gesien, verstaan word as die basis van die Lakoffiaanse kognitiewe linguistiek. Ek wil graag die relaas wat ek tot dusver gevoer het, opsom met 'n opmerking van Kövecses (2002:16) waarmee hy aantoon dat die kwessie van *beliggaamdheid* ('embodiment') uiteindelik tog maar sentraal staan in die kognitiewe linguistiek:

The 'embodiment' of meaning is perhaps *the* central idea of the cognitive linguistic view of metaphor and indeed of the cognitive linguistic view of meaning. As can be expected, the human body plays a key role in the emergence of metaphorical meaning not only in English and other "Western" languages and cultures, but also scholars, such as Bernd Heine and others have abundantly demonstrated its central importance in human conceptualization in languages and cultures around the world.

[Die 'beliggaamdheid' van betekenis is dalk *die* sentrale gedagte van die kognitief-linguistiese metafoorbekouing en ook van die kognitief-linguistiese bekouing van betekenis. Soos verwag kan word, speel die menslike liggaam 'n sleutelrol in die vergestaltung van metaforiese betekenis. Dit geld nie net vir Engels en ander "Westerse" tale en kulture nie. Akademici soos Bernd Heine en ander het die sentrale belang daarvan in menslike begripsvorming in tale en kulture wêreldwyd ruimskoots aangetoon. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

2.2.6 Verbeelding, gevoel en denke

Die kognitiewe linguistiek, soos wat dit uiteengesit word in Johnson (1987), word sterk gekritiseer deur Miall (1997). Dit is die oormatige gebruik van ruimtelike aspekte in Johnson se bekouing wat vir Miall (1997) hinder. Hoewel Johnson (1987) beweer dat beeldskemas nie mentale beelde is nie, verduidelik hy hulle (volgens Miall (1997)) asof hulle ruimtelik visueel waargeneem kan word. Dié beheptheid met die ruimtelike aspekte bring mee dat ander tipes liggaamservaring misgekyk word – byvoorbeeld die *kinestetiese* en die *affektiewe*. Laasgenoemde aspekte kom hoofsaaklik in die poësie voor. Poësie bevat 'n rits eienskappe soos vooropstelling ('foregrounding'), wat op 'n sistematiese wyse as affektiewe en kinestetiese response georganiseer is, en juis só dat daar 'n geleentheid gebied word vir die rekonstruksie van ervaring via die verbeelding.

Daar moet in gedagte gehou word dat die verband tussen liggaamservaring en verbeelding onder die soeklig is. Miall (1997) beskou Johnson se poging om 'n teorie oor verbeelding en denke daar te stel deur aansluiting by Kant te vind as onsuksesvol. Miall (1997) doen aan die hand dat daar 'n alternatiewe teorie oor bogemelde kwessie geformaliseer moet word – 'n teorie waarop daar selfs meer klem op liggaamservaring gelê word. Dié teorie bied ook die skakel tussen liggaamservaring en denke. Die alternatiewe teorie berus op Coleridge (ongeveer 1810) se sieninge. (Hy het ook die gebreke in Kant se bekouing raakgesien.)

In 'n notaboek (ongeveer 1810) verwys Coleridge dikwels na die invloed van die liggaam op die denke. Wanneer hy terugdink aan sy siekte in 1802 sê hy "'n buitensporige gevoeligheid van die senustelsel, of van watter onbekende dele van ons liggaam ook al, is onmiddelliker Instrumente van Gevoel & Idee" (Coleridge, 1956-71, ii.897). In 1805, wanneer hy nadink oor liefde, skryf hy in sy notaboek "Die suiwerste impuls kan sigself bekendstel aan ons bewussyn slegs deur *met ons te praat* deur een of ander *liggaamsgevoel*." (Coleridge, 1957, ii. 2495). Vir 'n tydperk het Coleridge sterk daaraan gedink dat "die tassintuig of gevoel primêr is, en aan die wortel van die ander sintuie lê asook aan die groei van die *mind*" (Modiano 1982). (Vryelik aangehaal uit Modiano 1982 en vertaal deur A.J.G. Roux.)

Miall (1997) verduidelik dat daar vir Coleridge geen digotomie tussen die liggaam ('body') en die gedagte-wêreld ('mind') bestaan nie. Die liggaam kan denke wek of daarmee help. Die element wat die liggaam en die gedagte-wêreld ('mind') met mekaar skakel, is gevoel (op tassintuiglike vlak, maar veral op kinestetiese vlak). Miall (1997) sit die kwessie soos volg uiteen:

[F]eeling partakes both of bodily states that begin in touch, while at the same time it motivates or even guides processes of thought (...) [T]his suggests that the role of feeling in the imagination may be of the greatest significance, and that feeling provides the key to the creative power attributed to the imagination by Coleridge.

[G]evoel neem deel aan die liggaamsgesteldhede wat by aanraking begin, terwyl dit die denkprosesse motiveer of selfs as gids daarvoor dien (...) Dít laat blyk dat die rol van gevoel in die verbeelding van die grootste belang kan wees, en dat gevoel die sleutel verskaf tot die kreatiewe krag wat deur Coleridge aan die verbeelding toegeskryf word. (Vertaal deur A.J.G. Roux.)

'n Uitstekende, dog kernagtige samevatting van Coleridge se relevansie in die huidige diskoers oor denke en die beliggaamdheid daarvan, lui soos volg:

Coleridge's view of imagination, as reflected here and in a range of other comments, thus shows that he was able to overcome both the disinterest of Kant's aesthetic theory, and his dichotomy of mind and body. Coleridge attributed to the body, the feelings, and to the self, essential functions in the process of imaginative thought (Miall, 1997).

[Coleridge se siening van die verbeelding, soos hier weergegee asook in 'n reeks ander opmerkings, wys dus dat hy in staat was om die gebrekkigheid van Kant se estetiese teorie asook sy digotomie tussen gees en liggaam te oorbrug. Die gevoelens, het Coleridge aan die liggaam toegeskryf, en aan die self, die noodsaaklike funksionering van die verbeeldingsprosesse in die denke. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Die probleem wat Maill (1997) met Johnson (1987) en indirek ook met Lakoff (1987) asook Lakoff en Johnson (1999) het, stel daarin dat hulle nagelaat het om gevoel as die skakel tussen verbeelding en denke te posisioneer. Voorts het hulle die rol van gevoel ten opsigte van die realisering van denke onderskat.

In 'n ondersoek van Lee (2003) waarmee sy wou vasstel hoe geldig D'Andrade (1987) en (1990) se "model of the mind" is, het sy van 'n woordsorteringstegniek gebruik gemaak. Ook uit haar ondersoek het daar verrassende relasies tussen gevoel en denke na vore gekom. Sy het ook van 'n "hardop dink"-metode gebruik gemaak om die navorsingssubjekte aan te moedig om oor mentale predikate te praat. Die studie het laat blyk dat *feeling* ('voel', 'gevoel' op emosionele vlak) deur die navorsingssubjekte beskou is as iets wat tot die kognitiewe domein van die gedagte-wêreld ('mind') behoort – en nie soos verwag is – tot die affektiewe nie. Die verskynsel is nie slegs ten opsigte van die kanonieke emosies waargeneem nie. Maar ook ten opsigte van nie-kanonieke emosies soos *intensions* ('intensies'), *wishes* ('wense') *contemplative thought* ('bepeinsende denke'), *fantasizing* ('fantasering') en *dreaming* ('droom').

Lee (2003:247) verklaar die onverwagte, maar opvallende konseptualisering van gevoelswoorde as woorde wat in die kognitiewe domein hoort, soos volg:

Although thinking and feeling processes and states may be experienced as separable at some basic level of human existence, they operate together to a very significant degree in day-to-day life. Indeed, as Damasio (1994:xiv; original emphasis) explains on the basis of extensive study of neurobiology and medical case histories of people with frontal lobe damage **emotions and feelings may not be intruders in the bastion of reason at all; they may be enmeshed in its networks, for worse and for better. The strategies of human reason probably did not develop, in either evolution or any single individual, without the guiding force of the mechanisms of biological regulation, of which emotion and feeling are notable expressions. Moverover, even after reasoning strategies become established in the formative years, their effective deployment probably depends, to a considerable extent, on a continued ability to experience feelings.** (Vetdruk dui Damasio se direkte woorde aan.)

[Hoewel denk- en gevoelsprosesse en gesteldhede ervaar mag word asof hulle op een of ander basiese vlak van die mens se bestaanswyse skeibaar mag wees, werk hulle in 'n groot mate saam in die alledaagse lewe. Dit is inderdaad soos Damasio (1994:xiv; oorspronklike beklemtoning) o.g.v. 'n uitvoerige studie van die neurobiologie asook van mediese rekords aan mense met frontalelobskade dat **emosies en gevoelens hoegenaamd nie betreders binne die bastion van die rede hoef te wees nie; hulle sou eerder verwickeld wees binne die netwerke daarvan, ten goede en ten kwade. Die strategieë van die mens se rede sou waarskynlik nie tydens evolusie, en ook nie**

binne enige individu ontwikkel het nie, sonder die begeleidende krag van die meganismes van biologiese regulering waarvan emosie en gevoel belangrike uitvloeisels is. Bowendien: selfs nadat redeneringsstrategieë vasgelê is tydens die vormingsjare, berus die doeltreffende ontplooiing daarvan in 'n groot mate op 'n volgehoue vermoë om gevoelens te ervaar. (Vertaling en vetdruk deur A.J.G. Roux.)]

Die studie van Lee (2003) asook haar (aangehaalde) verduideliking van Damasio dien as sterk ondersteuning van die verbluffende insig waartoe Coleridge reeds vroeg in die negentiende eeu gekom het: die sterk verband tussen gevoel (op alle vlakke) en denke.

Na aanleiding van hierdie literatuurondersoek het ons gesien dat Miall (1997), Coleridge (1956-71), Lee (2003), en Damasio (1994), (2000) en (2003) o.g.v. empiriese ondersoeke duidelik aangetoon het dat daar 'n baie sterker verband tussen denke en gevoel (op alle vlakke, insluitend die tassintuiglike) bestaan as wat algemeen aanvaar word. Sweetser (1990:44) se afkeuring teenoor die begrip *touch* (= tassintuig) stel sy uitdruklik wanneer sy beweer dat ons tassintuig niks met die intellek te make het nie, maar eerder met emosie. Sy (1990:44) distansieer haar van die kognitiewe potensiaal van die begrip *touch* (= tassintuig) deur op te merk dat die intieme, nie-algemene, nie objektiewe insette van aanraking glad nie op dieselfde vlak is nie as die meer verwyderde, objektiewe algemene data wat via visie verkry word (Sweetser 1990:41). Kortom: dit wil voorkom asof *touch* (= tassintuig) vir Sweetser geen rol ten opsigte van kognitiewe denke speel nie en dat dit uitsluitlik tot die psigologiese domein van die mens behoort (Sweetser 1990:44). As *touch* gekarteer kan word tot emosie, dan bly sy steeds in gebreke om die verband tussen emosie en denke raak te sien. Die taaldata uit Afrikaans kan vanuit 'n linguïstiese hoek miskien meer duidelikheid gee.

2.2.7 Gevolgtrekking

Die teoretiese aannames waarvolgens die kognitiewe linguïstiek te werk gaan, is reeds vermeld. Na aanleiding van verdere ondersoek van die literatuur is daar ook tot die verdere gevolgtrekkings gekom:

1. Beliggaamdheid kan gesien word as bloot neurobiologies, enersyds, of as sosiokultureel, andersyds. Ek het gepoog om daarop te wys dat beide beskouings

in sintese sonder teenstrydigheid saam geakkommodeer behoort te word.

2. Dit blyk dat die manier waarop die mens sy omwêreld ervaar die aard van sy denke beïnvloed.
3. Daar bestaan 'n besliste verband tussen gevoel (op alle vlakke, insluitend die emosionele) en denke.
4. Daar word 'n samehang bespeur tussen verbeelding, gevoel (op alle vlakke maar veral op kinestetiese vlak) en denke, waarin gevoel (veral op kinestetiese vlak) 'n skakelingsfunksie het.
5. Verbeelding is onontbeerlik vir denke, aangesien verbeelding metaforiese projeksie vanaf die konkrete na die abstrakte moontlik maak.
6. Die mens *sien* (= *voel ... aan*) – d.w.s. *ervaar* – dinge en gebeure uit sy omwêreld fundamenteel uniek en subjektief.

2.3 Samevattende opmerkings

In hierdie hoofstuk het ek aangetoon dat die begrip **beliggaamdheid** van fundamentele belang in die kognitiewe linguistiek is. Hoewel dié begrip op verskillende maniere verstaan word, mag die kwessie van konkrete, fisiese ervaring nie onderbelig word nie. In aansluiting by Radden (1997:69-87) word die kwessie soos volg opsommenderwys weergegee:

In die kognitiewe semantiek word die sentrale rol wat menslike ervaring by begripvorming speel, beklemtoon. Twee uitgangspunte is van belang:

- a) die gestruktureerde aard van konkrete ervaring, en
- b) die aangebore vermoë om aspekte van hierdie konkrete ervaring op abstrakte begrippe te projekteer.

Uit bogenoemde twee uitgangspunte blyk dit duidelik dat die fisiese aard van die mens se liggaam sy ervaring van die werklikheid bepaal. Ons waarneming word dus eintlik deur ons liggaamlike gestruktueerdheid bemoontlik en beperk.


Begrippe uit die alledaagse werklikheid (liggaamsdele, geboue, bome, ens.) word baie makliker gevorm as abstrakte begrippe (sirkels, vorms, hoeveelhede). Laasgenoemde begrippe word net gevorm danksy formele leer. Eersgenoemde konkrete begrippe word vroeg verwerf, danksy alledaagse interaksie met die omgewing. Toegang tot die mens se abstrakte ervaringsdomein word hoofsaaklik verkry deur middel van die begrippe uit die konkrete ervaringsdomein. Die konkrete ervaringsdomein van die mens hou ook verband met liggaamsaktiwiteite soos *hou, gryp, gee, ontvang, beweging, reis, waarneem, veg, fisieke nabyheid, en siekte*. Ook die diere- en plantewêreld dien as bron vir konkrete ervaring. Die abstrakte ervaringsdomein is nie toeganklik vir die gewone sintuie nie. Dit omvat veral mentale prosesse soos *denke, geloof, aanleer, vergeet, onthou, kommunikasie, moraal, die lewe en die samelewing*.

Omdat die mens se geestes- en gevoelswêreld moeilik toeganklik is, word konkrete sake en toedragte metafories op die geestes- en gevoelswêreld geprojekteer. Metaforiese projeksie figureer sterk in die 'Standaard konseptuele metafoorteorie' waarbinne konkrete (d.w.s. beliggaamde ervaring) geprojekteer word op abstrakte (d.w.s. op denke en op die emosionele nuanses daarvan). Dit is veral binne hierdie teoretiese raamwerk wat metaforiese projeksie in the volgende drie hoofstukke bespreek sal word.

Hoofstuk 3

Die metafoor in die kognitiewe linguistiek

Binne 'n taalgemeenskap is ons as individue bekend met die konkrete, alledaagse objekte in ons omgewing, asook met die waarneming en hantering daarvan wat op 'n beliggaamde wyse plaasvind. Omdat die (denk)werklikheid nie net konkreet is nie, maar veral ook abstrak, word hierdie konkrete sake benut om as metafore te dien om die abstrakte (denk)werklikheid duidelik te maak. 'n Studie van menslike kognisie kan dus nie anders as om metaforiek te betrek nie. Indien 'n mens oorsigtelik na die teorie oor die metafoor kyk, is daar een kwessie wat baie sentraal staan. Dit is dat een betekeniselement (die beeldontvanger) deur 'n ander betekeniselement (die beeldskenker) verduidelik word. Kyk ons na (1)



word dit duidelik dat *onderwyser* in terme van 'n *pampoens* gesien word. Omdat die breë publiek 'n pampoens met 'domheid' assosieer, word die assosiasie 'domheid' oorgedra op die onderwyser. Derhalwe ontstaan die implikasie dat die onderwyser dom is. Die metafoor binne hierdie siening word tipies as 'n literêre meganisme beskou. Dit is, eenvoudig gestel, die tradisionele beskouing van die metafoor.

3.1 Die kognitief-linguistiese siening van die metafoor

In aansluiting by Kövecses (2011:11-25) verskaf ek 'n vlugtige oorsig oor die belangrikste metafoorteorieë binne die kognitiewe linguistiek. Die bekendste is die

'Standaard konseptuele metafoorteorie' soos uitgewerk deur Lakoff en Johnson (1980) waar 'n brondomein en 'n teikendomein deur 'n stel karteringsrelasies verbind word. Kritiek op hierdie teorie is dat dit te 'meganies' kan wees deurdat ('n) aspek(te) vanuit die brondomein na die teikendomein 'geforceer' (kan) word. Indien die konseptuele metafoer CHIRURGIE IS SLAGTERY, byvoorbeeld, gebruik sou word om operasies in terme van die slag van diere te interpreteer, sou verskeie karterings aanvaarbaar kon wees, maar een sou gestigmatiseer kon aandoen, nl.

Die Morsigheid, Onverskilligheid Van Die Slagter → Die Morsigheid, Onverskilligheid Van Die Chirurg

Die probleem lê daarin dat slagters geensins noodwendig morsig en onverskillig is nie. Na aanleiding van o.m. hierdie probleem is 'Lakoff se uitgebreide teorie' ontwikkel. Lakoff (2008) omseil die probleem van die ouer teorie deur met die volgende omslagtige metafoer vorendag te kom:

'N PERSOON WAT SEKERE HANDELINGE UITVOER MET SEKERE KENMERKE IS 'N LID VA 'N BEROEP WAT BEKEND IS VIR DAARDIE KENMERKE.

Met hierdie metafoer verstaan ons nie meer dat slagters inherent morsig en onverskillig is nie. Die chirurg word nou as onverskillig gesien omdat dit kenmerkend van 'n slagter se werk is om eerder met krag te sny as met versigtigheid en presiesheid.

Ook die 'Vermengingsteorie' (Blending), o.m. uitgewerk deur Fauconier en Turner (2002), probeer wegbeweeg van die 'forsering' of 'stigmatisering' van inligting. Indien 'n chirurg in terme van 'n slagter verstaan word, verloop die proses kortliks soos volg (binne 'n kortliks gesketste opset): Naas twee insetruimtes, SLAGTERY en CHIRURGIE, wat deur 'n stel karterings verbind word, kry ons 'n generiese ruimte (wat as 'n soort gemene deler dien) asook 'n vermengingsruimte ('blend'). Dié ruimte ontvang vanuit die teikeninset alle inligtingsaspekte – behalwe een, nl. 'die metodes van chirurgie'. In die plek hiervan beland 'die metodes van slagtery' daar. Dus: 'n chirurg in 'n operasiesaal, wat op 'n pasiënt opereer met slaghuismetodes is klaarblyklik onbekwaam. So 'n lesing van die konseptuele metafoer stigmatiseer nie die slagters nie.

Die Konseptuele metafoorteorie soos gebaseer op die idee van 'n kernbetekenisfokus (vgl. Kövecses 2000, 2002/2010) is verwant aan die vermengingsteorie. Kortliks kom dit daarop neer dat daar 'n kernbetekenis in die vermengingsruimte beland. Die kernbetekenis moet egter eers elders geaktiveer word. Dit geskied o.a. deur kontrastering. Om te verduidelik: wanneer 'n slagter se werk, byvoorbeeld, gesien word *in die lig van en teen die agtergrond van* 'n chirurg se werk, wek dié kontrastering 'n kernaspek op, nl. 'onbekwaamheid'. Hierdie aspek 'verskyn' dan in 'n *nuwe* bronruimte, weer dié van die slagter, maar nou *nuut*. Uiteindelik beland dit in die vermengingsruimte waar dit nou die chirurg is wat as 'onbekwaam' figureer. Sonder metaforiese oordrag sou die kernaspek nie vanuit die *nuwe* bronruimte na die vermengingsruimte kon beweeg nie.

Die verskillende metafoorteorieë is versoenbaar en ooreenstemmend en Kövecses (2011:23) meen dat hulle ons help om metafore te verstaan. Hoewel daar kritiek op al die teorieë gelewer kan word, maak elkeen 'n eie bydrae.

'n Verdere ontwikkeling in die metafoorteorie is dié van Steen (2011). In aansluiting by hom blyk dit dat die kognitief-wetenskaplike ingesteldheid van die klassieke weergawe van die metafoorteorie mettertyd te beperkend geraak het. Die kommunikatiewe dimensie van metafoorgebruik is hierdeur uit die oog verloor. Voorts is die abstrakte psigologie oorbeklemtoon. Derhalwe word die metafoor ook tans vanuit die semiotiek, die sosiologie sowel as in kommunikasie bekyk, en so het 'n ruimer ondersoekveld ontstaan. Die domein-tot-domein-oordrag by metaforiek word egter steeds as belangrik geag.

Tans blyk dit dat die metafoor, waar dit in taal voorkom, nie altyd nuwe en opvallende metaforiese denke wek nie. Metafoorwerking geskied dus meestal op 'n geïkonneerde en outomatiese wyse a.g.v. 'n proses bekend as leksikale vereenduidiging (= lexical disambiguation). Indien die metafoor egter opsetlik en met 'n verrassingseffek of as vernuwende gebruik word, het dit 'n besondere kommunikatiewe funksie en dit kan sosiale en kulturele verandering in die hand werk.

In hierdie studie word die 'Standaard konseptuele teorie' as uitgangspunt gebruik omdat dit by uitstek geskik is om die vele fasette van ons denke, veral dít wat ons in terme van

visie en **manipulasie** verstaan, deur die veelvuldige karteringsrelasies, uit te lê. Die spesifieke kognitiewe en/of teoretiese meganismes (bv. insetruimtes, aktivering, outomatisering) en die sosiale en kommunikatiewe funksies wat deur die ander teoretiese benaderings bespreek word, is gewoon nie vir hierdie studie relevant nie. Die fokus in hierdie tesis is op die brondomeine wat in Afrikaanse kognisiewerkwoorde voorkom, hoe hulle op mekaar inwerk en wat hulle verband met beliggaamdheid is.

Hier onder volg 'n breedvoeriger bespreking van die kognitiewe metafoor vir sover dit dan toegespits is op die meer klassieke 'Standaard metafoorteorie'.

Hierdie teorie berus op die veronderstelling dat die metafoor verstaan kan word as dat 'n hele domein (wat konkreet is) oorgedra word na 'n hele domein (wat abstrak is). 'n Hewige argument (en die aspekte wat daarmee saamhang) kan byvoorbeeld in terme van oorlogvoering (en die aspekte wat daarmee saamhang) verstaan word. (Kyk 2 – 4.)

(2) *Hoekom skiet jy al my voorstelle af!*

(3) *Teen sulke aanvalle sal ek my altyd verdedig!*

(4) *Jy is die hele tyd in 'n taktiese stryd gewikkel om my teorie te vernietig!*

In die kognitiewe beskouing van die metafoor word die oordrag vanaf een domein, (die konkrete) na die ander domein (die abstrakte) as metaforiese projeksie beskou. Die twee konkrete domeine wat in hierdie studie in diepte ondersoek gaan word, is die *visuele domein* (dit wil sê die domein van visuele waarneming) asook die *manipulasiedomein* (dit wil sê die domein van dade wat met die **hand** gedoen kan word, soos onder meer *vat, gryp, vorm, vang*). In die hieropvolgende bepreking word daar soms Engelse voorbeelde uit die bronmateriaal weergegee. Die uiteindelijke Afrikaanse analise kom in Hoofstuk 5 en 6 voor.

Die basiese metafoorbeskouing in die kognitiewe linguistiek behels volgens Cruse (2000:205) (1) 'n konkrete brondomein, (2) 'n abstrakte teikendomein en (3) 'n stel karteringsrelasies (korrelasies). As voorbeeld kan die ARGUMENT IS WAR metafoor gebruik word om aan te toon dat merkers uit die Engelse oorlogsdomein, soos *winning*, en *losing, attacking, defending, destroying, undermining*, ens. gebruik word ten einde gebeure (en taalhandelinge) uit te beeld wat tydens 'n argument plaasvind. Cruse

(2000:205) verduidelik dat daar uit die Lakoffiaanse metafore, soos byvoorbeeld LIFE IS A JOURNEY strukturerende idees vanuit die *journey*-domein geleen word, en toegepas (lees *geprojekteer*) word op die abstrakter *life*-domein. Lakoff (en Johnson) se eie voorbeelde hiérvan lyk soos volg:

- 5a) *We've come a long way together, but we have decided to take our separate paths.*
[Ons kom al 'n lang pad saam, maar ons het besluit om elk 'n eie koers in te slaan.]
- b) *He has come to a crossroad in his life.* [Hy het nou by 'n kruispad in sy lewe gekom.]
- c) *This young man will go far.* [Hierdie jongman sal nog ver kom (in die lewe).]

Wat verder vir Lakoff belangrik is, is dat ons metafoorsisteem deel uitmaak van ons konseptuele sisteem. Talige metafore reflekteer dus ons kognitiewe funksionering as mense (vgl. Jäkel 2003:109). Lakoff (1993:244) beweer dat metafore fundamenteel konseptueel van aard is, en nié fundamenteel talig nie; en dat metaforiese taalgebruik 'n oppervlakverskynsel is van dieperliggende konseptuele prosesse.

Dit is egter van belang om die metafoor – soos wat dié begrip in die kognitiewe linguïstiek gebruik word – onder die vergrootglas te plaas en sodoende meer eksplisiet uiteen te sit. In die kognitiewe linguïstiek dien beliggaamdheid as 'n fundamentele basis om konkrete sake tot die abstrakte domein te projekteer. Lakoff (soos aangehaal deur Haser 2005:4) gaan selfs sover om te sê dat verstandelike redenering 'n liggaamlike basis het. Liggaamlike ervaring hou ook verband met ons ervaring as kulturele en sosiale wesens. Lakoff (1987:267) meen dat mense deur middel van hulle verbeeldingryke vermoëns ("imaginative capacities") kennis wat via liggaamsevaring verkry is, benut tydens die konseptualisering van abstrakte idees. Beliggaamdheid sluit ook die biologiese funksionering van die mens in, soos onder meer sy neurologiese werking. Daarom val Damasio se beskouing ook binne die kader van beliggaamdheid. Brandt (2011:1) meen dat beliggaamdheid en menslike ervaring multidimensioneel is. Hierdie kompleksiteit bring mee dat mense in 'n veelheid van domeine leef, wat tog 'n

geïntegreerde geheel vorm. Semantiese domeine behoort die verwickelde leefwêreld van die mens te weerspieël via ongeveer hierdie roete:

Basiese vlakke → Gebare → Handelingne → Interaksies → Diskoerse → Kennis (Kognisie).

Die alomteenwoordigheid van konseptuele metafore in gewone taal is 'n illustrasie daarvan dat taal en denke primêr wesenlik beliggaamd is en direk verband hou met die wyse waarop ons ons omwêreld ervaar. Die konseptuele metafoer stel ons in staat om (relatief) abstrakte begrippe in terme van (relatief) konkrete begrippe te sien en te verstaan. Metaforiese projeksie vanaf konkrete na abstrakte domeine veronderstel in die kognitiewe linguistiek die projeksie van elemente vanuit 'n **hele** domein (eerder as geïsoleerde elemente). In dié verband kan uitdrukkings wat tot die *domein van oorlogvoering* behoort (byvoorbeeld '*indefensible claims*', '*demolish an argument*', '*shoot down an argument*', ens.) geprojekteer word tot die abstrakter domein van 'n *argument*. Sodoende word die metafoer ARGUMENT IS WAR gereflekteer. Wat hier gebeur is dus dat die domein van verbale konfrontasie gekonseptualiseer word in terme van die domein van oorlogvoering. Die konseptuele metafoer is dié metafoer wat begripsoordrag van die een domein na die ander domein moontlik maak. Sodoende kan een ding in terme van 'n ander ding verstaan en ervaar word (vgl. Cruse 2000:205; Haser 2005:143).

Lakoff en Johnson (1980:14 e.v., 25 e.v., 83 e.v.) stel 'n drieledige onderskeiding van die konseptuele metafoer voor, naamlik *ontologiese metafore*, *strukturele metafore* en *oriënteringsmetafore* (vgl. Haser 2005:144).

Ontologiese metafore stel ons in staat om nie-materiële verskynsels as fisiese objekte te beskou. Substansiestatus (entiteitstatus) word deur hierdie metafore aan sake en dinge gegee wat nié oor intrinsieke entiteitstatus / substansiestatus beskik nie. 'n Tipiese voorbeeld van so 'n entiteitsmetafoer is die metaforiese konsep INFLATION IS AN ENTITY wat in werklike, alledaagse gevalle soos volg vergestalt word:

6a) *Inflation makes me sick.*

b) *If there's much more inflation, we'll never survive.* (Haser 2005:144 en Lakoff & Johnson 1980:26)

Ook houermetafore ("container metaphors") verteenwoordig 'n tweede tipe ontologiese metafoor. Die volgende houermetafoor illustreer die begrip STATES ARE CONTAINERS.

7a) *He is **in** love.*

b) *We're **out of** trouble now.* (Haser 2005:144 en Lakoff & Johnson 1980:32)

'n Verdere ontologies-metaforiese geval kry ons via die metafoor FACTS ARE PERSONS.

8) *This fact argues against the standard theories.* (Haser 2005:144 en Lakoff & Johnson 1980:33)

Strukturele metafore behels 'n kompleksere tipe kartering (projektering). Hierdie soort metafoor help om die struktuur (lees *logika*) van 'n bepaalde begrip of domein deur middel van die struktuur (lees *logika*) van 'n ander begrip of domein te skep. 'n Voorbeeld hiervan is TIME IS MONEY (byvoorbeeld *to **waste** time, reading this **costs** a lot of time*). Dit is juis ook strukturele (konseptuele) metafore wat vir die doel van hierdie studie van belang is (vgl. Haser 2005:144), omdat die *logika van denke* in terme van die *logika van visie* én in terme van die *logika van manipulasie* beskou gaan word.

Volgens Lakoff & Johnson (1999:238) verkry ons die meeste van ons kennis deur visie. Selfs die eenvoudigste alledaagse ervarings bring mee dat ons *ken/weet* as *sien* konseptualiseer. Op soortgelyke wyse word ander konsepte wat verwant is aan ken(nis)/wete in terme van konsepte wat verwant is aan 'sien' gekonseptualiseer. Lakoff & Johnson (1999:238) reken dat ons oor die algemeen 'n belangrike deel van ons logika van kennis verkry vanaf ons logika van visie. Die volgende kartering toon aan hoe ons logika van visie gekarteer/geprojekteer word op ons logika van kennis (Lakoff & Johnson 1999:238).

[The Mind Is A Body
Thinking Is Perceiving
Ideas Are Things Perceived
Knowing Is Seeing
Communicating Is Showing
Attempting To Gain Knowledge Is Searching
Becoming Aware Is Noticing
An Aid To Knowing Is A Light Source

Being Able To Know Is Being Able To See
Being Ignorant Is Being Unable To See
Impediments To Knowledge Are Impediments To Vision
Deception Is Purposefully Impeding Vision
Knowing From A "Perspective" Is Seeing From A Point Of View
Explaining In Detail Is Drawing A Picture
Directing Attention Is Pointing
Paying Attention Is Looking At]

[Die *Mind* Is 'n Liggaam
Denke Is Waarneming
Ideeë Is Waargenome Dinge
Wete/Kennis Is Sien
Kommunikasie Is Wys
Die Inwinning Van Kennis Is Soeke
Bewuswording Is Opmerk
'n Hulpmiddel Vir Wete Is 'n Ligbron
In Staat Wees Om Te Weet Is In Staat Wees Om Te Sien
Onkundigheid Is Die Onvermoë Om Te Sien
Belemmering Van Kennis Is Belemmering Van Visie
Misleiding Is Doelbewuste Belemmering Van Visie
Wete Vanuit 'n "Perspektief" Is Sien Vanaf 'n Gesigspunt
Verduideling In Besonderhede Is Om 'n Prentjie Te Teken/'n Saak Te Skets
Om Aandag Te Rig Is Om Te Wys
Aandag Gee Is Kyk]

Moontlik kan die analogie tussen die domein van visie en die domein van kennis (of denke) deur die volgende voorbeelde van Danesi (1990:223) nog duideliker geïllustreer word. Volgens hom (1990:223) belig metafore wat betrekking het op verskillende modaliteite betreffende die visuele maniere waarop daar konkreet na voorwerpe gekyk word, die verskillende maniere waarop daar aan abstrakte dinge gedink word. Kyk na die volgende voorbeeldsinne:

- 9a) *I have a different **outlook** than you.* (= alternatiewe denke)
- b) *In **hindsight**, I would have done it in the same way.* (= denke wat die verlede betrek)
- c) *You have very little **foresight** on most issues.*(= denke wat toekomstige sake betref)
- d) *Please **look** your ideas **over**.* (= om nog 'n slag te dink)
- e) *Her speech **threw light** on the matter.* (= om begrypende denke te skep)
- f) *Allow me to **point out** the weaknesses in your argument.* (= om spesifiserende denke te skep)

Oriënteringsmetafore is die laaste konseptuele metafoortipe wat binne die kognitiewe linguistiek gebruik word. Hierdeur word 'n hele konseptuele sisteem ooreenkomstig met dié van 'n ander georganiseer. As voorbeeld neem ons HAPPY IS UP / SAD IS DOWN, wat in die volgende gebruiksevalle geïllustreer word:

- 10a) *I'm feeling **up*** [*Ek voel **op** en wakker*]
- b) *My spirits **rose*** [*My geesdrif **styg***]
- c) *He's really **low** these days* [*Die afgelope tyd is hy regtig **terneergedruk***]
- d) *I **fell** into a depression* [*Ek **val** telkens terug in dieselfde neerslagtigheid*] (Haser 2005:144 en Lakoff & Johnson 1980:15)

Uit bogemelde voorbeelde blyk dit dat die basiese *deiktiese oriëntasiesisteem* van die mens (bo, onder; op, af; in, uit, ens.) as raamwerk dien vir die abstrakter psigologiese geposioneertheid (oriëntasie) van die mens. Dit is juis by die oriënteringsmetafore dat die verband tussen liggaamsoriëntasie en psigologiese gestelheid baie duidelik blyk. Hoewel Lakoff en Johnson dit nie uitdruklik vermeld nie, het ons by die oriëntasiemetafoor ook met *domeine* te make – die *domein* van menslike deiktiese oriëntasie, soos wat dit gekarteer/geprojekteer word op die mens se psigologiese situasie (dit wil sê die psigologiese *domein*).

Ter afsluiting van hierdie afdeling word daar in aansluiting by Jäkel (2003:21-41) (maar ook met inagneming van ander teoretici) 'n oorsig gegee van die vernaamste teses binne die kognitiewe metafoorbeskouing van veral Lakoff en Johnson.

- **Die alomteenwoordigheidstese**

Die talige metafoor is geen uitsondering wat net in poëtiese kreatiwiteit of in oordrewe retoriek voorkom nie. In die doodgewone alledaagse taal (ook in die vaktaal van akademië) is metafore voordurend teenwoordig. Daarom sien die taalwetenskap dit as sy taak om metafore as 'n onderdeel van die algemene taalkompetensie te bestudeer. Metafore is so alomteenwoordig dat ons nie eers agterkom dat ons hulle gebruik nie. In

verband met Engels sê Lakoff (1993:204): "ordinary everyday English is largely metaphorical".

- **Die konseptuele domeintese**

Metaforiese uitdrukkings behoort normaalweg nie in isolasie beskou te word nie, maar eerder as talige vergestaltings van *konseptuele metafore*. Dié metafore bestaan uit 'n sistematiese verbinding van twee konseptuele domeine. Die een domein staan bekend as die **teikendomein** (X) en die ander, as die **brondomein** (Y). Tussen hierdie twee domeine vind daar metaforiese oordrag plaas. Só word X as Y verstaan.

- **Die modeltese**

Konseptuele metafore verbind dikwels om samehangende, kognitiewe modelle te vorm. Dié modelle is komplekse strukture waarin ons wete georden is. Dit het 'n Gestaltkarakter en is eintlik ook 'n pragmatiese vereenvoudiging van 'n nog kompleksere realiteit. Die kognitiewe modelle kan deur die kognitief-linguistiese analise van alledaagse taal tot sogenaamde "Idealized Cognitive Models" (ICM's) konstrueer word. Hierdie ICM's kan as kulturele denkmodelle beskou word en hulle weerspieël die wêreldbeeld van 'n individu en/of taalgemeenskap.

- **Die eenrigtingtese**

Gewoonlik verbind die metafoor (X is Y) 'n abstrakte en komplekse teikendomein (X) as *explanandum* (verduidelikte) met 'n konkreter, eenvoudig gestruktureerde en sintuiglik ervaarbare brondomein (Y) as *explanans* (verduideliker). Die relasie tussen die elemente X en Y is onomkeerbaar omdat die metaforiese projeksie slegs in **een rigting** kan funksioneer.

Ook Kövecses (2002:24-25) verduidelik dat konseptuele metafore in een rigting funksioneer, naamlik vanaf die konkrete na die abstrakte domeine. Kövecses (2002:250) se kernagtige opmerking herbeklemtoon die eenrigtingtese:

In conceptual metaphors, the understanding of abstract or complex domains is based on less abstract or less complex conceptual domains. With metaphors that serve the purpose of understanding, this is the natural direction; metaphorical understanding goes from the more concrete to the more abstract and more complex.

[By konseptuele metafore word die begrip van abstrakte of komplekse domeine gebaseer op minder abstrakte of minder komplekse domeine. By metafore wat begrip aanhelp is dit die natuurlike rigting; metaforiese begrip vind plaas vanaf die meer konkrete na die meer abstrakte en meer komplekse. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

▪ Die invariansietese

Tydens 'n konseptueel-metaforiese projeksie word sekere skematiese struktuurelemente vanaf die brondomein onveranderd na die teikendomein oorgedra. Hierdie prekonseptuele beeldskemas sorg sodoende vir die ervaringsmatige verankering van selfs die abstrakste begripsdomein. Lakoff (1990) se 'Invariance Hypotheses' word so deur Taylor (2003:496) verduidelik:

Lakoff and Johnson (1980:52-3) recognized that not all aspects of the building domain map on to the theory domain. They appealed to a contrast between the 'used' parts of the conceptual metaphor and the 'unused' parts. Foundations and cornerstones are used parts, staircases and gargoyles are unused parts. Lakoff and Johnson allowed the possibility that unused parts might be activated in special contexts, for special theoretical effect.

Subsequently, Lakoff (1990) attempted to offer a more principled constraint on metaphorical mapping. The Invariance Hypothesis stipulates that 'what is mapped [from the source domain to the target domain] preserves image-schematic structure, though not all image-schematic structure need be mapped' (p. 72).

[Lakoff en Johnson (1980:52-3) het besef dat nie alle aspekte van die gebou-domein op die teorie-domein gekarteer kan word nie. Hulle het probeer verduidelik dat daar 'n teenstelling tussen 'gebruikte' dele van die konseptuele metafoer bestaan en die 'ongebruikte' dele daarvan. Fondamente en hoekstene is gebruikte dele, trappe en beelde van draakgedaantes is ongebruikte dele. Lakoff en Johnson het die moontlikheid toegelaat dat ongebruikte dele geaktiveer mag word binne uitsonderlike kontekste, ter wille van 'n spesiale teoretiese effek.

Gevolglik het Lakoff (1990) probeer om 'n prinsipiële beperking op metaforiese kartering te plaas. Die Invariansiehipotese stipuleer dat dit 'wat gekarteer word [vanaf die brondomein na die teikendomein] die beeldskematiese struktuur behou. Dit is egter nie nodig dat alle beeldskematiese struktuur-aspekte gekarteer hoef te word nie' (p. 72). (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Kövecses (2002:250) se bondige definiëring van hierdie tese stel die saak ook in perspektief:

This principle states: Map as much knowledge from the source domain onto the target domain as is coherent with the image-schematic properties of the target.

[Hierdie beginsel stel: Karteer soveel as moontlik inligting van die brondomein op die teikendomein as wat saamhang met die beeldskematiese struktuur van die teiken. (Vertaling A.J.G. Roux.)]

- **Die noodsaaklikheidstese**

Oor die algemeen het die metafoor 'n verduidelikingsfunksie. Sekere abstrakte sake is vir ons denke heeltemal ontoeganklik, behalwe indien die konseptuele metafoor ingespan word. Trouens: die metafoor het 'n belangrike ontsluitingsfunksie – veral wanneer abstrakte begripdomeine, teoretiese konstruksies en metafisiese idees ter sprake kom. Konseptuele metafore bewerkstellig terugverwysing vanaf die abstrakte domein na die sintuiglik waarneembare domein. Dié domein is verantwoordelik vir 'n beliggaamde en 'n biofisiese fundering van kognisie. Voorts waarborg dit die samehang van ons ervaring. Kortom: (konseptuele) metafore is noodsaaklik vir begrip.

- **Die kreatiwiteitstese**

Die metafoor se rykheid aan betekenis kan nie deur 'n parafrasering daarvan behou word nie. Die inhoud kan nie volledig op 'n on-metaforiese wyse omvat word nie. Juis hierin lê die rede vir die kreatiwiteit wat die metafoor in poëtiese diskoers meebring. Ook in die alledaagse wêreld kan die konseptuele metafoor abstrakte en moeilike idees op 'n kreatiewe wyse verstaanbaar maak.

- **Die fokustese**

Metafore lewer slegs 'n *gedeeltelike* beskrywing van 'n betrokke teikendomein. Só 'n beskrywing (verduideliking) stel sekere aspekte van 'n saak voorop terwyl dit ander aspekte laat vervaag. Juis as gevolg van hierdie fokus-geaardheid van die metafoor word daar soms van alternatiewe metafore gebruik gemaak om ander aspekte van dieselfde teikendomein te verduidelik.

Die fokustese hou ook verband met die kwessie van beligting en onderbeligting. Die Engelse terme **highlighting** en **hiding** word ook gebruik om die fokustese te ondersteun. Kövecses (2002:250) verduidelik:

In highlighting, of the several aspects of a target domain, some will be focused on by the source domain. The source domain can be said to highlight these aspects of the target. In hiding of the several aspects of a target, only some will be focused on. The ones that are not in focus can be said to be hidden.

[Tydens die beligting van verskeie aspekte van 'n teikendomein, sal daar op sommige gefokus word deur die brondomein. 'n Mens kan sê die brondomein belig hierdie aspekte van die teiken. Tydens die onderbeligting van die onderskeie aspekte van die teiken, word daar slegs op sommige gefokus. Daardie aspekte wat nie in fokus is nie, kan as onbelig beskou word. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Dit is veral McGlone (2007:109-126) wat indringende kritiek op die klassieke beskouing van die konseptuele metafoor gelever het. Volgens hom handhaaf dié beskouing 'n veels te skerp tweedeling tussen die metaforiese taalitems en gewone semantiese taalitems. Volgens hom kan abstrakte entiteite wél in nie-metaforiese taal beskryf word en daar hoef dus nie geheel en al op metaforiese ondersteuning staat gemaak te word nie.

As kommunikasiekundige wys McGlone ook daarop dat gewone taalgebruikers konseptuele metafore verstaan sonder om dit in verband te bring met die metafoorreekse wat deur Lakoff voorgestel word. McGlone meen dat verduidelikende metafore veel eerder die rol speel van eienskaptoekenners wat midde-in die taalgebruiksituasie korrek verstaan word, as wat dit konsepte vir die taalgebruiker vanaf die konkrete na die abstrakte binne die raamwerk van velerlei herkenningsmoontlikhede 'aangee'. McGlone motiveer sy opvatting deur van 'gedokterde' proeftekste gebruik te maak wat deur toetspersone afgelê word. Hy bevind dan dat die diskursiewe omgewing van die metafore in sulke tekste 'n deurslaggewende rol speel by die toetspersone se interpretasie daarvan en dat die Lakoffiaanse metafoorbekouing nie so gangbaar is as wat algemeen aanvaar word nie.

Tog gee McGlone toe dat sy evaluering van die konseptuele metafoor slegs beperk is tot naamwoordelike metafore met 'n idiomatiese inslag. In hierdie studie val die fokus veral op werkwoordelike, nie-idiomatiese metaforiek waar projeksie op 'n uiters

veelfasettige domein (= denke) aan die orde is. Ondanks die moontlike gebreke daarvan bied die klassieke beskouing van die konseptuele metafoor met sy vele karteringsmoontlikhede nog steeds die beste teoretiese raamwerk vir die doel van hierdie studie. Dit is miskien die Lakoffiaanse sistematiserings-element (iets waarvan McGlone niks hou nie) wat vir ons as kognitiewe linguïste meer lig op die kompleksiteit van denke en denkuitdrukking kan laat val. Hierbenewens moet daar in gedagte gehou word dat visuele en visueel-verwante konseptuele metafore in filosofies-bespiegelende diskoerse dermate gevestig is (vgl. Debatin 1995:239) dat die sogenaamde 'vars metafore' ('novel metaphors') wat deur McGlone bepleit word in sulke diskoerse slegs 'n baie beperkte rol kan speel.

3.2 Die visuele metafoor en die uitdrukking van denke

3.2.1 Descartes as vader van die KNOWING IS SEEING metafoor

René Descartes (1596 - 1650) word algemeen aanvaar as een van die belangrikste argitekte van die moderne era. Hy kan beskou word as een van die voorlopers tot die denkrigting wat as die *Aufklärung* bekend staan. Tydens die *Aufklärung* (1680 - 1780) is die mens se verstand – en die moed om dit te gebruik – sterk beklemtoon en daarmee saam: denke, kennis, die rede en sekerheid. Descartes se filosofie skakel met Lakoff en Johnson se beskouing van die konseptuele metafoor in dié sin dat die gedagte-wêreld (= "mind") 'n "innerlike werklikheid" *verteenwoordig* van objekte wat in die "uiterlike" werklikheid bestaan. Vir Lakoff en Johnson is daar immers ook korrelasies tussen die "uiterlike" liggaamlike ervaring en die aard van ons kognitiewe, dit wil sê "innerlike" aktiwiteit.

Volgens Lakoff en Johnson (1999:392) het Descartes daarop aanspraak gemaak dat hy 'n filosofiese metode ontwerp het wat absoluut seker en dus fundamentele kennis sou kon waarborg. Sommige van Descartes se siening kom ons nog steeds in ons hedendaagse denke teë. Hier volg 'n aantal van sy idees:

- Alle denke is bewustelik

- Die struktuur van die verstand (*mind*) is direk toeganklik vir die verstand (*mind*) self.
- Daar is geen empiriese studie nodig om die seker en vasstaande kennis van die verstand (*mind*) te ondersoek nie.
- Die verstand (*mind*) is onbeliggaamd. Dit bestaan uit 'n mentale substansie. Die liggaam, daarenteen, bestaan uit 'n fisiese substansie.
- Slegs die vermoë om te redeneer, is die essensie van die mens.
- Die verbeelding én emosies is liggaamlik en word daarom uitgesluit uit die mens se redenering. Dit is nie deel van die essensie van die menslike natuur nie.
- Sommige van ons idees verteenwoordig die eksterne werklikheid. Hulle oorsprong is die persepsie van eksterne objekte.
- Ander idees is ingebore en is vry van enige iets liggaamliks. Hulle verteenwoordig niks eksterns nie.
- Ten opsigte van Wiskunde is dit die vorm wat belangrik is; nie die inhoud nie. As gevolg van die vormlike/formele aard daarvan is wiskundige kennis seker.
- Denke is vormlik – net soos Wiskunde.

Descartes se opvatting van die begrip 'kennis' kom volgens Lakoff en Johnson (1999:393) neer op 'n soort *mentale visie*. Die begrip 'mentale visie' is gelade omdat dit reeds iets soos 'n 'interne verhoog/teater' suggereer. Volgens Descartes stel dié mentale visie 'n mens in staat om onbetwyfelbare kennis op te doen. Vir hom bestaan daar nie iets soos grade van waarheid of "waarskynlike" kennis nie.

Ons moet Descartes se uitsprake teen die agtergrond sien van die feit dat hy as voorloper tot die *Aufklärung* sterk klem lê op die outonomie van die Rede. Daarom (vgl.

Lakoff en Johnson (1999:393)) het die enigste effektiewe metode om onbetwyfelbare kennis te verwerf, vir Descartes die "natuurlike lig van die Rede" behels.

Descartes se voorstelling van die verstand (*mind*) is deur Daniel Dennett die **Cartesiaanse Teater** genoem. Hierdie verhooggedagte wat in Descartes se beskouing bespeur kan word, verteenwoordig 'n sleutelkonsep wat ons in staat kan stel om metaforiek wesentlik beter te kan verstaan. Vergelyk Lakoff en Johnson (1999:393). Dit het neergekom op 'n **innerlike mentale verhoog** waarop metaforiese objekte (d.w.s idees) belig word deur 'n **innerlike lig** (die Natuurlike Lig van die Rede). Die verhooggebeure word waargeneem (dit wil sê visueel ervaar) deur 'n **metaforiese toeskouer** (= ons vermoë tot begrip). Dié mentale visie word deur Descartes onder die term **intuisie** tuisgebring. Hierdie intuïsie stel die **toeskouer** in staat om die idee-objekte (soos verhoog-objekte) helder raak te sien en ook om hulle van mekaar te onderskei.

Die voorstelling van die verstand (*mind*) as teater sluit ten nouste aan by sy hele betoog van 'n logika van seker en onbetwyfelbare kennis. Volgens Lakoff en Johnson (1999:393) word hierdie beskouing gebaseer op 'n dig verweefde kluster metafore. Die fundamenteelste metafoor wat Descartes gebruik is die KEN IS SIEN metafoor. Wat interessant is, is dat daar reeds by Descartes van "domeine" sprake is, wat 'n proses van metaforiek moontlik maak. Die *mind-as-teater* (of dan die **verhoogmetafoor**) word in Hoofstuk 6 in diepte bespreek. Dit kan beskou word as uitdieping van elemente van Descartes se beskouinge.

In aansluiting by Lakoff en Johnson (1999:393) word Descartes se KEN IS SIEN metafoor soos volg uiteengesit:

KNOWING IS SEEING

Visuele domein		Kennisdomein
Objek wat gesien word	→	Idee
Heldere sien van objek	→	Kennis van idee
Persoon wat sien	→	Persoon wat ken
Lig	→	"Lig" van die Rede
Visuele fokus	→	Mentale aandag

Visuele skerpte	→	Intellektuele skerpte
Fisiese gesigspunt	→	Mentale gesigspunt
Visuele obstruksie	→	Belemmering van kennis

Lakoff en Johnson (1999:393) reken dat die KNOWING IS SEEING metafoor in wese deel uitmaak van die alledaagse "folk theory" oor hoe die verstand ("mind") funksioneer. Voorts meen hulle dat dié metafoor ook ons intellektuele tradisie binnegedring het. Hulle propageer visie as metafoor van mentale aktiwiteit deur voorbeelde uit die alledaagse akademiese taalgebruik te gee. Voorbeelde blyk uit die volgende:

I see what you mean. Could you *shed* some *light* on the chaos theory for me? You have a great deal of *insight* into social relations. That's about as *obscure* an idea as I've ever *seen*. We just can't seem to *get clear* about gender roles. Talk about a *murky* argument!

[Ek sien wat jy bedoel. *Werp 'n bietjie lig* op die chaosteorie. Jy het goeie *insig* in sosiale verhoudinge. Ek wonder of ek al ooit so 'n *duistere* idee *gesien* het! As ons tog maar net *klarigheid* oor geslagsrolle kan kry! Daardie argument is darem vir jou *troebel*!]

Ons moet toegee dat Descartes 'n deurbraak gemaak het in dié sin dat hy 'n korrelasie tussen 'n "uiterlike" wêreld (dit wil sê die menslike liggaam en sy omgewing) en 'n "innerlike" wêreld, dié van die verstand (*mind*) raakgesien het. Hy het dus metaforiese domeine geaktiveer. Vanuit ons huidige tydsgewrig kan ons egter sien dat hy die metaforiese korrelasie verabsoluteer het; dalk deels vanweë die rasionalistiese stroming wat hy, as voorloper tot die *Aufklärung*, aan die gang gesit het. Vandag beseft ons dat die metafoor slegs relatiewe drakrag het en dat dit gebonde is aan en beperk word deur die ontologie (= manier van bestaan, sinswyse) asook deur ons menslike beliggaamdheid.

Lakoff en Johnson het hierdie "oorskatting" van die metafoor by hom raakgesien. Hulle sê (1999:394) dat Descartes die KEN IS SIEN metafoor as 'n filosofiese waarheid opgeneem het. Vir Descartes (wat terloops ook 'n wiskundige was) moet daar 'n 100%-korrelasie tussen die visie-domein en die mentale domein wees. By Descartes bestaan daar die ideaal om kennis helder en onbelemmerd op 'n mentale vlak waar te neem. Die mens se intellektuele visie moet hom in staat stel om die idee-objekte wat in die verstand (*mind*) teenwoordig is *helder te sien*.

Soos reeds genoem hoort konsepte soos 'twyfel' en 'onsekerheid' vir Descartes nie tuis in die verstand (*mind*) nie. As jy dus 'n skoon, helder intuïsie het, word alle twyfel en onsekerheid uitgeskakel. Hierdie helder intuïsie behels vir Descartes presiesheid en helderheid (Lakoff en Johnson 1999:395). Seker, evidente kennis word vir Descartes gewaarborg deur die "natuurlike lig van die Rede" wat op die mentale objekte (idees) skyn en wel op so 'n wyse dat ons in staat is om elke kenmerk daarvan raak te sien. Verder is ons in staat om die verskillende idee-objekte van mekaar te onderskei (vgl. Lakoff en Johnson 1999:395).

Om aspekte van die werklikheid te *ken*, is maar een aspek van ons mentale funksionering. Descartes het besef dat blote intellektuele kennis van individuele idees nie voldoende is vir diepgaande kennis van die werklikheid nie. In hierdie verband verduidelik Lakoff en Johnson (1999:398) dat ons die relasie tussen idees moet sien soos wat hulle in proposisies vervat word. Dit is ons manier om waarheidsuitsprake in verband met die werklikheid te maak. Verder moet ons daarop let hoe een proposisie op 'n ander volg. Hierdie vorm van kennis waar ons konneksies tussen idees naspoor, staan bekend as deduksie. Dit is hierdie kwessie van deduksie wat vir Descartes ernstige probleme oplewer. Descartes wil dat die oplossing van 'n probleem wat verskeie onderafdelings bevat deur middel van deduksie opgelos moet word. Dié deduksie moet egter **momenteel** plaasvind, wat onmoontlik is, aangesien ingewikkelde logiese denke stap vir stap geskied. Daarom maak dit vir my sin dat Lakoff en Johnson (1999:398) die DINK IS BEWEEG metafoor wil betrek by Descartes se KEN IS SIEN metafoor. Hierdie metafoor is moontlik van belang vir die funksionering van 'n mentale verhoog. Beweging (in al sy verskyningsvorme) *versterk* mentale visie. Hiervolgens word die denkende persoon voorgestel as iemand wat (stap vir stap) beweeg. Die kombinerings van die DINK IS BEWEEG metafoor met die KEN IS SIEN metafoor dien as 'n gangbare oplossing vir Descartes se dilemma rondom deduksie – veral gesien in die lig van die feit dat hulle mekaar op 'n natuurlike wyse aanvul.

Lakoff en Johnson (vgl. Taylor, 2003:489) werk met 'n karteringsrelasie tussen twee domeine: die brondomein (konkreet) en die teikendomein (abstrak). Hier onder volg in navolging van Taylor (2003:489), 'n skematiese uiteensetting van die elemente wat, enersyds onder die brondomein tuishoort, en van dié wat onder die teikendomein

tuishoort, andersyds. Dit dien skynbaar as 'n voorstadium van die DINK IS BEWEEG metafoor.

Brondomein (reis)

Teikendomein (rasionele denke en deduksie)

reisiger	→	denker
vertrekpunt	→	premis
aankomspunt	→	konklusie, gevolgtrekking
beweging	→	redenering

Die denkproses (= redenering, deduksie) word binne dié benadering gesien asof daar 'n reis onderneem word. Die voorbeeldsinne kan konkreet verstaan word teen die domein van ruimtelike plekke en paaie. Beweging (ook 'n konkrete begrip) word nou bygevoeg sodat daar op 'n pad van plek tot plek "gevorder" kan word. Op dié wyse word beweging op die ander domein, dié van idees, redenering en deduksie geprojekteer. Enige reis het 'n beginpunt en 'n eindpunt. So het 'n samehangende akademies-argumenterende betoog ook 'n beginpunt en 'n eindpunt (vgl. (11a en 11b)).

- 11a) *We started out from these premises.* (Taylor 2003:488)
[*Ons het vanuit hierdie veronderstellings uitgegaan.*]
- b) *We came to these conclusions.*
[*Ons het tot hierdie gevolgtrekkings gekom.*]

Terwyl daar "gereis" word, word aspekte van redenering (én denke) ook aan die orde gestel (vgl. Taylor 2003:488):

- 12a) *We have arrived at the crucial point in the argument.*
[*Ons het nou by die kruks van die argument uitgekom.*]
- b) *Where are you in the discussion?*
[*Waar staan jy ten opsigte van hierdie kwessie?*]
- c) *Where are you going with this?*
[*Watter koers wil jy inslaan hiermee?*]
- d) *I see where you are coming from.*
[*Ek sien (nou) hoe jy hierby uitgekom het.*]
- e) *Let's move to the next point.*
[*Kom ons gaan oor tot die volgende punt.*]

- f) *Harry kept going off on flights of fancy.*
[Harry se gedagtes het aanhoudend gedwaal.]
- g) *You're wandering from the topic.*
[Jy dwaal af van die onderwerp.]
- h) *Don't stray too far away from the topic.*
[Moenie te ver wegbeweeg van die onderwerp nie.]

Die voorbeelde in (12) dui op plekke op die pad wat die reisiger(s) bereik en by verby gaan in sy/hulle reis na sy/hulle bestemming. Hierdie "plekke" korreleer natuurlik met "punte" in die redeneringsproses. Om voort te gaan van die een plek na die volgende is om van die een "punt" in redeneringsproses (of argument) na die volgende te gaan. En, om af te dwaal van die pad is om af te wyk van die "rigting" van die redeneringsproses (argument). Die voorbeelde in (13) betrek 'n ander aspek. Die reisiger kan "vasbrand". Hy kan nie verder beweeg nie. Dit dui op die denker wat nie verder kan vorder in die redeneringsproses nie:

- 13a) *I'm stuck!* (Taylor 2003:488)
[Ek brand vas!]
- b) *I can't go any further along this line of reasoning.*
[Ek kan net nie voortgaan met hierdie denkrigting nie.]

Die voorbeelde in (14) toon aan hoe een van die reisigers nie meer kan byhou nie en agter raak. Dit dui op 'n denker wat 'n ander denker, wat in dié stadium die inisiatief het, versoek om die argument aan hom te verduidelik:

- 14a) *Slow down, you're going too fast for me.* (Taylor 2003:488)
[Stadig, jy gaan te vinnig vir my.]
- b) *I can't keep up with you.*
[Ek kan nie byhou nie.]
- c) *Can you go over that again for me.*
[Kan jy (asseblief) vir my weer daardeur gaan.]

In (14c) word daar gedui op nog 'n aspek van die redeneringsproses; naamlik om 'n deel van 'n argument te *herhaal* sodat iemand anders dit beter kan verstaan. Dit is soos om weer oor 'n gedeelte van die pad te gaan. Dit wil sê om hom weer langs 'n sekere weg/pad te lei. Na aanleiding van die voorbeeldsinne wat dusver DINK IS BEWEEG se relevansie geïllustreer het, kan ons weer eens 'n duidelike onderskeid tussen 'n

brondomein en 'n teikendomein tref. (Vgl. Taylor 2003:489.) Die voorstelling hier onder kan fyn verweefd voorkom met die DINK IS BEWEEG metafore.

Brondomein		Teikendomein (rasionele denke en deduksie)
pad	→	redeneringsproses, argument
plekke op 'n pad	→	punte in 'n argument
afdwaal van die pad	→	afdwaal van die argument
volg 'n reisiger	→	verstaan iemand wat 'n argument verduidelik
om (weer 'n slag) met 'n pad (of 'n gedeelte daarvan) langs te gaan	→	om 'n argument (of 'n gedeelte daarvan) weer te verduidelik

In aansluiting by Taylor (2003:489) meld ons 'n aantal onderliggende metafore wat uit (11 – 14) afgelei kan word. Die meeste hiervan is nie deur Lakoff en Johnson (1999) uitgespel nie. (Vergelyk die metafore hier onder.)

A LINE OF THOUGHT IS A PATH
 A PREMISE IS A STARTING POINT
 A CONCLUSION IS A DESTINATION
 REASONING IS TRAVELLING ALONG A PATH
 STRAYING FROM THE TOPIC IS STRAYING FROM A PATH
 COMMUNICATING IS GUIDING (ALONG A PATH)
 UNDERSTANDING IS FOLLOWING (ALONG A PATH)
 RETHINKING IS GOING OVER THE PATH AGAIN

['N DENKRIGTING IS 'N PAD
 'N PREMIS IS 'N BEGINPUNT
 'N KONKLUSIE IS 'N BESTEMMING
 REDENERING IS OM OP DIE PAD TE REIS
 AFDWAAL VAN DIE ONDERWERP IS OM VAN DIE PAD AF TE DWAAL
 KOMMUNIKASIE IS BEGELEIDING (OP 'N PAD)
 BEGRIP IS OM TE VOLG (OP 'N PAD)
 OM WEER TE DINK IS OM NOG 'N SLAG MET DIE PAD LANGS TE GAAN]

Wat in hierdie stadium egter in gedagte gehou moet word is dat ons die DINK IS BEWEEG metafoor onder die loep geneem het om aan te toon dat dit as noodsaaklike aanvulling van Descartes se beskouing van kennis en veral van sy siening van deduksie kan dien. Die argumentering van Descartes wat die geheue as baie onbetroubaar beskou en wat ook visuele waarneming (met sowel die oog as die *verstand*) as 'n momentele

handeling beskou, sou veel minder problematies kon wees as hy die kwessie van mentale beweging in sy filosofiese sisteem kon inkorporeer het. Dit is nie net Descartes se probleem rakende deduksie wat deur die DINK IS BEWEEG metafoor 'gered' word nie, maar moontlik ook die gangbaarheid van sy verhooggedagte. Gebeure op 'n mentale verhoog is afhanklik van beweging.

Sy argumentering sou ook veel soepeler gewees het as hy van 'n verskeidenheid visuele werkwoorde gebruik gemaak het (soos *kyk, bekyk, insien, raaksien* ens.).

Ek maak hierdie stelling omdat denke nie maar net 'n enkelvoudige verskynsel is nie. Die teendeel is waar: denke is 'n komplekse verskynsel en dit is juis die groot verskeidenheid visuele woorde (in verskillende woordsoortelike kategorieë) wat by magte is om uitdrukking aan die komplekse aard van denke te gee.

Die gevolgtrekkings waartoe bogemelde relaas my bring, is dat: a) 'n hele aantal *visuele werkwoorde*, en: b) verskeie *bewegingswerkwoorde* Descartes in staat sou stel om sy probleem (rondom deduksie) makliker te oorkom.

3.2.2 Die siening dat visie die primêre bron van objektiewe kennis is

Rakova (2003:109) wys daarop dat Sweetser (1990) erken dat Lakoff en Johnson nie raakgesien het nie dat individuele konseptuele metafore 'n deel uitmaak van 'n groter sisteem wat noodsaaklik is vir begrip van die interne kant van 'n mens (die interne *self*) deur middel van die liggaamlike en dus eksterne kant van die mens (die eksterne *self*). Sweetser bepleit daarom die bestaan van 'n meer omvattende psige-as-liggaam konseptuele metafoor. Volgens hierdie metafoor bestaan daar 'n analoë verband tussen interne en eksterne ervarings via metaforiese kartering. Volgens Sweetser (1990:27) vind semantiese verandering altyd op dieselfde manier plaas en slegs die kognitiewe semantiek kan hierdie feit verklaar. Volgens haar (1990:27) vind semantiese verandering altyd vanaf die konkrete (fisiese en sosiale) na die abstrakte (emosionele en mentale) betekenis plaas. Verder (1990:27) is die kognitiewe semantiek (volgens Sweetser) in staat om 'n verband te lê tussen die woordeskat (leksikon) van fisiese persepsie en dié van intellektuele (mentale) persepsie.

Konkrete 'krag' word metafories só gekarteer dat 'n mens byvoorbeeld kan praat van *a strong argument* ('n sterk argument). Konkrete visie kan ook (mentaal, dus metafories) gekarteer word. Die uiting *an illuminating argument* ('n verhelderende argument) illustreer die trant van Sweetser se redenering. Sweetser (1990:38) lê 'n besliste verband tussen *visie* en *intellektualisering*. Volgens haar stel die fokus-vermoë van ons visuele sintuig ons in staat om willekeurig 'n spesifieke aspek (tussen baie ander) uit te kies. 'n Mens kan immers letterlik jou oë rondbeweeg vanaf die een objek na die ander. Dieselfde beginsel geld vir die gedagte-wêreld: dán kan aan een aspek gedink word en dán weer aan 'n ander.

'n Verdere rede waarom Sweetser (1990:39) visie in verband bring met intellektualisering is (volgens haar aanname) die feit *dat visie ons primêre bron van objektiewe data betreffende die werklikheid is*. Visie maak voorts sintuiglike ervaring vanaf 'n afstand moontlik. Hierdie vermoë tot distansiëring lê 'n belangrike analogie tussen visie en intellektualisering omdat objektiwiteit asook die intellektuele (= mentale) domein beskou word as 'n terrein wat persoonlike *afstand* bied. In teenstelling hiermee werk intimiteit (dit wil sê *gevoel*) en ongedistansieerdheid subjektiwiteit in die hand. Later in die studie sal ons Sweetser se beskouing van *gevoel* ernstig bevraagteken.

Sweetser (1990:39) maak 'n uiters aanvegbare stelling wanneer sy sê:

Vision is also identical for different people – that is to say, two people who stand in the same place are generally understood to see the same thing. (We must take into account our point of view, which means that if you are NOT standing in the same place then you may not see the same thing – but note that this is assuming that without the effect of a different location, the perception would be identical.)

[Visie is ook identies vir verskillende mense – dit wil sê twee mense wat op dieselfde plek staan sal, soos wat algemeen verstaan word, dieselfde ding sien. (Ons moet rekening hou met ons waarnemingshoek, wat beteken dat indien jy NIE op dieselfde plek staan nie, jy moontlik nie dieselfde ding mag sien nie – maar let daarop dat ons hier aanneem dat die persepsie identies sou wees sonder die effek van 'n ander lokus. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Jonker, Botha en Conradie (1997:22 e.v.) verduidelik egter dat alle mense 'n (metaforiese) *bril* dra en dat niemand van ons dinge (selfs vanuit dieselfde gesigspunt – A.J.G. Roux) presies eenders sien nie. Hulle (1997:22 e.v.) beweer:

Selfs wanneer 'n mens na 'n fisiese voorwerp kyk, sien verskillende mense nie noodwendig dieselfde dinge raak nie (...) Dit wat 'n mens geneig is om te sien, hang af van die perspektief van waaruit jy kyk. (Let daarop dat die nosie "perspektief" nie in hierdie konteks 'n ander gesigspunt ("point of view") impliseer nie – A.J.G. Roux.)

Twee kunskeners kan immers *op dieselfde plek staan* en desondanks verskillende dinge in dieselfde skildery raaksien. Voorts geld hierdie verskillende visuele gewaarwordings nie net vir fisiese voorwerpe nie. Ons weet mos hoe ons oor, byvoorbeeld, akademiese kwessies kan verskil. (Vgl. Botha en Conradie (1997:22 e.v.)) Verder het verskeie teoretici soos onder meer Damasio (2003:199) asook Dirven en Verspoor (1999:39) aangetoon dat elke individu 'n konkrete (of abstrakte) saak *verskillend* sien.

Volgens Sweetser (1990:40) is dit (in moderne Engels) gebruiklik dat begrippe vanuit die visuele domein gebruik kan word om intellektuele prosesse te beskryf. Dieselfde beginsel geld ook ten opsigte van Afrikaans. Soos wat 'n fisiese objek *troebel* (*ondeursigtig*) (*Eng. opaque*), of *deursigtig* (*Eng. transparent*) kan wees, kan 'n argument of 'n stelling (*glas*)*helder* (*Eng. (crystal)-clear*), *troebel* (*Eng. opaque*), *deursigtig* (*Eng. transparent*), *vaag* of *wasig* (*Eng. muddy*) of *duister* (*Eng. murky*) vir ons mentale visie wees.

Die verband tussen visuele en visie-verwante lekseme, aan die een kant, en mentale vermoëns, aan die ander kant, word verder vir Engels deur Sweetser (1990:40) geskets. Dit stem in 'n groot mate ooreen met Afrikaans. Tog het ek dit effens aangepas sodat die Afrikaans idiomaties korrek kan wees:

Ons kan *lig werp* (*Eng. shed some light*) op 'n probleem wat tot dusver taamlik raaiselagtig was. 'n Intelligente idee is 'n *blink* (*Eng. bright*) idee en 'n intelligente persoon is *helder* (*Eng. clear-sighted*) van verstand – of selfs *briljant* (= skitterend) (*Eng. brilliant*). Voorts *belig* (*Eng. illuminate*) 'n mens graag 'n saak vir mense wat voorheen *in die duister* (*Eng. in the dark*) was. Iemand wat net op 'n enkele aspek van 'n saak konsentreer ten koste van ander belangrike aspekte het *tonnelvisie* (*Eng. tunnel vision*); intellektuele *ruimheid van visie* (*Eng. breath of vision*) is die teenoorgestelde van *tonnelvisie* (*Eng. tunnel vision*).

Johnson (1987:109) is 'n voorstander daarvan dat spesifiek visuele waarneming (of dan visie) die belangrikste bron vir mentale handeling is. Hy kom in ooreenstemming met Sweetser (1987) tot die gevolgtrekking dat perseptuele verskynsels van visie daarvan 'n voorkeurkandidaat maak om as metaforiese basis te dien vir intellektuele handelinge waartydens 'n mens kenmerke moet onderskei, fyn besonderhede moet ondersoek en mentale take moet uitvoer. Johnson (1987:109) stel dat hoewel daar ander ervaringsbasse vir kennismetafore (soos aanraking, hoor en proe) bestaan, nie een van hulle so dominant soos visie is nie. Dit moet hier duidelik gestel word dat dié gevolgtrekking op Engels van toepassing is.

Die vermoë om te kan sien kan beskou word as deel van die mens se liggaamlike funksionering. Dus kan dit as konsepueel-metafories beskou word. Johnson (1992:355) stel die kwessie soos volg:

The UNDERSTANDING IS SEEING metaphor, as an instance of the more general UNDERSTANDING IS PERCEIVING metaphorical system, is thus grounded and experientially constrained (...). The choice of vision as source domain and understanding as target domain is highly motivated by the nature of our visual experience. As Sweetser (1990) has observed, given the importance of vision for our ability to operate successfully within our environment, it is no accident that UNDERSTANDING IS SEEING should be such a major conception of knowledge.

[Die VERSTAAN IS SIEN metafoor as 'n voorbeeld van die meer algemene VERSTAAN IS WAARNEEM metafoorsisteem, is dus begrond en ervaringsmatig afgebaken (...). Die keuse van visie word sterk gemotiveer deur die aard van ons visuele ervaring. Soos wat Sweetser (1990) raakgesien het dat dit, gegewe die belangrikheid van visie vir ons vermoë om suksesvol binne ons omgewing te funksioneer, geen toeval is dat VERSTAAN IS SIEN so 'n belangrike hoofopvatting behoort te wees nie. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Johnson (1987:108) wys daarop dat daar parallele bestaan tussen visie en denke. Hy beroep hom op Sweetser (1987) wat die belangrikheid van visie (en dus lig) vir redeneringsdoeleindes soos volg uiteensit:

(i) Vision is our primary source of data about the world. It typically gives us far more information than the other senses, and it appears that children rely most heavily on visual features in their early categorisation. In other words, vision plays a crucial role in our acquisition of knowledge. (ii) Vision involves the remarkable ability to focus at will on various features of our perceptual array, to pick out one object from a background, or to differentiate fine features. All of these operations have parallels in intellectual acts (---).

[(i) Visie is ons primêre databron van die wêreld. Tipies daarvan is dat dit baie meer inligting as die ander sintuie aan ons gee. Voorts kom dit voor dat kinders swaar steun op visuele kenmerke tydens hulle vroeë kategorisering. Met ander woorde, visie speel 'n

kernrol by die verwerwing van kennis. (ii) Visie beskik oor die merkwaardige vermoë om willekeurig op verskeie aspekte van ons perseptuele voorraad te fokus, soos om 'n enkele voorwerp in die agtergrond te identifiseer, of om fyn kenmerke te differensieer. Hierdie funksioneringswyse, het almal korrelate in intellektuele handeling. (Vertaal deur A.J.G. Roux.)]

Dit is juis hierdie parallele (= korrelate) wat metafoorvorming 'n heel logiese aanskyn gee en selfs netjies laat uiteenval in twee domeine – die visuele en die kennisdomein. Vertaal in Afrikaans uit Johnson (1992:354) kry ons die volgende korrelasies:

Visuele domein		Kennisdomein
a) Iets word gesien	→	a) 'n Idee/konsep word gevorm
b) Jy sien iets (in)	→	b) Die konsep word verstaan
c) Helder lig ...	→	c) "Lig" van die rede ...
d) Fokus jou visie op iets	→	d) Rig jou aandag op 'n kognitiewe aspek
e) Visuele skerpte	→	e) Intellektuele skerpte
f) Ruimtelike perspektief	→	f) Intellektuele perspektief

Hierdie uiteensetting van Johnson herinner sterk aan die uiteensetting van Descartes se interpretasie van die relasie tussen Visie en Kennis soos geformaliseer deur Lakoff en Johnson (1999). Tog bly dit 'n vraag of Descartes se verhooggedagte kan baat by aktiwiteite soos *gryp, breek, vang, neem*, ens. wat in die volgende afdeling bespreek gaan word.

3.3 Die MENTAL ACTIVITY IS MANIPULATION metafoor

In die voorafgaande het dit duidelik geword dat visie oor 'n besliste metaforiese vermoë beskik ten opsigte van die uitdrukking van denke. Jäkel (2003) reken egter dat visie "uiters beperk" is. Hy stel 'n "doeltreffender" alternatief voor, wat hy die manipulasie-metafoor noem. Hy (2003) het probeer om dit teoreties te fundeer en in die vorm van 'n model aan te bied. Hierdie manipulasiegedagte gaan vervolgens ondersoek word. Wat ons wil probeer vasstel is hóé doeltreffend dit is, en of dit volgens die bevindinge wat uit hierdie studie voortspruit inderdaad beter gefundeerd is as die visuele metafoor.

Die doel van die manipulasie-model is om te probeer aantoon dat mentale aktiwiteit (by volwassenes) herlei kan word tot baie jong kinders se hantering (= manipulasie) van voorwerpe. Objek-hantering (= manipulasie) word in hierdie studie as 'n vorm van **beweging** gesien. Dié vaardighede en vermoëns wat ons as baie jong kinders eers konkreet (= sensomotories) opgedoen het, wend ons as volwassenes aan om abstrakte denke moontlik te maak. Die verskeidenheid vermoëns en vaardighede van die *hand* wat uiteraard in die primêre betekenis van die woord heeltemal konkreet is, dien as metafore om begrippe vanaf die konkrete domein (bron) na die abstrakte domein (teiken) te projekteer.

3.3.1 'n Beskouing van die manipulasie-metafoer

In hierdie studie wil ek spesiale melding maak van die kind se grypbeweging met sy hand (vgl. Radden 1997:75). Dit is volgens Bosman (2000:18) 'n refleksbeweging by 'n pasgebore baba om met sy vingers 'n vuus te maak.

Dit kan as deel van 'n prekonseptuele **gryphandeling** beskou word. Die kind ondersoek (gryp na) allerlei voorwerpe soos onder meer verskillende tipes houers: bottels, bekere, koppies, ensovoorts. Hierdie sensomotories verworwe beeldskemas vorm terugkerende en aanpasbare konseptuele strukture (vgl. Radden 1997:75).

Die manipulasiewerkwoord hou verband met ons mentale vermoëns en vaardighede wat op 'n abstrakte vlak vermag word. Jäkel (2003:180) meen dat ons in ons heel vroeë kinderjare kennis verwerf deur met die hand voorwerpe uitmekaar te haal, te **vat** en daaraan te **voel**. Dit is juis in dié vroeë kinderjare dat kinders uit nuuskierigheid probeer om "snaakse" voorwerpe met die hand uit geslote houers uit te haal. Jäkel (2003:180) noem as voorbeeld die uithaal van albasters uit 'n toegebinde sakkie ('n houer) of die afskil van 'n lemoen (dit wil sê 'n soort houer) totdat die vrugtevlies (dit wil sê die inhoud) daarvan "ontdek" word.

Jäkel (1995:219) redeneer dat abstrakte kognisie ontoeganklik is vir direkte fisiese ervaring. Daarom moet kognitiewe prosesse gekonseptualiseer word na aanleiding van die fisiese manipulasie van konkrete objekte. Sodoende word mentale aktiwiteit 'n


teikendomein vir komplekse metaforiese kartering ten opsigte van strukture vanaf die brondomein, naamlik manipulasie. Vir Jäkel (1995:219) is die manipulasieteorie ideaal om konseptuele metafore te lewer danksy die beeldskematiese aard daarvan. Die twee belangrikste skemas is die houer-skema en die manipulasie-skema.

Jäkel (2003) se standpunt dat **manipulasie** (lees *hand-dade*) (*gryp, vang, neem, hou, weeg, dra, los*, ensovoorts) as die heel belangrikste oorsprongsdomein vir akademiese diskoers en dus denkwoorde beskou moet word, gaan reëlreg teen Mark Johnson se beskouing in. Johnson (1987:109) reken dat daar ook ander ervaringsbasiswaar vir kennismetafore soos aanraking, hoor en proe bestaan, maar dat nie een van hulle so dominant soos visie is nie. Vir hom is visuele waarneming die eintlike oorsprongsdomein vir mentale aktiwiteite soos onder meer konseptualisering.

Hoewel Jäkel (2003:183) besef dat die Visiemodel die sterkste mededinger is teen die Manipulasiemodel, meen hy (1995:219) dat kognitiewe prosesse hoofsaaklik gekonseptualiseer word in terme van die fisiese manipulasie van konkrete objekte. Mentale aktiwiteit word nou die teikendomein van 'n komplekse metaforiese kartering/projektering van strukture vanuit die brondomein, naamlik manipulasie. Dit is volgens Jäkel (1995:219) juis die *beeldskematiese* aard van hierdie strukture wat meebring dat konseptuele oordrag en dus metafoorvorming kan plaasvind. Beeldskematiese metafore het wesenlik baie met beweging, kontak en kragdadigheid te doen (vgl. Kövecses 2002:37 e.v.). Dit wil dus voorkom asof mentale doenigheid of handeling in verband gebring kan word met manipulasie. Dit lyk ook asof handeling iets met die verhoog of met drama te doen het. Keuris (1996:53) stel dan ook dat die term 'handeling' algemeen voorkom in besprekings wat oor dramas gaan en deur sommige teoretici as die belangste element in 'n drama beskou word. 'Handeling' hou verder ook verband met 'kognitiewe roetine' (Langacker 2008) konstruering ('construal') en (mentale) kategorisering (vgl. Jarvis 2010:6).

Jäkel (1995:219) betrek die houerskema wat ook 'n belangrike rol in die kognitiewe linguistiek speel. Jäkel (1995:219 en 2003:176 e.v.) pas die houerskema toe deur daarop te wys dat die bewussyn, dit wil sê alles waaraan ons dink, aan die binnekant van hierdie houer is. Onbekende dinge is buite hierdie houer. Dit waarop ons konsentreer lê in die sentrum van die houer terwyl minder belangrike sake aan die rand

van die houer lê. Kwessies waarin ons belangstelling verloor het, word uit die houer gehaal. Jäkel (1995:220) reken dat die alledaagse taal 'n groot spektrum manipulasievariante oplewer. Hierdie ryk bron word dan betrek by die metaforiese konseptualisering van mentale aktiwiteite. Lakoff (1995:220) kom tot die gevolgtrekking dat die houerskema sowel as die manipulasieskema veranker is in die mens se *ervaring* en as vrugbare brondomeine vir konseptueel-metaforiese kartering/projeksie kan dien. Jäkel illustreer sy manipulasieteorie in terme van die **hand** en dít wat die hand in staat is om te doen (vgl. Figuur (3.1)).



(Verwerk uit Jäkel, 2003:178)

**Figuur 3.1: Veelsydigheid van die MANIPULASIE-skema
(Verwerk deur A.J.G. Roux)**

Volgens Jäkel (2003:180) is die mens se **hand** die belangrikste liggaamsdeel waarmee hy fasette van sy fisieke omgewing uitmekaarhaal. Die hand is die veelsydigste instrument waaroor 'n mens beskik. Daarmee kan ons na voorwerpe gryp, hulle vashou, beweeg en weer laat los. Met die tweede hand daarby verdubbel ons ruweg ons fynmotoriese vermoëns. Jäkel (2003:178) wys in dié verband op die vorming en die uitmekaarhaal van voorwerpe. Voorts bied ons twee hande ons die vermoë om die

gewig van twee voorwerpe met mekaar te vergelyk. Die hand stel ons in staat om te vang, te vorm en te ontleed. Ons word dus deur middel van ons hande bemagtig.

Hoewel die hand ook daartoe in staat is om fisieke en emosionele gevoelens te ontvang en oor te dra, distansieer Jäkel (2003:149) hom van hierdie affektiewe (en spesifiek die sensoriese) aspekte van die hand wanneer hy sê dat die ICM wat hy propageer naamlik MENTAL ACTIVITY IS MANIPULATION nie hartstogte (*Passionen*), gevoelens (*Affektionen*) of intuïesies (*Intuitionen*) insluit nie; aangesien dit, na sy mening, passiwiteit sou kon konseptualiseer.

Ten spyte van Jäkel (2003:149) se beskouing om hom van die affektiewe funksionering van die hand te distansieer, word die *gevoelsaspek* van die hand (onder meer die sensoriese werking daarvan) in hierdie studie as van besliste belang geag. Damasio (1994, 2000 en 2003) toon duidelik aan dat gevoel (op alle vlakke) as *gids* en selfs as *raamwerk* kan dien vir denke. Daarbenewens wil ek in hierdie studie probeer aantoon dat daar ten opsigte van die hand se eienskappe as sogenaamd passiewe waarnemingsinstrument wat *voel*, 'n graduele oorgang is tot die hand as *aktiewe* instrument wat *gryp*, *breek*, en nog heelwat ander aktiewe handeling kan verrig. Ek wil in hierdie studie ook daarop wys dat die lekseem 'voel' nie altyd passief is nie. Vergelyk die passiewe 'voel' in (15) met die aktiewe 'voel' in (16) en in (17).

- | | | |
|------|---|-------------------|
| (15) | <i>Die tafelblad voel glad</i> | (passief) |
| (16) | <i>Hy voel aan haar been.</i> | (aktiewer) |
| (17) | <i>Ek voel in my sak na my beursie</i> | (heelmaal aktief) |

Voorts word daar aangetoon dat *touch*-lekseme (*vat*, *voel* en *aanraak*) abstrak gebruik kan word om denke uit te druk. In die *vat*-sinne word die denke 'sterker' uitgedruk as by die 'sagter' *voel*- en *aanraak*-sinne. Tassintuiglikheid is opsigtelik konkreet-onderliggend aan al drie lekseme en dit dien as ondersteuning vir my argument dat denke ten diepste in tassintuiglike gevoel beliggaamd is. Dat die drie lekseme ook emosioneel baie beduidend is, word nie ontken nie.

Sekere kognitiewe denotasies van *vat* blyk uit (18) – (26).

- (18) Ek kan die professor se redenasie nie goed $\left\{ \begin{array}{l} \text{vat} \\ \text{begryp} \end{array} \right\}$ nie.
- (19) Hy $\left\{ \begin{array}{l} \text{vat} \\ \text{begryp} \end{array} \right\}$ maar swaar aan die wiskunde.
- (20) Die student $\left\{ \begin{array}{l} \text{vat-vat} \\ \text{verstaan amper} \end{array} \right\}$ aan die verduideliking. Hy behoort dit oor 'n week of wat onder die knie te kry.
- (21) Tydens die seminaar het jy my bedoeling heeltemal $\left\{ \begin{array}{l} \text{misgevat} \\ \text{verkeerd verstaan} \\ \text{misverstaan} \end{array} \right\}$.
- (22) Jammer, maar daardie tese berus op 'n $\left\{ \begin{array}{l} \text{misvatting} \\ \text{foutiewe aanname} \end{array} \right\}$.
- (23) Ek kan nie help as hy my verduideliking as eensydig $\left\{ \begin{array}{l} \text{opvat} \\ \text{interpreter} \\ \text{beoordeel} \\ \text{beskou} \end{array} \right\}$ nie.
- (24) Hy $\left\{ \begin{array}{l} \text{vat} \\ \text{verstaan} \end{array} \right\}$ die teorie anders (op) as ek.
- (25) Hy het my woorde verkeerd $\left\{ \begin{array}{l} \text{opgevat} \\ \text{geïnterpreteer} \\ \text{vertolk} \end{array} \right\}$.
- (26) Die student het met 'n nuwe $\left\{ \begin{array}{l} \text{opvatting} \\ \text{siening} \end{array} \right\}$ van die prototipeteorie vorendag gekom.

Ten einde aan te vul by Jäkel (2003) se data en teoretiese uiteensetting waar hy uitgaan van die aanname dat gevoelswoorde nie kognisie kan uitdruk nie, gebruik ek

juis *voel* om aan te toon dat dit wel besliste kognitiewe denotasies binne bepaalde sinskontekste kan hê. (Vgl. (27) e.v.)

(27) Ek { *voel-voel*
probeer insig kry } *nog so aan die tema van my referaat.*

(28) Ek { *voel*
dink
meen } *daardie argument is regtig belaglik.*

(29) Hy { *voel*
dink
reken } *dat hy hard genoeg studeer het.*

(30) Ek { *voel*
dink
meen } *nog steeds ek moet hom aanspreek oor sy slegte gedrag.*

(31) Ek { *voel*
dink
reken } *jy moet doen wat van jou verwag word.*

(32) Ek { *voel*
dink
skat
raai } *dis oor politiek dat hulle vyande geword het.*

(33) Ek { *voel*
dink
kan sweer
is oortuig
glo } *om nou tou op te gooi, is heeltemal onrealisties.*

Die verband tussen die sogenaamd *affektiewe* 'voel' (wat tog 'n kognitiewe rol (kan) speel) en die sogenaamd *kognitiewe* 'dink' is dermate opvallend dat ons hierdie probleem vanuit 'n semanties-primitiewe hoek sal moet bekyk. Dit sal gedoen word deur aansluiting te vind by semanties-primitiewe eksplisierings.

Wierzbicka (1980:121) werp ietwat lig op die kwessie. 'n Beswaar dat Wierzbicka tot die skool van die strukturaliste behoort (en dat haar uitsprake binne die konteks van 'n kognitief-linguistiese studie, soos die onderhawige) onvanpas sou wees, sou (teoreties gesproke) geopper kon word. Ungerer (1995:185) stel ons egter gerus wanneer hy sê Wierzbicka se semanties-primitiewe beskrywings is belangrik vir die kognitiewe linguistiek, aangesien dit as *prototipiese scripts* beskou kan word.

Wierzbicka (1980:121) is wel deeglik bewus daarvan dat *voel* in haar voorbeeldsin hier onder deur *dink* vervang kan word en dat dié twee lekseme binne hierdie sinskonteks byna sinoniem is.

(34) *I feel that he doesn't really love me.*

Feel soos hier gebruik, is nie die streng perseptuele of affektiewe 'feel' nie. Hier lê *feel* dus nie op 'n konkrete vlak nie. Dit is 'n "more abstract 'feel' glossed by Givon as a 'diluted think' and popularly described as the 'sixth sense'" (Wierzbicka 1980:122).

'n Ander motivering vir die "I feel that"-konstruksie lê vir Ryle (1959:59 aangehaal deur Wierzbicka 1980:122) daarin dat die spreker dié konstruksie gebruik wanneer hy homself nie ten volle wil verbind met die opinie wat in die komplementsin na vore kom nie. Hy verduidelik dit soos volg:

If a person *thinks* that something is the case, which is not so, then he is in error. But if he merely *feels* that something is the case which is not so, then, though he is attracted by error, he is not wedded to it. He is tempted to hold a certain view, but he has not yet succumbed to the temptation. His mind is not yet closed; it is still ajar.

Wierzbicka stem saam met Ryle (1959:60) dat die onderskeid tussen *feel* en *think* wasig ("blurred") raak (vgl. Wierzbicka 1980:122). Wierzbicka (1980:123) gaan nogtans

voort om haar voorbeeldsinne soos volg in terme van semantiese primitiewe te eksplisiteer:

I feel that he doesn't really love me.

= something in me tells me that he doesn't really love me

= wanting to say something because of what happens in me (when I **think** about him)

I say: he doesn't really love me

(Beklemtoning deur A.J.G. Roux.)

Ek voel dat hy my nie regtig liefhet nie

= iets in my vertel my dat hy my nie regtig liefhet nie

= wil iets sê as gevolg van dit wat met my gebeur (wanneer ek aan hom **dink**)

ek sê: hy het my nie regtig lief nie

(Beklemtoning deur A.J.G. Roux.)

Wierzbicka (1980:123 e.v.) illustreer haar beskouing (betreffende 'feel' en 'feel that') deur middel van die volgende twee stelle semanties primitiewe eksplisiterings, waaruit dit duidelik word dat die voegwoord **dat** (in kombinasie met **voel**) aan **voel** die konnotasie 'dink' help gee, wat my argument ondersteun dat ge(voel) ook kognitief kan wees en dus op denke kan dui.

I feel your hostility. =

wanting to cause you to know it

I say: I can tell that you are hostile

because of what happens in me (when I am in contact with you)

(Beklemtoning deur A.J.G. Roux.)

Ek voel jou vyandigheid aan. =

wil veroorsaak dat jy dit weet

ek sê: ek kan beweer dat jy vyandig is

as gevolg van dit wat in my gebeur (wanneer ek in kontak is met jou)

(Beklemtoning deur A.J.G. Roux)

I feel that you are hostile. =

wanting to say something

because of what happens in me (when I **think** about it)

I say: you are hostile
(Beklemtoning deur A.J.G. Roux.)

Ek voel dat jy vyandig is.=

wil iets sê

as gevolg van dit wat in my gebeur (wanneer ek daaraan **dink**)

ek sê: jy is vyandig

(Beklemtoning deur A.J.G. Roux.)

Uit die uiteensetting hier bo lyk dit dus asof *voel* ook 'dink' konnoteer. Op 'n meer spesifieke wyse as Montagu (1986) toon Ibarretxe-Antuñano (2006:235) ook aan dat taktiele (werk)woorde inderdaad oorfloedig neerslag vind in ons taalgebruik en dus ook metafories in ons konseptuele sisteem. As 'n kognitiewe linguïst lê sy egter klem op die feit dat dié woorde nie somer lukraak of willekeurig voorkom nie – ook nie die polisemiese gebruike van hierdie woorde nie – maar op 'n *gemotiveerde* wyse, en dat sulke woorde ook in verband met ons denke gebring kan word.

Sy (2006:235) beroep haar op (Lakoff 1987; Johnson 1987; Langacker 1987, 1991) om haar beskouing te verduidelik:

[R]ecent studies within the cognitive semantics framework have tried to show the polysemous structure of tactile words is **motivated**. That is to say, the fact that a lexical item has different meanings is not whimsical, but motivated by our experience and understanding of the world. These different meanings are not random but structured by means of cognitive devices such as metaphor.
(Beklemtoning deur A.J.G. Roux.)

[Onlangse studies binne kognitief-semantiese terrein het probeer aantoon dat die polisemiese strukture van taktiele woorde **gemotiveerd** is. Dit beteken dat die feit dat 'n leksikale item verskillende betekenisse het nie wispelturig is nie, maar gemotiveerd is deur ons ervaring en die manier waarop ons die wêreld verstaan. Hierdie verskillende betekenisse is nie lukraak nie, maar gestruktureerd deur kognitiewe instrumente soos die metafoor. (Vertaal deur A.J.G. Roux.)]

Myns insiens is die belangrikste *aanraak-woorde* vir intellektueel-diskursiewe doeleindes wat Ibarretxe-Atuñano onder ons aandag bring, die lekseem *aanraak*:

(35) *Ek is bly dat jy die kwessie van ikonisiteit tydens die seminaar **aangeraak** het.*

(36) *Ek vind dit jammer dat jy die kognitiewe beskouing van polisemie nie in jou werkopdrag **aangeraak** het nie.*

(37) *Pinker het, teen ons verwagting in, skaars die kwessie van metaforiek **aangeraak**.*

(38) *Ek het nog nie aan jou uiteensetting **geraak** nie.*

In hierdie afdeling het ek probeer aantoon dat, net soos manipulasiewoorde, *gevoelslekseme* ook in talige uitdrukkings gebruik word om denke uit te druk.

3.3.2 Argumente ten gunste van die manipulasieteorie

In hierdie afdeling word Jäkel se propagering van die manipulasieteorie uiteengesit en ek verwys spesifiek na hom omdat hy tot dusver die enigste kognitiewe linguis is wat die manipulasiemetafoor baie hoog aanslaan.

1. Alhoewel 'n statistiese kwantifisering nie bruikbaar is nie, dui gebruiksevalle ten opsigte van die alledaagse taalgebruik in Jäkel se data daarop dat 'manipulasie'-gevalle meer voorkom as al die ander alternatiewe modelle gesamentlik (Jäkel 1995:225).
2. In vergelyking met die ander modelle fokus manipulasie nie net op een aspek van kennis nie, maar dit verteenwoordig die hele spektrum van mentale aktiwiteite. Die mentale aktiwiteite behels byvoorbeeld *leer, verstaan, probleemoplossing, oordeel, onthou* en *vergeet*.
3. Daar bestaan sistematiese koherensie tussen die verskillende beeldskemas. 'n Voorbeeld waar die manipulasieskema en die houerskema geïntegreer word, is:

Understanding is taking idea objects into the mind container.

[Begrip is om idee-objekte in die 'mind'-houer te plaas.]

4. Die manipulasiemodel vloei op 'n natuurlike wyse voort uit Reddy (1979) se 'conduit'-kommunikasiemetafoor. Die manipulasiemodel kan trouens as 'n intrasubjektiewe voortsetting van die 'conduit'-metafoor gesien word (Jäkel 1995:226).
5. Die manipulasiemodel is baie diep veranker in 'n ervaring wat die mate van beliggaamdheid daarvan betref. Verder word hierdie model ook ondersteun deur Piaget (1975) se beskouing dat abstrakte denke 'n geïnternaliseerde weergawe van manipulatiewe sensomotoriese handeling is (Jäkel 1995:221 asook 226).
6. Jäkel (1995:226) meen dat in vergelyking met Johnson (1987 en 1992) se voorkeurmodel, naamlik visie, dit blyk dat manipulasie ervaringsmatig dieper begrond is. Visie is in staat om as brondomein vir begrip te dien (vgl. Sweetser 1990:45); maar tog kan visie ook as teikendomein dien soos in

SEEING IS TOUCHING [*I couldn't take my eyes off of her*]
 [SIEN IS AANRAKING] [*Ek kon nie my oë van haar afhou nie*]
 asook in VISIE IS MANIPULASIE (Lakoff 1987:437 en Johnson 1987:108).
 [*He undressed her with his eyes*] [*Hy trek haar met sy oë uit*]

7. Diachroniese data verleen oorweldigende ondersteuning ten gunste van die manipulasiemetafoor (Jäkel 2003:226). Die noodsaaklikheid van 'n diachroniese uitbreiding van die kognitiewe metafoorteorie is volgens Jäkel (2003:185) uiters noodsaaklik omdat kognitiewe metafoorteorie ook diachroniese taalgegewens in aanmerking moet neem. Jäkel (2003:189) illustreer die gedagte wanneer hy by Sweetser (1990:23) se hipotese aansluit: – dat etimologiese navorsing die resultate van sinchroniese metafooranalises ondersteun. Jäkel (2003:186) beweer dat diachroniese materiaal belangrik is in 'n linguistiese ondersoek. Vir Jäkel (2003:186) word die manipulasieteorie gerugsteun deur oortuigende etimologiese bewysmateriaal. Hier volg twee kort voorbeelde:

UNDERSTANDING IS ESTABLISHING SPATIAL CLOSENESS
 - understand<understanden, letterlik 'om tussen andere te staan'

AIMING AT PROBLEM-TARGETS
 - guess: vat korrel<stam uit 'get'

8. Intertalige data ten gunste van manipulasie ondersteun die manipulasieteorie: In Italiaans, Duits, Deens, Hebreeus, Indonesies, Japannees, Maleisies, Swahili, Tsumil, en Turks 'gryp' denkers na idee-objekte, word die verstand gekonseptualiseer as 'n 'houer' en word moontlikhede teenoor mekaar 'opgeweeg' (Jäkel 1995:226).

Jäkel (1995:226) som die moontlike impak van sy beskouing self soos volg op:

The conceptualization of mental activity in terms of manipulation seems to be at least a cross-cultural strategy, if not a cognitive universal. As regards the English language, *no other conceptualization of the intellectual domain even comes close to the metaphorical concept of mind as construed by the idealized cognitive model "mental activity is manipulation"*. (Beklemtoneur deur A.J.G.Roux.)

[Die konseptualisering van mentale aktiwiteite in terme van manipulasie blyk minstens 'n interkulturele strategie te wees. Dit kan selfs ook 'n kognitiewe universalium wees. Sover dit die Engelse taal betref, *kom geen ander konseptualisering van die intellektuele domein eers naby die metaforiese konsep van die mind soos gekonstrueer deur die geïdealiseerde kognitiewe model "mentale aktiwiteit is manipulasie" nie.* (Vertaling deur A.J.G. Roux.)]

Of hierdie uitspraak van Jäkel verifieerbaar is, sal verder aan in hierdie studie tot 'n slotsom gevoer word. In dié proses sal dit aan kritiese ondersoek onderwerp word. Daar sal gekyk word of Afrikaanse data korreleer met Jäkel se uitspraak en of sy hipotese dat mentale aktiwiteit as manipulasie 'n kognitiewe universalium is, geregverdig is. In hierdie studie spits ek my toe op 'n sinchroniese taalondersoek.

3.4 Samevattende opmerkings

Na 'n kort uiteensetting van die begrip 'konseptuele metafoer' in die kognitiewe linguistiek is die visuele metafoer (soos gepropageer deur veral Sweetser en M. Johnson) *SEEING IS UNDERSTANDING* in besonderhede beskou. Tydens die bespreking van Descartes se siening van die visuele metafoer het dit duidelik geword dat daar bepaalde probleme rondom sy metafoerbeskouing bestaan. Dié probleme sou opgelos kon word deur die visuele metafoer te verbind met die bewegingsmetafoer. Jäkel (1995, 2003) reken egter dat *begrip* eerder op manipulasie/hand-dade gebaseer is met sy metafoer: *MENTAL ACTIVITY IS MANIPULATION*. In hierdie stadium van die studie is dit nog

nie 'n uitgemaakte saak watter een van hierdie twee metafore as basies, of primêr beskou sou kon word nie. Die doel van hierdie studie is dus om Afrikaanse data in die domein van kognisie (begrip, mentale aktiwiteit) te ondersoek, ten einde meer duidelikheid oor hierdie probleemstelling te verkry. In hierdie hoofstuk het ek probeer aantoon dat die kognitiewe metafoor (die visuele metafoor sowel as die manipulasiemetafoor) 'n belangrike rol in die uitdrukking van denkaktiwiteit speel. Aangesien denke (= kognisie) en die talige uitdrukking daarvan in Afrikaans die sentrale tema van hierdie studie is, blyk dit voor die hand liggend te wees dat daar in die volgende hoofstuk ook ondersoek ingestel sal word na die nie-metaforiese kognisiewerkwoord in Afrikaans. Daarna word die metaforiese kognisiewerkwoorde in Afrikaans bespreek.

Hoofstuk 4

'n Beskrywing van nie-metaforiese kognisiewerkwoorde

In die vorige hoofstuk het ek probeer aantoon dat die kognitiewe metafoor (die visuele metafoor sowel as die manipulasiemetafoor) 'n belangrike rol in die uitdrukking van denkkategorieë speel. Aangesien denke (= kognisie) en die talige uitdrukking daarvan in Afrikaans die sentrale tema van hierdie studie is, blyk dit voor die hand liggend te wees dat daar ook ondersoek ingestel sal word na die nie-metaforiese kognisiewerkwoord in Afrikaans. In Hoofstuk 5 word die metaforiese kognisiewerkwoorde in Afrikaans in diepte bespreek.

4.1 'n Raamwerk vir die beskrywing

Die raamwerk waarbinne Afrikaanse kognisiewerkwoorde in hierdie afdeling gerangskik en beskryf sal word, hou verband met die teorie van *leksikale velde*, soos uitgewerk deur Lehrer (1974). Hier volg nou 'n kort bespreking van 'n paar teoretiese begrippe wat gebruik gaan word tydens die rangskikking en beskrywing van die betrokke kognisiewerkwoorde binne bogemelde raamwerk.

(a) Die verband tussen leksikale velde en denkkategorieë

Leksikale velde berus op die uitgangspunt dat die buitetalige werklikheid mentaal gekonseptualiseer word in mentale areas. Hierdie areas word dan uiteindelik uitgedruk in leksikale velde. Hoewel die begrip 'denkkategorieë' moeilik te rym is met die begrip 'buitetalige werklikheid', gaan daar tog gepoog word om denkkategorieë (maniere waarop die mens kan dink) binne leksikale velde in tabelvorm te orden. Dit is belangrik om by só 'n studie in gedagte te hou dat dit metakognitief van aard is; dus betrek dit denke oor denke. En: denke word in terme van denke beskryf. 'n Inherente siklisiteit is hier onvermybaar. 'Denkkategorieë' kan ook 'begripskategorieë' genoem word ten einde die verhouding tussen taal en denke aan te toon. Prekonseptuele

ervaring/begrip lei tot konseptuele ervaring/begrip wat lei tot linguistiese ervaring/begrip. Dit is van belang om te meld dat die leksikale velde (begripsvelde) ook as aanloop kan dien om te help om uiteindelik modelle te vestig waarbinne verskillende tipes kognisiewerkwoorde gesistematiseer kan word.

(b) Empiriese data

Die verkryging van Afrikaanse data was van groot belang. As vertrekpunt en eerste tekstuele bron is **Swewende ewewig** van F.I.J. van Rensburg benut. Veral die hoofstuk *Van Wyk Louw se kulturele perspektief* was baie nuttig sover dit visuele en visueel-verwante lekseme betref. Ander bronne van Standaardafrikaans in teksverband wat ook gebruik is, is Burger (red.) se **Die oop gesprek**, asook Hertzog et al. se **Gesprek sonder grense**. Ter motivering van die tekstuele bronne wil ek graag noem dat hulle registerverwant is vir sover daar in al drie 'n filosofies-bespiegelende of ook 'n filosofies-literêre toonaard opklink. Dié bronne is redelik epistemologies (kenteoreties) ingeklee en daarom waarskynlik geskik om intellektuele houdings, ervarings en doenighede te reflekteer. Dit is veral ook visuele en visueel-verwante lekseme wat in sulke tekste verhelderend meewerk (vgl. Debatin 1995:239). Die studie sou egter, indien o.m. gebruiksfrewensie en 'n breëspektrum (algemene) taalkontekstuele verrekening die primêre doelwit was, by 'n rekenaarmatige korpusanalise kon baat. Hierdie studie is egter 'n kwalitatief-semantiese en interpretatiewe studie en nie 'n kwantitatiewe of vormlike studie nie. Die gebruik van 'n beperkte korpus wat ek ontleed het, word dus as voldoende beskou.

As sekondêre bronne was die HAT en WAT nuttig betreffende die polisemiese rangskikking van die data. Dit was egter die uitstekende **Groot Tesourus van Afrikaans** (De Stadler 1994) wat self 'n hiponimies-gebaseerde rangskikking van tipiese Afrikaanse leksikale velde as werkswyse gevolg het, wat my taak aansienlik ligter maak het. Eie voorbeelde word dikwels gebruik om 'n hoofvoorbeeld toe te lig of af te baken. Die sekondêre bronne is hoofsaaklik ter toetsing van bevindinge uit die primêre bronne gebruik. 'n Mens sou dus kon sê dat die primêre beperkte korpus d.m.v. die sekondêre bronne geverifyeer word.

Die empiriese data word op so 'n wyse gerangskik dat:

- (i) daar rekening gehou word met die semantiese oorvleueling van woorde, asook
- (ii) met die feit dat die semantiese bedoeling van een woord kan oorgaan tot die semantiese bedoeling van 'n naasliggende woord.

Betekenis-elemente, teenstellings, parafrases en morfologiese, sintaktiese en semantiese paradigmas (met beide aanvaarbare en nie-aanvaarbare geskepte voorbeelde), word volgens die klassieke leksikale semantiektradisie gebruik om die betekenis van die betrokke woorde te ondersoek. Die hoofonderskeid tussen kognisiewerkwoorde behels, aan die een kant, *nie-metaforiese werkwoorde*; en, *metaforiese werkwoorde*, aan die ander kant. Verder word daar onderskei tussen visueel-metaforiese werkwoorde en manipulerend-metaforiese werkwoorde.

(c) Terme

Omdat die klem in die leksikale semantiek op betekenis-eenhede val wat (losweg gesproke) met woorde verband hou, kan termverwarring maklik ontstaan. Verwante begrippe word dus terminologies soos volg afgebaken:

(i) Woorde versus lekseme

'n Woord is die kleinste sinvolle taal-eenheid wat gevorm kan word en onafhanklik in sinne kan voorkom. Kyk na die voorbeeld hier onder:

Gaan jy fliék? (3 woorde)

Ja /Miskien/ Natuurlik (3 woorde)

'Lekseem' is 'n abstrakter begrip as 'woord'. Anders gestel: 'lekseem' is 'n sambreelbegrip waaronder verskillende **woorde** ressorteer. Daarom is *sien*, en *gesien* twee verskillende **woorde** wat albei onder dieselfde **lekseem** *sien* ressorteer.

(ii) Lekseme versus leksikale items

Hierdie terme word dikwels as sinonieme beskou en gebruik. Tog word die term *leksikale item* soms ook gebruik om te dui op 'n *woord*, *woorde* of *idiomatiese frases* (byvoorbeeld *in hegtenis neem*) waarvan die betekenis nie afgelei kan word vanuit die samestellende dele daarvan nie. Hierdie verskynsel word byvoorbeeld aangetref by **ondeursigtige** samestellings soos: *gemakshuisie*, *knikspanning*, *slapskyf*. In hierdie taalbousels lewer kennis van die verskillende stammorfeme se betekenis nie noodwendig die betekenis van die geheel op nie (vgl. De Stadler 1989:51).

(iii) Leksikale kategorieë

Die begrip 'leksikale kategorie' dui op 'n wye spektrum waarbinne individuele gevalle tuishoort. Die kategorie STOEL sluit 'n groot aantal subtipes in, byvoorbeeld, *kombuisstoel*, *skommelstoel*, *kantoorstoel*, *gemakstoel*, *rolstoel*, *tandartsstoel*, ens. Die beste voorbeeld van STOEL word die prototipe genoem. Prototipisiteit neem gradueel af tot by die swakste voorbeeld (miskien *tandartsstoel*). Die leksikale kategorie STOEL is egter self ook 'n woord in eie reg, soos in: *Ek sit nie op die sofa nie, maar op die **stoel***.

4.1.1 Denkkategorieë as leksikale velde

In Tabel 4.1 word 'n aantal denkkategorieë in Afrikaans gesistematiseer.

Wat ek eerstens wil aantoon, is die feit dat dié denkkategorieë nie sommer lukraak langs mekaar geplaas kan word nie. Die een kategorie moet gaandeweg op redelik logiese wyse oorgaan tot die ander. Daarom kan *logiese denke* en *raaiskootdenke* nie sommer langs mekaar geplaas word nie. 'n Brugkategorie is hier nodig, naamlik *berekenende denke*. Een punt van die brug sluit aan by *logiese denke* deurdat dit redelik 'logiese' items soos *beredeneer*, *argumenteer*, ens. insluit. Die ander punt van die brug bevat items wat in 'n mate logies kan wees, maar nie so presies is nie; *raam* as denkwerkwoord of *beraam* kom tog in sekere ko-tekste en kontekste eintlik maar neer

op die maak van 'n skatting (dit wil sê iets wat nie presies is nie). Wanneer ons *skat*, *oorvereenvoudig* of *veralgemeen*, *raai* ons alreeds; hoewel op 'berekende' wyse. *Raaiskootdenke* word egter só gesubkategoriseer dat dit ruimte laat vir ónberekende, wilde raaiskote: *raai*, 'n *raaiskoot waag*, 'n *wilde kans vat*. Oorbrugging en oorvleueling is dus belangrike dimensies ten opsigte van leksikale velde. Dit is juis die verskynsel van oorvleueling wat ook in Tabel 4.2 aangetoon kan word.

Gewone denke	Intense denke	Obsessionele denke	Logiese denke	Berekenende denke	Raaiskootdenke			
wik en weeg jou verstand gebruik	diep dink	Ontwrigte Logika	Ontspoorde Logika	Logika op spoor	beredeneer	bereken beraam	skat veralgemeen	gis
uitwerk beskou betrag	nadink	pieker		logies redeneer	argumenteer rasionaliseer	raam	oorvereenvoudig	raai
kyk	diep nadink deurdink	maal in gedagtes		die argument sluit die argument klop	standpunt inneem	reduseer		'n raaiskoot waag
assosieer	filosofeer	bekommer bekook	kleitrap	hy hou kop	stelling inneem			'n wilde kans vat
vermoed	oordink	yl	irrasioneel argumenteer	staaf	'n argument opbou			
	peins bepeins	tob	voortredeneer	deduktief redeneer	'n argument verdedig			
	kontempleer	kwel broei	wegredeneer vasredeneer	teoretiseer	'n argument voer			
	mediteer mymer		vaspraat	abstraheer	deduktief argumenteer			
	↓ affektiewe denke		in 'n sirkel redeneer	redeneer betoog redes aanvoer bewys	induktief argumenteer			
	fantaseer wonder		vroetel rondsoek rondval inkonsekwent redeneer	staaf				
			bevooroordeelde siening	aflei				
			woorde uit verband ruk	'n gevolgtrekking maak				
				tot 'n gevolg kom				
				konkludeer besluit berus				

Tabel 4.1: Verskillende denkkategorieë

In Tabel 4.2 is dit duidelik dat *glo* en *oordeel* oorvleuel. Afgesien van die suiwer *glo*-items soos *vermoed*, *meen*, *veronderstel*, ens. en afgesien van suiwer *oordeel*-items soos *ag*, *takseer*, *(iets so) opneem*, *(iets so) beskou*; kry ons hibridiese items soos *verdink*, *agterdogtig (wees)*, *as waarskynlik ag*, ens. Hierdie items bevat betekenisnuanses van sowel *glo* as van *oordeel*.

Minder prototipiese kognisiewerkwoorde				Prototipiese kognisiewerkwoorde			
Glo		Oordeel	Redeneer	Weet/Ken		Verstaan	Dink
vermoed meen hipotetiseer	verdink agterdogtig (wees)	ag reken meen dink	bewys vasstel bepaal aantoon	wis besef kennis dra	begryp begrip hê insig hê bewus wees van	sien begrip toon insig kry tot insig kom	dink vaspen op die spoor kom (iets) duik op merk
veronderstel poneer postuleer	voel van mening wees	(iets so) opneem (iets so) opvat	oplos rekonstrueer definieer spesifiseer	kennis hê bewus wees van	(reeds) verstaan	te wete kom	uitdink bedink naspeur uitstryk insien opvat insig kry in verband bring
aanneem aanvaar skat	'n standpunt huldig, vooropstel as waarskynlik ag as moontlik ag	(iets so) beskou redeneer oordink deurdink takseer wik en weeg sê	bepaal beslis raaksien stipuleer diagnoseer besin insien	bekend wees met ervaar beleef bevind aanvoel	raaksien voel begryp snap insien (skielik) besef tot 'n besef kom uitmaak (begin) verstaan kleinkry	agterkom ontdek definieer bewus word van raaksien voel begryp snap insien (skielik) besef tot 'n besef kom uitmaak (begin) verstaan kleinkry	definieer aanvoel


Tabel 4.2: Lekseemkategorieë wat met denke geassosieer word

Daar is reeds vermeld dat die volgorde van die lekseemkategorieë geensins lukraak is nie. Daar moet in ag geneem word dat die hofies van die verskillende lekseemkategorieë lekseme in eie reg is. Hulle is net meer oorkoepelend. In Tabel 4.2 is daar 'n noue semantiese relasie tussen *weet* en *verstaan*: *besef* (as *weet*-item) korreleer met *insig hê* (as hibriede item).


Net soos *beseft*, konnoteer *insig hê* redelike passiewe, dog diepgaande begrip. Semanties is hulle dus baie naby aan ekwivalent. Die verskil bestaan egter daarin dat *insig hê* semanties duideliker geëksplisiteer word omdat dit twee betekenisdraende lekseme bevat. *Hê* word deur *kry* (in *insig kry* (= verstaan)) vervang. *Kry* konnoteer 'n momentele, dog aktiewe handeling wat transitief is in die rigting van die ervaarder. Deur middel van *kry* (in *insig kry*) word *verstaan* semanties meer eksplisiet voorgestel.

'n Mens moet natuurlik waak teen die oorvereenvoudiging van *verstaan*. Dit kan aktief wees, soos wanneer jy iets begin verstaan (inchoatiewe aspek, gevolg deur duratiewe aspek). Verder kan *verstaan* opgevat word as 'n durende voortvloeiende van iets wat jy lank terug ingesien het, maar wat jy tans net *verstaan* (duratiewe aspek). Hierdie *verstaan* lê baie naby aan *weet*. Streng gesproke is redenering vanaf oorsaak tot resultaat 'n logiese prosedure. Ek sit dit hier onder uiteen. Die ↓ stel "veroorsoak" en/of "gaan oor tot" voor.

Die denkproses as sodanig



Aspektiese gedrag tydens 'n denkproses




Uit dié uiteensetting blyk dit dat *dink* (as gevolg van die probleem) 'n aktiwiteit (of 'n aktiewe proses) konnoteer. Dan word daar momenteel, dog aktief, *insig (ge)kry* en die *probleem* word dus *verstaan*. As 'n mens iets (*ge)kry* het, dan *het* jy dit tog: jy beskik daarvoor (= *insig hê*) en finaal resulteer dit in 'n passiewe staat van *besef* of van *weet*. Tensy jy dit later *vergeet*.

4.1.2 Taksonomieë

Daar bestaan 'n noue verband tussen die raamwerk van leksikale velde en taksonomieë. Taksonomieë wat volgens die beginsels van hiponimie opgestel word, is nuttig – veral in dié opsig dat 'n **basiese vlak** daarin geïdentifiseer kan word. Hierdie basiese vlak is konkreter as beide die hiponiemvlak en die subordinaatvlak en word in Hoofstuk 2 in besonderhede uiteengesit. In die volgende taksonomiese verdeling, kan 'n middelvlak (= basiese vlak) geïdentifiseer word (Fig.4.1). Dit is veral belangrik om daarop te let dat daar soms 'n morfologiese verwantskap tussen die basiese vlak en die subordinaatvlak bestaan.

Byvoorbeeld:	<i>dink</i>	x	<i>uitdink</i>
	<i>dink</i>	x	<i>nadink</i>
	<i>dink</i>	x	<i>indink</i>

Lekseme op die basiese vlak is gewoonlik enkelvoudig, terwyl dié op subordinaatvlak sowel morfologies as semanties meer gespesifiseer is.



Figuur 4.1: 'n Hiponimiese kategorisering van enkele Afrikaanse kognisiewerkwoorde

4.2 Basiese nie-metaforiese kognisiewerkwoorde in Afrikaans

Volgens Jäkel (2003:185) is die aantal nie-metaforiese kognisiewerkwoorde redelik beperk. Dié woorde is egter ook vir die funksionering van metaforiese konseptualisering noodsaaklik. Dit is dus van belang dat, hoewel ons denke grotendeels op 'n metaforiese grondslag funksioneer, nie-metaforiese kognisiewerkwoorde ook by ons studie betrek moet word om veral twee redes:

- (a) hulle konnoteer op 'n gespesialiseerde wyse sekere intellektuele aktiwiteite; en
- (b) hulle dien as indikatore om intellektuele diskoersdomeine te tipeer. Sodoende word potensieel-metaforiese lekseme in staat gestel om binne sulke domeine (optimaal) metafories te funksioneer.

Die enkele basiese kognisiewerkwoorde wat bespreek word, is *dink*, *weet*, *ken* en *verstaan*. Die rede waarom juis hierdie kognisiewerkwoorde gekies word, berus op die veronderstelling dat hulle baie prototipies, basies en suiwer kognitief blyk te wees. In die volgende afdelings word hierdie vier basiese kognisiewerkwoorde in Afrikaans in besonderhede bespreek. Die bespreking sien telkens ongeveer soos volg daaruit. 'n Betekeniselement word uitgelig deur middel van voorbeeldsinne. Daarna volg 'n samevattende raamwerk in tabelvorm. Dit dien uitdruklik hier vermeld te word dat heelwat van die identifiserende beskrywing van die betekeniselemente sirkulêr van aard is. Een kognisiewerkwoord word dus gebruik om 'n ander te bepaal. Hierdie sirkulariteit kan toegeskryf word aan die feit dat die betrokke werkwoorde uiters basies is, en omdat denke in terme van denke beskryf word. Hierdie sirkulariteit is onvermydelik in hierdie studie.

4.2.1 'n Leksikale analise van die kognisiewerkwoord *dink*

Om die verstand te gebruik

- (1) Sy het mooi **gedink** voordat sy geantwoord het.
- (2) Wag 'n oomblik – ek is besig om te **dink**.

- (3) *Ek kan nie aan iets **dink** wat ons by die huis vergeet het nie.*
- (4) *Sy het baie mooi **gedink** voordat sy die nuwe werksaanbod aanvaar het.*
- (5) *Hy **dink** diep.*

Om 'n opinie te hê

- (6) *Ek **dink** dat jy onregverdig was.*
- (7) *Die resessie het langer geduur as wat die ekonome **gedink** het.*
- (8) *Het jy eerlikwaar **gedink** ek sou so 'n dom ding doen?*
- (9) *Wat **dink** jy van jou nuwe skool?*
- (10) *Ek **dink** dis beter om eers te bel.*
- (11) *Ons moet daaraan **dink** hoe ons koste kan bespaar.*

Onthou

- (12) *Hy probeer **dink** waar hy haar vantevore gesien het.*
- (13) *Ek kan nie **dink** waar ek die sleutels neergesit het nie.*

Hier onder volg 'n kategorisering van **dink aan iets as**. Die volgende kategorieë is waargeneem: VERSTAAN as, BEOORDEEL as, VOORSTEL as, TIPEER as en DEFINIEER as. Voorbeeldsinne volg direk daarna.

'n Analise van DINK AAN IETS (+AS) op basiese vlak sowel as op subordinaatvlak

VERSTAAN (as)	BEOORDEEL (as)	VOORSTEL (as)	TIPEER (as)	DEFINIEER (as)
interpreteer (as)	ag (as)	beskryf (as)	kategoriseer (as)	benoem (as)
vertolk (as)	diagnoseer (as)	skets (as)	etiketteer (as)	verwys (daarna as)
opvat (as)	takseer (as)	kleur / skilder (as)	kies (as)	uitlê (as)
waarneem (as)	oordeel (as)	verteenwoordig (as)	herken (as)	definieer (as)
verstaan (as)	beoordeel (as)	voorstel (as)	erken (as)	
ervaar (as)		bedoel (as)	bestempel (as)	
		noem (as)	tipeer (as)	
sien (as)	sien (as)	sien (as)	sien (as)	sien (as)

Tabel 4.3: DINK aan iets (+ as)

Opmerking: Dieselfde leksikale beskrywing geld vir SIEN (+as). Daarom kom dit in al bogenoemde leksikale omgewings voor. SIEN blyk dus semanties-algemeen te wees soos 'n superordinaat.

Voorbeeldsinne van die lekseme wat in die voorgaande tabel vermeld is, volg hier onder:

VERSTAAN as

- (14) *In Argentinië kan handgebare wat ons hier goed bedoel **as** 'n belediging **geïnterpreteer** word.*
- (15) *Sy het haar baas se tikkie op haar skouer verkeerdelik **as** seksuele teistering **vertolk**.*
- (16) *Jy het my lesing **as** pro-feministies **opgevat**, maar*
- (17) *Indien 'n ronde objek op 'n sekere manier gehou word, kan dit **as** 'n sfeer **waargeneem** word.*

(18) *Die GP het my versoek om my seuntjie na 'n spesialis te verwys **as** 'n mosie van wantroue **ervaar**.*

BEOORDEEL as

(19) *Die dokter het hierdie moesietjie aanvanklik **as** iets onbenulligs **geag**, maar later het dit geblyk dat dit kwaadaardig was.*

(20) *Die psigiater het hom **as** 'n psigopaat **gediagnoseer**.*

(21) *Sommige akademici het aanvanklik vir Van Wyk Louw **as** 'minder geskik' vir die Leerstoel in Afrikaans aan die Amsterdamse Universiteit **getakseer**.*

(22) *'Inteendeel' van André Brink is deur kritici **as** die beste skelmroman in Afrikaans **beoordeel**.*

VOORSTEL as

(23) *Sy **beskryf** haarself **as** 'n ekstrovert met 'n verdraaide sin vir humor.*

(24) *Hierdie was maar net 'n kort **skets** van Jan Smuts **as** staatsman.*

(25) *Hy **kleur/skilder** die stand van ons ekonomie **as** 'gesond', terwyl ons in werklikheid besig is om 'n ernstige resessie tegemoet te gaan.*

(26) *Abstrakte kwessies kan deur middel van konkrete modelle **as** meer verstaanbaar **verteenwoordig** word.*

(27) *Brink se politieke romans het apartheid **as** onmenslik **voorgestel**.*

(28) *Hy **bedoel** dit **as** 'n kompliment.*

(29) Hy **noem** dit **as** 'n voorbeeld.

(30) Hy **noem** dit **as** een van vele voorbeelde waarin Eugene Marais se swartgalligheid bespeur kan word.

TIPEER as

(31) Walvisse kan **as** soogdiere **getipeer** word.

(32) Sommige Junior Springbokke hou nie daarvan om as 'bababokkies' **geëtiketteer** te word nie.

(33) **Kies** tydens die skryf van vraestelle dit wat eerste in jou gedagtes opkom **as** die beste opsie.

(34) Ek het hom dadelik **herken as** die inbreker wat die pistool op my gerig het.

(35) Hy word **erken as** 'n deskundige op die gebied van die kernfisika.

(36) Hy **bestempel** die reëling **as** 'n teenmaatreël.

(37) 'n Mens kan hulle **as** getroue kerkgangers **tipeer**.

DEFINIEER as

(38) 'n Molekule kan **benoem** word **as** die kleinste deeltjie waarin 'n stof verdeel kan word sonder om die skeikundige samestelling te verbreek.

(39) Die sondagskoolonderwyseres het 'sonde' vir die seuntjie probeer **uitlê as** 'iets wat mense doen waarvan God nie hou nie'.

- (40) *Radioaktiwiteit kan **gedefinieer** word **as** die eienskap van sommige elemente om spontaan alfa- of betastrale uit te stuur deur die disintegrasië van kernatome.*

Versigtig, noukeurig dink		Om die verstand te gebruik	Dink
Denkend besig-wees			
Om iets versigtig te oorweeg			
Om iemand te {beoordeel } {oordeel }		Om 'n opinie te hê	
Om jou te beroep op die denke van kundiges			
As poging om veral 'n persoon te onthou	Lang-termy n	Onthou	
As poging om te onthou waar jy 'n kort tydjie gelede iets neergesit het	Kort-termy n		
Verstaan as		Dink aan iets AS	
Beoordeel as			
Voorstel as			
Tipeer as			
Definieer as			

Tabel 4.4: Kategorisering van *dink* volgens leksikale velde

Dink is die kognisiewerkwoord wat die *aktiefste van al die mentale werkwoorde kan optree*. Die feit dat denke 'n proses is, maak 'n werkwoord soos *dink* byna onontbeerlik. Die aktiewe aard van *dink* blyk nie net uit die leksikale definisie daarvan waarin aspekte soos "ordeningsproses", "verstand gebruik of laat werk" en "geestesarbeid verrig" nie, maar ook uit die aard van samestellings waarin **dink** as 'n lid optree. In dié verband kan *dink* met *weet* (wat 'n passiewe staat konnoteer) vergelyk word. Die ongrammatikaliteit van *weet*-samestellings ondersteep die feit dat *weet* passief is in vergelyking met die aktiewe *dink*.

dinkaktiwiteit	x	*weetaktwiteit
dinkarbeid	x	*weetarbeid
dinkdaad	x	*weetdaad
denkdwaling	x	*weetdwaling
denkfout	x	*weetfout
dinkhandeling	x	*weethandeling
dinkkrag	x	*weetkrag
denkmetode	x	*weetmetode
denkoefening	x	*weetoefening
denkproses	x	*weetproses
dinkwerk	x	*weetwerk
denkrigting	x	*weetrigting

Voorbeeldgevalle van die (relatief) aktiewe (dus, nie-statiewe) gebruik van *dink*, blyk uit (41), (42), (43) en (44).

(41) *Hy is 'n mens wat **helder** kan **dink**.*

(42) *Hy is 'n man wat **diep** **dink**.*

(43) *Kinders **dink** nie **logies** nie.*

(44) *Hy **dink*** $\left\{ \begin{array}{l} \textit{skerp} \\ \textit{eensydig} \\ \textit{subjektief} \\ \textit{objektief} \\ \textit{oppervlakkig} \end{array} \right\}$

Dink versus *glo* sover dit die akkommodering van adjunkte betref:

helder	dink	x	*glo
eerlik	dink	x	glo
krities	dink	x	?glo
onbevange	dink	x	glo

analities	dink	x	*glo
streng	dink	x	?glo
omvattend	dink	x	*glo
skerp onderskeidend	dink	x	*glo
oorwegend	dink	x	*glo
begrypend	dink	x	*glo
saaklik	dink	x	*glo
waarheidsoekend	dink	x	*glo
skerper	dink	x	*glo
skerp	dink	x	*glo

4.2.2 'n Leksikale analise van die kognisiewerkwoord *ken*

Wyses waarop iemand geken kan word

- (45) *Ek ken hom* { *persoonlik*
intiem
goed/sleg
al lank
van toeka se dae af }

Uit (45) kan ons aflei dat *ken* geredelik adjunkte van wyse (en tyd) akkommodeer.

Aspek(te) van persone wat geken word

- (46) *Ek ken hom as* { *'n Christen*
'n goeie werker
'n lafaard
'n gierigaard }

Uit (46) blyk dit dat 'n mens slegs 'n sekere aspek (of soms meer as een) van 'n ander persoon hoef te ken. Adjunkte van hoedanigheid word dus geredelik deur *ken* geakkommodeer.

Dieselfde beginsel blyk uit (47).

(47) *Ons **ken** hom as deeglik en betroubaar, maar ook as iemand met 'n vreeslike humeur.*

Kommunikatiewe aspekte betreffende persone

'n Verdere konnotasie van *ken* laat blyk die behoefte by die mens dat andere hom/haar/hulle moet raadpleeg, en oor 'n saak moet kommunikeer. Sien (48) en (49).

(48) *Ouers wil graag **geken** wees in belangrike besluite wat hulle kinders raak.*

(49) *Sy **ken** hom selde in enige plan van hul huislike lewe.*

Persone: assosiëring

Die *kén* van persone laat blyk ook die verskynsel van assosiasie of disassosiasie. Sien (50) en (51).

(50) *Sy ryk broer wil hom nie meer **ken** nie.*

(51) *As sy eie belange op die spel is, **ken** hy niemand.*

Abstrakte dinge: toestande

Kyk ons na (52), merk ons dat die lekseem 'waarde' sowel as die genoemde state (toestande) of eienskappe (relatief) abstrak is:

(52) *Ek **ken** die **waarde** van* $\left. \begin{array}{l} \text{vriendskap} \\ \text{gesondheid} \\ \text{beginselvastheid} \\ \text{godsdienst} \end{array} \right\}$

Dat abstrakte sake (soos armoede, lyding, ens.) as voorwerpe van die hoofwerkwoord **ken** kan optree, word in (53) aangetref:

(53) *Ek **ken*** { *armoede*
lyding
siekte
leed
teenspoed }

Abstrakte dinge: emosie

Ook abstrakte emosionele substantiewe kan as voorwerpe van die hoofwerkwoord **ken** optree. Sien (54) , (55) en (56).

(54) *Ek **ken*** { *geluk*
vreugde
vrede
hartseer
droefheid
terneergedruktheid }

(55) *'n Mens **ken** nie jou **geluk** voordat die ongeluk jou tref nie.*

(56) *Hulle **ken** geen* { *kommer*
sorge
hartseer } *nie.*

Konkrete sake: nie uit kop geleer

Kyk ons na (57) en (58), blyk dit dat die mens se ervaring van dinge óm hom ook deel van sy kennis word.

(57) *Hy ken* { *die natuurlewe*
die wêreld
die land
die bevolking }

(58) *Hy ken* { *seekosse*
wyn
perde
skilderkuns }

Deur (59) word daar ook aangetoon dat jy iets **ken** wat jy **geleer** het – in baie gevalle uit jou kop:

Konkrete sake: uit kop geleer

(59) *Hy ken* { *die gedig*
'n ambag
'n vak
die alfabet }

Ken 'n vaardigheid

Die mens is ook in staat om konkrete vaardighede aan te leer – en dit dan te **ken**. In (60) en (61) geld dit ten opsigte van sport:

(60) *As ons die All Blacks wil wen, sal ons ons skrumwerk moet **ken**.*

(61) *Om so 'n strafskop in punte om te skep, moet 'n man jou skop **ken**.*

(62) *Die cowboy moes sy keer **ken** en is genadeloos tot op die stoep teruggedryf.*

'n Verskynsel wat veral in die Afrikaanse spreektaal aangetref word, is dié wanneer daar bedoel word dat iemand oor 'n sekere soort (besondere) vaardigheid beskik:

(63) *As jy hom wil wen, **sal jy jou storie moet ken.***

(64) *As jy hom oor politiek wil aanvat, **sal jy jou storie moet ken.***

(65) *As jy in 'n vuisgeveg met hom betrokke raak, **sal jy jou storie moet ken.***

- **Ken en 'hedges' (= afkamping)**

Ken is 'n werkwoord wat die spesifisering van sekere aspekte van die te kenne voorwerp kan konnoteer. Daarom word daar maklik van afkamping ('hedges') in die talige omgewing van **ken** gebruik gemaak. Vgl. (66) en (67).

(66) { *Sover ek hom **ken*** }, *is hy betroubaar.*

(67) *Ek **ken** hom, { maar net in soverre ek weet waar hy woon }.*

Baie nou verwant aan afkamping is die spesifiseringsverskynsel wat deur **as** moontlik gemaak word. Vergelyk (68); of deur **slegs** in (69).

(68) *Ek **ken** hom **as sakeman**, nie **as sportman** nie.*

(69) *Ek **ken** hom **slegs** in sy amptelike hoedanigheid. Hoe 'n soort gesinsman hy is, weet ek glad nie.*

Ken										
Persone				Dinge						
w y s e	a s p e k	a s s o s i a s i e	k o m m u n i k a s i e	Abstrak		Konkreet				
				t o e s t a n d	e m o s i e	n i e u i t k o p g e l e e r	u i t k o p g e l e e r	Vaardigheid		
								sport	baklei	storie i d i o s i n k r a t i e s
Afkamping										

Tabel 4.5: Kategorisering van *ken* volgens leksikale velde

4.2.3 'n Leksikale analise van die kognisiewerkwoord *weet*

Inligting hê/het

- (70) *Het jy nie **geweet** dat Dirk medies studeer nie?*
- (71) ***Weet** jy miskien waar die toilette is?*
- (72) *Ek moet meer van die saak **weet** voordat ek 'n besluit kan neem.*
- (73) *Ek wonder of hy van die korrupsie in die departement **geweet** het.*
- (74) *Ek **weet** niks van Geologie af nie!*
- (75) *Ons **weet** dat fabriek se uitlaatgasse die klimaat kan beïnvloed.*
- (76) *Ek het gedog jy wou dadelik **weet**.*
- (77) *Hy het uit die huis geglip sonder dat sy ouers daarvan **geweet** het.*
- (78) *Ons **weet** dat rook die risiko van longkanker verhoog.*

Seker wees

- (79) Ek **weet** ek sal nie die werk kry nie.
- (80) Ek **weet** nog nie of ek Saterdag sal kom rugby-kyk nie.
- (81) Ek het **geweet** hy sou depressief raak as hy heel naweek in die huis rondsit.
- (82) Hoe **weet** jy hy sal dit nie dalk weer doen nie?
- (83) My oupa dink dat die aarde plat is, maar ek **weet** dis rond.

Besef / "Realize"

- (84) Sy het skielik { **geweet**
besef } dat daar groot fout was.
- (85) Ek het nie { **geweet**
besef } dat dit so moeilik sou wees nie.
- (86) Ek **weet** presies hoe jy voel.

Vaardigheid/Ondervinding

- (87) **Weet** jy hoe om 'n gloeilamp te vervang?
- (88) My vriend **weet** baie van antieke meubels (af).
- (89) Bettie **weet** niks van rugby (af) nie.
- (90) Politici **weet** alles van die mag van taal af.
- (91) Hy **weet** waarvan hy praat.
- (92) Sy **weet** uit ervaring dat eksamens haar senuweeagtig maak.

Moderne mense is bewus van bepaalde feite		Oor inligting beskik	Weet
Kennis hê van waar 'n sekere winkel is			
Kennis oor 'n vakgebied hê			
Baie seker wees van feite		Baie seker wees van die feite	
Sekerheid oor toekomstige gebeure			
Bevestiging van dinge wat in die verlede gebeur het			
Skielike verrassende/verbysterende inligting	Skuelike verrassende inligting	Besef	
Nuwe inligting wat teenstrydig is met wat jy te wagte was			
Indien wete baie gespesialiseerd raak, gebruik ons eerder 'besef' as 'weet'	Gespe-sifiseerde wete		
Om op 'n gevoelsmatige manier te weet	Empatie-wekkende wete		
Om op 'n gevoelsvlak jou simpatie/empatie te toon			
Tegniese en handvaardigheid		Vaardigheid	
Wete kom in gedrang wanneer mense (soos politici) jou wil mislei deur middel van hulle taalvaardigheid			
Kennis dra van 'n bepaalde belangstellingsveld		Ondervinding	
Kennis dra van een of ander sportsoort			
Aanvoeling vir wanneer iemand die waarheid praat			
Diepe kennis, opgebou uit lewenservaring			

Tabel 4.6: Kategorisering van weet volgens leksikale velde

4.2.4 'n Leksikale analise van die kognisiewerkwoord *verstaan*

Begryp

- (93) *Hy het **verstaan** wat jy gesê het.*
- (94) *Hy het die woordspeling **verstaan**.*
- (95) *Sy **verstaan** somme maklik.*
- (96) *Sy **verstaan** Macbeth goed.*

Oor die weg kom met mense

- (97) *Sy **verstaan** hoe om met kleintjies te werk.*
- (98) *Jan is ook die enigste wat Sannie **verstaan**.*
- (99) *Dis pragtig om te sien hoe vader en seun mekaar **verstaan**.*

Vermoë om verbaal skerpsinnig te wees	Verbaal	Begryp	Verstaan
Vermoë om op akademiese gebied (verbaal en nie-verbaal) gou te snap	Akademies		
Iets wat nie in soveel woorde gesê is nie te snap	Tussen die reëls kan lees		
Vaardigheid om byvoorbeeld met kinders oor die weg te kom	'n Vaardigheid	Met mense oor die weg kom	
Om die insig te hê om met mense (selfs moeilike mense!) oor die weg te kom	Mense kennis		
Wedersydse { begrip verstandhouding } tussen mense byvoorbeeld gesinslede	Harmonie in die gesin		

Tabel 4.7: Kategorisering van *verstaan* volgens leksikale velde

4.2.5 Enkele sintakties-semantiese elemente van nie-metaforiese kognisiewerkwoorde

- **Aktiwiteit versus statiwiteit**

D'Andrade (1987:115) onderskei onder meer persepsie-kognisiewerkwoorde soos *sien* (Eng. 'see') wat volgens hom (1987:115) statief is, en *kyk* (Eng. 'look') wat volgens hom 'n proseswerkwoord (en dus *aktief*) is. Verder onderskei hy (1987:115) ook kennis-kognisiewerkwoorde soos *weet* (Eng. 'know') wat volgens hom (1987:115) statief is, en *dink* (Eng. 'think') asook *redeneer* (Eng. 'reason') wat volgens hom 'n proseswerkwoord (en dus aktief is). Die Afrikaanse terme 'statief' en 'statiwiteit' word in aansluiting by Botha (1975) gebruik wat weer aansluit by Lyons (1968) se 'stative'.

Ten aanvang vergelyk ek *weet* en *dink*. Dit wil voorkom asof *dink* wat statiwiteit/aktiwiteit betref kan wissel. Hoewel *dink* in sommige gebruiksevalle statief is, is dit nie uiters statief soos *weet* in (101) (b) nie. Dié waarneming stem ooreen met Hendrikse (1996:85) se bevinding dat werkwoorde grade van statiwiteit/aktiwiteit kan vertoon. Kyk (100) (a) en (100) (b).

<i>Weet versus dink</i>

- (100)(a) *Ek **weet** dat die aarde rond is,*
(b) *maar my oupa **dink** dat dit plat is.*

Die relatiewe statiwiteit van *dink* in (b), blyk uit die ongrammatikaliteit van (100)(c):

- (c) **My oupa **dink** dat die aarde plat is en my oupagrootjie **doen** dit ook.*

Daar bestaan egter ander poliseme van *dink* wat uitwys dat dit ook aktiwiteit kan laat blyk. Wanneer poliseme van *dink* gebruik word om 'n proses aan te dui, dui dit op aktiwiteit. Vandaar die grammatikaliteit van (101)(a) teenoor die ongrammatikaliteit van (101)(b).

- (101)(a) *Wag 'n oomblik – ek is besig om te **dink**.*

(b) *Wag 'n oomblik – ek is besig om te **weet**.

Dit wil dus voorkom asof *dink* in teenstelling met *weet* geredelik nie-statief kan optree. Dit gebeur ook in sinskontekste waar die *dink*-handeling in 'n rigting wég van die agens plaasvind. Vergelyk (102), (103) en (104).

(102) *Jannie dink **stap vir stap** totdat hy by die oplossing van die probleem uitkom.*

(103) *Van Wyk Louw dink **in die rigting van** 'n gedesentreerde subjektiwiteit.*

(104) *Die menslike denke is van so 'n aard dat hy tot by 'n grens kan **dink**.*

Dink tree óók (effens) nie-statief op in sinskontekste waar die *dink*-handeling in die rigting van die agens voltrek word. Vergelyk die parafrases van (105) (a) en (106) (a) naamlik (105) (b) en (106) (b) waarin daar 'n onderliggende KRY geëksplisiteer word.

(105)(a) *Ek **dink** dat jy onregverdig is.*

(b) *Ek **kry** die indruk dat jy onregverdig is.*

(106)(a) *Wat **dink** jy van jou nuwe skool?*

(b) *Wat is die indruk wat jy **kry** van jou nuwe skool?*

• **Sekerheidsgraad**

Mense verskil soms heftig van mekaar oor bepaalde sake. Soms stem hulle weer (in 'n mate) saam. In Standaardafrikaanse diskoers moet daar dus lekseme gebruik word wat die graad van hoe seker jy van 'n bepaalde saak (dus, proposisie) is, kan uitdruk.

Dis veral die sintaktiese konstruksie

subjek **V** $\left\{ \begin{array}{l} \text{dat} \\ \text{of} \end{array} \right\}$ objeksin

wat kognisiewerkwoorde wat sekerheidsgraad uitdruk, akkommodeer. In aansluiting by Lehrer (1974:131) sou (a) sterk sekerheid, (b) taamlike sekerheid en (c) min sekerheid

soos volg weergegee kon word. (Tog bestaan daar ook baie kognisiewerkwoorde wat met *dat* verbind wat 'min sekerheid' konnoteer.)

(107) *Ek* $\left\{ \begin{array}{l} \text{(a) } \textit{weet} \\ \text{(b) } \textit{glo} \end{array} \right\} \textit{dat die aarde rond is.}$

(108) *Ek* $\left\{ \text{(c) } \textit{twyfel} \right\} \textit{of die aarde rond is.}$

Op soortgelyke wyse blyk dit uit (109) dat (a) sterk sekerheid konnoteer, (b) 'n mate van sekerheid, en dat (c) streng beskou, 'n vergissing is.

(109) *Jannie* $\left(\begin{array}{l} \text{(a) } \left\{ \begin{array}{l} \textit{weet} \\ \textit{dink} \end{array} \right\} \\ \text{(b) } \left\{ \begin{array}{l} \textit{dink} \end{array} \right\} \end{array} \right) \textit{dat Piet in die saal is.}$

(110) *Jannie* (c) $\left\{ \textit{dink} \right\} \textit{dat Piet in die saal is, maar ek } \left\{ \textit{weet} \right\} \textit{dat dit nie die geval is nie.}$

Aannames, veronderstellings en postulasies druk ook matige onsekerheid tot selfs redelike sterk onsekerheid uit. Kyk na (111).

(111) *Sekere wetenskaplikes* $\left(\begin{array}{l} \textit{neem aan} \\ \textit{veronderstel} \\ \textit{postuleer} \\ \textit{voorveronderstel} \end{array} \right) \textit{dat die menslike liggaam sy denke beïnvloed.}$

Na aanleiding van ons uiteensetting tot dusver kan ons die kwessie van sekerheid (vgl. Leher 1974:143) grafies deur middel van Figuur 4.2 voorstel, soos verwerk uit Lehrer (1974:143) deur Botha (1980) en hier verder uitgebrei.

S E K E R	← glo →		O N S E K E R
	Weet	Postuleer aanneem veronderstel Poneer aanvaar skat vooronderstel voorveronderstel	

Figuur 4.2: 'n Voorstelling van sekerheidsgraad betreffende kognisiewerkwoorde

Vervolgens maak ek melding van nog voorbeelde van (nie-metaforiese) kognisiewerkwoorde in (112) en (113) om die kwessie van sekerheidsgraad verder aan te toon.

(112) Ek { *dink*
reken
glo
veronderstel
wil my verbeel } dat Marie gaaf is/was.

In (112) is daar sprake van relatiewe sekerheid. Dit wil sê die spreker kan hom nie heeltemal met die stelligheid van die komplementsin verbind nie.

(113) Ek { *weet*
verstaan
besef
erken
onthou
vergeet (toe wraggies) } dat Jan eerlik is/was.

In (113) is die spreker bereid om hom heeltemal met die stelligheid van die komplementsin te verbind.

- **Sekerheid en feitelikheid**

Botha (1980:172 e.v.) tref 'n drieledige onderskeid in verband met die begrip 'feitelikheid', naamlik universele feitelikheid, objektiewe feitelikheid, en subjektiewe oordele. Universele feitelikheid word uitgedruk deur uitings (stellings) wat feitelik (waar) is vir alle plekke en tye. (Vgl. (114) en (115).)

(114) *Die algemene formule vir 'n parabool is $y = ax^2 + bx + c$*

(115) *Die aarde wentel om die son.*

Omdat (114) en (115) universeel **waar** (en dus) feitelik is, volg dit logies dat hulle nie ontken kan word nie. Daarom is (116) en (117) epistemologies anomaal.

(116) *Die algemene formule vir 'n parabool is nie $y = ax^2 + bx + c$ nie.*

(117) *Die aarde wentel nie om die son nie.*

Objektiewe feitelikheid is volgens Botha (1980:173) van so 'n aard dat die ontkenningsvorm daarvan nie noodwendig die waarheid geweld aandoen nie. As dit op 'n bepaalde plek reën kan so 'n toedrag verwoord word deur (118).

(118) *Dit reën nou hier.*

Indien dit nie op die tyd en plek van die taaluiting reën nie is (119) wel feitelik (waar) en ook glad nie epistemologies anomaal nie.

(119) *Dit reën nie nou hier nie.*

Dit is veral die kwessie van subjektiewe oordele wat vir hierdie studie van belang is omdat die kognisiewerkwoord hier 'n rol kan speel. 'n Toedrag van sake hoef tydens die uiting van subjektiewe oordele nie universeel waar te wees nie, en dit hoef ook ewemin objektief waar te wees. Wat hier gebeur is dat 'n spreker 'n bewering wat vir hóm waar is (maar wat in werklikheid onsin mag wees), as 'n feit uitdruk. (Vgl. (120), (121) en (122).)

- (120) *Claerhout se kuns is gemors.*
- (121) *Die ontbinding van die Skerpioene is kommerwekkend.*
- (122) (a) *Die gaste het al gekom.*
 (b) *Ek **weet** die gaste het al gekom.*
 (c) *Ek **beseft** die gaste het al gekom.*

Indien die spreker, wat (122(a)) kwytraak, daarvan oortuig is dat 'die gaste al gekom het', verbind hy hom aan die stelligheid van (122(a)) deur van feitelike kognisiewerkwoorde soos, (**weet** en **beseft**) gebruik te maak. (Vgl (b) en (c).)

Indien die spreker nie heeltemal seker is of die gaste al gekom het nie, maar dit as 'n moontlikheid beskou, verbind hy hom met 'n nie-feitelike kognisiewerkwoord aan die stelligheid van die komplementsin. (Vgl (123).)

- (123) *Ek* $\left\{ \begin{array}{l} \textit{vermoed} \\ \textit{veronderstel} \\ \textit{raai} \end{array} \right\}$ *die gaste het al gekom.*

Die spreker se *vermoede* (*veronderstelling*, *raaiskoot*) is vir hóm so. Wat die objektiewe werklikheid is, word nie hier gekonstateer nie.

Die sintaktiese verbindingsmoontlikhede (= valensie) van nie-metaforiese kognisiewerkwoorde met beskrywende adjunkte is 'n verdere tema wat meer lig op veral die relatiewe statiwiteit van die woorde sou kan werp, maar word nie hier verder bespreek nie.

Uit ons ondersoek tot dusver van die nie-metaforiese kognisiewerkwoorde wil dit voorkom asof hulle, hoewel sterk gekonvensionaliseer, bepaald funksies verrig betreffende die uitdrukking van kognitiewe state en aktiwiteite. *Dink* is verreweg die veelsydigste van hierdie tipe werkwoorde omdat dit nie-statief sowel as statief kan

optree. Wat die nie-statiewe optrede daarvan betref, blyk dit transitief te wees, en retrotransitief rakende 'n subtieler nie-statiewe funksie daarvan. Voorts kan *dink* 'n mentale staat konnoteer by die ekstreem-statiewe gebruik daarvan. Transiwiteit word hier in 'n semantiese verband vermeld en moet nie noodwendig streng sintakties verstaan word nie.

Dit moet ook gestel word dat dié tipe kognisiewerkwoorde 'n hele spektrum grade van sekerheid/onsekerheid kan laat blyk. Volgens my is dit byna noodsaaklik vir 'n behoorlike kognitiewe posisionering van die individu. Hierbenewens kan veral die nie-statiewe gebruiksgevalle van veral *dink* en *ken* op subordinaatvlak morfologies verder uitboubaar sodat dit betekenisspesifisering in die hand werk. En dit is tog baie tipies van kognisie om haarfyn te spesifiseer (en ook terselfdertyd) te eksplisiteer.

Hierdie tipe kognisiewerkwoord dra op die keper beskou, by tot denkordening, denkstoring (= die denkstate), meningsvorming (die proses én die produk) en standpuntinname.

4.2.6 'n Gevolgtrekking in verband met nie-metaforiese kognisiewerkwoorde

Die nie-metaforiese kognisiewerkwoorde het almal KRY/HET as betekeniskorrelaat of betekenisement. Dit hou implikasies in vir die twee metaforiese domeine. KRY/HET het iets met (fisiese) *vat* en *voel* te doen, en dit hou verband met *manipulasie*. Op sy beurt hou *visie* weer verband met *manipulasie*, want dit is onder meer *perspektief / helderheid / insig* ens. wat geKRY word. Die persoon beskik dan daarvoor, dit wil sê hy HET dit. Dit wil dus voorkom asof die talige uitdrukking van kognisie 'n komplekse verskynsel is waarin die nie-metaforiese en die twee metaforiese kognisiesisteme subtiel verweef blyk te wees. Selfs GEE kan hierby betrek word omdat dit in baie gevalle deur KRY geïmpliseer word.


Indien ons die manipulasiewerkwoorde KRY, HET en GEE op 'n bepaalde manier konfigureer, is dit moontlik om byna al die basiese nie-metaforiese kognisiewerkwoorde binne 'n skema in te pas. Dit lyk dus moeilik om die metaforiese elemente te ontduik. Eers gee ek die argetipiese voorbeeldsinne, en daarna volg die skema.

- 1 Ek **kry** insig
begryp/verstaan
- 2 Ek **het** nou insig
weet/besef iets
- 3 Ek **gee** (nou) dié insig aan ander persone, en nou
kry hulle daardie insig.
Inligting/onderrig → = begryp/verstaan
- 4 Hulle **kry** insig
begryp/verstaan

Dit kan egter gebeur dat my geheue my in die steek laat en ek daardie inligting (onopsetlik) **weggee**, dit wil sê (5) vind plaas.

- 5 Ek **het dit nie meer nie / verloor**
= vergeet

Skematies funksioneer ons kognisiewerkwoorde dus soos volg (Figuur 4.4):



Figuur 4.3 : Die basiese kognisieproseses, soos talig aangetoon in Afrikaans

Uiteindelik kan daar met die stelling vorendag gekom word dat álle kognisiewerkwoorde metafories van aard is. Sommige is net meer gekonvensionaliseerd en dieper ingegrave in die taal.

Die funksionering van ons nie-metaforiese kognisiewerkwoorde is in werklikheid ook maar metafories. *Kry/het* is konkreet; en dus word die brein as houer gesien, met idees en gedagtes as konkrete objekte wat jy kry, het of weggee. Hierdie kwessie is van groot belang en sal verder aan in hierdie studie nog meer uitgediep word.

Die bevinding dat KRY, HET en GEE wesenlik manipulasiewerkwoorde is, hou implikasies in vir albei tipes metaforiese kognisiewerkwoorde wat vervolgens van nader beskou word.

4.3 Afsluiting

In hierdie hoofstuk is leksikale velde as begripsvelde onder die loep geneem. Tydens die eksplisitering hiervan het dit reeds duidelik geword dat die betekeniselemente *kry* (en by implikasie *gee*) asook *het* in samehang met kognisiewerkwoorde figureer. Verder is daar melding gemaak van die aard van die korpus wat in hierdie studie ondersoek word. Die werkswyse wat gevolg is, is ook uiteengesit. Die nie-metaforiese kognisiewerkwoorde wat ondersoek is, is *dink*, *verstaan*, *ken* en *weet*. Benewens 'n leksikale beskrywing is verskeie linguistiese strategieë ingespan om die inherente semantiese aard van dié werkwoorde bloot te lê. In die volgende hoofstuk sal die metaforiese kognisiewerkwoorde ondersoek word.


Hoofstuk 5

Metaforiese kognisiewerkwoorde

In hierdie hoofstuk gaan ek probeer aantoon dat, afgesien van die nie-metaforiese kognisiewerkwoorde soos *weet*, *dink*, *ken* en *verstaan* daar ook metaforiese kognisiewerkwoorde in Afrikaans bestaan. Visuele werkwoorde soos *kyk*, *sien* en *raaksien*, asook manipulasiewerkwoorde soos *vorm*, *gryp* en *voel* kan metafories as kognisiewerkwoorde funksioneer. In die volgende afdelings word die metaforiese kognisiewerkwoorde in Afrikaans in besonderhede bespreek. Kognisiewerkwoorde wat op visuele persepsie berus, word eers bespreek en daarna kognisiewerkwoorde wat op manipulasie berus. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat manipulasie in hierdie tesis verwys na 'n fisiese handhandeling (soos *gryp*) en nie na die metaforiese denkmanipulering wat tipies in die massamedia voorkom nie. Die soeke na 'n geskikte term op die metavlak dui juis op die verweefdheid en metaforiese aard van ons denke oor kognisie.

5.1 Kognisie deur middel van visuele werkwoorde


Indien kognisie deur visuele werkwoorde uitgedruk word of ook deur visuele deverbatiweword substantiewe of selfs deur verwante lekseme (werkwoordelik of naamwoordelik) moet daar rekening met 'n mate van gekompliseerdheid gehou word. Daar bestaan byvoorbeeld aspekte rakende die waarnemer wat die visuele beeld kan beïnvloed. Verder bestaan daar aspekte betreffende die waargenome saak wat óók die aanskyn van die visuele beeld kan affekteer. Wat voorts maklik negeer kan word is dat daar ook 'n kousale relasie tussen die waarnemer en die waargenome saak bestaan. Daarbenewens word medewaarnemers, byvoorbeeld skoolkinders, in 'n didaktiese situasie betrek by die relasionele opset. Die hele gekompliseerde kwessie word in Figuur 5.1 geïllustreer.



Figuur 5.1: 'n Studie van visuele en visueel-verwante metafore

Erkenning word gegee aan Sjöström (1999) vir die breë riglyne wat hy verskaf vir 'n soortgelyke studie van Sweeds. Lakoff en Johnson (1999) is egter in 'n redelike mate hierby ingewerk. Die voorbeeldsinne kom meestal uit Van Rensburg (1975) of uit die HAT of is my eie skeppings. Eie voorbeelde word meestal as 'n spieëlbeeld opgehou om die hoofvoorbeeld toe te lig.

5.1.2 Die relasie tussen waarnemer en waargenomene (A.)



(124) *Ek kan, na aanleiding van haar onnatuurlike gelaatskleur,* $\left. \begin{array}{l} \textit{sien} \\ \textit{*insien} \\ \textit{aflei} \end{array} \right\}$

dat sy kanker het.

Kyk in dié verband ook na (125), (126) en (127).

(125) *Jy kan, na aanleiding van die ou verbleikte truitjies,* $\left. \begin{array}{l} \mathbf{sien} \\ ?\mathbf{insien} \\ \mathbf{aflei} \end{array} \right\}$

dat daar armoede is.

(126) *Ek* $\left. \begin{array}{l} \mathbf{sien} \\ \mathbf{sien\ in} \\ \mathbf{besef} \end{array} \right\}$ *ná deeglike introspeksie dat ek verkeerd was.*

(127) *Ek* $\left. \begin{array}{l} \mathbf{sien} \\ \mathbf{verstaan} \\ \mathbf{verneem} \end{array} \right\}$ *uit jou brief dat jy nie so lief (soos voorheen) vir my is nie.*

Bosch (1999:4) beweer dat die visuele waarnemingswoord *sien* wat hier bo vermeld is in sommige opsigte sterk ooreenstem met woorde soos *teëkom*, *bevind* en *lees*. Kyk (128) – (131).

(128) *Ons* **sien** *dikwels in die geskiedenis dat die taalgebruik van 'n bepaalde groep sprekers tot norm verhef word (= kom ... teë).*

(129) *Ons* $\left. \begin{array}{l} \mathbf{sien} \\ \mathbf{neem\ waar} \\ \mathbf{bevind} \end{array} \right\}$ *dat ingrypende veranderings in Suid-Afrika plaasgevind het.*

(130) *Ek* $\left. \begin{array}{l} \mathbf{sien} \\ \mathbf{lees} \end{array} \right\}$ *in die koerant dat die Veiligheidspolisie buite hulle jurisdiksie opgetree het.*

(131) *Ons* $\left. \begin{array}{l} \mathbf{sien} \\ \mathbf{lees} \\ \mathbf{verstaan} \end{array} \right\}$ *uit die ondersoek dat sportonderrig op skool oordryf word.*

Die Van Rensburg-korpus laat blyk die volgende **sien-as** voorbeelde (wat ook die betekenselement 'verstaan' konnoteer).

Die werkswyse wat gevolg word, behels die verskaffing van kontekstueel-sinoniemiese lekseme.

(132) Ek **sien** *dié faktor as 'n sentrale moment in sy intellektuele houding.*
interpreteer
verstaan
beskou

(133) 'n Sisteem kan **gesien** *word as iets met 'n oop, soepel geaardheid.*
verstaan
geïnterpreteer

(134) Hy het tradisies **gesien** *as bewegings waarin talle kragte saamgetrek is.*
verstaan

(135) Hierdie oproep tot teoretiese denke kan 'n mens **sien** *as 'n ander*
aandui
identifiseer
tipeer

voorbeeld van hoe 'n vroeë gedagte in die loop van die tyd tot 'n latere aanleiding gegee het.

(136) Van Wyk Louw het volkspoësie nie **as** onwaardig **gesien** *nie.*
geag
beoordeel
getipeer

(137) Die **sien** *van koffiedrink as wyndrink het 'n nuwe konsep vir*
verstaan *koffiewinkels tot gevolg gehad.*

Uit ons ondersoek van *sien as*, word dit duidelik dat ons waarneming van konkrete sowel as van abstrakte sake subjektief gekleur word – soos wat ons (mentale) bril ook kan doen.

Hoewel daar soms 'n mate van semantiese ooreenstemming tussen *sien as* en *beskou as* bestaan, wil dit voorkom asof *beskou as* betekeniselemente soos 'oordeel' en 'beoordeel' bevat wat meestal by ***sien as*** ontbreek. Daarom is ***sien*** in (138) ongrammatikaal.

(138) Ek $\left\{ \begin{array}{l} *sien \\ beskou \\ oordeel \\ beoordeel \end{array} \right\}$ Claerhout se kuns **as** gemors.

Sien in *sien as* vertoon veel eerder semantiese elemente van 'verstaan', of voorstel'. Vandaar die ongrammatikaliteit van 'beskou' en 'beskouing' in (139).

(139) Die $\left\{ \begin{array}{l} ?beskouing \\ *beskou \\ sien \\ verstaan \\ voorstelling \end{array} \right\}$ van koffiedrink **as** wyndrink het 'n nuwe konsep vir koffiewinkels tot gevolg gehad.

Dit blyk ook dat *beskou as* ook die semantiese element 'glo' bevat. Vandaar die bevraagbaarheid van ***sien*** in (140).

(140) Ek $\left\{ \begin{array}{l} ?sien \\ beskou \\ glo \end{array} \right\}$ daardie stelling **as** (is) waar.

Verder blyk dit dat *sien as* heel tuis is op 'n semi-abstrakte vlak maar *beskou as*, geensins. Daarom – die ongrammatikaliteit van ***beskou*** in (141).

(141) Sommige kunstenaars $\left. \begin{array}{l} *beskou \\ sien \\ neem \dots waar \end{array} \right\}$ mense **as** strukture en kontoere.

Raaksien \longrightarrow **Verstaan/Begryp/Identifiseer/Tipeer**

(142) Die krag in Van Wyk Louw se werk is deur H.A. Mulder **raakgesien**
geïdentifiseer
opgemerk
na waarde geskat

(143) Louw het die plek en die rol van die nasionalisme in die lewe van die Afrikaner **raakgesien**
opgemerk
begryp
verstaan

(144) Hy het die nasionalisme as 'n universeel-werkende krag **raakgesien**
getipeer
geïdentifiseer

(145) Ek het gou **raakgesien** dat iets nie pluis was nie.
besef
agtergekom

(146) Wat jy bedoel, kan ek goed **raaksien**
snap
verstaan

(147) Die sielkundige het sy probleem gou **raakgesien**
geïdentifiseer
psigologies
waargeneem
gediagnoseer

Aktief sien (= kyk) —————> soek inligting / ondersoek iets

(148) *Vir die eerste keer word daar nou beredeneerd en wetenskaplik na die*

probleem

gekyk

aandag skenk

ondersoek

(149) *Faktore waarna*

gekyk

in aanmerking neem

moet word, is ...

(150) *Die kritikus sal **kyk** of die vertaler se verwagtinge geregverdig was.*
(= oordeel)

(151) *Ons sal tydens hierdie lesing na enkele teoretiese aspekte van die Kognitiewe Linguistiek **kyk**.* (= ondersoek)

(152) *Hierdie kwessie behoort nie simplisties opgevat te word nie: dit behoort deeglik van alle kante **bekyk** te word.* (= ondersoek)

(153) *Skoonma het my goed **deurgekyk**.* (= krities opsom/ondersoek)

(154) *Die werktuigkundige sal jou ou Volksie baie deeglik **deurkyk**.* (= meganies ondersoek)

(155) *Julle beter vinnig en deeglik verf. Ek kom more die huis van hoek tot kant **deurkyk**.* (= ondersoek, inspekteer)

(156) *Dit is soms vir die gelowige noodsaaklik om 'n bietjie na binne te **kyk**.*
(= selfondersoek)

(157) *Ek gaan vir oulaas **weer** na hierdie manuskrip **kyk** voordat ek dit vir die uitgewer stuur.* (= deeglik ondersoek)

- (158) *Tydens more se mondeling gaan professor De Klerk ons deeglik **deurkyk**. Ek hoop om darem, al is dit net-net, te slaag. (= krities evalueer)*

Miskyk/Vaskyk → **nie verstaan nie / onnodig aandag gee aan onbelangrike aspekte**

Wanneer daar *sleg gekyk* word, *misgekyk* of teen onbenullighede *vasgekyk* word, sal die kwaliteit en begrip van denke ook swak wees.

- (159) *Sekere dele in die bundel kon maklik*

misgekyk
misverstaan
ongesiens gelaat
geïgnoreer
genegeer
weggelaat

word.

- (160) *Hy gee voorbeelde van hoe die ouer Afrikaanse letterkunde die sosiaal-
ekonomiese faktor (...)*

misgekyk
misverstaan
geïgnoreer
negeer
weggelaat

het.

- (161) *Hierdie misvatting is die resultaat van oppervlakkig lees. Daar is*

vasgekyk
foutief waargeneem
foutief geoordeel

*teen die klinkende formulerings van die twee
eerste opstelbundels.*

Veral ten opsigte van abstrakte sake bly die waarnemer soms in gebreke om die essensie van 'n saak raak te sien. (Vgl. (162) en (163).)

- (162) *Jy bly maar **vaskyk** teen oppervlakkige aspekte van die gedig, wat geensins verband hou met die essensie daarvan nie.*
- (163) *Versigtig! Moenie jou **blindstaar** teen die kwessie van panteïsme in daardie gedig nie. Kyk eerder na (...)*

Die gedagte dat die essensie van 'n saak raakgesien moet word, word deur Yu (2003:151) ten opsigte van Chinees ondersteun:

Seeing clearly sometimes entails more than 'seeing' the appearance or surface 'clearly', i.e. seeing the essence or true nature clearly.

[Om helder te sien behels soms meer as die helder sien van die voorkoms of oppervlak. Om helder te sien behels dus eintlik die helder sien van die essensie of ware aard. (Vertaling deur A.J.G. Roux)]

Manier van sien —————> Manier van verstaan/aard van kennis
--

Sommige van die voorbeelde is deverbatiwe substantiewe. Die werkwoordelike posisie word dan ingeneem deur *het* wat 'n manipulasiewerkwoord is. Die verskynsel mag 'n aanduiding wees dat visuele lekseme en manipulasielekseme verweefd mag funksioneer. Tog kan *het* maklik in pararasies uitgeskakel word.

- (164) *Prof. X het 'n **omvattende oorsig** oor die Sintaksis. (= omvattende kennis)*
- (165) *Prof. Y het 'n **basiese oorsig** oor sintaktiese kwessies. Waarop hy egter 'n **diepgaande blik** het, is die Kognitiewe Semantiek. (= diepgaande kennis)*
- (166) *Ek beskik nie oor 'n dieptekennis van die TGG nie, maar **oorsigtelik** weet ek darem iets daarvan. (= oorsigtelike kennis)*
- (167) *Nie alle Teoloë het 'n **ernstige uitkyk** op die lewe nie. (= toonaard van lewensopvatting)*
- (168) *Sy het almal **verblind** deur haar skoonheid. (= verhoed begrip)*

- (169) *Hy het 'n **verstarde blik** op sy vakgebied. (= eng en bekrompe)*
- (170) *Jammer, maar hy het **geen insig** rakende jou dilemma nie. (= gebrek aan kennis)*
- (171) *Hy het 'n **eensydige siening** van 'n komplekse probleem. (= eensydige, ingeperkte kennis)*
- (172) *Betreffende filosofiese aangeleenthede het hy 'n **deurdringende visie**. (= skerp denkvermoë)*
- (173) *Hierdie probleem is uiters kompleks. Tog **lyk** dit vir my asof ons met die koppelwerkwoord moet begin. (= vermoedende kennis)*
- (174) *Die oplossing van die probleem lê buite my **visie**. (= kennisveld)*
- (175) *Dit is tog **opsigtelik** dat die student nie oor die nodige teoretiese agtergrond beskik nie. (= voor die hand liggende kennis)*
- (176) *So **ver** as wat ek kan **sien**, behoort jy die paal te haal. (= berekende kennis)*
- (177) *Nou is die kwessie vir my **helder!** (= verstaande kennis)*
- (178) *Al die geheime word nou **onthul** noudat toegang tot die dokumente moontlik is. (= ontblote kennis)*
- (179) *Die teorie oor die oerknal **verklaar** (= verhelder) baie vrae oor die heelal.*
- (180) *Ek het nog nie tot **klaarheid** gekom oor alles wat daardie aand gebeur het nie. (= duidelike begrip).*

Kwaliteit van sien-handeling —————→ Kwaliteit van begrip
--

Ten opsigte van Chinees is die kwalitiet van die sien-ervaring belangrik. Yu (2003:150) verduidelik dié kwessie soos volg:

If we want to have a good and thorough understanding of something as abstract as a situation, we need to 'see it clearly'.

[Indien ons 'n goeie en deeglike begrip wil kry van iets abstrak soos 'n situasie, moet ons dit helder sien! (Vertaling deur A.J.G.Roux).]

Dieselfde beginsel geld ten opsigte van Afrikaans.

Die volgende voorbeeldsinne waarin daar sprake is van goeie kwaliteit visie, kom uit die Van Rensburg-korpus.

- (181) *Van Wyk Louw het so **helder** as moontlik probeer **kyk**.* (= hoë kwaliteit begrip)
- (182) *Soms moet 'n mens ook **vars kyk** na die werklikheid.* (= 'n ongeykte ondersoek)
- (183) *Daar is **skerp gekyk** na die verhouding van politiek en godsdiens.* (= intensiewe ondersoek)
- (184) *Hy het 'n **besondere wyse** van **kyk** na die letterkunde.* (= unieke verstaanswyse)
- (185) *Hy **kyk** 'n slag **opnuut** na die Afrikaanse kritiek en literêre teorie.* (= ongeykte ondersoek)
- (186) *'n Mens moet daardie stelling **krities beskou**.* (= hoë kwaliteit ondersoek)

Vorentoe kyk → hoop hê

- (187) *Ek weet jy het maar onlangs by ons firma begin. Tog moet jy **vorentoe kyk**. Met jou intellek en hardwerkendheid wag daar beslis goeie vooruitsigte op jou!* (= optimistiese ingesteldheid)
- (188) *'n Staatspresident wat nie **visie** het nie, hou nie rekening met die implikasies wat sy besluite in die toekoms kan hê nie.* (= antisiperende denke)
- (189) *Die ekonome is in hulle noppies as hulle **vorentoe kyk**; die rentekoers sowel as die inflasiesyfer gaan blykbaar daal.* (= optimistiese ingesteldheid)
- (190) *Ek is baie erg oor Sannie en sy oor my. As ons **vorentoe kyk** wag daar dalk 'n nuwe huis, twee betroubare motors en 'n rits kinders op ons.* (= optimistiese ingesteldheid)
- (191) *Daar was politieke kommentators wat **vooruit** kon **sien** dat misdaad geweldig sou toeneem.* (= antisiperende kennis, wat hier nie 'hoop' te kenne gee nie)
- (192) *Ek kan amper nie wag nie. Ek **sien** baie **uit** na my 'date' met Sannie by die Spur vanaand!* (= baie optimistiese, affektiewe ingesteldheid)
- (193) *Ons moet die aankoms van die gaste afwag. Ek het mos vir julle gesê dat 'n mens tydens reënweer en modderige paaie nie presies kan **voorsien** wanneer die mense sal opdaag nie.* (= antisiperende (on)vermoë wat pessimisme of optimisme kan laat blyk.)

In 'n rigting kyk → 'n Spesifieke intensie hê

(194)

Perspektief

'n ewewigtige beskouing
'n verantwoorde uitkyk
'n samehangende siening

vloei voort uit die wil om die
volheid so

onvertrek

objektief
nugter
beredeneerd
onbevooroordeeld

moontlik in

die visier

fokus
die prentjie
die oog

te kry.

(195) My seun in matriek **kyk in die rigting** van die syferwetenskappe; volgens hom is tale te "boring".

Agtertoe kyk → Onthou

(196) Daar bestaan soms by 'n skrywer die behoefte om **terug te kyk** na sy werk en dit in persektief te kry. (= terugskoue ter wille van perspektief)

(197) 'n Jong man **kyk vorentoe**, maar 'n ou man **kyk agtertoe**. (= na die verlede)

Sien deur iets → Verstaan

Dit wil voorts lyk asof daar nie altyd 'n punt vir punt analogie tussen visuele waarneming en abstrakte (metaforiese) waarneming is nie. In die fisies-konkrete wêreld is dit byvoorbeeld nie vir die prototipiese, kanonieke waarnemer moontlik om deur iets fisies wat ondeursigtig is (soos 'n ander mens) te kyk/sien nie. Vandaar die semantiese

anomalié van (198). In (198) word die sprekersintensie om 'n taalhandeling van sarkasme, ens. te skep buite rekening gelaat.

(198) **Toemaar, bly staan maar daar reg voor die TV. Ek **kyk** sommer déúr jou na dit wat nou op die Sewende Laan aan die gang is.*

Wanneer (abstrakte) metaforiese waarneming ter sprake is, verkry die metafories gebruikte visuele werkwoord krag om déúr mense te sien of te kyk. (Dalk 'n kwessie van verbeeldingskrag!) (Vgl. (80 - 81).)

(199) *Moenie bekommer nie kollega; ek kan deur haar (leuens) **sien/kyk**.*

(200) *Moenie vir my jok nie; ek kan dwarsdeur jou (plannetjies) **sien/kyk**.*

Besonder interessant is dat om "deur" abstrakte entiteite te kyk nie slegs tot Afrikaans of Engels beperk is nie. Yu (2003:151) stel dat dit ook in Chinees gebeur:

As part of our visual experience, we know that we cannot see through something unless it is transparent like glass. Under the metaphor of THINKING IS SEEING, our "thinking-seeing" has the power to "penetrate" whatever "barriers are in our way". Note that, to a certain degree, the metaphors of thinking as moving and seeing are similar to each other. This is because seeing itself is understood as a special kind of moving, i.e., the "eye light" moving from the eyes to a target (cf. thinking as moving to a desired location). So in "seeing", the "eye light", like laser can "penetrate", "pass through", "break", or "open" those "barriers". Once the "eye light" reaches what is beyond, you gain a good understanding of it.

[’n Deel van ons visuele ervaring laat blyk dat ons nie deur iets kan sien tensy dit deursigtig soos byvoorbeeld glas is nie. Danksy die metafoer DINK IS SIEN beskik ons "dink-sien" oor die kragtigheid om alle "belemmeringe in ons pad" te penetreer. Let daarop op metafore van denke as beweging en visie, tot 'n sekere mate met mekaar ooreenstem. Dit is so omdat visie sêlf verstaan word as 'n besondere soort beweging, naamlik die beweging van "oog-lig" wat uit die oë na 'n teiken (analoog met denke as beweging na 'n verlangde lokus). Ten opsigte van "sien" kan die "oog-lig" dus "penetreer", "deurdring", "breek" of daardie "belemmeringe" "open". Sodra die "oog-lig" dít bereik wat anderkant is, verkry 'n mens goeie begrip daarvan. (Vertaling deur A.J.G.Roux).]

Hoewel Chinees altyd "sien" as 'n beweging vanaf die oë na die objek aandui, stem dit tog in sekere gevalle ooreen met Afrikaans. (Kyk 201.)

(201) *Xiao Zhang yi-han jiu kan-chuan le ta-de guiji.*

Xiao Zhang one-glance then see-penetrate PRT his trick.

Engels Xiao Zhang saw through his trick right off (i.e. at one glance).

Afrikaans Xiao Zhang kon dadelik deur sy voorwendsel sien (d.i. met een kyk).

Indien daar na die Van Rensburg-korpus teruggekeer word, blyk dit ook dat daar metafores deur normaalweg ondeursigtige materiaal gekyk kan word. Vgl. (202) – (205).

(202) *Hy kon deur mooi, oppervlakkige versierings **kyk**.*

(203) *Hy het maar te duidelik **gesien** hoedat modernisme die mooi voorkant van sy teengestelde is.*

(204) *'n Mens kan duidelik agter die baie "onskuldige" toneeltjies 'n dieperliggende doel **sien** (...)*

(205) *'n Mens **sien** ('n) naderkom aan Christus deur bundel na bundel.*

Sien vanuit 'n hoek —————> spesifiserende perspektief

Lakoff en Johnson (2002) meen begrippe soos 'n perspektief, 'n hoek, 'n gesigspunt of 'n standpunt is afgelei uit die metafoer KNOWING IS SEEING. Laasgenoemde is op sy beurt weer ondergeskik aan die algemene metafoer THE MIND IS THE BODY.

'n **Hoek** ('angle') is die lokus vanwaar die waarnemer na 'n saak kyk. Daar is reeds in hierdie studie gewys op die voordele wat wisseling van proksimiteit binne perke (relatiewe distansie) vir die gehalte van die waarneming (= perspektief) inhou.

In hierdie studie word daar ook uitgegaan van die aanname dat die gehalte van die waarneming kan baat indien die toneel/objek vanuit 'n hele aantal verskillende hoeke waargeneem word. Die begrip *hoek* word dikwels saam met die begrip *benadering* gebruik. Indien 'n akademiese probleem of enige abstrakte probleem slegs vanuit een hoek benader word, kan dit lei tot 'n eensydige interpretasie van so 'n probleem.

Vanuit sekere hoeke kan 'n mens 'n konkrete objek beter sien as vanuit ander hoeke. Analooq hiermee: vanuit sekere (benaderings-)hoeke kan 'n abstrakte en/of akademiese probleem beter verstaan word as vanuit ander (benaderings-)hoeke.

- **Hoeke** ('angles')

Die Van Rensburg-korpus laat blyk onder meer die volgende *hoek*-voorbeelde:

(206) *Dié **benaderingshoek** lê 'n hele klomp verskynsels bloot.*

(207) *Dié aantal **benaderingshoeke** blits die verdere rykdom van die werklikheid oop.*

(208) *Die benadering van 'n kunswerk vanuit o.a. 'n biografiese, 'n psigologiese, 'n historiese en 'n biologiese **hoek**, hou sekere moontlikhede in.*

(209) *Vanuit hierdie **vraaghoek** blyk dit dat die opvatting verkeerd is.*

(210) *Van Wyk Louw het gewys op die **skraalheid** van ons **invalshoek**, en hy het nuwe benaderingswyses in ons studie van die literatuur bepleit.*

Volgens HAT is die figuurlike betekenis van invalshoek die "[k]ant, hoek van, waaruit 'n mens 'n probleem, saak benader, beskou":

(211) *Vanuit sy unieke **invalshoek** is dit vanselfsprekend dat hy tot so 'n gevolgtrekking sal kom.*

(212) *Die **invalshoek** bepaal dikwels die hele gang van 'n betoog.*

Verder is dit interessant dat 'n invalshoek 'skraal' kan wees. So 'n hoek kan waarskynlik in verband met 'n 'eng' kyk op 'n probleem gebring word.

(213) 'n **Invalshoek** wat hom na aan die hart gelê het, was die sosiaal-ekonomiese. (Van Rensburg.)

(214) 'n **Invalshoek** wat hom geboei het, was dié in verband met die taal van 'n letterkundige werk. (Van Rensburg.)

Invalshoeke sluit mekaar nie uit nie. Ofskoon (213) sosiaal-ekonomies van aard is; en (214) taal-matig, kan (213) sowel as (214) hipoteties gesproke "intellektueel" wees. Daarom is 'n voorbeeld soos (215) moontlik.

(215) Van Wyk Louw se **invalshoek** was dié van die intellektueel. (Van Rensburg.)

Die waarnemer kan ook namens 'n groep mense (soos 'n volk) na 'n verskynsel kyk. (Vgl. (216).)

(216) Sy ondersoek van die nasionale verskynsel het primêr geskied vanuit die **gesigshoek** van 'n jong, klein, bedreigde volk.

- **Gesigspunte ('viewpoints')**

Ofskoon die begrip *gesigspunt* in 'n mate sinoniem is met begrippe soos *benaderingshoek* of *invalshoek*, verskil dit van laasgenoemde twee in dié opsig dat dit nie soseer met die intensie van 'n sistematiese en/of akademiese ondersoek geassosieer word nie.

HAT verklaar *gesigspunt* soos volg:

Punt waaruit iets beskou, beoordeel word; kyk wat 'n mens op iets byvoorbeeld 'n gebeurtenis, 'n standpunt, 'n oogpunt, het: 'n Saak uit meer as een gesigspunt beskou. 'n Nuwe gesigspunt van iets kry.

Die Van Rensburg-korpus korreleer nogal goed met die HAT-voorbeelde.

(217) *Daar is 'n rykdom van **gesigspunte** van waaruit die werklikheid kan word.*

gesien begryp verstaan

(218) *Die kwessie kan vanuit talle **gesigspunte** **beskou** word.*

beskou denkend bekyk denkend beoordeel

Opmerking: Dit is interessant dat *beskou*, hoewel selde, ook konkreet gebruik kan word. Dit is egter nie heeltemal sinoniem met *sien* nie:

- *Hy **beskou** die natuurtoneel*
- *Hy **sien** die natuurtoneel*

Hoewel (219) heeltemal grammatikaal korrek is, doen dit 'n raps ongewoon aan:

(219) *Die saak word onder 'n aantal **gesigspunte***

gesien bekyk begryp ?ondersoek
--

Opmerking: Die voorsetsel *onder* doen ietwat vreemd aan. Die verwagte voorsetsel(-kombinasie) is immers *vanuit*. Die implikasie hiervan kan wees dat hier 'n nie-kanonieke lokus is en dat die ondersoeker van bo-af afkyk op die saak.

(220) *Daar is 'n gedurige soeke na **nuwe gesigspunte**.*

Opmerking: Die kwessie van 'n *aantal* gesigspunte in (219) impliseer ook *nuwe* gesigspunte en juis dit word deur *nuwe* in (220) gesuggereer. Die nadruk op nuutheid hou verband met kreatiwiteit wat soos volg geskematiseer kan word:

Gesigspunt → *verskillende gesigpunte* → *nuwe gesigspunte* → *kreatiewe ondersoek*

Sien volle prentjie → **Perspektief**

Volgens Langacker (1983:316) kan die kykersposisie ("vantage point", of "point of view") ten nouste in verband gebring word met die begrip *perspektief*. Perspektief hang weer ten nouste saam met die graad van *subjektiwiteit* of *objektiwiteit*. Daar bestaan 'n delikate balans tussen die waarnemer en die waargenome entiteit. Die optimaal-gebalanseerde situasie kom tot stand wanneer die waarnemer so ingenome is met sy perseptuele ervaring (in hierdie geval visueel) dat hy as't ware van homself vergeet. Die waargenome objek is heeltemal onderskeibaar van die waarnemer en die *lokus* en daarom ook die distansie: nie te naby en ook nie te ver nie. Dit is in 'n gebied van optimaal-visuele akuitheid. Langacker (1983:316) verkies die frase '*optimal viewing arrangement*'. Dit is dus 'n kykersposisie (= kykersdistansie) vanwaar daar die beste (gebalanseerdste) gesien kan word. Dit kom daarop neer dat die waarnemer nie so vrypostig raak dat hy – om 'n verhoogmetafoor te gebruik – self op die verhoog gaan staan nie. So iets sou die gehalte van sy waarneming totaal uit balans gooi en ernstig versteur. Dán word die waarnemer self die fokus van die visuele aandag. Dan is hy nie meer 'n waarnemer nie, maar word self 'n waargenomene.

Om 'n bietjie by te voeg by bogemelde (verwerkte) idee van Langacker: 'n Mens sou die kwessie van optimaal-visuele akuitheid ook in 'n ander opsig as gebalanseerd kan sien. Die waarnemer kan ook kontinu dán 'n bietjie nader, dán 'n bietjie verder van die waargenome opset (verhoog) beweeg. Ten opsigte van perspektief is distansiëring sowel as naderkom van belang. 'n Totaalperspektief sou dalk aan gehalte wen deur 'n sintese van distansiepersepte én naby-persepte. Maar nie té naby en nie té ver nie. Voorts kyk ons hoedat visuele woorde help om (abstrakte) metafories-mentale aktiwiteite uit te druk vir sover metaforiese afstand en nabyheid ter sprake is.

- **Afstand en nabyheid van die waarnemer as perspektiveringsfaktor**

Volgens Langacker (1983) moet daar 'n afstand (nie te ver nie) en 'n nabyheid (nie te naby nie) gehandhaaf word. Ook Lakoff en Johnson (2002:255) se uitsprake dui op so iets:

If you are far away, small details may be invisible. Some things may be hidden from your view. (...) Closeness matter as well. To know something, you need to be close enough to see the details, but not so close that you can't make out the overall shape of things. You don't want to become someone who **can't see the forest for the trees**. (Hulle beklemtoning.)

[Indien 'n mens van ver af kyk, sal klein besonderhede dalk onsigbaar wees. Sommige dinge mag vir jou visie verskuil wees. (...) Nabyheid is ook van belang. Om iets uit te ken, moet jy naby genoeg wees om detail te sien, maar nie só naby dat jy nie die globale fatsoen van dinge kan uitmaak nie. Jy wil dus nie iemand word **wat die bome goed kan sien, maar glad nie die woud nie**. (Vertaling A.J.G.Roux.)]

In die Van Rensburg-korpus kry ons 'n (abstrakte) metaforiese duiding op dit wat Langacker (ibid.) asook Lakoff en Johnson (ibid.) probeer sê. Ek kontrasteer hierdie abstrakte voorbeeldsinne deur my eie konkrete skeppings.

(221) *Staan 'n taamlike **afstand** van die skildery af. Dan behoort jy dit in **perspektief te sien**.* (Konkreet)

(distansiëring = meetbare afstand: visuele perspektief)

(222) *'n Volwasse mens het die behoefte aan **afstand** van die dinge waaraan jy glo om **perspektief** daarop te kry.* (Abstrak)

(afstand = tydelike vervreemding: mentale perspektief)

(223) *Die skildery hang te naby. Hang dit aan daardie oorkantste muur. Die **distansiëring** sal dit beter in perspektief stel.* (Konkreet)

(distansiëring = meetbare afstand: visuele perspektief)

(224) ***Distansiëring** kan ook 'n kulturele **perspektief** bied.* (Abstrak)

(afstand = tydelike vervreemding: mentale perspektief)

(225) *As jy die tegniese aspekte van die skildery wil **raaksien**, moet jy heelwat **nader** staan.* (Konkreet)

(ingekorte afstand = meetbaar: visueel-intensiewe ondersoek)

(226) *Dat daar van strengheid in die volksvers sprake is, blyk uit 'n **nadere betragtig**.* (Abstrak)


(ingekorte mentale afstand: mentaal-intensiewe ondersoek)

- **Kykersposisie en agtergrond/voorgrond as perspektiveringsfaktor**


Die feit dat 'n waarnemer verskillende *uitkykpunte* ('points of view') kan hê, bring mee dat die toneel 'n belyning van 'n voorgrond- en agtergronddeelnemer bewerkstellig. Die voorgrond is die *naaste* aan die waarnemer. 'n Deelnemer in die voorgrond sal volgens Langacker (1983:130) meer prominent as 'n ander deelnemer wees wat deel van die agtergrond is. Die rede waarom die deelnemer in die voorgrond meer prominent aandoen, is gewoon omdat hy nader aan die waarnemer is. Hy word dan die fokus van die aandag (en hy kan ook die *figuur* van die toneel genoem word). Die waarnemer word egter nie 'verplig' om sy aandag op die deelnemer, wat die figuur uitmaak, te bly vestig nie. Hy kan dit ook willekeurig op 'n deelnemer in die agtergrond rig. 'n Baie belangrike tendens wat ek tog uit die voorbeeldsinne kry, is dat die agtergrond en voorgrond van mekaar afhanklik is. Die agtergrond verrig 'n belangrike taak, in dié sin dat dit die voorgrond meer opvallend maak. Dit gee dus meer reliëf aan die voorgrond, soos wat dit blyk uit die volgende uiteensetting:

- **Voorgrond/agtergrond op mentale vlak as perspektiveringsfaktor**

(227) *'n Mens moet Van Wyk Louw se uitlatings teen die **agtergrond** van sy werk as geheel **sien**.*



(228) *Die gedig moet gesien word teen die **agtergrond** van Louw se **siening** van die heelal as hiërargie-georden.*



(229) *"Ruimtelik" word die Afrikanervolk **gesien** as gestel **tussen die grootmagte van die wêreld**.*



Die kreatiwiteitsbeginsel waarvan ek vroeër gepraat het, blyk ook duidelik uit die Van Rensburg-korpus – veral wanneer daar van perspektief of perspektivering sprake is.

- **Perspektief, perspektivering en die kreatiwiteitsbeginsel**

(230) *In die proses van* **perspektivering** *kom onvermoede, verrassende*
aspekte *(vars) kyk* *na vore.*
die raaksien van
(nuwe) relasies

(231) **Perspektivering** *is 'n wegbreek van die kors van*
(vars) visie/kyk
(nuwe) relasies raaksien

gewoonte-kyk *wat voortdurend om sake vorm.*
(gestagneerde) sienings
(gestagneerde) opinie

(232) *Talle* **nuwe gesigspunte** *in verband met die Afrikaanse letterkunde is die*
insigte

gevolg van sy kulturele **kyk**
perspektief
siening

(233) *Ook Sestig dui hy vanuit die kriterium van 'n veranderde*
werklikheidskyk *as 'n nuwe geslag aan.*
werklikheidsiening
werklikheidsbeskouing
perspektief

(234) Dit is vanuit 'n **tydsperspektief** dat hy "Die Vlakte" van Jan Cilliers
 onder **terugkyk na die verlede** 'n totaal **nuwe** **aspek** toon: hy wou
lens
 bou aan wat vir hom na 'n moderne Afrikanerkultuur gelyk het.

- **Perspektief as teenvoeter teen eensydigheid**

Tydens akademiese doenighede (dit geld ook vir mentale aktiwiteit) moet die ondersoeker daarna streef om die objekte, sake, probleme en denkrigtings asook die onderdele daarvan – soos HAT dit stel – "(...) in hul verhouding en belangrikheid tot mekaar te sien". Die ondersoeker moet dié dinge dus in *perspektief* sien. Indien aspekte van die te ondersoekte materiaal eensydig, buite verhouding met die ander aspekte daarvan, ondersoek word, kan so 'n ondersoeker/waarnemer met volle reg as *eensydig* gebrandmerk word. Lakoff en Johnson gee nie aandag aan hierdie aspek nie; maar Yu (2003) plaas dit netjies onder die vergrootglas.

Ook in Chinees word die "thinking is seeing" metafoer gebaseer op ons visuele en ruimtelike ervaring. Vanuit 'n sekere kykpunt in 'n gegewe ruimte het mense: "a particular view of an object. This particular '**view**' will shape their '**impression**' or '**opinion**' of the object". (Yu, 2003:150.) (My beklemtoning.)

Let op die beweging van die konkrete na die abstrakte, wat ons vir Afrikaans so kan voorstel:

Uitsig	→	indruk	→	opinie
(konkreet)		(semi-abstrak)		(abstrak)

Op konkrete sowel as op abstrakte vlak kan 'n mens se visie op 'n saak "beperk" wees. Yu (2003:150) stel dit soos volg:

This 'view' may be partial and biased because it is based on a particular 'viewpoint' or 'standpoint' in space that the speaker takes. That is why different people often have different 'views' on the same object (...) **It is also important to 'see' an object 'from all angles'** (en dit geld ook vir abstrakte objekte – A.J.G. Roux) (...) **in order to avoid 'one-sided views'**.

[Hierdie 'siening' (= view Eng. of uitsig Afr.) kan gedeeltelik of bevooroordeeld wees omdat dit gebonde is aan 'n spesifieke 'kykpunt' of 'standpunt' binne die ruimte waarin die spreker hom bevind. Dis hoekom verskillende mense dikwels verskillende 'sienings' van dieselfde objek het (...). **Dis verder belangrik om 'n objek 'vanuit alle hoeke' te 'sien'** (en dit geld ook vir abstrakte objekte/sake – A.J.G.Roux) (...) **ten einde 'eensydige sienings' te verhoed.**

In die Van Rensburg-korpus kry ons die volgende gebruiksevalle waar perspektief aanbeveel word as 'n teenvoeter teen eensydigheid.

(235) Om **eensydigheid** te vermy, moet hierdie kwessie in juiste

perspektief verband relevansie	gesien begryp verstaan	word.
---	-------------------------------------	-------

(236)

Perspektief 'n ewewigtige beskouing 'n verantwoorde uitkyk 'n samehangende siening	kan jou vrywaar van	beperkthede eensydighede subjektiwiteit
--	---------------------	--

in jou	beeldvorming sienswyse opinieëvorming	aangaande die werklikheid as geheel.
--------	--	--------------------------------------

(237) Lindenberg kom tot 'n

verkeerde verwringde skewe	interpretasie beskouing insig gevolgtrekking slotsom lesing	van die gedig
---	---	---------------

omdat hy nie rekening hou met die **taalperspektief** van die reeks as geheel nie.

- **Ko-tekstuele verheldering van die begrip 'perspektief', deur te kyk na ander woorde wat in dieselfde tekstuele omgewing gebruik word**

Die Van Rensburg-korpus laat blyk die volgende kollokasies wat leksikale kohesie in die hand werk:

(238) *Indien 'n mens 'n behoorlike perspektief op 'n probleemopset het, stel dit jou in staat om nié 'n fragment vir die geheel aan te sien nie.*

(239) *Behoorlike perspektief impliseer dat die waarnemer bedag daarop moet wees dat 'n verskynsel / probleemopset baie fasette het.*

(240) *Die mens is gebonde aan 'n perspektief : sy eie kykie op die wêreld.*

Sien deur bril → Perspektief

- **Die dra van brille as perspektiveringsfaktor**

Kyk ons weer 'n slag na Lakoff en Johnson (2002:254) se metafoor

IMPEDIMENTS TO KNOWLEDGE ARE IMPEDIMENTS TO VISION

wonder 'n mens of kyk-hulpmiddele soos byvoorbeeld brille nie dalk die belemmerde visie kan regstel nie, sodat 'n mens in staat is om beter te begryp, om sake beter in perspektief te sien.

Ongelukkig is 'n konkrete bril baie effektiewer as 'n (abstrakte) metaforiese bril. 'n Konkrete bril kan 'n mens inderdaad in staat stel om duidelik te sien wat die dosent op die bord skryf, of om die koerant(letters) duidelik te kan lees.

'n Metaforiese bril is nie altyd so effektief nie; trouens, dit is soms self 'n belemmering van die kanonieke kyker se visie, van sy vermoë om die werklikheid onbevooroordeeld te betrag. Hoe dit ook al sy, die *mentale bril* moet die waarnemer help om die bes moontlike visie op 'n abstrakte saak te verky.

Alle kanonieke kykers dra 'n bril: dit is as't ware deel van ons fisiologie. Van Wyk Louw wou in 'n laat stadium van sy lewe dit duidelik stel dat hy 'n werklik oop kyk op die werklikheid nagestreef het en selfs bereid was om sy perspektief telkens te verskuif. Myns insiens het hy hierdie openheid teenoor die werklikheid probeer benadruk deur 'n nie-kanonieke uitspraak te maak:

En ek het daartoe gekom om sonder die bril van 'n enkele -isme die wêreld met 'n skoon oog te bekyk.

In hierdie stadium is dit belangrik om te stel dat die kanonieke waarnemer nie slegs die sake wat hy ondersoek *in* perspektief sien nie; hy sien dit ook *uit* 'n sekere perspektief – *uit* 'n sekere oriëntasie. En dit word bepaal deur die *bril* waardeur hy kyk. Hier volg 'n klompie voorbeelde om die *bril*-metafoor te illustreer:

(241) *Ons lees die Bybel altyd deur 'n bepaalde **bril**.*

= vanuit 'n bepaalde perspektief/oriëntasie

(242) *'n Mens se agtergrondsfaktore bepaal die **bril** waarmee jy na dinge kyk.*

(243) *Wetenskaplike teorieë en voorveronderstellings is ook 'n soort **bril** wat die waarneming van die data beïnvloed.*

Hier onder noem ons 'n klompie verskillende brille waardeur mense kan kyk:

- 'n feministiese ***bril***
- 'n streng gereformeerde ***bril***
- 'n akademiese ***bril***
- 'n ideologiese ***bril***

- 'n politieke **bril**

Voorts illustreer die volgende idomatiese uitdrukkinge veral 'n emosionele faktor by die metaforiese *bril*. (Bron: HAT.)

- Iets deur 'n **donkerbril** sien
(= dit onaangenaam ervaar)
- Iets deur 'n **gekleurde bril** sien
(= dit subjektief ervaar)
- Iets deur 'n **rooskleurige bril** sien
(= alles slegs gunstig ervaar)
- Iets deur 'n **nuwe bril** sien
(= iets op 'n vars, verrassende wyse ervaar)

- **Brille en beroepe**

'n Persoon wat binne 'n bepaalde beroep staan, sien 'n bepaalde objek (in hierdie geval *perd*) deur 'n ander bril as iemand wat binne 'n ander beroep staan.

In aansluiting by Cruze (2000:118) skets ek die volgende moontlike gevalle. Hierdie gevalle kan as **mentale brille** beskou word. (Vgl. *brille* (a – d)):

- a) Om iets as 'n geheel te sien wat uit onderdele bestaan
- b) Om iets as 'n soort te sien – in teenstelling tot ander soorte
- c) Om iets te sien in terme van die funksies wat dit kan verrig
- d) Om iets te sien binne die raamwerk van die 'onstaan' daarvan

Bril (a) stel 'n *veearts* in staat om 'n *perd* te sien as 'n geheel wat saamgestel is deur sy onderdele. Die *veearts* is *primêr* ingestel op die behoorlike funksionering van die *perd*

se liggaam en die liggaamsdele daarvan. ('n Ander voorbeeld sou kon wees: 'n motorwerktuigkundige teenoor die motor en sy onderdele.)

Bril (b) stel 'n *taksonomiese soöloog* in staat om 'n *perd* te sien as 'n subspesie in vergelyking met 'n ander subspesie (of spesies). Hy sal hom instel op die verskille tussen ander spesies en subspesies, soos takbokke en sebras, ens. Verder sou sy bril hom ook in staat stel om te sien hoe verskillende variëteite van perde van mekaar verskil.

Met **bril** (c) sal 'n *jokkie* 'n *perd* sien as iets met 'n spesifieke funksie. Dié funksie sal wees om vinnig in 'n perderesies te hardloop (om dus resiesfiks te wees).

Met **bril** (d) kan iets gesien word as hoe dit ontstaan het. Vir 'n lewende ding soos 'n *perd* sou dit die lewensiklus daarvan betrek: konsepie, geboorte, ens. Brill (d) sal waarskynlik deur die *perdeteler* gedra word.

- **Die sien-as verskynsel**

In die afdeling oor "brille en beroepe" het ons eintlik weer eens kennis gemaak met die konstruksie: **sien as**, wat vroeër in hierdie afdeling reeds in 'n ander verband vermeld is.

- ... om 'n *perd* te **sien as** 'n geheel wat saamgestel is deur sy onderdele.
- ... om 'n *perd* te **sien as** 'n subspesie in vergelyking met 'n ander subspesie.
- 'n *Jokkie* sal 'n *perd* **sien as** iets met 'n spesifieke funksie.
- ... iets **sien as** hoe dit ontstaan het.

Die **bril** wat ons dra kan ook geïmpliseer word wanneer ons sê dat ons iets op 'n bepaalde manier sien: om iets **as** (of in die terme van) iets anders te sien, dus. Om die kwessie baie elementêr te stel: wanneer ons iets sien, as iets; skimp ons dat ons deur 'n **bril** kyk. (Bewustelik of onbewustelik.) Ek het reeds gemeld dat alle kanonieke waarnemers **brille** dra. Die **bril** word nie altyd eksplisiet vermeld nie. Dit beteken egter nie dat die mens die een of ander werklikheid sônder 'n **bril** sien nie.

Sien met goeie oog —————> verstaan goed (objektief)

Opmerking: Indien 'n mens goeie kwaliteit visie wil hê moet jou liggaam se *kyk-apparate* (*oog of oë*) baie goed funksioneer. Dit moet ook bevatlik wees vir indrukke van die buitewêreld. Die Van Rensburg-korpus laat blyk die volgende voorbeelde van "goeie visie":

(244) *Hierdie kenmerke tref die ondersoekende **oog** wat geboeid na 'n vol, dinamiese kosmos kyk.*

(245) *Hy het 'n skouende **oog** wat geboeid na 'n vol, dinamiese kosmos kyk.*

(246) *Dit is die ryk lewe wat hom aan sy speurende **oog** voordoën.*

(247) *Die ware intellektueel hou die ideale van wetenskaplike denke konstant voor **oë**.*

(248) *Hy het altyd 'n **ope oog** vir die geleidelike oorkóm van religieuse probleme gehad.*

(249) *Die werk van die jongeres sal 'n **oop oog** moet hê van hoe die Afrikanervolk van tyd tot tyd verander het.*

(250) *Hy het probeer om 'n **helder, skoon oog** te behou.*

Belemmerde visie —————> misleiding

Soms word daar nie so sterk gefokus op die waarnemer se siening van sake nie. Ander mense wat kwade bedoelings het, kan 'n waarnemer opsetlik mislei sodat hy nie behoorlik kan 'sien' wat aangaan nie. DECEPTION IS PURPOSEFULLY IMPEDING VISION is 'n metafoor van Lakoff en Johnson (2002:254) wat op die volgende voorbeeldsinne van toepassing is:

- (251) *Misdaadstatistiek word deesdae so **bewimpel** dat ons 'n erg **belemmerde kyk** op die veiligheidsituasie in ons land verkry.*
- (252) *In die politiek word sekere dinge so vinnig **toegesmeer** dat ons dit glad nie kan **raaksien** nie.*
- (253) *In die maatskappy word sekere dinge op 'n **bedekte** wyse gedoen sodat die personeel nie dalk iets kan **raaksien** nie.*
- (254) *Hulle het die feite so **verdoesel** dat die departementshoof niks verkeers kon **sien** nie.*
- (255) *Hulle het die misstappe met allerhande verskonings **verbloem**. Die departementshoof kon dus nie mooi **sien** wát verkeerd was nie.*

Belemmerde visie → **eng, bekrompe lewensbeskouing**

(256) en (257) is voorbeelde van die metafoor wat Lakoff en Johnson sou noem
 IMPEDIMENTS TO KNOWLEDGE ARE IMPEDIMENTS TO VISION:

(256) Jy kan hom nie hiervan oortuig nie want hy kyk met **tonnelvisie** na 'n eng beskouing die saak en begryp nie al die gevolge hiervan nie.

(257) Jy gaan met
oogklappe
 net {sien}
 {glo}
 wat jou pas
 deur die lewe.

Die belangrikste van metaforiese aspekte word in Tabel 5.1 saamgevat soos wat dit gesistematiseer is volgens leksikale velde.

5.1.3. Eienskappe van die waarnemer

Onvermoë om te sien —————> Onvermoë om te verstaan

- **Blind**

(258) *Die Departementshoof hou hom **blind** vir die tekortkominge van sy mooi, blonde sekretaresse.*

(259) *Hy is **blind** vir die gevolge van sy daade.*

(260) *Ek raak soms só **blind** van woede dat ek nie behoorlik kan dink nie.*

- **Verblind**

(261) *Sy rykdom het sy vriende **verblind** vir sy swakhede.*

(262) *Pas op! Daardie meisie gaan haar skoonheid gebruik om julle te **verblind**.*

- **Eensydig**

(263) *Nou beskryf jy die saak darem op 'n baie **eensydige** manier. Daar is immers belangrike faktore wat jy uit die oog verloor.*

- **Bevooroordeeld**

(264) *Die regter het nie 'n gepaste uitspraak gelewer nie, aangesien hy **bevooroordeeld** was teenoor die aangeklaagde.*

(265) *Hy kon dus net **een kant** van die saak **insien**.*

- **Eng**

(266) *Die nuwe dominee het 'n baie **eng** uitkyk op die lewe. (= baie konserwatief)*

(267) *Sy was jonk, onervare, alleen, **sonder insig** oor die gevolg wat die besluit vir haar sou inhou.*

(268) *Dit is maar 'n baie **onkritiese**, selfs **naïewe beskouing** van Van Wyk Louw se Tristia.*

- **Onbehoorlik kyk**

(269) *Taxi-bestuurders is nie net oorhaastig nie, hulle ry **sonder om behoorlik te kyk** (dit wil sê roekeloos) op ons paaie.*

(270) *Jy het die probleem probeer oplos sonder om **behoorlik daarna te kyk**.*

Verlig —————> begaafd/effens liberaal

- **Verlig**


(271) *Gelukkig is hy 'n **verligte** politikus wat veel meer visie het as sy verkrampde opponent.*

- **Briljant**

(272) *Hy is werklik 'n **briljante** student wat al sy grade met lof geslaag het.*

- **Skitterend**

(273) *Sannie is miskien nie juis taalkundig aangelê nie, maar sodra sy met wiskundige probleme gekonfronteer word, is sy **skitterend**.*



(274) Soos wat 'n mens ouer word, **peins** } 'n mens meer ernstig oor wêreld-
 mediteer
 bespiegel
 reflekteer
 dink
 ↓
 nadink

gebeure, die heelal en oor die hiernamaals (**na**).

(275) N.P. van Wyk Louw het die Afrikaner se diepste droefheid in sy digkuns **verbeeld**; dit wil sê sigbaar vir ons gemaak.


(276) 'n Skrywer moet oor 'n skeppende **verbeelding** beskik: Die leser moet dus as't ware die gebeure sien afspeel.

- **Mediteer**

(277) Hulle beweer dat indien 'n mens diep **mediteer**, daar flitse uit jou lewe in jou gemoed afspeel wat uiteindelik daartoe bydra om jou geestelik versterk te laat voel.

- **Nadink**

(278) Nadenke behels baie keer die opweeg van gedagte**beelde** teenoor mekaar sodat 'n mens uiteindelik tot 'n konklusie kan kom oor aspekte van die lewe.



- **Insig**

Opmerking: *Insig* is die enigste visuele substantief wat net abstrak gebruik kan word. Tog het dit 'n hele aantal kontekstuele sinonieme. Die Van Rensburg-korpus laat blyk die volgende gebruiksevalle van **insig**.

(279) Die **insig** van hoe ingewikkeld alle menslike sake is (...)

besef
begrip
wete

(280) Laat hom as mens staan teenoor sy tyd volgens die suiwerste **insig**

wete
wysheid

wat vir hom bereikbaar is.


(281) Hy het probeer om botsende **insigte** met mekaar te konfronteer.

sienings
sienswyse
oortuigings

(282) Professor Theo van Wijk het oor 'n formidabele intellek beskik: uit sy min maar deurdagte woorde het sy besonder **helder verstand** geblyk. (= goeie insig)

(283) Van Wyk Louw het 'n besondere **skerp visie** gehad wat teoretiese aangeleenthede betref. (= goeie insig)

(284) 'n Akademikus behoort 'n **skerp deurdringende blik** te hê ten opsigte van teoretiese kwessies. (= goeie insig)



- (285) 'n Politieke leier behoort op **vêrsiende wyse** sy volk deur moeilike tye te lei. (= vooruitskattende denke)
- (286) Die jong akademikus het 'n **wye uitkyk** op die lewe, maar ook ten opsigte van sy vakgebied lees hy wyd en benader akademiese kwessies nie op 'n dogmatiese manier nie. (= ruim denke)
- (287) Indien twee teorieë wedersyds bevraagteken word, moet 'n objektiewe akademikus baie versigtig wees; of, eerder **omsigtig** en na alle omliggende faktore kyk, voordat daar kant gekies word. (= allesinsluitende denke)
- (288) Die liberale Neomarxistiese filosoof, Friedemann Grenz, het 'n **ruim siening** van die filosofie gehad. Hoewel hy self 'n ateïs was, het hy die meriete van die briljante christelike filosoof, Herman Stoker, hoog aangeprys. (= ruim denke)
- (289) Die Departementshoof se beplanning is altyd gemik op die korttermyn. Later gaan ons ons vasloop as gevolg van sy **kortsigtigheid**. (= gebrek aan vooruitskattende denke)
- (290) Baie predikante verwerp die evolusieleer met argwaan. Hulle is **stiksienig** en akademici voel nie tuis in hulle kerke nie. (= gebrek aan ruim denke)
- (291) Dit is nou maar so dat sommige departementshoofde so **bysiende** is dat hulle toekomstige implikasies uit die oog verloor. (= gebrek aan vooruitskattende denke)

(292) *Nee kollega, om te wil beweer dat die heeal ses duisend jaar oud is, klop nie met wetenskaplike gegewens nie. Jy **kyk te eng** na sowel die Bybel as die wetenskap. (= gebrek aan ruim denke)*

(293) *Die christelike evolusionis het met nugter wetenskaplike gegewens en argumente die kreasionis oorweldig. Uit hierdie debat het die beperkte denkvermoë (= beperkte insig) van die kreasionis duidelik geblyk.*

(294) *Weet ek selfs nou dat die*

insig
innerlike kennis
begrip
oortuigings

 wat ek nou gekry het,
die waarheid is? (Onafgeslote, ruim denke)

(295) *Elke mens se*

insig	→	groei
begrip	→	verdiep

 (Geleidelik verruimende denke.)

Opmerking: Uit (294) kan ons aflei dat insig 'n kontinue proses kan wees. Die feit kan ook in (295) raakgesien word én as sodanig geëksplitiseer word.

(296) *Sy argumentering is in werklikheid self 'n demonstrasie van die*

proses
groei

van

<i>tot-insig-kom</i>
dieper-en-dieper-begrip

Voor kyk → versigtig wees

(297) **Kyk** ordentlik na wat voor jou gebeur. Wees dus baie versigtig.

(= voor sig tig) →

versigtig
oplettend
noulettend

(298) *Suksesvolle persone is gewoonlik in staat om **vooruit te kyk**. Hulle antisipeer dus moontlike toedragte. (Versigtige, maar vooruitskattende denke.)*

Die belangrikste metaforiese eienskappe betreffende die waarnemer word in Tabel 5.2 saamgevat en gesistematiseer volgens leksikale velde.

Goeie ligkwaliteit asook goeie sig				Beperkte visie of selfs geen visie nie	
Lig-uitstraling ↓ Begaafd	Lig-refleksie ↓ Denkend of mediterend wees	Goeie sig ↓ Goeie, helder begrip	Wye visuele veld ↓ Beplannende en vernuwende denke	Beperkte visuele veld ↓ Gestagneerde denke	Onvermoë om te sien ↓ Onvermoë om te verstaan
briljant wees skitterend wees vol blink gedagtes wees	bespiegel mediteer nadink refleksiewe denke spekultief dink	helder dink helder verstand skerp visie hê skerp, deurdringend kyk duidelike insig	vêrsiende wye uitkyk ruim siening	kortsigtig wees stiksiening wees bysierende wees eng wees onvermoë om ruim te dink	blind wees verblind eensydig wees bevooroordeeld wees eng wees onkrities wees onnadenkend wees roekeloos wees

Tabel 5.2: Eienskappe van die waarnemer volgens leksikale velde gerangskik

5.1.4 Eienskappe van die waargenome saak (C.)

Sigbaar —————> **verskaf aanduidings**

- (299) *Die probleem in die referaat word **sigbaar** wanneer die dosent besef dat die student te swaar op bronne geleun het, en dus nie eintlik 'n eie bydra maak nie.*
- (300) *Kandidaat A is tog **opsigtelik** nie geskik vir die pos nie. Sy kan doodeenvoudig net nie verbande lê nie.*
- (301) ***Op die oog af** lyk kandidaat B eienaardig en eksentriek, maar in werklikheid is dié man geniaal.*
- (302) *Daar bestaan geen fundamentalisme in Van Wyk Louw se opstelle nie. Al is hy 'n relativis is daar 'n sisteem in sy relativisme. Juis daarom doen sy **uitkyk/opinies/beskouings** telkens vars aan.*
- (303) *Dit is tog **ooglopend** dat hierdie lesingmateriaal ver bo die koppe van eerstejaarstudente is!*
- (304) *Die meestersgraadstudent het, indien haar werk noukeurig bekyk word, 'n **aansienlike** bydra tot die kognitiewe beskouing van polisemie gelewer.*
- (305) *Professor Z het so baie swak artikels gepubliseer dat sy onvermoë nou **oop en bloot blyk** te wees. Hy het hom as't ware self **ontmasker**.*

Visueel oorweldigend —————> **domineer**

- (306) *Pieter is al kandidaat van wie ons 'n onderskeiding in Wiskunde verwag. Hy **blink** al van kleins af **uit** in syfervakke.*
- (307) *Gudrun Oberprieler **oorskadu** al die ander Duits III studente.*

(308) *Die gasstudent uit Leuven Fried Dederen was die vorige jaar die beste Vlaamse student in Antropologie. Hier by die UJ stel hy die ander Antropologie studente heeltemal **in die skadu**.*

Lig → **kennis**

(309) *Daardie aspek van jou seminaarinset het my baie beïndruk; dit is sommer definitief 'n **blink gedagte**.*

(310) *Wat jy daar noem is 'n **skitterende idee**, en ons moet dit in jou meestersgraad inwerk.*

(311) *Uiteindelik is die probleem en die strukturele samehang daarvan vir my **helder**. Ek reken nou dat daar **klarigheid** rondom die kwessie is.*

(312) *Aggenee, Whorf se hipotese is nie so moeilik nie, tydens hierdie periode gaan ek dit vir julle **duidelik maak**. (= verduidelik) (= lig maak).*

(313) *Ek vertrou, ter afsluiting van my lesing, dat julle nou { **klarigheid** } het oor { **helderheid** }*

Whorf se hipotese.

(314) *Die junior dosent se plan is **deursigtig**: ons almal kan sien dat sy Woensdagmiddae kastig vir studiedoeleindes wil afvat, maar ons weet dat sy die tydjie met haar nuwe kêrel wil deurbring.*

(315) *Elke handeling, elke motief word so van alle kante bekyk dat die verhaal begin "**flikker**".*

(316) *Aanvanklik het Chomsky se teorieë my in die **duister** gelaat, maar nou sien ek darem heelwat meer **lig**.*

- (317) *Aanvanklik het die idee van energieoordrag en statiwiteit vir my maar bra simpel geklink, maar ná hierdie lesing besef ek dat Langacker met 'n klomp **blink gedagtes kom** wat ons selfs op Afrikaans kan toepas.*
- (318) *Pas op, daardie gedagte is maar net 'n **glimp**; ons moet die kwessie liever vanuit 'n ander hoek benader.*
- (319) *'n Paar interessante gedagtes het deur my brein **geflits**, ja ek dink tog ek is gereed om hierdie referaat aan te pak.*

Lig word —————> verstaanbaar word

- (320) *Dit **skyn** al meer en meer die waarheid te wees.*
- (321) *Die kwessie word nou vir my effens **duideliker/helderder**.*
- (322) *Uiteindelik het daar 'n **lig** vir die student opgegaan! Wonderlik: die verskil tussen objektiewe en subjektiewe feitlikheid het vir hom **glashelder** geword!*
- (323) *Uiteindelik kon ek tot die student deurdring sodat hy die samehang van die gedig in die regte **lig** kon **sien**!*

Deursigtigheid —————> maklik verstaanbaar

- (324) *Ná jou verduideliking is die hipotese vir my **helder**. Dit wat ek nie kon verstaan nie, het jy vir my mooi opgeklaar.*
- (325) *Die saak bly vir my **vaag** – al verduidelik julle ook hóé!*
- (326) *Ek worstel nog met die metodologie. Op die oomblik is die saak nog vir my **duister/in die donkerte gehul**.*

Opaakheid → vaag en duister

- (327) *Ek het hierdie teoretiese dilemma al herhaaldelik van alle kante **bekyk** – tog bly dit vir my **ondeurdringbaar!***
- (328) *Ek verstaan nie wat die doel van die sogenaamde 'semantiese primitiewe' is nie. Die kwessie is vir my maar bra **ondeursigtig**.*
- (329) *Die feit dat die dosent so power verduidelik, bring mee dat Langacker se idees nog steeds vir my **wasig** is.*
- (330) *Die advokaat se uiteensetting is 'n **rookskerm** wat die feite moet verdoesel.*
- (331) *Die probleem bly nog steeds vir my **duister**.*
- (332) *Die student het potensiaal, maar omdat hy hom nie behoorlik kan uitdruk nie, **vertroebel** hy sy eie argument.*
- (333) *Hierdie pasiënt is maar 'n bietjie **dof**; daarom is hy nie vatbaar vir psigoterapie nie.*
- (334) *Ek weet wat jy bedoel, maar jou stelwyse is so **onhelder** dat jy die hele hoofstuk sal moet oorskryf.*

Donker wees → onverstaanbaar wees

- (335) *Ek het deeglik oor die teorie nagedink: dit bevat soveel haakplekke dat dit onhoudbaar is; trouens die sentrale tese is vir my $\left\{ \begin{array}{l} \text{baie } \mathbf{onwaarskynlik} \\ \mathbf{duister} \end{array} \right\}$.*
- (336) *Prof X. se proefskrif is na my mening net so **obskuur** soos die derde rangse Amerikaanse universiteit wat dit vir hom gepos het.*

- (337) *Wat in haar kop aangaan, is vir my so **duister soos die nag**.*
- (338) *Hy praat hopeloos te vinnig en dit veroorsaak dat sy lesing **duister** en dus **verwarrend** raak.*

Bedrieglike lig —————> foutiewe of onseker begrip

- (339) *Hoewel hy **skynbaar** genoeg geld het om hierdie Mercedes te koop, moet ons eers vasstel of dit werklik so is.*
- (340) *Ons weet nie hoe dit werklik in die hiernamaals gaan wees nie; ons huidige kennis is maar net 'n **afskynsel** van hoe dit dáár is.*
- (341) *'n Mens moet tred hou met die werklikheid. Daarom is dit nutteloos om **skynbeelde** na te jaag.*
- (342) *Die CAN-Party tower allerlei **drogbeelde** op so kort voor die verkiesing.*
- (343) *Politici is meesters daarin om verskeie kwessies in 'n **vals lig** te stel.*
- (344) *Baie kerkmense is ook maar **skynheilig**; nadat hulle 'n paar stywe doppe in het, sal jy verstaan wat ek bedoel.*
- (345) *Agterna het ons uitgevind dat sy vrou nie regtig swanger was nie. Dit was al die tyd toe net 'n **skynswangerskap**.*
- (346) *Sy het 'n **skynhuwelik** met die Brit aangegaan, net om burgerregte te verkry. Die huwelik is kort daarna ontbind.*
- (347) *Na 'n **skyndood** van 'n paar uur het hy weer bygekom.*

Die waargenome gedeelte —→ die verstaande gedeelte

- (348) *Ek verstaan nie alles van die Kognitiewe Linguistiek nie, maar ikonisiteit is 'n **aspek** wat ek wel goed verstaan.*
- (349) *Na **die uiterlike voorkoms** van jou skema beoordeel, lyk dit vir my of ons dit (met 'n paar wysigings) aan die komitee kan voorlê.*
- (350) ***Vanuit 'n bepaalde hoek** beskou, het jou opvatting beslis meriete. Onthou net dat daar ook heelwat ander gesigspunte bestaan.*
- (351) ***Op die oog af lyk** hierdie student bloot gemiddeld; as jy egter met hom in diskussie tree, blyk dit gou dat hy in werklikheid briljant is.*

Metaforiese aspekte betreffende die waargenome objek word in Tabel 5.3 saamgevat en gesistematiseer volgens leksikale velde.

Egte lig					Bedrieglike lig	Gebrek aan (goeie) lig, selfs duisternis			
Objek volledig belig en sigbaar					Objek slegs gedeeltelik belig en sigbaar	Objek lyk vir waarnemer na iets anders	Objek in so 'n swak lig, of só lig – weerstandig dat die vorm en inhoud (byna) onbepaalbaar is	Objek só in donkerte gehul dat die waarnemer niks daarvan kan uitmaak nie	Objek so donkerwordend a.g.v. onduidelike of afwesige lig dat die waarnemer nie juis kan sien nie. Hy raak dus verward
Sigbaar ↓ Volkome verstaanbaar	Visuele (lig) oorweldigend ↓ Domineer	Lig-word ↓ Verstaanbaar word	Lig ↓ Kennis	Deursigtigheid ↓ Maklik verstaanbaar	Waargenome gedeelte ↓ Slegs gedeeltelike begrip	Skynsel (nie direkte lig nie) ↓ Bedrieglik, foutiewe begrip	Opaakheid [(byna) ondeurskynend] ↓ Vaag en duister, minimale begrip Min insig	Donkerte ↓ Onkundigheid / Onbegrip	Donker-wees ↓ { Verwarrend Onverstaanbaar } wees
sigbaar opsigtelik helder ooglopend oop en bloot reeds ontmasker a b s t r a k t e ↓ [uitkyk beskouing opinie]	uitblink oorskadu (ander) (ander) in die skadu stel	lig word deurdring (tot iemand)	blink gedagte skitterende idee { verklaring opklaring verheldering verduideliking } klarheid klarigheid helderheid w o r d a l h e l d e r e r	klar (= helder) so helder soos daglig verhelder duidelik deursigtig sigbaar t o e n a m e ↓ [skynbaar blykbaar klaarblyklik] i n s e k e r h e i d	aspek uiterlike voorkoms (= lyk) vanuit 'n bepaalde hoek beskou ... op die oog af ... lyk	skyn skynbaar skynsel (= skyn) { skynbeeld } vals lig skynheilig skynhuwelik illusie droombeeld	ondeurdringbaar wees ondeursigtig wees wasig in rookskerms verdonker verduister vertroebel verdof onhelder raak	waarnemer se sig word geblokkeer vaag wees donker wees duister wees die waarnemer word in onkunde gelaat	obskuur wees twyfelagtig wees duister word verduister { verwar verwarrend }

Tabel 5.3: Eienskappe van die waargenome objek volgens leksikale velde gerangskik

5.1.5 Die oordrag van kennis: 'n oorsaaklike verband (D.)

iets sigbaar maak → Oordrag van kennis

Lig is 'n kragtige metafoor vir kennis en speel ook 'n belangrike rol wanneer 'n kundige persoon iets vir ander onkundiges verduidelik. Daarom is Lakoff en Johnson (2002:254) se metafoor uiters gepas:

AN AID TO KNOWING IS A LIGHT SOURCE

Lakoff and Johnson (2002:255) verduidelik die werking van bogemelde metafoor soos volg: "To enable people to know something is to **shed light** on the matter. Something that enables you to know something is **enlightening**, it is something **that enables you to see**. New facts that have come to light are facts that become known (to those who are looking)."

Die Van Rensburg-korpus laat blyk dieselfde gedagte:

(352) Hy **belig** *die rykdom van die kunswerk soos volg ...*
verduidelik
laat verstaan

(353) Hy **belig** *in sy opstelle die verskillende ontaansoomblikke in die*
verduidelik *lewe van die Afrikanervolk.*
illustreer

(354) Hy probeer om groot historiese oomblikke te bepaal en hul draagkrag
te **belig** .
illustreer
evalueer
peil

(355) *Hy kon telkens 'n verassende*

lig helderheid aksentuering aksent
--

op een van die komponente van die totale beweging laat val.

(356) *Bybelverwysings maak 'n integrale deel van sy argumentering uit, veral as*

verhelderende toeligende verklarende illustreerende [L. Illustrare = verlig]
--

ondersteuningsmateriaal.

(357) *Die Afrikaansonnie het die eienaardige idiome baie mooi **verklaar**. Ons verstaan dit nou.*

(358) *Die wiskundeonderwyser het 'n hele periode lank **verduidelik** oor hoe die oppervlak van 'n sirkel uitgewerk word. Ons verstaan dit nou.*

(359) *Sal jy net weer 'n slag Whorf se hipotese vir ons **belig**! Wil jy dit nie sommer ook met 'n paar voorbeelde toelig nie?*

(360) *Die seminaar het die kognitiewe linguistiek vir my mooi **verhelder**. Ek voel nie nou meer so verroes nie.*

(361) *Kan iemand asseblief **lig** op die saak **werp**?*

(362) *Alles word in hiérdie studiegids **belig**.*

(363) *Die junior lektor probeer om hoë akademiese taal te gebruik; dit*

{	verduister
}	verdonker

*my reeds gebrekkige **insig** in fonologie.*

(364) *Ek moet ten alle koste 'n studiegids oor Raka aanskaf. Daardie ou verstrooide professor se geteem maak alles in verband met Raka **vaag**.*

- (365) *Die ou proffie se onsamehangende geteem het my insig in Popper se filosofie totaal **vertroebel**.*
- (366) *Toe daardie goeie Duitse onnie vir ons les gegee het, het ek 'n mooi prentjie gevorm van Goethe se 'Egmont'. Maar nou met hierdie patetiese Duitse onnie het die **prentjie** begin **verdof**.*
- (367) *Pasop! Daardie gladdebek verkoopsman gaan julle 'n **rat voor die oë draai**. Hy gaan daardie tweedehandse krôk van 'n Ford aan julle probeer afsmeer.*
- (368) *Tot dusver kon ek Chomsky se argumentasie verstaan. Maar noudat ons met wh-movement besig is, voel dit asof Chomsky se geweldige intellek my heeltemal **verblind**.*
- (369) *Sy het net vir die **skyn** na haar skoonsuster se begrafnis gegaan. Inderwaarheid sou sy eerder by die huis wou bly.*
- (370) *Sy doen en sê al daardie dinge vir julle net vir die **skyn**. In werklikheid verpes sy julle!*
- (371) *Die gladdebek verkoopsman is so vriendelik en vol maniertjies. Dis egter alles vir die **skyn** om daardie tweedehandse skedonk aan julle af te smeer.*

Die metaforiese aspekte betreffende die oordrag van kennis word in Tabel 5.4 saamgevat en volgens leksikale velde gesistematiseer.

iets sigbaar maak ↓ Oordrag van kennis	iets onsigbaar maak ↓ Bemoeilik oordrag van kennis	Blind- $\left\{ \begin{array}{l} \text{maak} \\ \text{hou} \end{array} \right\}$ (verblind) - - → ↓ Oordrag van begrip onmoontlik maak	Vals lig (blote verskynsel) ↓ Om te bedrieg / om te mislei
iets verklaar (= verhelder) iets duidelik maak (= verduidelik) iets belig iets verhelder lig werp op iets 'n aspek belig alles belig	iets $\left\{ \begin{array}{l} \text{verdonker} \\ \text{verduister} \end{array} \right\}$ iets vervaag (iets laat vervaag) insig vertroebel insig laat vertroebel die prentjie verdof die prentjie laat verdof	iemand 'n rat voor die oë draai iemand verblind sand in iemand se oë skop onvermoë om iets te verduidelik onvermoë om die probleem te belig onvermoë om enigsins lig te werp op 'n probleem	iets vir die skyn doen iemand bedrieg d.m.v. blote skyn (vals lig) (= pretensie) opsetlik verkeerd verduidelik pretensieus verduidelik
Didaktiese implikasies			

Tabel 5.4: Oorsaaklike verband tussen lig-helderte en -kwaliteit en die gehalte van begripvorming volgens leksikale velde gerangskik

5.2 Kognisie deur middel van manipulasiewerkwoorde

Die verskeidenheid vermoëns en vaardighede van die **hand** dien as metafore om konsepte vanaf die konkrete domein (bron) na die abstrakte domein (teiken) te projekteer. Hierdie projeksie is slegs effektief indien alledaagse taal ook betrek word by die proses. Die begrip "allegaagse taal" is hier van groot belang, omdat dit verband hou met alledaagse interaksie (veral by die kind) met die omgewing. Die begrip "allegaags" impliseer taalgebruik wat toeganklik is en wat dus op 'n **basiese vlak** (dit wil sê op 'n hiponiem-vlak) lê. Taal wat op 'n basiese vlak lê, is konkreter as taal wat op 'n **superordinaatvlak** lê. Dit is taal op 'n "middelvlak" en bevat nie te veel semantiese informasie nie. Dit is eweneens konkreter as taal op 'n hiperoniemvlak, wat, hoewel dit semanties baie informasie bevat en dus 'n meer gespesifiseerde betekenis het, ook te abstrak en dus minder toeganklik word.

Dit is nie slegs die toeganklikheid van taal op 'n **basiese vlak** wat dit belangrik maak nie, maar ook die feit dat dit konsepte verteenwoordig wat ten nouste verband hou met ons menslike ervaring, soos in hierdie geval die hantering (**manipulasie**) van objekte.

Hierdie studie is 'n studie van mentale aktiwiteit en is in 'n sekere opsig tweeledig:

- a) vir sover dit basiesevlak-georiënteerd is, en
- b) vir sover dit die taal van akademiese vakkundiges bevat.

Alledaagse taal word betrek om abstrakte prosesse soos **leer, verstaan, probleemoplossing, onthou** en **vergeet** metafories te belig. Andersyds word "akademiese" woorde soos **kwessie, idee, gedagte**, ensovoorts ook betrek omdat die diskoersdomein "akademies" van aard is. Hoewel daar in breë trekke gebruik gemaak word van Jäkel (2003) se model MENTAL ACTIVITY IS MANIPULATION, verskil dit ook daarvan omdat hier 'n studie van Afrikaanse voorbeeldgevalle gemaak word.

Konsepte uit die gewone, alledaagse ervaringswêreld soos **liggaamsdele, geboue, of bome** word baie makliker verwerf as abstrakte konsepte soos **sirkels, fatsoene** of **massa**. Radden (1997:97) beweer dat laasgenoemde (abstrakte) konsepte eintlik slegs op 'n formele wyse aangeleer word. Basiesevlak-konsepte, daarenteen, word vroeg verwerf danksy interaksie met die omgewing. Radden (1997) se relaas kom eintlik daarop neer dat hierdie maklik-verwerfbare konsepte 'n baie belangrike funksie vervul. Hierdie konsepte is konkreet en word geprojekteer op die abstrakte denkdomein. 'n Groot aantal abstrakte konsepte word danksy projeksie vergestalt. Vir Radden (1997) is liggaamsaktiwiteite soos **hou, gryp, hanteer, gee, ontvang, beweging, reis, eet, waarneming, vegtery**, en **spelery** sulke konkrete konsepte. Ander konkrete rolspelers is lig en weersomstandighede. Voorts wil Radden (1997:80) dat die domein van abstrakte ervaring, moeilik toeganklik is vir sover dit mentale prosesse betref: prosesse soos **denke, geloof, leer, vergeet, onthou**, ensovoorts. Radden steun op insigte van Johnson (1992) wanneer hy beweer dat **denke** metafories as **waarneming** en **manipulasie** van voorwerpe begryp kan word. **Eet** en **spysvertering** word ook benut om op mentale prosesse te dui. **Waarneming** en **manipulasie** is die twee heel belangrikste konseptuele metafore.

Jäkel (2003) gaan van die uiters kontroversiële standpunt uit dat manipulasie (**gryp, vang, neem, hou, weeg, dra, los**, ensovoorts) as die heel belangrikste oorsprongsdomein vir akademiese diskoers beskou moet word. Hierdie aanname gaan reëlreg teen Mark Johnson se beskouing in. Johnson (1987:109) reken: "There are, of course, other experimental bases for knowledge metaphors (such as touching, hearing, and tasting), but none of these is as dominant as vision." Vir hom is VISUELE WAARNEMING die eintlike oorsprongsdomein vir mentale aktiwiteite soos onder meer konseptualisering. Omdat die visuele aspek van waarneming so kragtig is, word Jäkel (2003:182) daartoe genoop om 'n aantal voorbeeldsinne op te noem, wat daarop sou kon dui dat visuele waarneming as oorsprongsdomein kan dien vir begripsprosesse. Beskou die volgende kognitiewe model (aangepas vir Afrikaans):

BEGRIP IS VISIE

- (372) *Hy het 'n **helder** verstand.*
- (373) *Ek het nog altyd gedink hy is 'n bietjie **dof**.*
- (374) *Ek **sien!***
- (375) *Ek kon deur haar leuens **kyk**.*
- (376) *Hy wou al die kante van die kwessie **bekyk**.*
- (377) *Kom ons **bekyk** die saak van naderby.*
- (378) *Dit **lyk** anders vanuit my **gesigspunt**.*
- (379) *Ek **sien** dit anders.*
- (380) *Dit is 'n **blink** idee.*

Jäkel (2003:182) besef dat hy versigtig met die VISIE-model moet omgaan. Voorts (2003:183) besef hy dat hierdie model die sterkste mededinger is teen die MANIPULASIE-model. Derhalwe forseer hy die VISIE-model sowel as die MANIPULASIE-model in 'n soort kompromis in deur te suggereer dat die metafoorleksame soos idee-**jagtery** en die deur**soeking** van probleem-houers nie moontlik is sonder VISIE nie. Hierdie noodgedwonge betrekking van visuele voorbeelde water sy argument dat manipulasie superieur is ietwat af. Tog dien dit ter staving van die


gedagterigting in hierdie studie dat visie en manipulasie verweefd en interafhanklik funksioneer.

In die lig van die werkswyse wat vervolgens geïmplementeer word, naamlik dat daar van tipiese Afrikaanse voorbeeldsinne gebruik gemaak word wat deur sowel woordeboeke as deur my moedertaalintuïsie ondersteun word, word die patroon van Jäkel se werkswyse nagevolg. Die meeste voorbeeldsinne is dus parafrases (= idiomaties korrekte vertalings) vanuit Jäkel se korpus. Die rede waarom ek sy werkswyse navolg word genoodsaak omdat sy korpus die patroon van een lang prototipiese *script* volg wat uit drie *scenario*'s bestaan. Die enkele visuele elemente is dus nie goedsmoeds daar geplaas nie, maar wel omdat dit deel uitmaak van Jäkel se uitgebreide *script*.

5.2.1 Die soektog-scenario wat geleidelik oorgaan tot manipulasie (= hand-dade)

IDEE-OBJEKTE MOET GESOEK WORD

- (381) *Hy probeer 'n oplossing kry.*
- (382) *Ek vroetel nou al vir 'n week aan 'n idee.*
- (383) *Verskillendes het selfs gespeel met die gedagte van daadwerklike optrede.*
- (384) *Hy tas in die duister rond*
- (385) *Die oplossing lê voor die hand.*
- (386) *Eindelik het ek 'n greep op die probleem.*
- (387) *Daardie konsep is buite my bereik.*
- (388) *Daardie teorie is bo my vuurmaakplek.*



(389) *Hy kan nie die konsep **snap** nie.*

(390) *Uiteindelik **snap** ek wat jy bedoel.*



Let daarop dat die konsep HAND uitgebrei kan word sodat dit ook wapens en instrumente kan insluit.

(391) *Hy **rig** hom op die probleem.*

(392) *Hy **mik-mik** so na 'n oplossing.*

(393) *Tydens die diskussie het hy sommer so **van die heup af geskiet**.*

(394) *Toe hy dit gesê het, het hy lelik **onder skoot** gekom.*

(395) *Dit is nou wel 'n **waagskoot**, maar ek dink Pieter moes van die moord geweet het.*

(396) *Dit was 'n **skoot in die donker**, maar gelukkig was die antwoord reg.*

Afgesien van gewere kan daar ook, soos gemeld, van instrumente gebruik gemaak word.

(397) *Hy het die kern van die probleem **opgediep**. (Graaf of pik.)*

(398) *Hierdie tema kan nog heelwat **uitgediep** word. (Graaf of pik.)*

(399) *Die aspek moet deeglik **gefynkam** word. (Kam, of meer spesifiek, 'n fynkam.)*

AANDURF VAN PROBLEME IS OM TE

{
STOEI
WORSTEL
VEG
}

Die konsep HAND word ook hier 'n bietjie wyer gesien.

(400) *Ek gaan hierdie dilemma goed **beetpak**.*

(401) *Wiskundiges **worstel** al vir dekades met die probleem.*

(402) *Ek moes maar **spartel** met die wiskunde.*

Ná al die soek- en vangpogings moet die "buit" behoorlik vasgevat word.

BEGRIP IMPLISEER 'N BEHOORLIKE GREEP OP DIE IDEE-OBJEKTE

(403) *Dit was baie moeilik om daardie konsep te **beGRYP**.*

(404) *Ek het redelik gou **beGRYP** wat die kern van die probleem was.*

(405) *Ek het die basiese teorie verduidelik, maar hulle het dit nie **geSNAP** nie.*

(406) ***Vang** jy die grappie? (Anglisisme.)*

(407) *Ja, ek **neem** jou opinie in ag.*

(408) *As jy eers 'n **greep** het op die basiese feite is die res redelik maklik.*

Misverstande kan ontstaan as daar "mis" (= verkeerd) gevang word.

(409) *Jy het die verkeerde indruk **gekry**. Ek hou regtig van haar.*

(410) *Nee wat, jy het **nie** 'n behoorlike **greep** op die probleem **nie**.*

(411) *Daardie aanname is 'n **misvatting**.*

Indien die ondersoeker iets nie presies kan vasstel nie, of daarvan vergeet het, het dit uit sy greep geglip.

IDEE-OBJEKTE KAN GLIBBERIG EN ONTWYKEND WEES

- (412) *Ek kan nie my vinger op die probleem lê nie, maar...*
- (413) *Ongelukkig het hy sy **greep** daarop verloor*
- (414) *Ek het die kans om die idee te implementeer **deur my vingers laat glip**.*
- (415) *Dit is maar 'n **glibberige** konsep.*
- (416) *'n Mens is bewus daarvan dat dit 'n baie **glibberige**, selfs vae begrip is.*

INTELLIGENSIE IS DIE SPOED VAN BEGRIP (dit wil sê gryp)

- (417) *Ek het probeer om dit vir hom te verduidelik, maar hy is 'n bietjie **stadig** van **begrip**.*
- (418) *Moet haar nie onderskat nie; sy is **vlug** (= vinnig) van **begrip**.*

5.2.2 Die werkwinkel-scenario

DIE BEWUSSYN IS 'N HOUER

Jäkel (2003:156) verduidelik dit deur te noem dat die mens sy gedagte-wêreld as 'n houer beskou.

- (419) *Nou maar goed, vertel my net eers wat jy **in gedagte** het.*
- (420) *Wie het daardie idee **in jou kop** gesit?*

DOMHEID kan as leegheid van die houer gesien word:

- (421) *Daardie seun het **niks tussen die ore nie**. (Idiomaties)*

(422) *Daardie meisie is sommer 'n ou **leë koppie**.*

BEGRIP IS OM IDEE-OBJEKTE IN DIE VERSTANDHOUER TE PLAAS

(423) *Hulle het na my lesing geluister, maar hoeveel hulle **ingeneem** het, weet ek nie.*

(424) *Ek kan nie hierdie Latyn **in my kop** kry nie.*

Volgens Jäkel (2003:157) is dit logies dat die bereidwilligheid om idee-objekte in te neem by uitstek gebeur indien die denkende persoon sy verstandhouer oopstel in plaas daarvan om dit toe te sluit. Dit bring ons by die volgende metafoorhoof:

INTELLEKTUELE ONTVANKLIKHEID IS OPENHEID EN RUIMHEID VAN DIE VERSTANDHOUER

(425) ***Stel** jou gemoed **oop** vir 'n paar nuwe gedagtes.*

(426) *Jy moet met 'n **oop** gemoed na die lesing luister.*

Volgens Jäkel (2003:158) het die werkwinkel 'n soort "kern" (fokusarea). Hierdie kern het 'n periferie (randgebied) asook 'n sentrale area.

BELANGRIKHEID IS SENTRAAL EN ONBELANGRIKHEID IS PERIFERIES

Hiervolgens word onbelangrike sake na die periferie verskuif.

(427) *Hy moes al sy idees om 'n konsertpianis te word **eenkant toe skuif**.*

(428) *Nee wat, sy het nie meer so 'n obsessie oor die idee nie; tog is dit nog **in haar agterkop**.*

(429) *Dit gebeur dikwels dat belangrike sake **eenkant toe geskuif word** en vergete raak.*

In so 'n werkwinkel moet daar gereedskap wees waarvan die "ambagsman" gebruik kan maak.

DIE INTELLEK IS 'n GEREEDSKAPSTUK

(430) *As hy sy **verstand gebruik** het, sou sy redenasie meer sin gemaak het.*

INTELLIGENSIE IS HOE SKERP DIE GEREEDSKAPSTUK IS

(431) *Hy het 'n **SKERP verstand**.*

(432) *Die wyse waarop hy argumenteer, is uiters **SKERPsinnig**.*

Soms kan die instrument deur die ambagsman verloor word of verkeerd gebruik word. Dit kan aanleiding gee tot waansinnigheid.

SELFKONTROLE IS 'n GOEIE GREEP OP DIE GEREEDSKAPSTUK

(433) *Hy het die kluts kwyt geraak. (Idiomaties)*

(434) *Ek het amper van my kop af geraak.*

(435) *Iewers het hy 'n skroef los.*

Soms is die navorser wel opgewasse vir 'n intellektuele taak, maar gebruik dan nie die instrument nie.

(436) *Sy kon dit doen as sy probeer het – die probleem is dat sy nie aldag haar **verstand gebruik** nie.*

Hierdie mentale instrumente kan nie lukraak gebruik word nie; hulle moet gerig word op objekte:

INTELLEKTUELE KONSENTRASIE IS DIE MENTALE INSTRUMENT SE GERIGTHEID OP DIE OBJEK

(437) *Rig julle aandag **op** hierdie belangrike aspek.*

(438) ***Spits** jou eers toe **op** hierdie spesifieke aspek.*

DENKE BEGIN BY DIE GEBRUIK VAN DIE MENTALE GEREEDSKAP

(439) ***Gebruik** jou **verstand** om die probleem op te los.*

(440) *Die komiteedele het hulle **verstand** so gou as moontlik begin gebruik.*

(441) *As hy net sy **verstand gebruik**, kan hy 'n briljante student wees.*

Die mentale instrument kan selfs aan die idee-objek "geheg" word:

(442) *Hy **vestig** (= heg) die student se aandag op die probleem.*

Soms word die aandag nie sodanig "gevestig" nie, maar wel "gehou".

(443) *Hy **hou** sy aandag op die probleem.*

(444) *Hy **hou** die probleem in gedagte.*

Jäkel (2003:161) stel ten opsigte van die oplossing van probleme die volgende metafoorhofies:

- (i) **PROBLEME IS SOLIEDE OBJEKTE.**
- (ii) **PROBLEME IS HOUERS, OPLOSSINGS IS BINNE-IN VERSTEEK.**
- (iii) **OM 'n PROBLEEM OP TE LOS, MOET DIE PROBLEEMHOER OOPGEMAAK WORD.**
- (iv) **MOEILIKHEIDSGRAAD IS HARDHEID.**
- (v) **DIE HOER BIED 'n MATE VAN WEERSTAND.**
- (vi) **DIE OOPMAAK VAN DIE HOER BENODIG FORSERING.**

(445) tot (457) bevat almal aspekte wat verband hou met (i) - (vi).

Voorbeelde:

(445) *Dis 'n harde neut om te kraak.*

Indien ons aanneem dat 'n soliede objek ook 'n houer kan wees, geld (i) tot (vi) vir (445).

Indien die houer (dop van neut) gekraak is, word daar by die kern van die probleem uitgekom. (Vgl. (446).)

(446) *Dit is die kern van die probleem.*

Volgens Jäkel (2003:162) kan die dop (omhulsel, houer) kwaai weerstand bied. Die beste pogings om dit te "kraak" (oop te breek) bly soms maar "oppervlakkig". (Vgl. (447) en (448).)

(447) *Tot dusver het jy maar nog net **aan die oppervlak geraak**.*

(448) *Al hierdie redes lê egter 'n **bietjie na aan die oppervlak** van die verskynsel.*

Die poging om die probleemhouer oop te kry, bring mee dat verskeie instrumente as hulpmiddele gebruik moet word. (Vgl. Jäkel, 2003:162.)

(449) *Ons is nog besig om die oplossing van die probleem te probeer **uitbeitel**.*

(450) *Hy probeer die probleem **oopgrawe**.*

(451) *Hy het 'n **deursnit** van die probleemarea gemaak.*

In (449) word 'n beitel (en 'n hamer) gebruik; in (450) 'n graaf; en in (451) 'n mes. Ondanks baie inspanning kan die probleem so ondeurdringbaar wees dat 'n mens nie verder kan vorder nie. (Vgl. (452) en (453).)

(452) *Die probleem is totaal en al **ondeurdringbaar**.*

(453) *Ek kan **nie deurdring** tot die kern van die probleem **nie**.*

Indien die navorser in sy poging slaag om die probleem-omhulsel te laat kraak of knak sodat 'n mens dit uitmekaar kan haal, het hy die oplossing gekry (454), of is hy al 'n hele end nader aan die oplossing (455).

(454) *Hy het die probleem **ontrafel** en 'n oplossing daarvoor gekry.*

(455) *Hy het een van die kernprobleme **geknak**.*

Soms is dit nie moeilik om die probleem uiteindelik op te los nie. Jäkel (2003:163) meen dat die navorser skielik 'n **sleutel** kan vind waarmee hy op 'n heel ordentlike en maklike manier die probleem kan "oopsluit" (Vgl. (456) asook (457).)

(456) *Uiteindelik het hy 'n **sleutel** vir/tot die probleem gevind.*

(457) *In (hierdie) samehangende begripspaar is myns insiens die **sleutel** tot Van Wyk Louw se sensuur-siening geleë.*

Volgens Jäkel (2003:163) kom 'n volgende fase van die probleemoplossingsscenario aan die beurt. Nou begin die eintlike ondersoek. Hy stel dié gedagte deur middel van die volgende metafoorhofie:

DIE OOP PROBLEEMHOUER MOET DEURSOEK WORD OM DIE OPLOSSINGSINHOUD DAARVAN TE PROBEER KRY

Jäkel skilder die volgende scenario (2003:163). Die navorser kan vryelik in-kyk binne-in die houer (458) en toegang tot die houer is moontlik (459). Tog kan die oplossingsinhoud **diep onder** in die houer verborge wees (460). Dan moet die soeke daarna tot by die bodem van die probleem-houer strek (461).

(458) *Ons moet **diep** in die probleem inkyk om die oplossing raak te sien.*

(459) *Nou **beweeg** ons werklik in die probleem in.*

(460) *Die probleem se oplossing lê **onder die oppervlak** verskuil.*

(461) *Ek wil nou tot op die **bodem** van die probleem kom.*

Jäkel (2003:163) stel dat die **moeilikhedsgraad** van 'n probleem met die **dieptegraad** van die probleem-houer verbind kan word (462). Aangesien die intellektuele taak **diep** op die **bodem** van die houer moet plaasvind, word hierdie kenmerke ook oorgedra na die navorser (463) en sy deurdringende denkapparaat (464).

Jäkel (2003:164) se metafoorhofie word hier onder weergegee.

INTELLEKTUELE KWALITEIT IS DIE DIEPTE VAN DIE DENKE
--

(462) *Ons het hier met 'n **dieperliggende** probleem te doen.*

(463) *Hy is 'n **diep** denker.*

(464) *Hy het 'n **deurdringende** verstand.*

(465) *Daar is 'n rede wat **dieper** lê*

(466) *Dis een van die mees **diepgaande**, verantwoordelike beredenerings.*

Uiteindelik word die oplossing na bo gebring waar dit aan die **daglig** (471) of aan die **lig** (468) gebring word.

(467) Uiteindelik het hy met 'n oplossing **vorenDAG** gekom.

(468) Die oplossing het uiteindelik aan die **lig** gekom.

Noudat die oplossing gemanipuleer is sodat dit oop en bloot in helder lig lê, kan daar verskillende opvattinge van gemaak word. Veral vanweë die feit dat sake en (oplossings) vanuit verskillende gesigspunte (oogpunte, benaderingshoeke) bekyk kan word.

Dit is nogal ironies dat Jäkel nie die kwessie (van verskillende benaderingshoeke) slegs deur hanteringswerkwoorde kon illustreer nie. In Engels figureer daar in die voorbeeld darem een hanteringswerkwoord: "take" (469).

(469) *He **took** a different **view**.*

View wat hier naamwoordelik gebruik word, eksplisiteer visuele (en kognitiewe) waarneming. Jäkel (2003:165) moet dit noodgewonge betrek. Dit laat die indruk dat daar baie meer "visuele" leksame gebruik kan word in 'n akademiese diskoers. In Afrikaans sou (470) as (471) of (472) uitgedruk kon word.

(470) *Hy **sien dit** uit 'n ander **oogpunt**.*

(471) *Hoewel jy tot daardie gevolgtrekking gekom het, **beskou** ek die saak heeltemal anders.*

(472) *Van die **ander kant gesien***

Die volgende metafoorhofie bied 'n effens ander siening van die gebruik van die hanteringswerkwoord: (Hier word idees met kunswerke vergelyk.)

DIE VORMING VAN IDEES IS DIE VORMING VAN KUNSWERKE UIT RUWE MATERIAAL:

(473) *Dit is nie maklik om 'n idee te **vorm** van die verre verlede nie.*

(474) *Het jy 'n opinie **gevorm**?*

(475) *Hy vind dit moeilik om **vorm** aan sy idees te gee.*

(476) *Materiaal wat so **bewerk** is, het nie net toepaslikheid op die eie tyd nie, maar ook op ander tye.*

(477) *(...) maar dit is alleen eerbied teenoor die lewe wat hierdie dinge tot groot literatuur kan **omskep**.*

Van hierdie voorbeelde herinner sterk aan beelde wat uit klei gemaak word. Hoewel **vorm** inpas by 'n kunstema word dit steeds as 'n **manipulasiewerkwoord** beskou.

5.2.3 Die geheuestoor-scenario

Jäkel (2003:168) kom met die volgende metafoorhofie vorendag waarmee hy die bewussynsruimte as 'n stoor voorstel:

DIE GEHEUE STOOR IDEE-OBJEKTE

So 'n stoor is ook 'n houer. Dit be-hou immers dinge (in die bewussynSHOUEER).

(478) *Hierdie dinge is al vir donkiejare **in my geheue**.*

(479) ***Hou dit altyd in gedagte** dat sy 'n vriendin van die direkteur is.*

(480) *Hy stoor die geheime formule iewers **in sy geheue**.*

(481) My $\left\{ \begin{array}{l} \text{kop} \\ \text{geheue} \end{array} \right\}$ **is vol feite geprop.**

OM IDEES TE LAAT VAAR IS OM AFVALMATERIAAL EN LEË KWESSIE-HOUERS WEG TE SMYT.

Jäkel (2003:171) stel dat wanneer 'n idee-objek nie meer 'n doel het nie, dit uit die mentale werkswinkel verwyder moet word:

(482) *Kry tog die idee om te trou **uit jou kop**.*

Sommige (onaangename) gedagtes kan nie maklik vergeet word nie.

(483) *Ek het 'n verskriklike fout gemaak en nou kan ek dit nie **uit my gedagtes** kry nie.*

'n Idee kan ook gelos word.

(484) ***Los** die idee om hom 'n pak te gee.*

(485) ***Kry** die gedagtes van vryheid uit jou kop.*

(496) *Nadat ek 'n bietjie oor die saak nagedink het, het ek dit laat **vaar/los**.*

Volgens Jäkel (2003:167) is dit 'n wesentlike bestanddeel van mentale aktiwiteit om te onderskei tussen teenoorstaande argumente en alternatiewe idees. Hierdie hoogs abstrakte denkhandelinge word metafories as heeltemal konkrete hantering (dit wil sê met die hand(e) as instrument) gekonseptualiseer. Hier gaan dit om die teenoor-mekaar-opweeg van fisiese objekte. Die volgende metafoorfobie word voorgestel:

DIE BEOORDELING VAN DIVERSE ARGUMENTE IS DIE OPWEEG VAN IDEE-OBJEKTE:

- (487) *Hy het die idees **in sy gedagtes** teenoor mekaar **opgeweeg**.*
- (488) *Jy moet **oorweeg** of jy wil voortgaan of nie.*
- (489) *Jy moet die onkoste van die nuwe sisteem **opweeg teen** die finansiële baat wat ons daarby sal vind.*
- (490) *Die resultate **weeg** nie **op** teen die koste nie.*

Jäkel (2003:167) wys daarop dat **gewig vir belangrikheid** staan. Hieruit vloei voort dat, wanneer 'n vergelyking gemaak word, die beste en belangrikste argument "swaarder weeg". Veral voorbeeld (490) hierbo toon aan dat teenoorstaande argumente reëlreg teenoor mekaar opgeweeg word.

Die skaal gee 'n uitslag (afhangende van die betekenis wat die beoordelende persoon daaraan heg). Kyk (491) en (492).

- (491) *Die potensiële wins het die **skaal laat oorslaan**.*

Onbelangrike kwessies weeg min.

- (492) *Sulke gerugte dra, na my mening, **geen gewig** nie.*

Daar is nie altyd van 'n weegskaal sprake nie. Die twee hande kan ook "weeg" watter een van twee objekte die swaarste is. In Afrikaans word hand deur "kant" uitgedruk. Dit is verstaanbaar omdat die mens fisiek so saamgestel is dat sy een hand aan sy een

kant is en dat sy ander hand aan sy ander kant is. 'n Proses van mentale oorweging word deur die gewigte aan die verskillende kante (hande) voorgestel:

(493) *Aan die **een kant***

*Aan die **ander kant***

Hier word die idee-objekte uitdruklik in die twee oop hande van die oorwegende persoon geplaas. 'n Gebalanseerde oordeel is belangrik. Waar daar nié balans is nie, moet die oorwegende persoon balans skeep. Kyk (494) asook (495).

(494) *Jy moet die voordele van die stadslewe **uitbalanseer** met die nadele daarvan.*

(495) *Ons sal die geldsake moet **uitbalanseer**.*


5.2.4 Samevatting van die manipulasiemetafoor

Konsepte soos 'belangrikheid' en 'moeilikhedsgraad' kom in hierdie studie aan die orde. Die kwessie van 'belangrikheid' word deur 'n verskeidenheid bronne gebeeld: Idee-objekte kan meerdimensioneel wees, verborge, buite bereik, beweeglik, glibbering en hard. Dit is moeilik om die probleemhouer oop te kry. Boonop lê dit baie diep. Die oplossing kan heel onder op die bodem van die probleemhouer lê. As gevolg van die gewigtigheid (= belangrikheid) daarvan word daar krag vereis om die oplossing uit die houer te kry. Voorts word die kwessie van intellektuele kwaliteit ook in die studie aangeraak. Snelheid tydens die inname van idee-objekte speel 'n rol en word in verband gebring met intelligensie. Verder speel die skerpte van verstandsinstrument 'n rol tydens mentale prosesse. Voorts is die diepte van die denke 'n noodsaaklikheid by mentale handeling. Ten slotte is die vermoë om idee-objekte te weeg en te balanseer onder die vergrootglas geplaas.


Die breë raamwerk waarbinne die manipulatief-metaforiese werkwoord bespreek is, word kortliks in Figuur 5.2 saamgevat. Die dinamiese "verloop" daarvan word in vloedigramme in Figuur 5.3, Figuur 5.4 en Figuur 5.5 geïllustreer. Die

manipulasieteorie is omgewerk volgens 'n raamwerk van leksikale velde en daarvolgens gesistematiseer in Tabel 5.5.


Kognisie deur middel van **manipulasiemtafore** volgens die scenario-prinsiep aangedui deur vloiediagramme



Figuur 5.2: Algemene uiteensetting van die vloiediagramme



Figuur 5.3: Die soektog-scenario Kamer (i)



Figuur 5.4: Die werkwinkel-scenario





Figure 5.5: Die geheuestoor-scenario

Manipulasie Soektog (= ideeagtery)				Manipulasie Werkswinkel		Manipulasie Geheuestoor				
Probeer vind, soeke na probleem ↓		Inspanning om probleem te vind en om 'n greep daarop te kry ↓		Greep op probleem ↓	Gryp-spoed ↓	Probleem-oplossende denke	Idee-vorming	Onthou	Vergeet	Beoordelings-proses
Mik	Grawe	Inspanning om die probleem te identifiseer, want dit is ontwykend		Begrip	Intelligensie					
Geweer	Graaf/Pik	Fisiese inspanning om die probleem aan te durf	Probleem bied weerstand want dit is glibberig	begryp 'n houvas hê snap vang neem iets in ag omvat	stadig van begrip wees vlug van begrip wees	iets in gedagte hê/hou kennis inneem 'n idee eenkant toe skuif jou versand gebruik jou aandag vestig raak slegs aan oppervlak 'n oplossing uitbeitel 'n probleem is soms ondeurdringbaar deurdring tot kern 'n probleem ontrafel die probleem lê dieper (as wat jy dink)	'n idee vorm 'n opinie vorm gee aan 'n probleem omskep iets tot literatuur	Ek bêre dit al vir jare in my geheue Ek stoor die geheime formule in my geheue My {kop } {geheue}	Los dié idee Kry dit uit jou kop Ek het dié gedagte laat vaar	weeg opweeg oorweeg dit dra geen gewig nie uitbalanseer balans in 'n argument
korrel mik rig a b s t r a k 	opdiep uitdiep ontgin oopgrawe	beetpak worstel spartel spook spook en spartel	greep verloor deur vingers laat glip glibberig wees 'n glibberige begrip wees							

Tabel 5.5: Die manipulasiemetafoer, omgewerk tot 'n raamwerk van leksikale velde

5.3 Ter afsluiting: samevattende opmerkings oor die verband tussen nie-metaforiese en metaforiese kognisiewerkwoorde

Sekere Afrikaanse kognisiewerkwoorde is in hierdie studie ondersoek. Eerstens is die nie-metaforiese werkwoorde in Hoofstuk 4 ondersoek. Hieruit blyk dit dat hierdie werkwoorde sterk verband hou met 'n klompie manipulasie werkwoorde, soos **kry** en **het** en **gee**. Daarna is metaforiese werkwoorde in Hoofstuk 5 ondersoek (eers die visuele en toe die manipulatiewe). Alhoewel die twee metaforiese kognisiedomeine afsonderlik bespreek is, is hulle ook subtiel met mekaar verweef. Omdat die nie-metaforiese werkwoorde ook met die metaforiese werkwoorde verbind kan word, wil dit voorkom asof alle kognisiewerkwoorde tot dieselfde oerbron herlei kan word. Hierdie stelling word deur Tabel 5.6 geïllustreer.

Manipulasie= Lekseme	voel ↓ vat ↓ KRY	voel ↓ vat ↓ HET	voel → ∅ ↓ vat → ∅ ↓ GEE	voel ↓ vat ↓ HOU	voel ↓ vat ↓ VORM
Nie-metaforiese Lekseme	kennis, inligting, sekerheid = verstaan	kennis, inligting, sekerheid = weet / besef	kennis, inligting, sekerheid = verduidelik	in 'gedagte, in herinnering = dink daaraan	'n idee, 'n opinie = verstaan
Visuele lekseme	insig, die prentjie, perspektief = verstaan	insig, 'n siening, 'n perspektief, 'n beskouing = 'n opinie	insig, helderheid, perspektief = verduidelik	in die oog, iets voor oë = dink daaraan	'n siening, 'n perspektief, 'n beskouing = verstaan
<div style="border: 1px solid black; padding: 5px; display: inline-block; margin: 0 auto;"> Implikatief en Kousatief </div>					

Tabel 5.6: Afrikaanse kognisiewerkwoorde volgens onderlinge verband gerangskik

In hierdie studie is die werkwoorde ook in semantiese velde gesistematiseer. Tabel 5.7 tabuleer samevattend op hierdie wyse die vernaamste aspekte van die onderhawige studieveld.

Mentale aktiwiteit (Kognisie)											
Niemetaforiese kognisiewerkwoorde						Metaforiese kognisiewerkwoorde					
Basiese werkwoorde					Verwante werkwoorde	Visiewerkwoorde		Manipulasiewerkwoorde			
dink	ken	weet	besef	verstaan	glo oordeel redeneer	kyk	sien	vorm	gryp	voel	vat

Tabel 5.7: Samevattende rangskikking van Afrikaanse kognisiewerkwoorde volgens semantiese velde

Die uitgangspunt in hierdie studie is dat *voel* die beginpunt van manipulasie is, en hoewel manipulasiewerkwoorde nie oor 'n metakognitiewe vermoë beskik nie en nie so sterk intellektueel gekleur is nie, is hulle meer handelend, dramaties en motories van aard en ook baie effektief binne didaktiese situasies waar instruksies gegee word. Hierdie werkwoorde is danksy hulle aktief-handelende aard baie meer geskik om objekte in 'n resultaatvorm te lewer. Vergelyk (496) – (501).

(496) **Gee** aandag!

(497) **Los** nou eers daardie gedagte!

(498) **Neem** liever die volgende as uitgangspunt!

(499) Ek **hamer** nou al vir twee weke op die feite.

(500) **Verwerk** die leesstof tot 'n samehangende maar bondige geheel.

(501) My navorsingsvoorstel moet **geskaaf** word totdat my studieleier daarmee tevrede is.

In hierdie hoofstuk is die kognitiewe funksionering van visuele werkwoorde én van manipulasiewerkwoorde ondersoek. Of dié twee tipes werkwoorde werklik geïntegreerd kan funksioneer, word in die volgende hoofstuk van naderby beskou.

Hoofstuk 6

'n Sintese

In so 'n voorfinale hoofstuk, ná die akademiese reis wat onderneem is, kan ons die temas wat betrek is, op 'n geïntegreerde wyse, saamgesnoerd betrag. Daarom gaan ek onder meer sekere idees saamvat, bepaalde bevindinge uitlig, en na die aanvanklike hipoteses van hierdie studie kyk en wys in watter mate hulle geverifieer kan word. Hierbenewens word daar bepaalde sinteses gemaak voordat daar tot 'n teoretiese slotsom gekom word, onder meer betreffende 'n beskouing rondom die kwessie van die visuele teorie versus die manipulasieteorie van denke.

6.1 'n Opsomming tot dusver

Nadat daar aanvanklik na die aard van die uitgangspunte van die Kognitiewe Linguistiek gekyk is, is daar ondersoek na die neuroloog, Antonio Damasio (1994, 2000 en 2003) se werk ingestel, aangesien hy deurgaans 'n verband tussen *gevoel* en *denke* binne die neurologiese funksionering van die mens se brein bespeur. Hierdie verbandlegging val reeds binne die kader van beliggaamdheid soos voorgestaan deur die kognitiewe linguistiek. Verder betrek beliggaamdheid ook die manier waarop die mens sy omwêreld ervaar. Die fisiese aard en gestruktureerdheid van die mens se liggaam bepaal dus sy ervaring van die werklikheid. Ons waarneming word dus eintlik deur ons liggaamlike gestruktureerdheid bemoontlik en beperk (Radden 1997:69-87).

Dit is van belang dat waarneming vermeld word waarby sowel die visuele sintuig as die gevoelsintuig ingesluit kan word. Ons kan daarom sien hoe mense binne die konkrete ervaringsdomein *gryp*, *beweeg*, of *veg* en *rondkyk*, of hoe ander mense pyn *voel* wanneer hulle *siek* is, of hoe iemand baie kwaad *voel* wanneer iemand hom hard aan die arm *gryp*.

Ons beskik verder oor die vermoë om waar te neem hóé iemand anders iets *waarneem*. Dit is veral visuele waarneming wat hier 'n metakognitiewe rol speel, byvoorbeeld:

- (1) *Ek kan duidelik **sien** dat jy die kwessie van feminisme veels te eng **bekyk**.*
- (2) *Sover ek kan **sien, sien** jy die rol van Van Wyk Louw in die intellektuele lewe van die Afrikaner heeltemal in **perspektief**.*

Hierdie sien-van-sien (denke-oor-denke, metakognisie) behels 'n besondere dimensie van abstraksie. Ons beskik ook oor die aangebore vermoë om gewone aspekte vanuit ons konkrete ervaring metafories op die geestes- en gevoelswêreld te projekteer. Hierdie metaforiese projeksie vanaf die konkrete na die abstrakte is vervolgens bespreek. Melding is gemaak van die metafoorbekouing binne die kognitiewe linguistiek waar elemente vanuit 'n konkrete domein geprojekteer word op 'n abstrakte domein om abstrakte denke vlot te laat verloop.

Aangesien konkrete visuele werkwoorde (*kyk, sien, raaksien, ens.*) én konkrete manipulasiewerkwoorde (*voel* word in hierdie studie as die primêrste manipulasiewoord beskou) ons belangrikste metaforiese kognisiewerkwoorde blyk te wees, is die metaforiese werksverrigting hiervan op verskeie linguistiese wyses beproef.

Die aanvanklike hipoteses van hierdie studie

Die heel belangrikste hipotese van hierdie studie het soos volg gelui: *Denke is beliggaamd en verankerd in sowel visie as gevoel (waarby tassintuiglike ervaring ingesluit word)*. Hieronder volg 'n effens gewysigde perspektief.

Bovermelde hipotese kan in 'n redelike mate geverifieer word. Die kwessie van beliggaamdheid (as kernuitgangspunt van die Kognitiewe Linguistiek) soos wat dit betrekking het op die metaforiese gebruik van sowel visuele (en visueel-verwante) lekseme asook op gevoelslekseme (lees ook *tassintuiglike* lekseme) wat kognisie

uitdruk, word teruggevoer na die feit dat sowel visie as gevoel primêre sintuiglike ervarings is.

Aangesien daar in hierdie studie veral linguisties aangetoon is dat manipulasie teruggevoer kan word tot konkrete *voel (tas en vat)*, blyk dit voor die handliggend te wees dat manipulasie gevoel as deelsegment insluit.

Gevoel kan trouens as die beginpunt van manipulasie as geheelverskynsel beskou word en in hierdie studie word daar aanvaar dat visie en gevoel ewe diep verankerd is. Denke is vir alle praktiese redes ook in gewone menslike visie verankerd, soos blyk uit (i).

(i) *Visuele en visueel-verwante metafore* (Lakoff en Johnson 1999:238)

- KNOWING IS SEEING
- AN AID TO KNOWLEDGE IS A LIGHT SOURCE
- BEING ABLE TO KNOW IS BEING ABLE TO SEE
- KNOWING FROM A "PERSPECTIVE" IS SEEING FROM A POINT OF VIEW

Visuele en visueel-verwante woorde (byvoorbeeld *sien, insien, raaksien, lyk* ens.) speel 'n rol om onder meer bogenoemde metafore in staat te stel om denke uit te druk.

Dit het uit hierdie studie baie duidelik geblyk dat metafore, soos dié in (i), denke (kognisie) in Afrikaans kan uitdruk. Hier en daar sou 'n term effens gewysig kon word om by die Afrikaanse idioom aan te pas. 'n Hele aantal verwante addisionele ICM's sou ook vir Afrikaans ontwerp kon word omdat Afrikaans wat visie (dit wil sê *sien* en *kyk*) betref oor talle morfologiese uitbousels beskik, byvoorbeeld *insien, uitsien, siening*, ens. of *bekyk, deurkyk* ens. Insgelyks kan Afrikaans baie gemaklik kognitief inskakel by manipulasie ICM's – ten spyte van my aanvanklike bedenkinge oor die manipulasiemodel en die teoretiese fundering daarvan.

(ii) *Manipulasiemetafore* (Jäkel 2003:173-174)

- MENTAL ACTIVITY IS MANIPULATION
- THINKING IS WORKING ON PROBLEM-OBJECTS WITH THE MIND-TOOL
- FORMING IDEAS IS SHAPING RAW MATERIAL

Manipulasiemetafore druk denkaktiwiteit uit onder meer deur middel van woorde soos *beGRYP*, *greep*, *omVANG*, *misVATting*, ens.

'n Verdere hipotese was om die geldigheid van Sweetser (1990:44) se beskouing betreffende die effektiwiteit van visie as 'n bron vir denkmetafore na te gaan; asook haar bewering dat ons gevoelssintuig niks met die intellek te make het nie. Hoewel Sweetser (1990) in hoofsaak reg was met die gedagte dat visuele en visueel-verwante metafore onontbeerlik is vir die uitdrukking van denke, was sy duidelik verkeerd toe sy (1990:44) gesê het: "our sense of touch is not connected with intellection but with emotion (...)".

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat haar 'touch'-uitspraak nie korrek is nie want die ondersoek van die Afrikaanse taaldata het duidelik aangetoon dat die lekseem *voel* (wat linguisties gesproke 'n tassintuiglike konkretum het) in bepaalde sinskontekste gemaklik konnotasies soos 'dink', 'meen', 'reken', 'skat', 'raai', 'kan sweer', ens. laat blyk. Indien 'n mens ook in aanmerking neem dat (ge)voel onderliggend is aan manipulasie sowel as aan ons denke, is die kognitiewe relevansie daarvan beslis beduidend.

Bevindinge wat voortvloei uit die ondersoek van die metaforiese kognisiewerkwoorde

Wat die visuele werkwoorde betref, het dit duidelik geblyk dat hulle talryke kognisieaspekte denoteer. Afgesien hiervan word talryke kognitiewe implikasies gelewer deur die waarnemer, die waargenomene, asook die inligtingoordrag vanaf die waarnemer na lerende subjekte. Die aanwending van ligkwaliteit speel hier 'n merkwaardige rol. Voorts bied visuele werkwoorde die moontlikheid om 'n ander persoon se 'sien'-wyse te kritiseer. Só word verdere dimensies van metakognisie moontlik gemaak. Visuele werkwoorde blyk dus onontbeerlik te wees by intellektuele diskoerse en dit is geensins verbasend dat hulle in ons intellektuele tradisie gevestig geraak het nie.

Ook *voel* se metaforiese stukrag is ondersoek. Daar is bevind dat *voel* ook sekere kognitiewe denotاسies laat blyk. Tog kan die semantiese produktiwiteit en reikwydte van *voel* nie met dié van *sien* (en ander visuele werkwoorde) vergelyk word nie. Soos egter vermeld, is (ge)voel as onderliggende element egter van die grootste belang.

6.2 Oorkoepelende metafore en 'n sintese

Daar word in hierdie studie die aanname gemaak dat (a) die verhoogmetafoor die geskikste oorkoepelende metafoor vir die uitdrukking van mentale visie is, en (b) dat manipulasie oorkoepelend deur die werkswinkelmetafoor saamgevat kan word. 'n Sintesevorming (c) vind plaas indien een van die toneelinkledings 'n werkswinkel op die verhoog sou kon wees. (Of, indien die akteurs met allerlei objekte werskaf (= manipuleer).) Hierdie twee hoofmetafoortipes wat kognisie uitdruk, is versoenbaar met mekaar en staan geensins in 'n digotomiese relasie teenoor mekaar nie.

Ten einde die kwessie van die twee oorkoepelende metafore te verduidelik asook hoe hulle in 'n sintese, simbioties sáám funksioneer, word daar eers aspekte rakende die relevansie van die verhoogmetafoor uiteengesit. Ons begin by die werkwoord. Talle konkrete werkwoorde kom binne 'n konkrete domein voor en dit is juis die *werkwoord* (as woordsoort) wat 'n mentale toneel aktiveer (vgl. Hendrikse 1996:97). Dit dien as 'n belangrike faktor ten gunste van die verhoogmetafoor en word by ons uiteensetting betrek.

Die kwessie van innerlike visie is al op verskeie maniere voorgestel, soos onder meer 'n (innerlike) rolprent, 'n (innerlike) TV-program, 'n (innerlike) teater (Descartes), 'n (innerlike) verhoog en 'n mentale teater. Volgens Brandt (2011:10) wys so 'n mentale teater ('mental theatre') vir ons produkte van die verbeelding d.m.v. affektiewe, epistemiese en assosiatiewe konneksies (wat natuurlik verband hou met ons eksterne ervaringswêreld). Hierdie gedagtes, figure (lees ook 'persone' of 'personasies' of 'karakters' – A.J.G. Roux) en beweging 'gebeur' regtig binne ons en dit vind plaas wanneer ons wakker is en ook in ons drome wanneer ons slaap. Dit is Langacker (1991:284) wat 'n deeglike verhoogmodel uitgewerk het waarin deelnemers soos

akteurs teenoor mekaar optree. Hierdie deelnemers speel argetipiese rolle soos dié van Agent, Pasiënt, Instrument, Ervaarder en Ervaarde. Kognitiewe aspekte wat nie as figure (prominente aspekte) geselekteer is nie, vorm volgens Ungerer en Schmid (1996:182) die 'agtergrond'. Verder is die verhoograngskikking en deelnemers soortgelyk aan die konstituente van 'n sin. Die verhoograngskikking ('setting') is omvattend en relatief stabiel in 'n gebeurtenis, terwyl die deelnemers kleiner, beweeglik en betrokke is in fisiese kontak (verteenwoordigend van mentale interaksie). Betreffende die sinsdele is die deelnemers onderwerpe en voorwerpe, terwyl die rangskikking gesetel is in die bywoorde ('adverbials') van ruimte en tyd (vgl. Ungerer en Schmid 1996:182). Die deelnemers (en die toneelspel – A.J.G. Roux) word deur 'n (onbetrokke?) waarnemer ervaar as sou hulle diskrete handeling uitvoer (vgl. Hendrikse 1996:979). Dit blyk belangrik te wees om te onthou dat die werkwoord die sentrale faktor is wat die deelnemers en die rangskikking aktiveer (of ouderwets gestel: *in aanSYN roep*).

Ek wil beweer dat dit nie by uitstek 'sien'-werkwoorde (soos byvoorbeeld *sien*, *raaksien*, *kyk*) is wat mentale visie aktiveer nie. 'Mentale visie' (Sweetser (1990) gebruik terme soos 'mental vision' en 'inner vision') impliseer nie dat ek hier 'n mentalistiese beskouing propageer nie, wat sou wou hê dat die brein ('mind') as 'n prosesseringsmeganisme dien wat taal as produk lewer. Deur ta(a)l(e) te bestudeer sou ons dus uiteindelik die werking van die brein kon verklaar! Hier gaan dit gewoon om die afbeelding in die gedagtes van aspekte wat 'n mens innerlik o.m. visueel ervaar. Die nadruk op manipulasie en die meegaande beweging word ook bedoel om wyer te strek as die neerslag wat dit in taal vind, aangesien mense ook metafories dink (sónder taal) wanneer hulle allerlei take uitvoer (d.w.s. wanneer hulle bedrywig werskaf en manipuleer) (vgl. Casasanto 2008). Daar bestaan egter 'n baie vae skeidslyn tussen nie-talige denke en talige denke. De Saussure het immers al aangedui dat die konsep (prentjie) van 'hond' mentaal is. Ook die klankbeeld van 'hond' is mentaal. Dit wil dus vir my voorkom asof denke sonder taal baie maklik kan omskakel tot denke in taal; d.w.s. ook metaforiek buite taal tot metaforiek binne taal.

Dis veral bewegingswerkwoorde (byvoorbeeld *loop, strek, beweeg*), motoriese werkwoorde (byvoorbeeld *aandryf, voortstu, aktiveer*) en manipulasiewerkwoorde (byvoorbeeld *gryp, breek, beetpak*) wat mentale visie aktiveer. Superordinaatagtige 'sien'-woorde speel soms eerder 'n fasiliterende rol en ook 'n kommunikatiewe rol vir sover 'n mens jou gespreksgenoot (wat jyself kan wees) daarvan bewus maak dat jy 'n besondere (mentale) beskouing/siening omtrent die verwickelinge van sake het, of *in watter lig* jy sekere toedragte sien. Die sien-handeling van so 'n mentale waarnemer registreer dus die verhooggebeure en verleen 'n soort dinamika daaraan wat aan die slot van die hoofstuk geëksplisiteer sal word.

Die teoretici na wie hier onder verwys word, maak 'n sterk saak uit vir 'n (mentale) verhoog. Hulle gebruik egter nie verhoogterme nie, maar stel die saak wat die idee van die verhoogmetafoor ondersteun in terme van 'n sogenaamde "geestesoo". Hendrikse (1996:95) stel dat ons as mense kognitief betrokke is by die veranderlikheid van (mentale – A.J.G. Roux) voorwerpe, dinge, gebeurtenisse en tonele. Ons kyk met ons "geestesoo" daarna. Deane (1992:61), soos aangehaal deur Hendrikse (1996:95), wil dat ons (mentaal – A.J.G. Roux) daartoe in staat is om beelde in sulke skemas te roteer, te beweeg, te vergroot of om dit selfs te laat krimp. 'n Opmerking van Danesi (1990:234) (waar hy aansluit by Jaynes (1976:55)) laat blyk dat ons binne hierdie innerlike wêreld die sigbare beelde van gedagtes kan benader, dat ons daaraan kan raak en dit kan hanteer. Ons kan dit selfs rondskuif, dit vanuit verskillende hoeke bekijk en verskillende perspektiewe daarop verkry. Verder werk ons "geestesoo" amper soos wanneer die lense van 'n kamera verstel word: dit affekteer die perspektief en die organisasie in 'n foto deur die modifisering van die relasies tussen die samestellende dele daarvan. Op sommige dele kan daar ingezoom word, en ander kan selfs uit fokus gestel word ("defocalized") (vgl. Hendrikse 1996:95) en Frawley (1992:200). Danesi (1990:228) verduidelik ook die kwessie van die "geestesoo". Hy (1990:228) praat van "na binne gedraaide oë" wat die binnewêreld van abstraksie van hoek tot kant kan bekijk. Hierdie na-binne-kykery is eintlik maar vir Danesi (1990:228) 'n manifestasie van abstrakte denke. 'n Interessante opmerking wat Danesi (1990:226) maak, is dat innerlike (mentale) visie nie eintlik 'n statiese verskynsel is/kan wees nie. Innerlike beelde kan baie duideliker gesien word as daar beweging is. Daarom maak (aktiewe)

gebeurtenisse 'n suksesvoller mentale indruk as statiese beelde. Aktiwiteit (*manipulasie, beweging, motoriek*) maak dus die 'sien'-baarheid van objekte en toedragte, mentaal gesproke, baie duideliker. Let verder ook op 'n perspektief vanuit die Neuro-Linguistiese Programmeringspsigologie oor die belangrikheid van beweging vir mentale visie (Harris 2011:45-46).

Opsommenderwys sluit ek by Taylor (2003:10 e.v.) asook by Ungerer en Schmid (1996:182) se uiteensettings (veral verwysend na Langacker) aan deur nog duideliker samevattende opmerkings te maak in verband met die verhooggedagte. In die teater is die *agtergrond* van die verhoog van groot belang. Dit is juis Langacker se gedagte van die figuur-grond-organisasie wat aspekte laat uitstaan teen 'n sekere agtergrond. Van Rensburg (1975) het, soos in Hoofstuk 4 aangehaal, die 'agtergrond'-verskynsel mooi benut. Ek herhaal 'n enkele voorbeeld.

(85) 'n Mens moet Van Wyk Louw se uitlatings teen die agtergrond van sy werk as geheel sien. (My beklemtoning.)

Voorts skakel die figuur-grond-organisasie direk met die wek en rig van die *aandag* van die toeskouer. Die toeskouer se aandag vloei natuurlikerwys na die figuur en sodoende word daar dus op die figuur 'gefokus'. Die aard van die agtergrond 'kleur' dan die aard van dit waarop gefokus word. Vergelyk (3).

(3) Die melankolie in Eugene Marais se poësie behoort in hierdie biografie gesien te word teen die tragiese en donker agtergrond van baie aspekte van sy eie lewe.

Ter motivering van die *aandag*-verskynsel in die drama noem ek 'n welbekende frase gemunt deur dramakundiges. Hulle praat van die appèllatiewe effek van die drama.

Voorts gaan ons die terme *herrangskikking* en *belyning* bespreek. In veral die mentale teater kan die figuur-grond-organisasie binne die verbeelding van die toeskouer (na aanleiding van sy unieke *wil*) 'n selekterende gedrag vertoon. Die toeskouer kan dus op eie houtjie danksy sy verbeelding 'n toneel ('scene') herrangskik deur die

verhoogobjekte te verander, of die akteurs anders te posisioneer deur middel van verskillende figuur-grond-belynings.

Belyning ('alignment') behels eintlik maar net die *hoek* waaruit die toeskouer die verhoograngskikking beskou (of, verbeeldingsgewys graag wil beskou). Vervolgens word verduidelik en aangetoon hoe die *hoek* ('point of view') 'n rol speel by intellektuele kwessies. Die begrip *hoek* word dikwels saam met die begrip *benadering* gebruik. Indien 'n akademiese probleem of enige abstrakte probleem slegs vanuit een hoek benader word, kan dit lei tot 'n eensydige interpretasie van so 'n probleem.

Vanuit sekere hoeke kan 'n mens 'n konkrete objek beter sien as vanuit ander hoeke. Analooq hiermee: vanuit sekere (benaderings-)hoeke kan 'n abstrakte en/of akademiese probleem beter verstaan word as vanuit ander (benaderings-)hoeke. Volgens HAT is die figuurlike betekenis van invalshoek die "[k]ant, hoek van, waaruit 'n mens 'n probleem, saak benader, beSKOU":

(211) *Vanuit sy unieke **invalshoek** is dit vanselfsprekend dat hy tot so 'n gevolgtrekking sal kom.*

(212) *Die **invalshoek** bepaal dikwels die hele gang van 'n betoog.*

Mentaal gesproke kan ons die hoeveelheid detail van 'n toneel ('scene') varieer. Verder kan ons (as mentale toeskouers) ons verbeel hoe 'n situasie vanuit verskillende *perspektiewe* of deur verskillende *brille* mag lyk. In hierdie teater is die sien van werklike (dog subjektiewe) situasies én onwerklike situasies soos *wense* moontlik. Albei tipes situasies kan afspeel in die verlede, hede, of toekoms (ook in konkrete teater).

'n Verdere faktor wat die verhooggedagte ondersteun is Langacker (1983:133 e.v.) se terme **objektifikasie** en, as teenhanger daarvan, **subjektifikasie**. *Objektifikasie* behels die handhawing van 'n sekere afstand deur die toeskouer vanaf die toneel. Aangesien hy buite die skopus ('scope') van die toneel sit, kan hy sake redelik objektief waarneem en sodoende 'n redelik gebalanseerde maar ook globale perspektief kry. Die

begrippepaar objektifikasie/subjektifikasie kan soms met 'n ander begrippepaar geassosieer word, naamlik **globale/spesifiserende** waarneming. Die volgende Van Rensburg-voorbeelde illustreer die beklemtoonde verskynsel:

(222) *'n Volwasse mens het die behoefte aan **afstand** van die dinge waaraan jy glo om **perspektief** te kry.* (Abstrak, Van Rensburg.)

(afstand = globale waarneming: mentale perspektief)

(223) *Dat daar van strengheid in die volksvers sprake is, blyk uit 'n **nadere betragting**.* (Abstrak, Van Rensburg.)

(ingekorte mentale afstand: mentaal-spesifiserende ondersoek)

In die finale instansie moet ons ook die linguistiese resultate soos wat dit neerslag vind in die sistematisering daarvan in **leksikale velde** a' la Lehrer (1974) bekyk. Dit sal bepaal of hierdie studie uiteindelik die verhoogmetafoor ondersteun.

Semantiesevelde tabel 5.1 in Hoofstuk 5 suggereer dat die aard van die waarnemer se oë (visie) 'n rol speel in die metaforiese proses. In tabel 5.1 kan 'n geleidelike afname van die sien-kwaliteit waargeneem word:

Baie goed sien → goed sien op alternatiewe wyses → goed sien
→ redelik goed sien → swak sien → al swakker sien → blindheid.


In Tabel 5.2 word die kwessie van lig betrek by die visuele veld waaroor die waarnemer beskik en in Tabel 5.3 word die *lig*-gedagte verder geëksploiteer. Hier speel die graduele afname van die lig-kwaliteit weereens 'n rol – vanaf *egte lig* na *bedrieglike lig* na *'n gebrek aan (goeie) lig* en selfs *donkerte*. Voorts weerspieël Tabel 5.4 'n belangrike kousatiewe rol binne die didaktiese situasie vir sover die leermeester in staat gestel word om 'lig' op 'n probleem te laat val sodat die student die oplossing van die probleem (baie) beter kan 'verstaan'.

Die groot klem op *visie* in 5.1.2; die betrekking van *lig* in 5.1.3; die verdere eksplorasie van *lig*, op graduele wyse; die onderskeid tussen egte en bedrieglike *lig* in 5.1.4; asook die belangrike rol wat *lig* binne 'n didaktiese opset (kyk 5.1.5) speel, dien (binne die raamwerk van hierdie studie) as linguisties-bevestigende motivering vir die verdere uitbouing en benutting van die verhoogmetafoor. Die noodsaaklikheid van *lig* vir visie en mentale visie kan met die verhooggedagte verbind word.

Die funksie van die **beligting** van die verhoog soos onder meer die beligting van aspekte van die toneelrangskikking wat 'n bietjie sterker of 'n bietjie anders is, beligtingstegnieke om terugflitse te suggereer, of om kontraste te suggereer, tesame met die visuele skerpte, die waarnemingshoek, die waarnemersdistansie, die agtergrond waarteen die figure beskou kan word en nog heelwat ander teater tegniese eienskappe onderstreep die werkbaarheid van die verhoogmetafoor.

Omdat beweeglike en aktiewe gewoel en gewerskaf en gemanipuleerdery (Jäkel se werkwinkelgedagte) sigbaar is op 'n mentale verhoog, kom ek tot die konklusie dat die verhoogmetafoor met die grootste gemak die werkwinkelmetafoor kan akkommodeer en dat dié twee metafoortipes dus nie as 'opponente' gesien behoort te word nie, maar as aspekte van 'n harmonieuse sintese.

Hieronder volg 'n oorsigtelike beskouing van dit wat myns insiens uit hierdie studie blyk. Dit word skematies voorgestel in Figuur 6.1.



Figuur 6.1: Sintese van die verhoogmetafoor en die werkswinkelmetafoor

Manipulasiewerkwoorde is growwer, dramatieser, en miskien robuuster as visuele werkwoorde. Visuele werkwoorde is heelwat doeltreffer om *ragfyn* denke op 'n intellektuele vlak uit te druk. Dit maak dus subtieler denkskakerings moontlik en is daarom noodsaaklik vir besinnende denke op 'n hoë abstrakte vlak.

6.3 Die kommunikatiewe funksionaliteit van die twee metafore

Die funksionaliteit van hierdie twee metafore verskil in akademiese diskoerse. Indien die een metafoortipe tot die ander tipe "vertaal" word, gaan so 'n omstelling gepaard met styl- en registerverandering en dit doen steurend aan. Die twee tipes funksioneer aanvullend binne 'n diskoersgeheel. Die verskille in funksionaliteit kan toegeskryf word aan die inherente aard van sowel manipulasiewerkwoorde as visuele werkwoorde. Waar manipulasiewerkwoorde meer aktief is (en dus beweging te kenne gee), is visuele werkwoorde veel minder aktief (en dus meer statief). Voorts is visuele werkwoorde veel leër as manipulasiewerkwoorde wat semanties meer gespesifiseerd ('voller') is.

Danksy hulle sterk aktiewe aard, deug manipulasiewerkwoorde ook beter as visuele werkwoorde om resulterende handeling uit te druk. Byvoorbeeld:

- (4) *Hy* *vorm* *'n* *idee*
└──────────┘ └───┘
handelingswerkwoord resultaat
- (5) *Hy* *omskep* *die gegewens tot* *groot literatuur*
└──────────┘ └──────────┘
handelingswerkwoord resultaat

Manipulasiewerkwoorde is dus ten opsigte van sommige kognitiewe en ten opsigte van sommige (dalk heelwat) didaktiese situasies effektiewer as visuele werkwoorde.

Afgesien van denkmodus en effektiwiteit binne bepaalde kommunikasie-situasies, sou dit kortsigtig (sic) wees om visuele werkwoorde te onderskat. Aangesien hulle

passiewer en semanties leer is (en dus minder betekenis onderskei) as manipulasiewerkwoorde, is hulle ryker aan veral bespiegelende en sublieme semantiese konnotasies binne sinsverband. Miskien is die volgende visuele denotasies glad nie so maklik "vertaalbaar" in "manipulasietaal" nie. Kyk na die volgende voorbeeldsinne:

(238) *Indien 'n mens 'n behoorlike **perspektief** op 'n probleemopset het, stel dit jou in staat om nié 'n fragment vir die geheel **aan te sien** nie.*

(239) *Behoorlike **perspektief** impliseer dat die waarnemer bedag daarop moet wees dat 'n **verskynsel** baie fasette het.*

Manipulasiewerkwoorde funksioneer werklikwaar op 'n ander **taksonomiese vlak**. (Die taksonomiese gedrag van werkwoorde is baie wisselvallig en nie so netjies vaspenbaar soos dié van naamwoorde nie.) Waar visuele werkwoorde (en selfs hulle subordinate) relatief hiponiemagtig, en dus semanties taamlik leeg is, is manipulasiewerkwoorde weer relatief 'vol' (= semanties gespesifiseer). Hulle is dus semanties (byna) op die onderste subordinaatvlak.

Aangesien die manipulasiewerkwoorde semanties relatief 'vol' is, vul hulle in redelike abstrakte diskoerse die visuele werkwoorde (of dan visueel-werkwoordelike metaforiek) aan. Weens hulle betekenis-**vol**-heid asook hulle aktiewe aard doen hulle meer direk, aanskoulik en appéllatief aan. Byvoorbeeld:

(502) *Wiskundiges **worstel** al vir jare met die probleem.*

(503) *So 'n dilemma moet deeglik **beetgepak** word.*

(504) *Die nagraadse student is besig om die probleem **oop te grawe**.*

Bo en behalwe die kwessie van *aanvulling*, en (soos reeds genoem) *verweefdheid* is daar ook 'n kwessie van 'n onderliggende simbiose tussen die visie-verskynsel en die

manipulasie-verskynsel. Die volgende drie sinne toon aan dat die visuele metafoor en manipulatiewe metafoor effektief saam gebruik kan word:

(161) *Hierdie misvatting (manipulasie) is die resultaat van oppervlakkige lees. Daar is vasgekyk (visie) teen die klinkende formulerings van die twee eerste opstelbundels.*

(217) *Daar is 'n rykdom gesigspunte (visie) van waaruit die werklikheid begryp (manipulasie) kan word.*

(231) *Perspektivering (visie) is 'n wegbreek (manipulasie) van die kors van gewoonte-kyk (visie) wat voortdurend om sake vorm (manipulasie).*


Beweging (op die verhoog of in die werkwinkel) maak visie meer suksesvol, netso maak beweging ook metaforiese begrip meer suksesvol.

(212) *Die invalshoek (visie) bepaal dikwels die gang (beweging) van 'n betoog.*

(6) *Ek kan duidelik sien (visie) hoe jy die kwessie benader (beweging). Jy sal egter nog heelwat daaraan moet timmer (manipulasie).*

6.4 Gevolgtrekking

In die lig van hierdie studie in die geheel gesien, het dit duidelik geword dat visie en manipulasie nie opponerende pole is nie. Hulle verkeer in 'n simbiotiese staat, wat ons (metaforiese) denke voed. Hierdie beskouing rym toevallig nogal met dié van Radden (1997:80) waar hy beweer dat visuele waarneming en manipulasie ons twee heel belangrikste konseptuele metafore is. Hy lê egter nie die simbiotiese verband wat in hierdie studie gelê word nie. In die illustrasie hier onder (Fig. 5.2) word hierdie simbiose aangetoon:



Figuur 6.2: Manipulasie en visie as voedende en dinamiese simbiose

Hoofstuk 7

Afsluiting en samevatting

Ter wille van 'n finale perspektief word daar in hierdie hoofstuk weereens na die teoretici gekyk wat die stukrag agter hierdie studie was. Hierna word daar 'n aantal finale teoretiese opmerkings gemaak. Verdere studiepunte en navorsingsprobleme word ook aangedui.

7.1 'n Teoretiese terugblik

Damasio (1994, 2000, 2003) beklemtoon die belangrikheid van beweging vir die versterking (en vaslegging) van mentale visie (vgl. Damasio 2000:146 e.v.). In dié verband gee hy (2000:146) die volgende voorbeeld. Indien 'n motor wat vinnig op iemand afgepyl kom, meebring dat spesifieke reaksies in die spierstelsel van dié individu geregistreer word, sluit dit 'n snelle wysiging van die retinale beeldvorming ter wille van fokusbehoud in. Dít affekteer weer die spiere wat die lens, pupil en oogbal beheer. Hierbenewens kom die spiere in die kop, nek en romp in gedrang. Verder speel die endokriene kliere by so 'n individu 'n groot emosionele rol en die hele petalje laat 'n onuitwisbare emosionele indruk in die gedagte-wêreld (= 'mind') van hierdie individu – wat uiteraard 'n spesifieke 'point of view' of 'perspective' daarvan oorhou.

In ooreenstemming met die toeskouer wat so iets (amper soos 'n teaterganger – A.J.G. Roux) vanuit 'n derdeverdiepingvenster sou kon waarneem (vgl. Damasio 2000:146 e.v.), het so 'n persoon 'n *ánder perspektief op diesélfde* gebeure en ondergaan soortgelyke maar beslis *ánder* liggaamsveranderinge. Damasio (2000) onderstreep dus die gedagte dat daar nie iets soos 'suiwer' (Engels 'pure') perspektief bestaan nie, dat *beweging* 'n sterk appèllatiewe en vasleggingsfunksie het en die feit dat ons almal die werklikheid deur *brille* sien en dinge uit bepaalde *hoeke* ('points of view') bekyk.

Damasio (2000:148) gaan selfs so ver om te sê dat *motoriek* (ook beweging), selfs al sou ons stilte in die donker sit en dagdroom, nie ontwyk of vermy kan word nie. Dis nou maar eenmaal deel daarvan om 'n gedagte-wêreld (= 'mind') te hê. Damasio (2000:148) stel dit in idiomatiese Engels: "... that's part and parcel of having a mind." Regdeur Damasio se werk word daar klem gelê op *beweging* en soms ook op aanraking en *manipulasie*. Vir Damasio speel mentale beelde (of representasies) af in die brein en dit betrek die sensoriese en die motoriese areas van die brein sowel as sintuiglike insette wat onder meer die visuele kan insluit. Die sintuiglike insette, soos die visuele, is verknoop in die langtermyngeheue, wat meebring dat dit emotief-gelaaid is. Die slotsom waartoe daar in hierdie studie gekom word, is dus heeltemal versoenbaar met Damasio (1994, 2000, 2003) se siening.

In hierdie studie word visie en lig ten nouste met mekaar in verband gebring. Die 'lig'-gedagte speel ook vir Damasio 'n belangrike rol in die sin dat 'lig' volgens hom beskou kan word as 'n teken van kennis (= bewuswees van die werklikheid om jou sowel as van jou eie bestaan). Ook vir Damasio is die gedagte van die gedagte-wêreld (= 'mind') iets wat gesien kan word as 'n ruimte waarin allerlei mentale dramas afspeel. Die 'teater', 'akteur', 'flik-in-die-brein', 'toeskouer', ens. is geykte skrywersmetafore waarmee Damasio (2000) die kwessie van die menslike bewussyn verduidelik. Dit is interessant om Damasio (2000) wat eintlik 'n neurobioloog is, in 'n filosofiese stemming te lees. Hy reken dat die eerste mense 'n baie kritieke oorgangspunt ('point of transition') bereik het toe hulle 'die lig betree het'. Dis tóé dat hulle van die wêreld, van hulleself en van *kennis* bewus geword het en met 'n geheue, met taal en met redenering (= denke) skeppend kon begin omgaan – ten goede, maar ook ten kwade. Ons was by magte om goeie én slegte dinge aan te vang omdat ons begin het om 'bestaan' te *manipuleer*. Hy (2000:315) stel dit so: "(W)e begin *manipulating* existence guided by the partial revelation of that very existence." [(O)ns begin om bestaan te *manipuleer* soos gelei deur die gedeeltelike onthulling van daardie einste bestaan. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)] Damasio (2000:315) bind die begrippe *manipulasie*, *lig* (= visie) en *redenering* (= denke) saam tot 'n verbandhoudende geheel.

Ofskoon Damasio geen dramakundige is nie, het hy ook 'n soort verhooggedagte in sy werk betrek. Dit is miskien veral omdat hy as neurowetenskaplike die idee van 'bewuswees' baie sterk wou beklemtoon. Daarom druk hy homself aan die slot van sy werk, *The Feeling Of What Happens* (2000:316) soos volg uit: "The drama of the human condition comes solely from consciousness." [Die drama van die toestand waarin die mens verkeer, spruit alleenlik uit bewuswees. (Vertaling deur A.J.G. Roux.)] Damasio meld (2000:316) dat nie alle dramas tragedies is nie. Daarom kan ons met 'n verantwoorde interaksie van visie en manipulasie van ons wêreld 'n beter plek maak.

Terwyl Damasio (2000) bloot sydelings na *manipulasie* verwys, verwys Sweetser (1990:20) meer pertinent daarna. Die problematiek rondom Damasio se gebruik van hierdie (en verbandhoudende) woorde lê in die uiters ingewikkelde manier waarop hy dit verduidelik. Tog kan die begrip 'touch' sonder enige twyfel deurgetrek word tot sowel emosie as kognisie. Sweetser (1990:20) beweer ten regte dat daar sterk bewyse bestaan vir mentale aktiwiteit as manipulasie en as 'n vashouery (= manipulasie) van objekte. Sy noem dan 'n klompie voorbeelde in Engels soos: "(to) 'grasp' a new idea", en "(to) 'discard' a faulty assumption". Moontlik het Jäkel (2003) hiërby aangesluit deur manipulasie as die belangrikste denkmetafoor te beskou. Dié aspek waarvan daar in hierdie studie groot gewag gemaak word, naamlik beweging, word ook deur Sweetser (1990:20) raakgesien, maar sy (1990:37) kyk die verband tussen tassintuiglike gevoel en manipulasie mis en verwerp gevolglik die kernrol (Damasio 1996, 2000, 2003) wat álle manifestasies van *gevoel* in ons kognitiewe prosesse speel. Vir haar (1990:37) lê daar slegs 'n verband tussen die tassintuiglike en die emosionele. Niks meer nie. Daarom kom sy (1990:44) tot die gevolgtrekking dat gevoel – en sy gee toe dat dit vele verskyningsvorme het en dat daar 'n verband tussen liggaamsgesteldheid en psigiese gesteldheid bestaan – net gekarteer word tot die semantiek van die psige. Sy handhaaf 'n dualisme tussen denke en gevoel, wat in hierdie studie nie aanvaar kan word nie. Hierdie studie ondersteun dus die aanvanklike hipotese (p. 2) dat denke beliggaamd is en veranker is in sowel visie as in gevoel (waarby tassintuiglike ervaring ingesluit word). Met Damasio (1994) se perspektief in gedagte wonder 'n mens of Sweetser (1990) nie tog ook maar dieselfde denkfout as Descartes maak nie, naamlik dat die mens se gedagte-wêreld onbeliggaamd sou wees.

Om Damasio (1994, 2000 en 2003) te plaas binne die raamwerk van hierdie studie moet die volgende verduidelik word: die aanraking ('touch') van 'n objek gee inligting aan die brein oor die vorm en tekstuur daarvan, asóók van die hand in dié sin dat die persoon daarvan bewus raak dat die hand geaktiveer is. Nou word daar ook 'n emosionele element geaktiveer wat die somatosensoriese sisteem betrek. Dit behels *liggaams*prosessering wat in die gemoed of gedagte-wêreld gereflekteer word. Daarom is die 'mind' slegs verstaanbaar as "some sort of *embodiment*, a notion that figures prominently in the theoretical proposals of George Lakoff, Mark Johnson ...". Dit is dan hierdie magdom van faktore wat ons kennis op 'n holistiese wyse beïnvloed. (Vgl. Damasio 1994:233-234.)

Jäkel (2003) se problematiese sienswyse lê daarin dat hy die kognitiewe krag van die visuele werkwoorde onderskat. Ek meen dat Jäkel (2003) dalk twee denkfoute gemaak het. Die een fout is miskien sy oorskatting van die manipulasie-metafoer. Die ander is dat hy 'n dualisme handhaaf: dié tussen manipulasie en tansintuiglike gevoel. Damasio (1994:233) maak duidelik nie dieselfde fout nie.

Die verdere verbandlegging in hierdie studie tussen nie-metaforiese en metaforiese kennisiewerkwoorde via konkrete *gee*, *kry* en *het* laat blyk dat alle kognitiewe werkwoorde tot dieselfde oerbron teruggespoor kan word. Daarom kan 'n mens met goeie reg akkoord gaan met die bewering dat daar niks in die brein is wat nie deur veral die primêre sintuie (= visie en gevoel) daar gekom het nie – behalwe die brein sêlf (as verwerker en integreerder). Die woord 'brein' kan natuurlik in verband gebring word met die gedagte-wêreld (= 'mind') asook met die res van die liggaam. Damasio (2003:195) wys daarop dat liggaam, brein en gedagte-wêreld (= 'mind') eintlik maar manifestasies van dieselfde organisme (= mens) is en dus nie in kompartemente verdeel kan word nie. Ook hierdie gedagte ondersteun sy nie-dualistiese beskouing: liggaam ('body') en gedagte-wêreld ('mind') vorm 'n eenheid soos vervat in die begrip 'embodied mind'. Hierdie studie ondersteun dus die teoretiese uitgangspunte van die Kognitiewe Linguistiek in terme van beliggaamde ervaring wat as basis vir abstrakte denke dien.

In teenstelling tot Descartes se dualisme, en die Chomskyaanse generatiewe paradigma se abstrakte objektivistiese vertrekpunte, toon Damasio (1994, 2000 en 2003) dat denke fundamenteel subjektief is en ontspruit uit velerlei liggaamlike faktore. Dit bring ons by die ervaringsrealistiese inslag van die Kognitiewe Linguistiek as alternatief op o.m. Chomsky se strakke objektivistiese benadering.

7.2 Finale teoretiese opmerkings

7.2.1 Die beskrywing van (Afrikaanse) kognisiewerkwoorde

In hierdie studie is daar net kortliks melding gemaak van leë werkwoorde. Leë werkwoorde is semanties só ongespesifiseer dat hulle as grammatikale "dummies" beskou kan word soos wat *doen* en *maak* in die volgende sinne illustreer.

- (1) *Die kommissie **doen** aanbevelings.*
- (2) *Die hoof **doen** aankondigings.*
- (3) *Om rugby te speel, **doen** ek graag.*
- (4) *Die direkteur **maak** 'n aanbod.*
- (5) *Die predikant **maak** die beskuldigings.*
- (6) *Hy **maak** die bewerings.*

In bogenoemde sinne kan daar semanties slegs die betekeniselement 'nie-statief' by *doen* onderskei word en 'kousatief' by *maak*. (Vgl. Botha 1975:(ii).) In hierdie studie word *sien* as 'n relatief leë werkwoord beskou. Ek vermoed dat dit slegs die semantiese eienskappe 'ervaar', 'waarneem' en 'visueel' bevat. Verdere navorsing kan myns insiens, wat die kognitiewe linguistiek betref, oor *sien* gedoen word. Verder moet daar in ag geneem word dat *sien* veel minder aktief is as die manipulatiewe kognisiewerkwoorde.

Betreffende die verband tussen manipulasie en betekenisonderskeid kan daar in Afrikaans na die sogenaamde De Villiers-werkwoorde verwys word. De Villiers

(1948:66), soos aangedui deur Botha (1975:104), noem dat hoe algemener of vryer die betekenis van 'n woord is, hoe moeiliker is dit om die objek te verswyg. In hierdie opsig word die volgende werkwoorde, wat almal op konkrete vlak met die *hand* verband (kan) hou, genoem: *dra, gebruik, gee, het, hou, kry, maak* en *neem*.

Al hierdie werkwoorde (miskien met die uitsondering van *maak*) kan ten nouste met Jäkel se beskouing van manipulasiewerkwoorde in verband gebring word. Hieruit sou daar ook interessante verdere navorsing kon voortspruit. Ook die relatiewe leegheid van hierdie werkwoorde behoort onder die loep geneem te word. Botha (1975:128) reken dat *dra, gebruik, gee, hou, kry* en *neem* as semanties relatief leë werkwoorde gespesifiseer kan word. Hy (1975:128) meen egter dat hulle minder leeg is as *doen* en *maak*. Na my mening behoort hulle ook minder leeg te wees as *sien*.

Die bevinding dat visuele lekseme in Afrikaans vir fyn abstrakte denke, selfs intellektuele denke, en manipulasielekseme vir minder fyn en resultaatgedrewe denke gebruik word, sou aan 'n korpus van Afrikaanse omgangstaal getoets kon word. Eksperimentele bevragingstegnieke sou ook gebruik kon word om te bepaal of Afrikaanssprekendes van so 'n onderskeid bewus mag wees.

7.2.2 Teorievorming in die Kognitiewe Linguistiek

Die volgende kwessies sou verder nagevors kon word:

- Die kognitiewe psigologie en die vraag of alle denke slegs metafories is.
- Op kognitief-linguistiese terrein kan die kwessie van metakognisie (miskien met inagnaming van hierdie studie) verder gevoer word.
- Die samahang tussen die verskillende tipes kognisiewerkwoorde as 'n sinchronies-linguistiese aanduiding van beliggaamdheid.
- Die interafhanklikheid van ervaringswerkwoorde en handelingswerkwoorde vir kognisie.
- Die verband tussen tassintuiglike manipulasie met beide emosie en denke; sowel as die verband daarvan met propaganda as 'manipulasie'.

- Die verband tussen hierdie taalspesifieke studie met moontlike universaliala uit onverwante tale in terme van: die metaforiese brondomeine van visie, manipulasie en tassintuiglike gevoel; kognisiewerkwoorde in onverwante tale; die universele beliggaamdheid van kognisie en kognisiewerkwoorde.

7.2.3 Implikasies vir die neurowetenskappe

Hierdie studie het, nadat ek die kognitiewe aard van visielekseme asook die kognitiewe aard van manipulasielekseme raakgesien het, by my die gedagte gelaat dat oog- en handpersepsies herlei kan word tot begrippe in neurosisteme van die brein. Indien die simbioseprinsiep soos uitgewerk in hierdie studie, deur neurowetenskaplikes ernstig opgeneem sou word, mag daar ook op die gebied van die neurowetenskap *nuwe* implikasies voortspruit. Verdere studies oor oog-handkoördinasie (beide by kinders en evolusionêr) en die samehang daarvan met taal en kognisie sou onderneem kan word.

7.2.4 Didaktiese toepassings

'n Verdere studie kan ook probeer om die gebruik van visuele en visueel-verwante werkwoorde binne 'n lessituasie te ondersoek. So 'n gedagte is deur Holmes (2004:137) nog net vaagweg en terloops aangeraak en ek gee hier net 'n mini-oorsig van wat hy suggereer. Ek moet ten aanvang net meld dat hierdie binne 'n diskursief-didaktiese situasie afspeel en dat daar ook metadiskursief te werk gegaan word.

Die teksgedeelte wat aandag geniet, word as 'iets wat 'n mens *sien*' voorgestel; en die outeur as 'die gids wat 'n mens deur die teks *le*'. Daar word dan aan die student gesê – aldus Holmes (2004:135) – dat 'n skrywer nie net 'n teks produseer nie, maar ook die lesers daardeur wil '*le*'. So '*n gids*' (die skrywer) nooi mense as't ware uit om 'rond te kyk' en self te '*sien*'. Die skrywer in sy hoedanigheid as gids *wys* dus na dinge in die teks en die leser *volg* en *kyk* en *sien dinge raak*.

Die volg-element wat hier betrek word, hou natuurlik sterk verband met *beweging*. Aangesien ons reeds weet dat *beweging* visie aanhelp, dra hierdie voorstelling (gids–volgeling) by tot die aanskoulikheidsbeginsel wat in die didaktiek uiters belangrik is.

Nadat die onderwyser die ken-is-sien metafoor aan die studente verduidelik het, kan woordeskatitems rondom die tema 'sien' is 'verstaan' aangebied word. Terme soos uitsig, visie en waarnemingshoek kan dan almal in verband gebring word met lig. 'n Mens het immers *lig* nodig om te kan *sien*. Sodoende kan iets *aan die lig* gebring word. Ons bring soms ook onopvallende feite en idees *aan die lig*. Ons kan *lig op hulle werp* en hulle dus *verstaanbaar* maak. Indien iets deeglik *belig* word, *lyk* of *blyk* dit duidelik. As dinge *gesien* word, *ken* ons hulle ook.

Dis ook belangrik dat die studente weet dat *hoe* ons dinge sien, 'n invloed het op ons kennis daarvan. En ook dít kan toegeskryf word aan 'n *gids* (die skrywer). Hy *lei* ons deur die teks deur dit vanuit verskillende kyk-punte (= kyk-maniere) te ondersoek. Dit lyk asof die konseptuele visuele metafoor, veral in kombinasie met 'n bewegingsmetafoor, tot 'n suksesvolle didaktiese uitkoms kan lei. Tog bly hierdie idees wat deur middel van 'n deeglike ondersoek opgeklar sou kon word.

Iets anders wat 'n navorser kan doen, is om te probeer vasstel in hoeverre die gebruik van manipulasiewerkwoorde (met inagneming van die beeldskematiese handeling gepaardgaande daarmee in samehang met ander bewegingswerkwoorde) op 'n didaktiese vlak bepaalde suksesse sou kon oplewer.

Nog 'n didaktiese ondersoek wat geloods kan word, behels in hoeverre die onderwyser se *eie* bewegings (manipulasiebewegings ingesluit) 'n dramatiese effek (= 'n appèllatiewe effek) in die klaskamer kan aktiveer. Die gebruik van manipulasie- en visiewerkwoorde kan ook binne die omvang van so 'n studie betrek word.

Hoewel daar in hierdie studie daarop gewys is dat bewegingswerkwoorde (in al die verskyningsvorme daarvan) mentale visie aktiveer, kon ek nog nie vasstel wáttër tipe bewegingswerkwoorde wáttër effek het nie. Daar is dus ruimte vir 'n studie om op 'n

toegepas-linguistiese wyse te probeer vasstel of veral manipulasiewerkwoorde binne die breë kader van ander bewegingswerkwoorde bepaalde effekte op kennis het al dan nie.

7.3 'n Finale opsomming

In hierdie studie is die beliggaamdheidshiptese van die kognitiewe linguistiek ondersoek om aan te toon dat visuele werkwoorde sowel as manipulasiewerkwoorde in Afrikaans simbioties op mekaar inwerk om ons (metaforiese) denke te voed. Deur 'n grondige deskriptiewe studie van Afrikaanse kennisiewerkwoorde is bevind dat die sogenaamd nie-metaforiese werkwoorde ook teruggespoor kan word tot metaforiese persepsiewerkwoorde en dat alle denkwoorde dus wesenlik metafories en beliggaamd is.

'n Verhoogmetafoor is ontwikkel asook 'n werkwinkelmetafoor (in aansluiting by Jäkel (2003)). Hierdie twee metafore word verenig (saamgetrek) deurdat die verhoog as 'n tipe werkwinkel met bewegingseffekte **gesien** word, in aansluiting by die visiemetafoor. Sodoende word 'n simbiotiese sintese tussen die verskillende metafore verkry. In Afrikaans beskryf visuele lekseme fyn abstrakte denke en manipulasielekseme minder fyn maar steeds abstrakte, resultaatgedrewe denke.

Bibliografie

- Baldauf, C. 1997. *Metapher und Kognition – Grundlagen einer neuen Theorie der Alltagsmetapher*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Bosch, B. 1999. Die onderskikker *dat*: 'n korpus-gebaseerde bespreking (Deel 2). *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 17 (1): 2-15.
- Bosman, N. 2000. Die motiveringsteorie en idiome met *hand*. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 18: 15-23.
- Botha, W.J. 1975. *Die leë werkwoord in Afrikaans*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa.
- Botha, W.J. 1980. *Die grammatika van die eerste persoon*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Unisa.
- Brandt, P.A. 2011. The Architecture of Semantic Domains. <http://www.fflch.usp.br/dl/semiotica/cursos/brandt/brandtza.doc>. (Toegang verkry op 2 Desember 2011.)
- Casasanto, D. 2008. Similarity and proximity: When does close in space mean close in mind? *Memory & Cognition*, 36(6): 1047-1056.
- Cattell, R.B. 2006. The Body in Literature – Mark Johnson, Metaphor and Feeling <http://www.ualberta.ca/~dmiall/reading/BODYMIND.htm>. (Toegang verkry op 17 April 2007.)
- Charlton, B. 2000. Review of What Happens: Body, Emotion and the Making of Consciousness. <http://www.hedweb.com/bgcharlton/damasioreview.html>. (Toegang verkry op 2 Julie 2007.)
- Clark, K.M. & Cunningham, D.J. 2006. Metaphors we teach by: An embodied cognitive analysis of No Child Left Behind. *Semiotica*, 161(1-4): 265-289.
- Cruse, A. 2000. *Meaning in Language*. New York: Oxford University Press.
- D'Andrade, R. 1987. A folk model of the mind. In: Holland, D. & Quin, D. (Reds.) *Cultural Models in Language and Thought*. Cambridge University Press: Cambridge: 112-148.
- Danesi, M. 1990. Thinking is seeing: Visual metaphors and the nature of abstract thought. *Semiotica*, 80(3/4): 221-237.
- Damasio, A.R. 1994. *Descartes' Error: Emotion, Reason and the Human Brain*. London: Macmillan.

- Damasio, A.R. 2000. *The Feeling of What Happens: Body and Emotion in the Making of Consciousness*. London: Macmillan.
- Damasio, A.R. 2003. *Looking for Spinoza: Joy, Sorrow and the Feeling Brain*. London: MacMillan.
- Damasio, A. 2000. Antonio Damasio. http://en.wikipedia.org/wiki/Antonio_Damasio. (Toegang verkry op 2 Julie 2007.)
- Deane, P.D. 1992. *Grammar in Mind and Brain. Explorations in Cognitive Syntax*. New York: Mouton.
- Debatin, B. 1995. *Die Rationalität der Metapher – Eine sprachphilosophische und kommunikationstheoretische Untersuchung*, Berlin/New York: Mouton de Gruyter.
- De Stadler, L.G. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern Uitgewers.
- De Villiers, M. 1948. *Woordsoorte, werkwoorde en tye*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Dirven, R. en Verspoor, M. (Reds.). 1999. *Cognitiewe inleiding tot taal en taalwetenskap*. Leuven: Acco.
- Fauconnier, G. & Turner, M. 2002. *The Way We Think*. New York: Basic Books.
- Fortescue, M. 2001. Thoughts about Thought. *Cognitive Linguistics*, 12: 15-45.
- Frawley, W. 1992. *Linguistic Semantics*. New Jersey: Lawrence Edbaum.
- Harris, J. 2011. *Ontgin die briljantheid in jou*. Kaapstad: Griffel Media.
- Haser, V. 2005. *Metaphor, Metonymy, and Experientialist Philosophy: Challenging Cognitive Semantics*. Berlin/New York: Mouton de Gruyter.
- Hendrikse, A.P. 1996. The mental representation of the N-V continuum. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 30: 79-101.
- Holme, R. 2004. *Mind, Metaphor and Language Teaching*. London: Palgrave Macmillan.
- Ibarretxe-Antuñano, I. 2006. Cross-linguistic polysemy in tactile verbs. In: Luchjenbroers, J. (Red.). *Cognitive Linguistics Investigations*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company: 235-253.
- Jackendoff, R. 1988. Conceptual semantics. In: Eco, U., Santambrogio, M. & Violi, P. (Reds.). *Meaning and Mental Representations*. Bloomington: Indiana University Press: 81-97.

- Jäkel, O. 1995. The Metaphorical Concept of Mind. In: Taylor, John R. & MacLaury, Robert E. (Reds.) *Language and the Cognitive Construal of the World*. Berlin/New York: Mouton de Gruyter: 197-229.
- Jäkel, O. 2003. *Wie Metaphern Wissen schaffen*. Hamburg: Verlag Dr. Kovač.
- Jarvis, S. 2010. Bilingualism. *Language and Cognition*, 14(1): 1-8.
- Jaynes, J. 1976. *The Origen of Consciousness and the Breakdown of the Bicameral Mind*. Toronto: University of Toronto Press.
- Johnson, M. 1987. *The Body in the Mind: The Bodily Basis of Meaning, Imagination, and Reason*. Chicago/London: University of Chicago Press.
- Johnson, M. 1992. Philosophical Implications of Cognitive Semantics. *Cognitive Linguistics*, 3: 345-366.
- Jonker, L. Botha, J. Conradie, E. 1997. *Die Bybel in fokus*. Kaapstad: LUX VERBI.
- Keuris, M. 1996. *Die dramateks*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Kövecses, Z. 2002. *Metaphor: A Practical Introduction*. Oxford/New York: Oxford University Press.
- Kövecses, Z. 2002/2010. *Metaphor: A Practical Introduction*. Oxford: Oxford University Press.
- Kövecses, Z. 2011. Recent developments in metaphor theory. *Review of Cognitive Linguistics*, 9(1): 11-25.
- Lakoff, G. 1987. *Women, Fire, and Dangerous Things: What Categories reveal about the Mind*. Chicago/London: The University of Chicago Press.
- Lakoff, G. 1988. Cognitive Semantics. In: Eco, U. Santambrogio, M. & Violi, P. *Meaning and Mental Representations*. Bloomington/Indianapolis: Indiana University Press: 119-154.
- Lakoff, G. 1990. The Invariance Hypothesis: Is Abstract Reason Based on Image-Schemas? *Cognitive Linguistics*, 1: 119-154.
- Lakoff, G. 1993. The Contemporary Theory of Metaphor. In: Ortony, A. *Metaphor and Thought*. Cambridge: Cambridge University Press: 202-251.
- Lakoff, G. & Johnson, M. 1980. *Metaphers We Live By*. Chicago/London: The University of Chicago Press.
- Lakoff, G. & Johnson, M. 1999. *Philosophy in the Flesh. The Embodied Mind and Its Challenge to Western Thought*. New York: Basic Books.

- Lakoff, G. & Johnson, M. 2002. Why cognitive linguistics requires embodied realism. *Cognitive Linguistics*, 13: 245-263.
- Langacker, R.W. 1983. *Foundations of Cognitive Grammar*. Bloomington, Indiana: Reproduced by the Indiana Linguistic Club.
- Langacker, R.W. 1987. *Foundations of Cognitive Grammar*. Vol. I. Stanford: Stanford University Press.
- Langacker, R.W. 1991. *Foundations of Cognitive Grammar*. Vol. II. Stanford: Stanford University Press.
- Langacker, R.W. 1999. *Grammar and Conceptualization*. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Langacker, R.W. 2002. *Concept, Image, and Symbol: the Cognitive Basis of Grammar*. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Langacker, R. 2008. *Cognitive Grammar: a basic introduction*. New York: Oxford University Press.
- Lee, P. 2003. Feelings of the mind in talk about thinking in English. *Cognitive Linguistics*, 14: 221-249.
- Lehrer, A. 1974. *Semantic Fields and Lexical Structure*. Amsterdam/London: North-Holland Publishing Company.
- Lyons, J. 1968. *Introduction to Theoretical Linguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- McGlone, M.S. 2007. What is the explanatory value of a conceptual metaphor? *Language & Communication*, 27:109-126.
- Miall, D.S. 1997. The Body in Literature: Mark Johnson, Metaphor, and Feeling. *Journal of Literary Semantics*, 26 (3): 191-210.
- Modiano, R. 1982. Coleridge's views on touch and other senses. *Bulletin of Research in the Humanities*, 81: 28-41.
- Montagu, A. 1986. *Touching: The Human Significance of the Skin*. New York: Harper & Row Publishers.
- Netzel, R. 2003. *Metapher: Kognitive Krücke oder heuristische Brücke*. Hamburg: Verlag Dr. Kovač.
- Ohlig, R. 1985. *Schülerduden: Die Philosophie*. Bibliographisches Institut: Mannheim.
- Ortony, A. 1979. *Metaphor and Thought*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Piaget, J. 1975. *Die Entwicklung des Erkennens: Das mathematische Denken*. (Gesammelte Werke Bd. 8.) Stuttgart: Ernst Klett.
- Radden, G. 1997. Konzeptuelle Metaphern in der Kognitiven Semantik. In: Börner, W. & Vogel, K. (Reds.) *Kognitive Linguistik und Fremdsprachenerwerb*. Tübingen: Gunter Narr Verlag: 69-87.
- Rakova, M. 2002. The philosophy of embodied realism; A high price to pay? *Cognitive Linguistics*, 13: 245-263.
- Rakova, M. 2003. *The Extent of the Literal. Metapher, Polysemy and Theories of Concepts*. New York: Palgrave Macmillan.
- Reddy, M.J. 1979. The conduit metaphor – A case of frame conflict in our language about language. In: Ortony, A. (Red.), *Metaphor and Thought*. Cambridge: University Cambridge Press: 284-324.
- Ryle, G. 1959. *Feelings*. In: Elton, W. (Red.) *Esthetics and Language*. Oxford: Blackwell: 56-72.
- Sinha C. en Jensen de López. 2000. Language, culture and the embodiment of spatial cognition. *Cognitive Linguistics*, 11: 17-41.
- Sinha, C. 2002. The cost of renovating the property: A reply to Marina Rakova. *Cognitive Linguistics*, 13: 271-276.
- Sjöström, S. 1999. From Vision to Cognition. In: Allwood, J. & Gärdenfors, P. *Cognitive Semantics. Meaning and Cognition*. John Benjamins Publishing Company: Amsterdam/Philadelphia: 67-85.
- Steen, G.J. 2011. The contemporary theory of metaphor – now new and improved! *Review of Cognitive Linguistics*, 9(1): 26-64.
- Sweetser, E.E. 1987. Metaphorical Models of Thought and Speech: A Comparison of Historical Directions in the Two Domains. *Proceedings of the 13th Annual Meeting. General Session and Parasession on Grammar and Cognition*. Berkeley Linguistics Society Publishers: Berkeley, California, 446-459
- Sweetser, E.E. 1990. *From Etymology to Pragmatics: Metaphorical and Cultural Aspects of Semantic Structure*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Taylor, J.R. 1989. *Linguistic Categorization Prototypes in Linguistic Theory*. Oxford: Oxford University Press.
- Taylor, J.R. 2003. *Cognitive Grammar*. Oxford: Oxford University Press.


- Ungerer, F. & Schmid, H.-J. 1996. *An Introduction to Cognitive Linguistics*. London: Longman.
- Van de Walle, J. & Van der Gugt, F. 2005. Book Review: Marina Rakova: 'The Extent of the Literal. Metaphor, Polysemy and Theories of Concepts.' *Cognitive Linguistics*, 16: 733-776.
- Wierzbicka, A. 1980. *Lingua Mentalis*. New York: Academic Press..
- Yu, N. 2003. Chinese metaphors of thinking. *Cognitive Linguistics*, 14(2/3): 141-165.
- Zawada, B.E. 2005. *Linguistic creativity and mental representation with reference to intercategoryal polysemy*. Ongepubliceerde doctorale proefschrift, Unisa.

Databronne

- Burger, W. (Red.) 2006. *Die oop gesprek: N.P. van Wyk Louw-gedenklesings*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- De Stadler, L.G. 1994. *Groot tesourus van Afrikaans*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.
- Hertzog, D. Britz, E. & Henderson, A. 2006. *Gesprek sonder grense*. Stellenbosch: H&B Uitgewers.
- Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Van Rensburg, 1975. *Swewende ewewig: Beskouings oor die werk van N.P. van Wyk Louw II*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Van Rensburg, F.I.J. 1990. *Sensuur*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor:
- Van Schalkwyk, D.J. 2000. (Hoofredakteur) *Woordeboek van die Afrikaanse taal*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Studentenommer: 3320-994-4

Ek verklaar hiermee dat *KOGNISIEWERKWOORDE IN AFRIKAANS* my eie werk is en dat die bronne wat ek gebruik of aangehaal het, aangedui en erken is deur middel van volledige verwysings.


A.J.G. Roux

Maart 2012